
# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Januarie/Februarie 2022 • #644

- Die Boodskap Van Die Kruis
- Roeping tot die Kalaharibediening
- Ontmoet die Moderatuur

# ... van die Redakteur

Net soos die vorige jaar, het nie een van ons verwag dat die omstandighede van die vorige jaar sou oorspoel na 2021 waarin ons al die Covid-19-inperkingsmaatreëls moes respekteer nie. Selfs die akademiese jaar was ook weer vol uitdagings, maar ons het deur hierdie tyd van beproewing gekom. Nou wag daar 'n nuwe jaar vir ons! Dit laat my onwillekeurig terugdink aan 'n Nuwejaarsboodskap wat deur wyle ds. Floris Coetzee as destydse Moderator aan ons gebring is:

*" 'n Nuwe jaar word gewoonlik gekenmerk aan baie eerste dinge. Die eerste dag van die jaar het vir ons groot betekenis, die eerste uur van die eerste dag, of die eerste minuut van die eerste uur. Tydens Jesus se omwandeling op aarde het Hy, as groot Leermeester, sekere dinge genoem wat ons* ***eerste*** *moet doen. As ons hierdie eerste dinge eerste doen, kan ons sukses en seën verwag. Daarom pas dit ons om by die aanvang van die nuwe jaar weer eens te let op die* ***eerste dinge*** *wat Jesus geleer het: ons moet eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (****Matt. 6:34****), ons moet eers die binnekant van ons lewens skoonmaak (****Matt 23:26****), ons moet eers die balk uit ons eie oog haal (****Matt. 7:5****) en ons moet eers ons verhouding met ons naaste regmaak (****Matt. 5:24****). Hierdie is slegs enkele dinge aan ons voorgehou wat eerste en primêr in ons lewens moet wees."*

In die geestelike lewe is dit wat 'n mens eerste stel vir jou bepalend en van groot belang – selfs met die onsekerheid wat in die nuwe jaar vir ons loer. Met eerste dinge allereerste in gedagte, wens ek u en u familie 'n baie geseënde en godvrugtige 2022 toe.

**Willie Stieger**

**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (subredakteur) Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**

**Voorbladfoto:** Foto gevind op **https://www.chameleonwebservices.co.uk/chameleon/c-5/**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 78**
**Januarie/Februarie 2022**
**Uitgawe # 644**

# INHOUD

3 **Die Boodskap Van Die Kruis**

4 **Die Belangrikheid van Bybelse Heiligmaking**

6 **Roeping na die Kalaharibediening**

8 **Uit die Argief:** Ons wandel met die Here

9 **Diensdoende predikante van die Evangelies-Gereformeerde Kerk Suid-Afrika**

12 **Ellisras hou VBS**

13 **Springsgemeente ontvang en bevestig ds. Riaan Gates**

14 **Aangename Kennis:** Ds. Ludick van Wyk

15 **Ds. Paul Grobbelaar word ontvang in Kempton Park**

16 **Vroueblad:** Besorg en verontrus oor baie dinge

17 **Briewe aan my seun:** God sal voorsien

18 **Blokraai no. 1**

19 **Kinderblad**

## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R110 per jaar.

Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer.

Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**

Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Die Boodskap van die Kruis

In die laaste uitgawe het ons gekonsentreer op "die boodskap van die Kruis." Wat hierdie boodskap vir ons inhou. Wat God vir ons deur middel van die Kruis van Jesus wil sê! Paulus sê egter vir ons in **1 Kor. 1:18:** ***"Die boodskap van die Kruis is dwaasheid vir die wat verlore gaan…"*** Dit bring ons by die vraag: As die Kruis van Jesus God se boodskap aan 'n verlore mensdom is, die openbaring van Sy hart, waarom is daar so min mense wat positief daarop reageer? So min wat dit aanvaar en omhels en glo? Op hierdie vraag kan daar talle antwoorde wees, waarvan ons net 'n paar wil uitlig.

1. **Die mens wil in beheer wees** – Ek wil my eie lewe beheer. Ek wil my nie laat voorskryf nie. Ek wil my eie god wees! Dieselfde leuen wat Satan aan Eva vertel het: Gen. 3:5 "God weet as julle daarvan eet, julle oë oopgaan, sodat julle soos God sal wees…" Hierdie leuen sien ons duidelik in die wêreld om ons, terwyl ons nie besef dat dit nog dieselfde sataniese leuen is wat geglo en aanvaar word nie. (**1 Kor. 2:14**) ***"Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie, want dit is vir hom dwaasheid."*** So baie weier om aan God oor te gee, want dan verloor ek beheer oor my eie lewe.

**2. 'n Tweede groot rede is onkunde** – Die oorgrote meerderheid van die mense op aarde is nie bewus van hulle verlore toestand voor God nie, en is ook nie baie bekommerd daaroor nie. Ons lewe maar van dag tot dag en ons sal maar eendag sien waar dit ons bring. Wat ons egter nie besef nie, is dat die hemel EN die hel reeds voorberei is as alle mense se bestemming. God se Woord is baie duidelik daaroor. God gee my die keuse waarteen ek wil gaan. Alle mense wil hemel toe, maar wil nie die keuse maak nie. Ek wil nie beheer oorgee nie. God het Sy keuse gemaak (**1 Tim. 2:3-4**) ***"God wil hê dat alle mense gered word"***, maar los die keuse by my. Hy sal my nie dwing nie.

**3. Uitstel** – 'n Man sê onlangs vir my: "Ek weet my lewe is nie reg nie. Ek weet ek moet my tot God bekeer en my lewe verander – maar ek kan nie NOU nie. Dit sal my hele lewensstyl raak." Die veranderinge wat God in sy lewe wil bring sal al sy planne verydel, en hy sal groot finansiële verliese ly, en hy sien nie kans daarvoor nie. "Laat my net deur hierdie saak kom." Twee weke later is hy in 'n motorongeluk oorlede. Van uitstel kom afstel.

**4. Misleiding** – Seker die ernstigste, maar ook 'n baie algemene rede waarom talle mense die boodskap van die Kruis nie glo nie. Mense word mislei op allerhande maniere om te glo dat hulle nie vir God goed genoeg is nie. Die Woord leer duidelik ***"almal het gesondig, en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God"*** (***Rom. 3:23, Ps. 51:7 en Rom. 3:10-18***) Ons vergelyk onsself meesal met mense wat swakker en vuiler is as onsself, en maak dan die afleiding dat ek darem nie so sleg is nie. Ons mislei onself. ***"Die loon van die sonde is die dood"*** (**Rom. 6:23**) Hierdie misleiding is baie algemeen is ons dag. Selfs van talle kansels af word dit verkondig. "Ons is almal (KERKMENSE) mos maar kindertjies van die Here" Dit is 'n weldeurdagte en baie suksesvolle leuen wat deur die bose versprei word, wat 'n valse gerustheid onder so baie mense bring. Nêrens in God se Woord is geskrywe dat kerkmense hemel toe gaan nie. Weergebore mense gaan hemel toe. Dit het Jesus self gesê. Hierdie valse prediking maak die boodskap van die Kruis af as onwaar, en dwaasheid vir die wat dit aanhang. Let wel wat Paulus in **1 Kor. 1:18** sê ***"die Woord van die Kruis is dwaasheid VIR DIE WAT VERLORE GAAN."*** Elkeen wat die boodskap van die Kruis nie aanneem nie, wat dit as dwaasheid sien, wat dit nie gehoorsaam nie, sal verlore gaan. SO SÊ DIE HERE. Hoe klink die boodskap van die Kruis vir JOU? Het jy dit al aanvaar as die waarheid? Het jy al gereageer op God se Uitnodiging ***"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, spreek die Here"*** (**Jes. 1:18**) ***"Daar sal 'n tyd kom wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal af keer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."*** (**2 Tim. 4:3-4**) "Die Woord van die Kruis" waarheid of dwaasheid? Mag God ons genade gee om reg te kies.

**Groete in Sy Naam,**
**Kosie Grobler.**

**Voetnota:** Leonard Ravenhill skryf in sy boek **"Why revival tarries"** die volgende woorde in 1972 ***"We find too many dead preachers preaching too many dead sermons to too many dead people"*** Dit laat 'n mens dink!! Die boodskap van die Kruis word as dwaasheid beskou en lelik afgeskeep.

# Die Belangrikheid van

Liewe leser, mag 2022 vir u 'n jaar wees waarin u kennelik nader aan ons Here Jesus sal groei. Mag Hy u lewe vervul met sy teenwoordigheid en mag u die lewe in oorvloed ervaar wat Hy in **Johannes 10:10** belowe het aan sy kinders.

In 1967 het J. Sidlow Baxter 'n meesterstuk oor Heiligmaking getiteld *"His deeper work in us"* die lig laat sien. Heel aan die begin van die boek skryf hy die volgende, ek vertaal dit vry in Afrikaans:

*Wat sal my maatstaf vir 'n heilige lewe wees?*
*Bloot wat mense mag dink of skryf of sê?*
*Kry ek leiding deur slim argumente en woordestryd?*
*Of kry ek dit deur mensgemaakte slagspreuke van die dag te volg?*
*Slegs een standaard: Die onfeilbare Woord van die Here*
*moet my lei tot ware hartsheiligheid;*
*Laat my dan volg, biddend, onverskrokke,*
*want Kanaän wag! Hoekom die woestyn omhels?*
*O, dierbare Woord, wat waarlik heilig maak*
*wat vir my ware, innerlike heilige vreugde en rus bring!*
*Geen aardse lokmiddels sal my oë meer aflei nie,*
*die "beter" sal my nie langer weerhou van die "beste" nie.*
*J.S.B.*

inplant en dat dit na buite sou uitwerk in hul karakter en lewenswyse.

Ons het vêr gevorder van 21 April 1944 toe die Nuwe Protestantse Kerk in Durban die lig gesien het, maar ek weet nie so seker of die vordering op geestelike gebied altyd positief was nie. Die veranderinge wat in die samelewing plaasgevind het van toe tot nou is eenvoudig astronomies. Daar het veranderinge om ons plaasgevind wat byna ondenkbaar is en hierdie veranderinge het ons

Ek dink persoonlik nie dat heiligheid vir die stigterslede van ons dierbare kerkgenootskap so seer 'n saak van leerstellige korrektheid was nie, maar dat hulle fokus veel eerder op egte, deurleefde lewensheiligheid gefokus was. Die boodskap van heiligmaking was deur hulle gepreek met die fokus dat die Here Jesus deur sy kruiswerk heiligheid in sy kinders se harte sou

noodwendig meegesleur soos vloedwater tydens 'n geweldige storm. Toe my vader in 1974 oorlede is was daar nog nie 'n enkele televisiestel in Suid-Afrika nie. Jy het nog bank toe gegaan met jou bankboekie en daar is 'n rekenkundige inskrywing in jou bankboekie gemaak nadat jy 'n transaksie gedoen het met die bank se stempel daarnaas. As jy 'n treinkaartjie wou koop moes jy na die kaartjieskantoor op die stasie gaan om dit te doen. As jy nie wou verdwaal nie, moes jy 'n behoorlike, opgedateerde kaart kry sodat jy navigasie kon doen. Daar was so veel tyd tot mense se beskikking dat dokters selfs huisbesoeke gedoen het by hul pasiënte. Op mediese gebied is astronomiese deurbrake gemaak. Toe my pa op die ouderdom van 55 aan 'n hartaanval oorlede is, was daar geen sprake van hartomleidingsoperasies nie. Vandag is dit 'n baie algemene prosedure wat op pasiënte uitgevoer word.

'n Mens kan soveel sê oor al die veranderinge wat sedert daardie tyd plaasgevind het en 'n mens sou kon redeneer dat dit die wêreld vooruit geneem het op die pad van ontwikkeling, maar die vraag is: Watse invloed het dit op ons verhouding met die Here gehad? Watse invloed het dit gehad op die lewe van heiligmaking in ons midde? Ek dink persoonlik dat die vooruitgang op die gebied van tegnologie uiters negatief ingespeel het op ons geestelike groei en vooruitgang.

Die veranderinge het van ons verskriklike besige mense gemaak. Meeste van ons is 'n groot deel van die dag met ons selfone besig waarop ons deesdae al ons besigheid kan doen. Daar is soveel stemme wat om ons roep om ons aandag te kry. Ons dagboeke is tot oorlopens toe vol en dit voel vir ons asof ons vir niks meer tyd het nie. Mense vind dit in besonder moeilik om kwaliteit tyd vir ons verhouding met die Here te vind. Daarom sien en ervaar ons dat heiligmaking byna 'n uitgediende kwessie geraak het. Dis eintlik vir baie mense 'n lastige kwessie, want as ek heiligmaking op die Bybelse manier wil

# Bybelse Heiligmaking

najaag, dan gaan dit tyd van my vra; kwaliteit tyd wat ek aan my verhouding met die Here moet bestee. Ek is jammer om te sê dat meeste mense die prioriteit van heiligmaking nie hoog genoeg ag nie en eerder gehoor gee aan al die ander stemme in ons lewens wat ons juis te besig maak vir dit wat vir ons die belangrikste moet wees.

Ek wil nie veralgemeen of beskuldigend oorkom nie, maar dit voel vir my asof so veel van ons geagte leraars op 'n plek gekom het waar ons twyfel oor die leer van die Heiligmaking. Of ons te veel tyd spandeer om oor terminologie en die fynere nuanses aangaande die leer van Heiligmaking te argumenteer en te debatteer, eerder as om dit met die oortuiging van ons harte te verkondig in die krag van die Heilige Gees. Die gevolg hiervan is katastrofies in die kerk, naamlik dat egte lewensheiliging so skaars soos hoendertande geraak het. As ons nie dringend gaan terugkeer van waar ons uitgeval het en weer Heiligmaking gaan verkondig soos daardie eerste predikante van die kerk nie, sal die boodskap soos 'n museumstuk word waarna almal staan en kyk en sê: Kan jy glo daar was 'n tyd toe dit in die lewens van mense uitgewerk het. Ek wil afsluit met 'n paragraaf uit Baxter se boek en ek gaan dit net so in Engels aanhaal: "I believe that in these days God is wanting to say something new through the churches to our age; but as a prior necessity He is trying to say something to them. *"He that hath an ear, let him hear what the Spirit saith to the churches." Somehow, with my ear to the Book, I seem to hear a new call to holiness. I seem to catch a new insistence in the voice from heaven that without "HOLINESS TO THE LORD" written large across the Church's banners, organized Christianity will not rise from its present spiritual break-down to do mighty spiritual "exploits" again."*

As dit waar was in 1967, hoe dringend is hierdie oproep nie vandag aan elkeen van ons nie. Kom ons jaag hierdie jaar en in die jare wat kom Bybelse Heiligmaking met nuwe ywer na. Wanneer individue in die Kerk waarlik innerlike heiligheid nastreef en die Here waaragtig die werk van heiligmaking in lewens doen, sal die kerk weer 'n kragtige instrument in God se hand word.

**Dr. André Bester**

# Ontmoet die Moderatuur

Die Moderatuur word ooreenkomstig art. 142 van die Kerkorde gekies vir 'n dienstermyn van twee jaar uit die diensdoende predikante van die kerk en word saamgestel uit die moderator, assessor, aktuarius en skriba. Hulle sorg vir die reëlings van die sinode vergaderings en na die sinodesitting ageer hulle bloot as 'n kommissie met verskeie opdragte, soos vervat in artt. 142 tot 144.
Die moderator dien as voorsitter van die sinode, die assessor as ondervoorsitter en die skriba as sekretaris. Die aktuarius word gekies op grond van sy kennis van staat- en kerkwette en dien oor hierdie rede ex officio op verskeie sinodale kommissies.

Tydens die sinode van 2021 is die volgende predikante gekies as Moderatuur:



**Dr. André Bester as Moderator**



**Ds. Gerrie van Dalen as Assessor**



**Ds. Johnny Gates as Aktuarius**



**Ds. Wimpie Snyders as Skriba Synodi**

# Roeping tot die Kalahari bediening

Sover ek weet, is ek die enigste predikant wat uit Namibië by die EG kerk se kweekskool studeer het. Die Here het my en my vrou se siele in Febr. 1986 gered terwyl ek 'n jong Polisieman in die destydse Suidwes-Afrikaanse Polisie en sy 'n jong onderwyseres was. In 1987 het ek en my vrou aangesluit by die EG kerk, en is as lidmate deur Ds. Johnny Minnie (sr) in die Duits Lutherse kerk op Gobabis voorgestel. Daardie dag het ek 'n duidelike roeping van die Here ontvang. In 1990 is ons kweekskool toe en in Januarie 1994 is ons as proponentspaar geplaas in Oudtshoorn. Daar was nie 'n gemeente nie; ons was die stigterspaar van Oudtshoorn-gemeente.

Daarvandaan is ons na Upington beroep, waar ek die wonderlike voorreg gehad het om 'n wyk in die suide van Namibië te kon bedien. Omdat ek die leraar van Upingtongemeente was, kon ek slegs een Sondag elke maand in die Aroab distrik op 'n plaas gaan dienste hou. Aanvanklik was die groepie baie klein. So ver ek kan onthou, was ons slegs nege mense by die eerste Pinkster aanddiens, in 1999. Oor die vyf jaar wat ek daar dienste gehou het, het ons gereelde bywoningsgetalle gewissel tussen 50 tot 60 volwassenes. Dit was van die wonderlikste tye in my gemeentelike bediening, want ek het



**Askham huis - 2013**

soms tot 'n week rondom die betrokke Sondag huisbesoek op die plase in die omgewing gedoen, en as ek eerlik moet wees, het my droom seker daar ontstaan om voltyds onder my geboorteland se mense te kon bedien. Daar was sekerlik potensiaal om 'n gemeente te stig, maar die lidmate was min en die res was net gereelde besoekers, wat die Woord geniet het. Intussen het ons 'n beroep na Worcester ontvang en ek het dit gesien as 'n geleentheid om weg te kom van my innerlike stryd, want ek sou iewers moes kies tussen Upington of Namibië en dit kon my bediening op daardie stadium geskaad het.

Vyf jaar later het ons 'n beroep na Wonderboom, Pretoria, ontvang en daar het my innerlike stryd van vooraf begin, want toe ons die Here vertrou het vir 'n antwoord het Hy baie duidelik met my gepraat uit **Gen. 31:3** ***"En die HERE het aan Jakob gesê: Gaan terug na die land van jou vaders en na jou familie; en Ek sal met jou wees."*** Omdat ek op daardie stadium nog nie gereed was vir só 'n drastiese stap in my lewe nie, het die Here weer met my gepraat uit **2 Kon. 8:1** deur hierdie woorde ***"…en vertoef as vreemdeling waar jy kan vertoef…"***

Só is ons toe Pretoria Wonderboom toe. Daar het my vrou weer voltyds begin skoolgee en ons was baie gelukkig in die gemeente. Intussen het ek en my vrou besluit om vir ons 'n erf op Askham in die Noord-Kaap te koop. Die roeping in my hart om ***"terug te gaan na die land van jou vaders en na jou familie"***, het steeds soos 'n vuur in my hart gebrand na al die jare, en Askham was die naaste aan die grens tussen die RSA en Namibië. Dis die maklikste en vinnigste pad tot in die Aroab distrik waar al die bekende Namibiërs boer. Min het ons geweet dat ons eintlik besig was om reeds voor te berei vir 'n nuwe bedieningsfase in ons lewe. In Augustus 2012 het die Here my onder 'n Herlewingsdiensboodskap oortuig om 'n geloofstap te neem en die gemeentelike bediening te verlaat en op Askham te gaan bly en van daar die suide van Namibië te bedien. Einde 2012 het ons verhuis na Askham, waar nog net 'n dubbel motorhuis en 'n buite toilet en stort half klaar gebou was.



**Verootmoedigingsdiens, Helmaringhausen**

Met geen reserwe fondse tot ons beskikking nie, het ek vir 'n jaar op Askham alleen gebly en my vrou het steeds in Pretoria skoolgegee. Intussen het ek elke maand op uitreik

Namibië toe gegaan en die boere in die suide op hul plase besoek en met die evangelie bedien. Ek het 'n paar borge gehad, maar die Here het wonderbaarlik voorsien, sodat ek met my bediening kon aangaan en intussen stukkie-vir-stukkie aan ons dubbelmotorhuis kon verbeter, en later kon begin aanbou. Ons was baie trots op ons plekkie, al was dit geweldig primitief.

Na 'n jaar het my vrou op 'n absoluut Goddelike wyse 'n oorplasing na die Askham laerskool toe gekry. Sy beplan om DV vroeg in 2022 op vervroegde pensioen te gaan.

Só het ek dan sedert Januarie 2013 tot einde Maart 2020, (7jaar en 3maande) maand vir maand op uitreik Namibië toe gegaan en letterlik honderde gesinne op hulle plase in die suide van Namibië besoek en die voorreg gehad om die evangelie met die meeste gesinne te deel. Daar was ook 'n paar oorgawes gewees. Al die eer aan die Here alleen! Ek het ook die voorreg gehad om verskeie dienste in Namibië waar te neem. Dit het gewissel van Pinksterdienste, Verootmoediging dienste vir reën, Dankseggingsdienste, Begrafnisdienste, Eredienste in Aroab en Ariamsvlei NG Kerk, en 'n Geloftefees. Ek en Marian het ook 'n bekendstellingspraatjie oor die Kalahari bediening op Kanaal 7 gehad. Daar is al baie van my Erediens-, asook oordenkings boodskappe op Kanaal 7 uitgesaai. In Gobabis het ek in Junie 2019 ook 'n groot reünie saamtrek se afsluitingsdiens die Sondagoggend waargeneem.

Toe die COVID-19 Pandemie uitgebreek en die eerste inperkings ingestel is, het verskei mense my aangemoedig om my bediening na 'n sosiale bediening oor te skakel. Daarvandaan het die Kalahari bediening 'n heel nuwe baadjie aangetrek. Ek het begin deur een WhatsApp groep te stig, onder die vaandel van Kalahari bediening, wat oorspronklik uit 178 lede bestaan het; meestal Namibiërs onder wie ek bedien het en 'n paar ander vriende en kennisse. Oorspronklik het die Stiegers van Wonderboom gemeente my boodskappe op die EG kerk se YouTube kanaal geplaas. November 2020 het ons spontaan besluit om 'n eie YouTube kanaal



**Ds. Awie en Marian van Wyk**

onder die vaandel van Kalahari bediening te begin, omdat daar mense van Namibië, baie boere van Botswana, mense van orals oor die RSA en verskeie oorsese lande op die groep is. Die wye verskeidenheid van mense maak ook dat daar mense van alle kerk denominasies, asook baie mense van geen kerk denominasie, op die Kalahari bedieningsgroepe is. Daarom wil ek nie my bediening aan enige kerk denominasie verbind nie.

Die Here het regtig hierdie bediening, via sosiale media, van krag tot krag laat groei. Huidiglik staan die drie WhatsApp groepe in totaal op 690 lede en die ingeskrewe lede op YouTube staan op 287. Verskeie mense op my WhatsApp groepe het weer hul eie WhatsApp groepe, waarop hulle ook gereeld my boodskappe uitstuur. Ek het 'n boodskap oor die gees van die Antichris gebring, wat baie belangstelling gewek het en binne twee weke 1700 keer op YouTube gekyk is. Daar maak gereeld mense met my kontak wat hulp vra om geloofsekerheid te ontvang en baie ander wat geestelike vrae het. Ek kry daagliks baie boodskappe van mense wat op my groepe is of my boodskappe van ander ontvang het, of my boodskappe volg op YouTube en dis 'n voltydse bediening wat my baie besiger hou as wat ek ooit in gemeentelike bediening was. Ek het nie een dag wat ek sommer net kan aflê en niks doen nie, want daar is altyd mense wat met my kommunikeer, selfs uit lande soos Engeland, Australië, Saoedi-Arabië, Namibië en Botswana, ens.

Intussen woon ons in 'n baie gerieflike twee-slaapkamer strooibaalhuis, met ons eie boorgat, pragtige tuin, 'n bietjie sonkrag om ons deur die nodigste krisisse te help. Ons woon hier in baie stilte en vrede teen die plaas van Askham. Ons kry gereeld besoeke van rondloper boerbokke, donkies, duikers, steenbokkies, skilpaaie, slange en skerpioene. Ons is op die plaas, maar het gelukkig nie die sorge van 'n boer nie.

Al die dank en eer van ons harte kom ons hemelse Vader, ons wonderlike Here Jesus, en kosbare Heilige Gees, alleen toe, want ***"Hy wat roep is waarlik getrou…"*** **1Thess. 5:24**

**Ds. Awie en Marian van Wyk**
**Kalahari Bediening**



**Papwiel tydens uitreik**



**Plaasbesoek**

# Ons wandel met die Here

*Elke dag wat ons op aarde leef, bring ons nader aan die bepaalde tyd van Jesus se wederkoms. Die vraag wat egter opkom is: "Wannéér Hy kom; sal u gereed wees om hierdie sondige aarde te verlaat om saam met Jesus te gaan en vir ewig met Hom te wees in Sy heerlikheid – soos 'n Henog van ouds? Sal u rein wees?"*

Henog het eendag net verdwyn en die Bybel sê dat dit was omrede God hom weggeneem het. Hoekom het God hom dan weggeneem? Omdat Henog goeie geselskap beoefen het – **Gen 5:24** ***"En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem omdat Hy hom behaag het."*** Dit is deur en deur die moeite werd om u eie situasie onder die soeklig van God te plaas en seker te maak dat u in goeie geselskap leef; seker te maak dat u met God wandel! Die apostel Paulus gee vir ons goeie raad as hy die ware gelowiges in liefde vermaan om hulle af te sonder en met God te wandel. Ja, hulself af te sonder van wettelose mense wat in geestelike duisternis wandel; mense wat afgode van aardse dinge maak, wat humanisme voorstaan.

**Wandel**

God sê in **2 Kor. 6:16** aan almal wat hulself van sulke mense afskei en nie in hul dwase praktyke deel nie: ***"Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*** Die apostel Paalus vra vyf retoriese vrae om aan te toon hoekom u en ek onnself moet afskei of afsonder van sekere soort mense (ons moet hulle vir Jesus wen, ja, maar nie deelgenote in hulle booshede wees nie). Die vrae wat hy stel is:

1. ***"Watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid?"*** Kan olie met water meng; kan goedheid en boosheid in kameraadskap met mekaar verkeer?
2. ***"Watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"*** Om gelowiges met ongelowiges te wil verbind is om te probeer om die dag en nag met mekaar te kombineer. Hierdie teenoorgestelde kan NOOIT verenig nie.
3. ***"Watter ooreenstemming het Christus met Bélial?"*** Geestelke, waardevolle mense word "kinders van Bélial" genoem. **Rigt. 20:13** Lewer dan nou die slegte manne uit wat in Gibea is, dat ons hulle om die lewe kan bring en die kwaad uit Israel kan uitroei. God se kinders en die duiwel se kinders behoort eenvoudig net nie saam nie.
4. ***"Watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?"*** Kan 'n gelowige 'n boesemvriend van 'n ongelowige wees, sonder dat sy geloof of wandel met God skade ly?
5. ***"Watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?"*** Is u 'n tempel van die lewende God? Hoe kan u enige plek in u lewe gee vir die dinge wat deur ongeredde mense verafgod word?

**Evangelie**

Geliefdes, Paulus het hierdie vrae aan die Korinthiërs voorgehou, maar het dit nie geantwoord nie, want die antwoord is vanselfsprekend. U mag sê: "Maar ons moet tog saam werk en ons moet tog in dieselfde buurt woon. Ons moet vriendelik en samewerkend wees." Ja, dis waar, maar ons hoef nie boesemvriende te wees nie – ons moet vir hulle bid en die evangelie met hulle deel, maar dis die enigste ware gemeenskap wat ons kan hê met die wêreld!

Wat Paulus duidelik in 2 Kor. 6 teëstaan is die sametrekking van gelowiges en ongelowiges in dieselfde juk. Hierdie juk sluit natuurlik ook die huweliksjuk, besigheidsjuk, sosiale juk en enige vrywillige samebinding van jouself in en 'n intieme genootskap met ongelowiges. Geen band tussen lig en duisternis is vir God aanvaarbaar nie! Paulus noem dit 'n "ongelyke juk". Dit kan geestelik 'n baie moordende juk wees.

O, hoe anders is die juk van die Here Jesus nie? Hy sê in **Matt. 11:28-30** ***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rys gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want My juk is sag en My las is lig.***

**Opdragte**

Henog was 'n baie wyse man. Hy het slegs met diegene gewandel en omgang gehad wat met sy God gewandel het. Hy was in een juk met die Here, nie met ongelowiges nie. En só is hy hemel toe sonder om te sterf. **Hebr. 11:5** ***Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.*** Dat hy met God gewandel het – dit het die Here behaag!

Geliefde, wanneer die Here Jesus kom om Sy kinders weg te voer hemel toe, sal dit ons loon om in die juk van die Here besig gevind te word. Dit sal ons loon om gedurig in Sy teenwoordigheid gevind te word, besig met die liefdesopdragte van onse Hemelse Koning!

Indien Jesus nóú sou kom, sal dit u loon om besig te wees om met God te wandel, soos Henog.

Wandel u só met God? Indien nie, is die pad na die kruis toe steeds vir u oop om reg te maak, die wêreld te versaak en die bloedfontein op te soek wat geopen is teen sonde en ongeregtigheid vir die reiniging van 'n wandel buite God se wil.

**Ds. B. Greeff**



**Geneem uit Evangelies-Gereformeerde Kerkblad – Jul/Aug 1992**

# Diensdoende predikante van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Arika


Ds. Gerhard Snijders


Ds. Wimpie Snyders


Ds. Lukas Uys


Ds. Gerrie van Dalen


Ds. Loedolff van der Merwe


Ds. Danie van Dyk


Ds. Wynand van Niekerk


Ds. Rassie van Staden


Ds. Ruan van Vuuren


Ds. Wimpie van Vuuren


Ds. Ludick van Wyk


Ds. Pieter van Wyk


Ds. Herman van Zyl


Ds. Louie van Zyl


Ds. Andries Venter


Ds. Juan Vlok


Ds. Hennie Vorster


Ds. Hendrik Weyers


Prop. Kand.
Fleetwood Grobler


Prop. Kand.
Pierre Louw


Prop. Kand.
Francois Muller


Prop. Kand.
Marno van Niekerk

# Ellisras hou VBS

Wat 'n voorreg om weereens tydens hierdie onsekere tye, deur die genade van die Here, 'n Bybelskool te kon hou.

Hierdie jaar het Taylor Ridgard van die Afrika Evangeliese Bond (AEB), die lessies van die VBS behartig, onder die tema: AHOOI! met ses stories uit die Bybel wat wys dat God groter is as die golwe. Daar was ongeveer 55 – 60 matrosies wat aanboord die Ahooi skeepsvaart geklim het.

Die kinders is daagliks geleer van verskeie Bybel verhale en karakters, onder andere; die verhaal van Noag het hulle geleer dat God is Heilig, Moses se verhaal het hulle geleer dat God is Goed, uit Jona het hulle geleer dat God genadig is, die groot visvangs het hulle gewys dat God in beheer is en Paulus op die see kon hulle vertel dat God Almagtig is. So kon hulle deur hierdie lesse so duidelik die attribute van God sien.

Die groepie leiers het 'n daaglikse skit (opvoering) behartig, wat nie net vermaaklik was nie, dit het telkens die boodskap eg en treffend vir die kinders laat oorkom.

Elke verhaal het ook sy eie memoriseer teksvers gehad wat op baie kreatiewe en indrukwekkende wyses deur die groepie leiers aangebied is, soggens het die kinders met groot ywer en entoesiasme hulle versies vir hul onderskeie groepleier kom opsê, dis wonderlik om te sien hoe hulle die Woord van God in hulle hartjies bêre.

Die kinders het ook die daaglikse poppekas vreeslik geniet. Die Poppe se geselsies was ter inleiding van die leersame vervolgverhaal van Susannah Wesley.





Maar matrosies het ook baie energie en is lief vir speel, en so het hulle ook gedoen. Daar was daagliks gestruktureerd spel onderleiding van die dag se les en tema, dit het als bygedra tot die vaslegging van die les.

Pragtige handwerk items is na die dag se les gemaak waar hulle onder andere, hoedjies aanmekaar geplak het waarmee hul as matrose kon pronk, hout bordjies met stensils geverf, walvisse met wasgoedpennetjies gemaak en sand-kuns prentjies gestrooi. Cat Signs het die bordjies geborg en Jack's Paint het op hul beurt die verf geskenk.

Mens kan net dink dat besige matrosies, besige aptyte ook het… daarvoor het Synthea du Preez en die kombuis span sorgvuldig gesorg. Die kinders het heerlik gesmul aan muffins, rooster broodjies, hamburgers, sjokolade brownies en nog 'n hele spyskaart vol heerlike kos. Die Ellisras en Thabazimbi gemeenskap het beide hart en hand oopgemaak in die vorm van borge vir die kos, ek wil graag die volgende borge noem en bedank vir hulle hartlike bydrae, mag die Here elkeen seën in Hemelse munt: Azaria Safari's, Romans Pizza, One Stop, The Fat Baker, Mama Africa Kitchen, King Pie, PnP Thabazimbi, en Zoemi teetuin.

Wanneer ek so terug kyk oor die VBS 2021, is dit met 'n hart vol dankbaarheid, want ook ek het gesien in hierdie tyd hoe heilig, goed, genadig, in beheer en almagtig God is. Aan die Here al die eer vir Sy voorsiening in elke opsig, maar die meeste is ek dankbaar vir elke kinderhartjie wat met Jesus ontmoet het en hulle lewens vir Hom kom gee het, en ervaar het hoe Hy hulle sondes in die diepte van die see kom gooi het. Aan Hom kom toe die eer want dit was alles deur Hom en tot Hom en van Hom.

**Celeste van Niekerk**
**Ellisrasgemeente**

# Springsgemeente ontvang en bevestiging Ds. Riaan Gates

Na 3 jaar van seën en arbeid in Kriel, het die Here ons gelei om die beroep na Springs gemeente aan te neem.
Dit was met groot hartseer dat ons afskeid geneem van Kriel, maar was ons ook baie opgewonde om met ons bediening in Springs te begin. Springs was vir meer as 'n jaar sonder leraar en ons is dankbaar vir die voorreg wat ons het om ons bediening in Springs te kon begin.
My pa, Ds. Johnnie Gates was vir sy praktiese jaar in Springs geplaas. Wat 'n groot voorreg om in jou pa se voetspore te kan volg.
Te midde van die Inperkings in Juniemaand, het ons in Springs aangekom. Ons is op Sondag 24 Julie 2021 bevestig welke geleentheid, weens Inperkings, net deur die Kerkraad van Springs gemeente bygewoon kon word.
Ons is die 1 Augustus 2021, nadat die Inperkings gelig is, in die gemeente ontvang en kon ons, ons blydskap saam die gemeente deel. Ten spyte van alles wat aangegaan het met Inperking reëls en sosiale afstand beheer kon ons die dag saam met die gemeente geniet. Springs gemeente het ons met ope arms en warm harte, vol gasvryheid en vriendelikheid ontvang.
My pa Ds. Johnnie Gates het die Woord bediening en bevestiging waargeneem, wat 'n voorreg, in 2020 Maart maand het ek die voorreg gehad om my Pa in Belfast gemeente te bevestig. Dis so groot voorreg om as pa en seun saam in diens van die Here te staan.
Die susters het heerlike verversings voorsien en die Kerkraad het ons hartlik verwelkom as deel van die Springs-familie. Ons het dadelik deel gevoel en die liefde van die gemeente ervaar. Die aanpassing was nie so groot soos wat ons verwag het nie en dit voel asof ons al jare deel is van Springsgemeente.
Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir Sy goedheid en getrouheid in ons bediening. Ons vertrou die Here vir Sy seën oor ons bediening in ons nuwe gemeente, asook vir die groei van Springsgemeente.

Ons wil elke lidmaat, CVV lid en Kerkraadslid bedank dat u ons met ope arms ontvang het - met soveel liefde en gasvryheid. Ons sien daarna uit om saam met Springsgemeente, die Here te dien en saam te arbei in die redding van siele tot uitbreiding van die koninkryk van God.

**Names die Kerkraad**
**Ds. Riaan Gates**
**Springsgemeente**





*Aangename Kennis:*

# Ds. Ludick van Wyk

**In watter stad/dorp is u gebore?**
Pragtige Pretoria

**Vertel ons iets van u kinderdae.**
Ek en ŉ maat van my het besluit om een middag na skool na die nabye huis-kafee gestap en ons sakgeld saam gesit en nege boksies vuurhoutjies gekoop. Nee, ons het nie gerook nie, maar die parkie onder die skool se dooie gras het wel, nadat ons die helfte van die parkie afgebrand het. Ek glo nie dit is nodig om te noem hoeveel vermaak dit vir die sagtebal ouers verskaf het wat gekyk het hoe onderwysers en kinders rondhardloop om die vuur geblus te kry, voordat dit oorloop na die skoolterrein nie en dat ek in groot moeilikheid was nie. Maar ek sal dit nie sommer vergeet nie.

**Waar het u skoolgegaan?**
Laerskool Booysens en Hoërskool Hercules

**Gee vir ons ŉ getuienis hoe u tot bekering gekom het.**
Ek het tot bekering gekom op die jonge ouderdom van sewe jaar oud. Tydens ŉ reeks kinderdienste wat daardie jaar gehou was EG Kerk Pretoria Tuine gemeente het ek gereageer op die uitnodiging om my hart vir die Here te gee. Daarna het ek saam ŉ oom, wat vandag my skoonpa is, Gideon Brown by ŉ lang harde hout bank in die moederskamer gekniel en gebid. Daarna was ons kar toe waar my pa vir my en my broer gewag het. Ek het hom vertel en hy was so bly dat hy aangedring het ek moes my ouma bel. Dit was egter bietjie laat en het ek die volgende oggend uitgevind hy het dit sommer namens my gedoen.
Daarna was daar verskeie ander kere waar ek oorgawes gemaak het, veral as die dominee's so hard gepraat het oor die hel en die groot wit troon oordeel. Ek was soms so bang ek mis die hemel dat ek dubbel seker gemaak het. Soos ek ouer geword het, het ek maar soms die pad van die Here verlaat maar September 2007 het die here ŉ wonderlike werk kom doen in my hart en lewe en van daardie dag af het ek nog nooit weer die pad van die Here verlaat nie.

**Wanneer het u by die EG Kerk aangesluit?**
Ek het in 2004 lidmaat van die Kerk geword

**Watter jare was u op kweekskool?**
2008 tot 2011

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, Di. Daniël Brink, Jan du Raan, Barry Fourie, Rickard Hattingh, Ryno Louw, Wimpie van Vuuren, Pieter van Wyk.

**Wie was u dosente**
Drr. Willie Kotzé, André Bester, Di. Gerhard de Wet, Juanne Mienie en Rudi Beukes.

**Vertel ons ŉ Staaltjie of twee van u kweekskool dae.**
Elke oggend om ses lui die kweekskool klok. Ek, Martin Botha, Werner van Zyl en Ruan van Vuuren besluit dat ons een oggend tydens ŉ seker student se klok-lui beurt hom so bietjie gaan ontsenu. Die betrokke student was toe ŉ eerstejaar. Ons besluit dat Martin, Werner en Ruan sal hulle self beklee soos moslems, terwyl ek met die video kamera sal regstaan in die bos om sy reaksie op te neem. Mooi afgespreek en so besluit ons toe op ŉ oggend, lê die matjies uit na die ooste en wag op die slagoffer. Nodeloos om te sê, hy het nie geweet of hy gevries moes bly of hy nou die klok moes lui, omdraai om ŉ dosent te roep of om te lag nie. Die klok het darem betyds gelui en niemand is geskors of beseer nie. Dit was ŉ goeie oggend op kweekskool.

**Hoe lank is u getroud?**
My vrou sê elf jaar.

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet.**
Ons het groot geword in dieselfde gemeente. Nadat die Here ŉ wonderlike werk in my hart en lewe gedoen het in 2007 het ek weer eredienste meer gereeld bygewoon en meer jeug byeenkomste bygewoon. Daardie jaar was sy in Matriek, maar ons het goeie vriende geword, saam koffie gaan drink en al my spaar geld uitgegee. Sy is in 2008 na Glenvar Bybelskool nadat sy graad twaalf voltooi het. Later in 2008 was die kweekskool op ŉ uitreik na Kroonstad. Tydens daardie uitreik het sy haar pa oorreed



om spesiaal vir ons, of vir my, te kom kuier aangesien sy van die Kaap kom kuier het. Daardie middag in Kroonstad het ek haar maar die kuis gevra.

**Hoeveel kinders het u?**
Die Here het ons geseën met vier: Luan (nege jaar), Dian (sewe jaar), Rhodé (drie jaar), Leahné (1 Jaar).

**Watter gemeente het u bedien?**
Internskap jaar: Humansdorp saam Ds. Rudi Beukes, Bronkhorstspruit, wel nie 'n gemeente maar 'n werkskring, Swartklip en huidiglik in EG Kerk Pretoria Tuine vir sewe jaar.

**Het u 'n stokperdjie?**
Hengel: vlieg-hengel, tradisionele karp-hengel (papgooi), Spesie hengel, see hengel en diepsee hengel. Bonsai en tuinmaak is ook 'n groot liefde en houtwerk.

**Watter geestelike boeke het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Ek lees baie wyd oor baie onderwerpe. Daar is baie verskillende boeke wat egter 'n impak gehad het op my lewe. Maar bo en behalwe die Bybel, lees ek graag oor leierskap, mentorskap en berading.

**Wat is u gunsteling dis:**
'n "Mansize T-Bone steak special" met pap en sous by Impale slaghuis op 'n Vrydag na betaaldag. Maar braai bly koning.

**Waar is u gunsteling vakansie plek?**
Ponta-Malongane, in Mozambiek.

# Ds. Paul Grobbelaar word ontvang in Kempton Park

Ons E.G. gemeente van Kempton Park is die Here baie dankbaar dat ons gebede verhoor is. Hy het vir ons na 'n baie lang tyd, wat ons sonder 'n herder was, weer 'n baie spesiale herderspaar gestuur.
Op 18 September 2021, is ons nuwe herderspaar, dominee Paul Grobbelaar en sy gade, Rosa, tydens 'n verwelkomingsfunksie in die gemeente ontvang.

Die bevestigingsdiens vind plaas op Sondag 19 September 2021. Dit was so spesiaal dat dominee Willie Krige, van Meyerton, wat 'n swaer is van dominee Paul Grobbelaar, die openingsdiens kon lei. Sy tema was 'n verwysing na 'n wedstryd op die veld. Jy is "of 'n toeskouer, of 'n speler," in die koninkryk van God.
Daarna het dominee Flip Pretorius van die Nigel Gemeente die bevestiging waargeneem.
Ouderling Carl Schmidt van Vereeniging se E.G. Gemeente het dominee Paul Grobbelaar afgegee en voorspoed toegewens. Treffend was die twee simboliese muntstukkies wat hy aan ons nuwe dominee oorhandig het. Die een was 'n muntstukkie met die twee mossies op, en die ander met 'n arend daarop.



Hierna het die Randse Ringspredikante en dominee Willie Olivier, dominee Paul Grobbelaar verwelkom en sterkte toegewens.
Ouderling Johan Kotze het namens die Kempton Park gemeente, asook die kerkraad, dominee Paul Grobbelaar in ons gemeente verwelkom en sterkte toegewens.
Verdere verwelkomings was deur Coenie Oosthuizen, namens die Bybel Buddies en Wilma Heyneke namens die C.V.V. Dominee Paul Grobbelaar het met 'n gebed afgesluit.

Die geleentheid het na die saal verskuif waar 'n heerlike vingerete, voorgesit deur die C.V.V., op ons gewag het. Na die tafelgebed deur dominee Paul Grobbelaar, het ons gaste en die gemeente heerlik saamgekuier.

Dominee en mev. Grobbelaar, ons verwelkom julle met ope arms in ons harte, huise en gebede.

**Kerkraad**
**Kemptonparkgemeente**

# Besorg en verontrus oor baie dinge



Martha kners op haar tande terwyl sy báie besig is met die voorbereiding van allerlei heerlike verversinkies. Sy voel diep beswaard. Sy kan nie glo dat haar suster haar net so los in die kombuis en haarself gaan neerplons het by Jesus se voete nie. Genugtig, kan Maria nie vir haarself dink dat hulle nou juis spesiale moeite moet doen om die Meester te bedien nie? Dis nou nie aldag wat die Here by húlle aan huis kom nie – dis net vanselfsprekend dat mens tog jou beste voetjie wil voorsit. Dink net hoe trots sal sy voel as Jesus haar uitmuntende kosmaak talente kan raaksien en waardeer. Ag hoe sal sy darem by haar vriendinne kan spog wanneer Jesus haar gekomplimenteer het oor haar ongeëwenaarde gasvryheid. Ja-nee kyk, om die Christus te kan bedien is 'n ware voorreg en sy is die uitverkose gasvrou!

Terwyl Jesus in die voorkamer besig is om oor die koninkryk van die hemele met die gaste te praat, is Martha beslis nie besig met hemelse gedagtes nie… nee, sy is besig om haarself al hoe meer op te werk omdat haar suster nie kom help nie. Uiteindelik, wanneer sy dit nie meer kan hou nie, stap sy verergerlik vorentoe en gaan staan met haar hande in haar sye voor Jesus, haar houding duidelik uitdagend en haar stemtoon geïrriteerd. ***"Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie?"*** (**Lukas 10:40**) Sy wag nie vir 'n antwoord nie, maar gaan sommer voort asof sy reeds weet dat Jesus ook omgekrap behoort te wees oor Maria se lyfwegstekery: ***"Sê dan vir haar dat sy my moet help."*** In Martha se gemoed is sy seker dat Jesus haar punt sal insien en vir Maria sal aanspreek omdat sy haar handjies aan die saligheid belowe het.

Liewe vriendin, ek glo jy kan die prentjie voor jou sien afspeel nie waar nie? Alhoewel dit nie woordeliks so vir ons in die Bybel staan nie, kan mens jou net indink.

Martha sien uit dat Jesus haar suster bietjie reghelp, want duidelik ken Maria nie haar prioriteite nie. Sy verbeel haar al hoe Jesus vir Maria streng aanspreek: *"Toe toe toe Maria, gaan help jou suster in die kombuis."* Tot Martha se skaamte, rig Jesus egter Sy bestraffing tot háár, die einste Martha! Hy doen dit liefdevol wanneer Hy haar naam tweemaal noem. Ek kan byna hoor hoe Hy vir haar kon sê: ***"Martha,*** *(ai)* ***Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie." Lukas 10:41,42***

Dit was vir Jesus baie duidelik dat Martha se omgekrapte gemoed gespruit het vanuit misplaasde priori-teite. Aanvanklik dink ons dat sy 'n geweldige hoë agting vir die Here het, daarom dat sy haar alles wil insit om Hom te dien, maar haar motiewe word bevraagteken deur haar houding teenoor Christus wanneer sy uitdagend voor Hom gaan staan. Sy praat nie met Maria vir wie sy kwansuis kwaad is nie, maar beskuldig nou sommer die Here van liefdeloosheid teenoor haar (**Luk. 10:40** ***"Here, gee U nie om…"***). Dit wat in ons harte aangaan sal uitkom in oomblikke wanneer ons selfgesentreerd en vleeslik is. **Lukas 6:45** ***"want uit die oorvloed van die hart spreek (die) mond."*** Haar bedrieglike hart word geopenbaar deur haar gesindheid en woorde. Dit is juis wanneer ons voor Jesus te staan kom, dat Hy ons harte aan onsself openbaar. **Jer. 17:9,10** ***"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge."***

Dikwels wil ons dinge op ons eie manier en in ons eie krag aanpak. Dan, wanneer dit vir ons te veel raak, wil ons met die Here baklei asof Hy nie omgee vir ons stryd nie. Ons hele probleem lê in ons misplaasde prioriteite. Ons dink net soos Martha, dat prakties vóór teorie kom. Ons storm in ons dagtake in en pak die bul by die horings… net totdat die bul ons eenkant toe stamp en ons seer en moeg en verlate vir die Here wil vra waar was Hy in ons ellende? Maar het ons eers stilgeword by Sy voete voor ons die dag ingegaan het? Het ons eers die teorie geleer voor ons die prakties probeer aanpak het?

Jesus help Martha op 'n liefdevolle maar ferm wyse reg. Hy ken haar hart en Hy wys aan haar uit dat sy besorg en verontrus is oor báie dinge. Haar hart is verkeerd, daarom is haar prioriteite verkeerd. Verkeerde prioriteite lei tot frustrasie en 'n verkeerde gesindheid. Wat sy nie besef nie, is dat sy eintlik een ding nodig het, en dan sal die res in plek val. Wat is daardie een ding? Dit is om eers by Jesus se voete te sit, Hom lief te kry en van Hom te leer, om Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan, ons deel te maak. Nooi Jesus ons nie juis in **Mat. 11:28-30**: ***"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig."***

Jesus ag ons liefde vir Hom en vir Sy Woord, hoër as ons diens aan Hom. Hoe kan jy immers sê dat jy die Here dien met jou hele hart, maar jy verkies ander aktiwiteite bo die geleentheid om na Sy Woord te luister en by Sy voete te sit? Martha se toewyding aan die Here het gefaal, toe sy haar reputasie as gasvrou wou stel bo Jesus se reputasie as Seun van God. Ons diens vir die Koning en Sy Koninkryk kan dikwels bevlek wees van ons hoogmoed en selfbelang. Wyle Louis Malherbe het gesê: *"Ons raak so besig met die dinge van die Here, dat ons die Here van die dinge vergeet."*

Martha en Maria het albei 'n keuse gemaak toe Jesus in hul huis gekom het. Maria het die goeie deel uitgekies wat

van haar nie weggeneem sal word nie. Dinge met ewigheidswaarde.
Jy vra: “Moet ons dan nie diensbaar wees nie? Moet ons nooit eet nie maar net sit by Jesus?” Natuurlik moet ons diensbaar wees, natuurlik is daar fisiese behoeftes waarna omgesien moet word, maar liefde en toewyding aan Christus en Sy Woord, moet dienswerk altyd vooraf gaan. Verhouding kom voor verpligting. Kry Hom eers lief voor jy enige liefdesarbeid met die regte gesindheid sal kan doen. Tydens ons stiltetyd, wanneer ons intiem met Christus verkeer, sal Christus ons vul met Sy Gees en ons toerus tot diens. Slegs dán sal ons vrug dra, as ons in die Wynstok bly.
Liewe Vriendin, ons staan aan die begin van ʼn nuwe jaar. Die wêreld is vol afleidings en soveel dinge veg vir ons aandag. Miskien is jy besorg en verontrus oor baie dinge. Word stil en vra jouself: Wat geniet voorrang in my lewe? Kom ons kry ons priori-teite reg. **Mat. 6:33** ***“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”***

**Geseënde 2022, Groete in Christus**
**Karen Devenier**
**Middelburg**

Briewe aan my seun

# God sal voorsien



MY liewe seun, in jou geaardheid is daar iets wat my baie herinner aan Isak, die seun van Abraham. Miskien is dit jou neiging om vrae te vra.
Isak was heelwaarskynlik in sy tienerjare toe hy en sy vader een oggend vertrek op die pad na die berg Moria. Die Bybel sê in **Gen. 22:6** ***“So het hulle twee dan saam geloop.”*** ʼn Mooi uitdrukking, nie waar nie?
Dit is jammer dat daar nie meer vaders en seuns is wat saam dinge doen nie. Baie keer begin hulle saam, maar dan kom vervreemding met die jare en sommige van hulle dryf dan uitmekaar. Mag jy en ek, soos Abraham en Isak, altyd saam aangaan.

Net soos Isak, probeer jy ook dikwels om die huidige omstandighede bymekaar te tel en ʼn antwoord vir die toekoms te kry – telkens sonder sukses. ***“En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ʼn brandoffer?”*** (vers 7). Dit is vir jou ook moeilik om jou huidige omstandighede te bekyk en te wonder hoe dinge vir jou kan uitwerk vir die toekoms.

Maar, as jy in die weg van die Here wandel, my seun, dan is daar vir jou geen rede om jou te bekommer oor die dag van môre nie. ***“God sal voorsien, my seun.”*** (vers 8). God het wonderbaarlik voorsien vir Abraham en Isak en Hy sal dit weer doen vir jou. Soek jy net altyd eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word (Matt. 6:33).

So dikwels in hierdie lewe lyk dit of daar iets ontbreek – iets baie noodsaaklik ontbreek! Iets so noodsaaklik soos Isak se lam. Dikwels lyk dinge so half deurmekaar en wonder ons hoe dinge ooit weer reg sal kom. Dit is dan die tyd om jou vertroue werklik in God te plaas met die wete Hy sal voorsien! Sulke kennis behoort ons vrese te kalmeer en ons bekommernisse weg te neem.
Isak het tog ʼn eenvoudige vertroue in sy vader se woorde gehad en daarmee was hy tevrede. Ja, God sal voorsien! En ***“so het hulle twee dan saam geloop”*** (vers 8). Sien jy, dit is die tweede keer dat hierdie mooi woorde gesê word binne die bestek van drie verse, aan die vader en sy seun wat saam vorentoe gaan!

Onlangs stop ek by die groentekarretjie om ʼn kopkool en ʼn sakkie lemoene vir die huis te koop. Toe die bejaarde groentesmous van die kassie opstaan waar hy gesit het, lees ek die bekende koortjie se woorde: *“Because He lives, I can face tomorrow!”*


My seun, jy sal nog baie Moria’s in jou lewe moet klim soos jy aangaan op jou lewensreis – en soos jy klim, sal jy baie sterk bewus word, soos Isak, van ʼn groot behoefte in jou lewe – ʼn werklike nood wat vir jou lewensbelangrik geword het!

Moenie aan God en Sy beloftes twyfel nie! Hemel en aarde mag verbygaan, maar die Here sal Sy beloftes oor jou lewe gestand doen. Bly bestendig op die smal weg. **Fil. 4:19** ***“En my God sal elke belofte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.”***

Met so ʼn wonderlike waarborg, laat ons saam vorentoe gaan. God sal voorsien in elke behoefte op die pad soos ons dit sal teëkom. Ons kan dit gerus op die proef stel, dat God nog vandag vir enige vader en sy seun sal voorsien wie se geloof onwankelbaar in God gestel is.

**Jou liefdevolle vader.**

# Blokraai No. 1 van 2022



**2 Letters**
BO, EG, NA, OP, TE, UR

**3 Letters**
EEN, GOG, HOM, JAS, JOB, MAN, NAG, OOG, REG, RUS, RUT, SES, SON, TOE, VAL, VEG, VUL

**4 Letters**
EERS, GAAN, NOAG, ROEP, VERE

**5 Letters**
AARON, DAWID, DOPER, ENGEL, ESTER, GESIN, KALEB, NAHUM, SMAAD

**6 Letters**
GOLIAT, GEROEP, OBADJA, ONDIER, PADDAS, SLANGE

**7 Letters**
ABSALOM, GESNOER


**10 Letters**
OPENBARING


**11 Letters**
ESKATOLOGIE

**12 Letters**
THESSALONIKA

**16 Letters**
SKEPPINGSVERHAAL

# 10. Tien jong meisies




Kyk Doen Sê : wys / dwaas



Jesus het die verhaal vertel van die 10 jong meisies wat vir die bruidegom gewag het.
Hulle het hulle lampies geneem en gewag.
Vyf meisies het ~~nie~~ genoeg olie vir hulle lampies gebring nie. Hulle was baie dwaas.
Vyf meisies het genoeg olie vir hulle lampies gebring. Hulle was baie wys.
Dit het baie laat geword en die meisies het aan die slaap geraak. Teen middernag hoor hulle: "Die bruidegom is hier. Kom groet hom!"

Geneem uit: 'My tweede Bybel Doen en Leer Boek' van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika met verlof. www.bybelgenootskap.co.za, eISBN 978-0-7982-1767-5

Die tien jong meisies steek hulle lampies op. Die vyf dwase meisies sê: "Ag nee! Ons lampies gaan dood! Gee ons van julle olie!"



Nee, ons het nie genoeg vir ons en julle nie. Gaan winkel toe en koop vir julle olie.

Die vyf dwase meisies gaan koop toe olie.
Toe kom die bruidegom. Die vyf wyse meisies het na die troue toe gegaan en die deure is gesluit. Later kom die vyf dwase meisies terug. Hulle klop aan die deur en roep: "Maak oop vir ons!"
"Nee, ons ken julle nie!" sê die bruidegom.
"Gaan weg!"


Matteus 25:1-13

"Wees altyd gereed. Julle weet nie watter dag en uur die Here kom nie."

# 2022 PAASKONFERENSIES

Wes-Kaapse Ring
14 – 18 April
Simonsberg Christian Centre
Besprekings: Ds. Rassie van Staden
082 950 4702


Natal Paaskonferensie
15 – 17 April
Winklespruit Sea Camp
Besprekings: Suzanne-Marie Botha
079 828 2634

Eden Paaskonferensie
15 – 18 April
Edenkonferensieterrein
Besprekings: Erika Bronkhorst
082 607 3320

Meer volledige besonderhede sal binnekort geplaas word op sosialemediaplatforms

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Maart / April 2022 • #645



EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

- Die krag van die onvoltooide kruiswerk
- Die teerpad van die Duiwel
- EG Kerk SA - 78 Jaar van Genade

# ... van die Redakteur

Ten tye dat u, liewe leser, hierdie voorwoord lees is die eerste kwartaal van 2022 amper reeds iets van die verlede – tyd staan nie stil nie. Tog vertrou ons dat u nog steeds gefokus sal bly en die oê gevestig sal hou op Jesus Christus, ons Verlosser en komende Koning!

Die redaksie het dit goedgedink om weer eens sekere sentrale temas aan die uitgawes te koppel, alhoewel die artikels nie beperk gaan word daartoe nie. Derhalwe fokus ons hierdie uitgawe op die Kruisiging en Opstanding. Hierdie twee gebeure maak deel uit van die vier primêre gebeurtenisse op die Christelike kalenderjaar nl. Jesus se Geboorte, die Kruisiging, die Opstanding, die Hemelvaart en dan helaas ook die verwagte Wederkoms van Jesus Christus.

Ons moet onthou dat hierdie gebeure verbind is met mekaar en nie onafhanklik van mekaar herdenk kan word nie. Was dit nie vir die Geboorte van Jesus nie, was daar nie 'n Kruisiging nie. Was dit nie vir die Kruisiging nie, was daar nie 'n Opstanding nie. Het Hy nie opgestaan uit die dood nie, was daar nie 'n Hemelvaart nie. Hierdie vier gebeurtenisse het die weg gebaan na ons verwagting – die Eniggeborene wat vir ons gesterf het, het opgestaan, opgevaar na die hemel, vanwaar Hy weer sal kom. Maranata!

**Jer. 29:11 *Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.***

**Willie Stieger**


**Jaargang 78**
**Maart/April 2022**
**Uitgawe # 645**


# INHOUD


**3 Die krag van die onvoltooide kruiswerk**

**4 Die Jaar 2021: Van Krisis tot Lof!!**

**5 Leonie se getuienis**

**6 Die Boodskap van die Kruis**
**Biduur in die Spreekkamer**

**7 Die teerpad van die Duiwel**

**8 Uit die Argief:** Ons wandel met die Here

**9 EG Kerk SA - 78 Jaar van Genade**

**10 Nuwe Propenente word georden**
**2022 Internskap-jaar plasings: Proponent kandidate**

**11 Vordering op Lofdal**

**12 Noordelike Ring hou 'n Kerkraad-opleidingskamp**

**13 Rietfontein ontvang nuwe Leraarspaar**
**Nog 'n groot boom het geval**

**14 Aangename Kennis:** Ds. Rickard Hattingh

**15 Die Kweekskool groet Ou Piet**

**16 Vroueblad:** Wanneer die koringkorrel gesterf het

**17 Briewe aan my seun:** Lojaliteit

**18 Blokraai no. 2**

**19 Kinderblad**



**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (subredakteur) Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto:** 'Die Dooie kerk' **Harry Smith from Pexels**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn


## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Die krag van die onvoltooide kruiswerk

Aan die kruis op Golgota het Christus die verlossingswerk volbring. Toe die Seun van die mens triomfantlik uitroep: "Dit is volbring!", het Hy volkome versoening bewerk vir die sonde van die mensdom. Dáár het Hy die eis van God se geregtigheid bevredig en die straf wat vir ons die vrede aanbring, in sy liggaam gedra. Sy opstanding uit die graf kort daarna, het bevestig dat hierdie losprys deur die Vader aanvaar is en dat God en mens met mekaar versoen is. Daar is nie in hierdie lewe en in die hiernamaals genoeg tyd en voldoende woorde om te besing wat daardie Vrydag op Golgota plaasgevind het! Tereg word die kruisiging beskou as die enkele grootste gebeurtenis in die ganse geskiedenis van die heelal.

'n Groot en wesenlike probleem is egter dat die meeste kinders van God se standpunt oor die kruisiging is dat hulle dit beskou as 'n eens vir altyd plaasvervanging waarin die Seun van God in my plek gely het sodat ek nie hoef te boet vir my sonde nie, maar 'n oorvloedige lewe kan geniet wat Hy vir my gekoop het.

Die probleem met hierdie standpunt is nie soseer dat dit verkeerd is nie, maar dat dit onvolledig is. 'n Belangrike aspek wat ontbreek, is waarna die Here Jesus self verwys in **Lukas 9:23** ***As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.*** Toe Christus aan die kruis gesterf het, het Hy gedoen wat ek nooit kan nie (sondevergifnis bewerk), maar Hy het ook gewys wat ek moet doen om my lewe te red, naamlik om my kruis op te neem en Hom te volg op weg na die dood.

Christus het gesterf om ons te red van die hel, maar nie van die kruis nie. Hy het gesterf dat ons verheerlik kan word nie, maar nie om die kruis vry te spring nie. Die kruis van Christus is nie net die plek in die verre verlede waar Hy eens in my plek gesterf het nie - dit is die plek waar ek daagliks moet sterf aan myself.

Die Woord leer in **Rom. 6:6** ***dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.*** Die kruis mag nooit sy kruisigende krag in ons lewens verloor nie! Om dus jou lewe te red, moet jy dit verloor. Om Christus te volg, moet jy jou kruis elke dag opneem.

In 1 Korinthiërs 4:8-10 spreek Paulus hierdie kwessie aan en skets die verskil tussen daardie kinders van God wat 'n gekruisigde lewe leef, soos wat hyself inderdaad gedoen het, en diegene wat die kruis bloot beskou as 'n afgehandelde saak. Hy verwys in vers 8, met meer as net 'n tikkie ironie, dat die gemeente in Korinthe hulself beskou as versadig, ryk en besig om te heers. God maak wel hierdie beloftes aan sy kinders, maar dit gaan eers in die ewigheid realiseer wanneer ons in heerlikheid saam met Christus is.
Dan noem hy ook in vers 10 dat hulle verstandig, sterk en in aansien is - ten minste in hul eie oë. En dit is hier waar die rooi waarskuwingsligte vir ons moet begin flikker! Hoe dikwels roem ons as kinders van die Here, en veral bedienaars, oor hoe verstandig ons is, oor hoe akkuraat ons uitleg en verstaan van die Skrif is. Ons wedywer onder mekaar vir aansien en eer en vertel moet smaak hoe doeltreffend ons in die werk van die Here is. Die kruis is maar net 'n verwysingspunt in die verlede, waar Christus gesterf het sodat ons nou al hierdie dinge kan beleef waarin ons roem.

Paulus, aan die ander kant, getuig dat hy dwaas, swak en in oneer is. Interessant, en glad nie toevallig nie, is dit dieselfde woorde wat hy gebruik om na die kruis te verwys in 1 Kor 1:25 - dwaas en swak. Paulus het verstaan dat Christus nie gesterf het sodat ons hier en nou in heerskappy, rykdom en versadiging kan leef nie. Die kruis is 'n leefwyse, vandag en elke dag. Vir die kind van God is daar net een pad - sterf! sterf! sterf!

Die krag van die kruis behels dat Jesus eens en vir altyd die oorwinning behaal het - oor die dood, die graf, die duiwel en die sonde. Afgehandel vir ewig. Die krag van die onvoltooide kruiswerk lê daarin dat die kruis vandag in my en jou lewe, die sterwe aan die self moet bewerk. En elke dag daarna, totdat ons in die ewigheid aankom. Moenie die fout maak om die kruiswerk slegs as 'n historiese gebeurtenis te beskou nie. Dit is die krag van God om alles in jou lewe te verander. As jy sy dissipel wil wees, as jy jou lewe wil red, neem jou kruis elke dag op en volg Hom - die Gekruisigde!

**Ds. Wimpie Snyders**
**Olifantsrivier Vredendal**

# Die Jaar 2021: Van Krisis tot Lof!!

**Jes. 46:3** ***"Luister na My, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red."***



Die Here het vir ons hierdie belofte jare gelede al gegee en dit keer op keer bevestig. Dit dra ons nog steeds. Oor al die jare het verskeie krisisse al opgeduik, maar dit is mos juis waarvoor beloftes daar is. As daar nie krisisse was nie, sou die beloftes mos nie nodig gewees het nie!

So leef ons nou al dankbaar vir byna tien jaar op hierdie stukkie plaas oos van Pretoria, langs die Osspruit. Wat 'n voorreg! Die oopheid, die rustigheid, die natuur, maar ook met uitdagings! Daar is verskeie getuienisse van hoe die Here telkens deurgedra en gesorg het.

Een uitdaging wat die afgelope jare egter wesenlik gegroei het, was die Eskomrekening wat gaandeweg meer as verdubbel het tot meer as R6 000-00 per maand! Die pensioen kon net nie meer byhou nie. Toe daar later in 2020 'n gaping kom, waag ons toe die reuse sprong om van Eskom weg te breek en 'n sonkragstelsel te installeer! Die verbandpaaiement het vergroot, maar met minder as die R6 000-00 per maand aan Eskom wat weggeval het!

Maar, nou eers iets meer oor die konteks waarbinne ons funksioneer. So ongeveer tien jaar gelede het die Here op 'n wonderbaarlike wyse vir ons 'n ekstra R10 000-00 per maand se inkomste besorg. Dit het oor die jare die verbandpaaiement hanteer, wat op my ouderdom ons enigste bron van finansiering is. 'n Wonderbaarlike voorsiening!! Maar toe, skielik en onverwags, drie maande na die installasie van die sonkragstelsel afgehandel is, verdwyn dit! Die fondse waarmee die verband gediens word, is nou skielik en sonder waarskuwing nie meer daar nie! 'n Gróót verknorsing!!

'n Verdere probleem, ons klein bakkie wat aan ons vir meer as sewe jaar goeie diens gelewer het, besluit toe dat hy ook genoeg gehad het. Oor 'n paar maande het sy koppakstuk twee keer gegroet. Hy was net nie meer betroubaar nie en eindelik het ons hom teen 'n verlies laat gaan. Die VW Touareg het darem nog die plek vol gestaan, tot tyd en wyl .... Dakplate, balke, pale, "concrete mix", hoenderkos en wat nog, is met integriteit hanteer!

Onvoorsiens beweeg ons egter toe nou so gaandeweg in 'n krisis in. Soos verskeie kere oor die jare heen moes ons nou ernstig bid en dringend planne beraam. Iemand het vir ons 'n paar duisend rand inbetaal. Die Eskom paaiement was darem ook weg. Ek het met die bank gereël dat my verband met vyf jaar verleng word. Ongelooflik dat dit op my jare so maklik toegestaan is! Dit het ook geringe verligting gebring, maar die verbandbetaling is steeds groter as die inkom-



ste wat dit moet dek. Ons was diep besorg, maar deur genade het ons op geen stadium paniek beleef nie. Diep binne was die wete dat die Here nog altyd deurgedra het. Daar is verskeie getuienisse daarvan. Hy sal ons nie nou in die steek laat nie. Maar hoe?
Op 'n Saterdagoggend is dit of die Here my vrou herinner dat sy met haar aftrede 'n ekstra Lofdalrondawel gekoop het. Die jongste drie kinders is immers al drie in die bediening. Maar, huidig gaan dit om oorlewing! In hierdie omstandighede het ons dit toe noodgedwonge verkoop. Dit het omtrent 'n halfjaar se verligting in ons begroting beteken.
Maar, daar is verskeie goed meer wat ook nog aandag vra. Ons kon versigtig steeds rus op die belofte van die Here en op Hom wag. Hy kan so verrassend toetree!
Op 26 November kry ek 'n ongewone en onverwagte boodskap. 'n Goeie vriend en ou kennis vra my bankrekening besonderhede. Hyself, sy vrou, sy vennoot en die se vrou, hulle vier wil elk 'n bydrae in my rekening inbetaal! Ek kan my nie herinner dat ek al ooit voorheen so 'n boodskap ontvang het nie! 'n Week later gebeur 'n wonderwerk wat ons sprakeloos laat! 'n Ongelooflike kontant inbetaling!! Dit het vir ons nog ses maande tyd by koop!! Uit die hand van ons hemelse Vader, 'n donasie uit gewillige harte!! 'n Wonderwerk!!
Dit het ons in staat gestel om 'n projek of wat voor Kersfees te kon afhandel en die kleinkinders kon tussen Kersnaweek en Nuwejaar op die stukkie plaas by oupa en ouma kom baljaar!! (Ons sluit foto's in). So kon ons die jaar wat in benoudheid op koers was na 'n katastrofe, in vreugde en lof aan ons groot Koning afsluit.
Daar is steeds uitdagings vorentoe, sommige baie groot, maar nie een te groot vir Hom wat hemel en aarde gemaak het nie. Ons kan steeds op die belofte van en met die Waarmaker daarvan rus!! Ons het reeds nog kosbare wonderwerke beleef, maar dit lê nou reeds in 2022!! Later vertel ons dalk verder.

**Dr. Willie en Suzette Kotzé**
**(Emeritus)**

# Leonie se getuienis

Ek het nog skool gehou op 68 jaar toe ek skielik begin siek word. Dit was aan die einde van Feb. 2021 net na my verjaarsdag. Na die dokter se bevinding van Pneumonie het my seun met my deurgejaag na Johannesburg Algemene Hospitaal,
Nadat X-strale geneem en toetse gedoen is, het ek ook Covid-19 onder lede gehad en 'n gogga in my bloedstroom. Ek is onmiddellik oorgeplaas na die intensiewe sorg. Vir twee weke mag my familie my nie sien nie. My dogter het 'n gebedsgroepie gestig en selfs die skool waar ek 40 jaar onderrig gegee het, het 'n biddag vir hul juffrou gehou.
My hart het 'n paar keer gaan staan en my longe het platgeval. Almal het vir my gebid. My twee kinders was in 'n toestand en my man was ook siek. Dit was die aand van die 7de April toe my hart weer gaan staan het. Daar was engele om my bed – toe ek by die hemelpoort aankom het Jesus vir my gewag! Hy was omring met pragtige geel madeliefies en Sy hande was uitgestrek na my en Sy woorde was: "Gaan terug na jou kinders toe."
Van daardie dag af het ek begin gesond word. Die dokters kon dit nie glo nie. Ons was net twee van twintig in die saal wat dit oorleef het. Al die Eer aan God!
Op die 9de Mei, op Moedersdag, is ek ontslaan. My longe het wonderbaarlik herstel. God het my nou op pensioen geplaas. Ek gee net ekstra klasse nou om leerders te help.
My hele lewe is aan Hom te danke – Hy het my 'n tweede kans gegee!

**Leonie Aldrich**
**Vereeniging**



# Die Boodskap van die Kruis

Paulus skryf tereg in 1 Kor. 1:18 "die woord (boodskap) van die Kruis is vir ons wat gered word, die krag van God". Dit is alleen deur die Kruiswerk van Jesus dat die mens, jy en ek, enigsins 'n kans het om met God versoen te word. Alleen deur die Kruis kan ons gered word en eendag hemel toe gaan. Alleen deur die Kruis is daar enige hoop vir 'n verlore mensdom. Alleen deur die Kruis kan ek vrede met God hê, en ook vrede in my eie hart beleef. Alleen deur die Kruis kan ek die liefde en omgee van God beleef en ervaar. Alleen deur die Kruis van Jesus kan God Sy plan met die mens volbring, om 'n koninkryk vir Homself in die hemele te vestig.

Die boodskap van die Kruis sê vir ons:

- Hy moes Sy plek in die Hemel (Sy troon) verlaat sodat ek eendag daar kan kom (Fil. 2:6) en Hy het dit vrywilliglik gedoen.
- Hy het mens geword (Matt. 1:21) sodat Hy met die mens kan identifiseer. Al ons beproewing en versoekings moes Hy deurgaan. "Hy was in ALLE opsigte versoek" (Hebr. 4:15). "Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy die help wat versoek word" (Hebr. 2:18).
- Hy moes arm word, sodat ek kan ryk word in Hom. (2 Kor. 8:9) "Julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur Sy armoede ryk kan word".
- Hy ontledig Homself (Fil. 2:7) sodat ek "vervul kan word tot al die volheid van God" (Ef. 3:19).
- Hy verneder Homself (Fil. 2:8) sodat ek verhoog kan word (1 Pet. 5:6).
- Hy word deur God vervloek (Gal. 3:13) "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet, deur vir ons 'n vloek te word." Vervloek in my plek, sodat ek die seën van God kan beërf.
- Hy word my sonde (2 Kor. 5:21) sodat ek die geregtigheid van God kan word en beleef.
- Hy "daal neer in die onderste dele van die aarde" (Ef. 4:9) sodat ek die hoogste hemele kan bereik.
- Hy word NIKS, sodat ek kind van God kan wees.
- Hy verdra die toorn van God, sodat ek die liefde van God kan ervaar en beleef (Joh. 3:16).
- Hy betaal die volle prys, sodat ek die volle prys (eerste prys) kan behaal.
- Hy het die doringkroon gedra, sodat ek die kroon van die Lewe kan ontvang.

Wat 'n Verlosser!!
Wat 'n Here!!

Laat die boodskap van die Kruis in ons harte insink en vasslaan.
Laat ons dit omhels.
Laat ons ons neerbuig voor die Christus van die Kruis. Laat Hy ons bron van krag wees.

**Seën en groete,**
**Kosie Grobler**

---

# Biduur in die Spreekkamer

Etlike jare gelede toe ek en Val in Ermelo was, lui die telefoon. Ek antwoord en 'n dame aan die anderkant se: "Hou aan vir die dokter, asb." Na 'n paar oomblikke het die dokter geantwoord: "Weet jy van die dame in die hospitaal wat al drie maande in 'n koma is? Is daar 'n moontlikheid dat julle een aand 'n spesiale biduur in die spreekkamer vir haar kan kom hou, asb.?"
So is die biduur gereël in die dokter se spreekkamer; sy personeel en vele andere uit die gemeente het saam gekom om die aand die Here te vertrou vir die dame se lewe. Daar was 'n besondere atmosfeer in die spreekkamer – die teenwoordigheid van die Here was wonderbaarlik merkwaardig. Uit een hart het die groepie die Here aangeroep.

Die biduur was skaars klaar, toe die oproep deurkom van die hospitaal. "Dokter, die dame wat in die koma was, het sopas bygekom en vra vir water." Deur die Here se genade het sy volkome herstel.
God antwoord gebede vandag nog op wonderbaarlike wyse, as ons Hom net aanroep.
**Jakobus 5:16** ***"Die gebed van 'n regverdige het groot krag."***
Soli Deo Gloria! - Aan God al die eer.

**Ds. Willie Roux (em)**

# Die teerpad van die Duiwel

U het seker al baie van teerpaaie gehoor, maar het u al gehoor van **Die teerpad van die duiwel?** Het u geweet dat satan en sy handlangers onvermoeid en ywerig besig is, dag en nag, om 'n splinternuwe **moderne teerpad** te maak na die **hel**?

Ons outydse sandpaaie deug nie meer vir ons moderne lewe nie, ons wil 'n lekker gladde teerpad hê, ons wil vinnig ry met gemak en spoed; vandag het ons dan ook wat ons noem "Die Nasionale Pad".

Die duiwel weet ook beter as om sy pad na die verderf uit die mode of uit orde te laat raak. Hy hou dit altyd pragtig en nuut na elkeen se smaak. Sommige sal met roekelose onverskilligheid oor enige pad ry, maar daar is andere, en baie van hulle wat 'n mooi gladde teerpad wil hê. Hulle wil baie graag godsdienstig wees, hulle wil vir Christene deurgaan, dus help dit nie meer vir satan om te sê: "Jy moet nooit kerk toe gaan nie, nooit jou Bybel lees of bid nie, jy kan maar net so ru en rof en roekeloos lewe soos jy wil, nie." Nee, dan sal die mense gou vir hom sê: "Ek gaan nie so maak nie, want dan gaan ek mos verlore."

Sien u, hierdie ou pad deug nie meer alte goed nie. Nou gebruik satan 'n ander taktiek en sê: "Kyk, jy moet nou darem nie so alte goddeloos lewe nie, dan maak jy jou saak sleg, jy moet darem (al is dit nie so gereeld nie), die Kerk, bidure en Christelike verenigings besoek, dan dink die dominee darem miskien jy is 'n christen. Jy moet darem soms die Bybel lees en bid, veral as jy by die kinders van die Here kom, dan kry hulle darem 'n hoë dink van jou. Jy moet darem nie sodanig suinig wees as daar by jou gekollekteer word vir 'n goeie doel nie, as jy vrygewig is vir die saak van die Here, dink en sê die mense heel moontlik nog: *"Hy is glad nie 'n onaardige man nie en seker 'n christen; jy kan maar so 'n bietjie drink, sorg net dat jy jou nie te dronk drink voor die mense nie; jy kan maar 'n bietjie fatsoenlik dans, gedra jou maar net taamlik ordentlik; jy kan maar met 'n geruste hart die wêreld se modes navolg, maar moet net nie te uitspattig wees nie; jy kan maar jou bikini op die strand dra, want almal doen dit tog, jy het immers tog die pragtige liggaam gekry, waarom dit dan verberg; jy kan maar Sondae 'n bietjie jou bure besoek, moet net nie heel Sondag op plesierritte uit wees nie; hierdie dinge is oorgenoeg om jou in die Hemel te bring,"* fluister Satan.

Uiterlike verbetering en 'n dopgodsdiens is voldoende, absolute hartsverandering deur die wederbarende **KRAG VAN DIE HEILIGE GEES** is nie meer nodig nie, so gee die Satan voor, want hy is 'n leuenaar reg van die begin af.

Leser, hierdie teerpad ry heel lekker. Jy gaan sommer met gemak en spoed na die **VERDERF**. As daar een kuns is waarin die duiwel besonder goed uitmunt, dan is dit voorwaar die huigelkuns om ware gelowiges na te maak. Satan is 'n uitstekende na-aper! Daarom is dit in ons tyd so moeilik om te onderskei tussen "Wêreldgesinde Christene" en " Christelikgesinde Wêreldlinge."
Wat 'n ernstige aanklag teen ons as Christene! Om Christelik te wees, beteken nog lank nie om 'n wedergebore Christen te wees nie. Godsdiens sonder God, sal u nooit in die Hemel bring nie. O Siel, die ontnugtering sal vir u eendag wreed en ontsettend wees as u slegs op u uiterlike Godsdiens staatgemaak het en gemeen het dat u op die pad Hemel toe was en u altyd op **Die teerpad van die duiwel op pad hel toe** was, omdat u nog nooit op **GOLGOTA** was nie, nog nooit vir **JESUS** plek gegee het in u hart en u lewe nie.

**Matt. 7:13,14** ***Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en baie is daar wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.***

My liewe leser, die ernstige vraag waarvan U ewige lewe afhang, is nie "Is U godsdienstig?" nie, maar **"IS U SONDE AFGEWAS DEUR DIE BLOED VAN DIE LAM?"** Dink ander mense maar net dat u 'n Christen is en bedrieg so hulself deur u uiterlike mooi lewe? Of weet God dat u waarlik Sy duurgekoopte kind is?

Ons kan die teerpad van Satan noem: "Die Nasionale Pad van Skyngodsdiens." O, die toestand van die naamchristen is seker nog die vreeslikste. "Ek het gedink ek is gered, maar helaas! Nou vind ek te laat uit dat ek verlore is!" Ek soebat U, sit tog net vir 'n oomblik stil en vra God om u te laat besef wat **VERLORE** werklik beteken. Nou kan u nog gered word, maar as u eers in die hel is, kan u nie meer gered word nie, dan is u verewig onherroeplik **VERLORE!**

**Wil u hemel toe gaan?** Lees Joh. 3:3. Jesus sê dat net wedergebore Christene die Koningryk van God sal binnegaan en geen vorm-Christene nie. ***Jesus antwoord hom en sê; Voorwaar, Voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weergebore word nie, kan hy nie die Koningryk van God nie sien nie.*** **– Joh. 3:3**. Is u wedergebore?

**Reynier Strydom**
**Worcester**

# Ons wandel met die Here

*Elke dag wat ons op aarde leef, bring ons nader aan die bepaalde tyd van Jesus se wederkoms. Die vraag wat egter opkom is: "Wannéér Hy kom; sal u gereed wees om hierdie sondige aarde te verlaat om saam met Jesus te gaan en vir ewig met Hom te wees in Sy heerlikheid – soos 'n Henog van ouds? Sal u rein wees?"*

Henog het eendag net verdwyn en die Bybel sê dat dit was omrede God hom weggeneem het. Hoekom het God hom dan weggeneem? Omdat Henog goeie geselskap beoefen het – **Gen 5:24** ***"En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem omdat Hy hom behaag het."*** Dit is deur en deur die moeite werd om u eie situasie onder die soeklig van God te plaas en seker te maak dat u in goeie geselskap leef; seker te maak dat u met God wandel! Die apostel Paulus gee vir ons goeie raad as hy die ware gelowiges in liefde vermaan om hulle af te sonder en met God te wandel. Ja, hulself af te sonder van wettelose mense wat in geestelike duisternis wandel; mense wat afgode van aardse dinge maak, wat humanisme voorstaan.

**Wandel**

God sê in **2 Kor. 6:16** aan almal wat hulself van sulke mense afskei en nie in hul dwase praktyke deel nie: ***"Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*** Die apostel Paulus vra vyf retoriese vrae om aan te toon hoekom u en ek onnself moet afskei of afsonder van sekere soort mense (ons moet hulle vir Jesus wen, ja, maar nie deelgenote in hulle booshede wees nie). Die vrae wat hy stel is:

1. ***"Watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid?"*** Kan olie met water meng; kan goedheid en boosheid in kameraadskap met mekaar verkeer?
2. ***"Watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"*** Om gelowiges met ongelowiges te wil verbind is om te probeer om die dag en nag met mekaar te kombineer. Hierdie teenoorgestelde kan NOOIT verenig nie.
3. ***"Watter ooreenstemming het Christus met Bélial?"*** Geestelke, waardevolle mense word ***"kinders van Bélial"*** genoem. **Rigt. 20:13** Lewer dan nou die slegte manne uit wat in Gibea is, dat ons hulle om die lewe kan bring en die kwaad uit Israel kan uitroei. God se kinders en die duiwel se kinders behoort eenvoudig net nie saam nie.
4. ***"Watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?"*** Kan 'n gelowige 'n boesemvriend van 'n ongelowige wees, sonder dat sy geloof of wandel met God skade ly?
5. ***"Watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?"*** Is u 'n tempel van die lewende God? Hoe kan u enige plek in u lewe gee vir die dinge wat deur ongeredde mense verafgod word?

**Evangelie**

Geliefdes, Paulus het hierdie vrae aan die Korinthiërs voorgehou, maar het dit nie geantwoord nie, want die antwoord is vanselfsprekend. U mag sê: "Maar ons moet tog saam werk en ons moet tog in dieselfde buurt woon. Ons moet vriendelik en samewerkend wees." Ja, dis waar, maar ons hoef nie boesemvriende te wees nie – ons moet vir hulle bid en die evangelie met hulle deel, maar dis die enigste ware gemeenskap wat ons kan hê met die wêreld!

Wat Paulus duidelik in 2 Kor. 6 teëstaan is die sametrekking van gelowiges en ongelowiges in dieselfde juk. Hierdie juk sluit natuurlik ook die huweliksjuk, besigheidsjuk, sosiale juk en enige vrywillige samebinding van jouself in en 'n intieme genootskap met ongelowiges. Geen band tussen lig en duisternis is vir God aanvaarbaar nie! Paulus noem dit 'n "ongelyke juk". Dit kan geestelik 'n baie moordende juk wees.

O, hoe anders is die juk van die Here Jesus nie? Hy sê in **Matt. 11:28-30** ***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rys gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want My juk is sag en My las is lig.***

**Opdragte**

Henog was 'n baie wyse man. Hy het slegs met diegene gewandel en omgang gehad wat met sy God gewandel het. Hy was in een juk met die Here, nie met ongelowiges nie. En só is hy hemel toe sonder om te sterf. **Hebr. 11:5** ***Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.*** Dat hy met God gewandel het – dit het die Here behaag!

Geliefde, wanneer die Here Jesus kom om Sy kinders weg te voer hemel toe, sal dit ons loon om in die juk van die Here besig gevind te word. Dit sal ons loon om gedurig in Sy teenwoordigheid gevind te word, besig met die liefdesopdragte van onse Hemelse Koning!

Indien Jesus nóú sou kom, sal dit u loon om besig te wees om met God te wandel, soos Henog.

Wandel u só met God? Indien nie, is die pad na die kruis toe steeds vir u oop om reg te maak, die wêreld te versaak en die bloedfontein op te soek wat geopen is teen sonde en ongeregtigheid vir die reiniging van 'n wandel buite God se wil.

**Ds. B. Greeff**



**Geneem uit Evangelies-Gereformeerde Kerkblad – Jul/Aug 1992**

# EG Kerk SA - 78 Jaar van Genade

Op 21 April herdenk die EG Kerk SA sy 78ste jaar van bestaan – 78 jaar van genade met 'n besondere doel. Dit was op hierdie datum in 1944 waarop die geboorte van 'n nuwe kerk vriend en vyand verras het. Die kerk is gestig onder die naam Nuwe Protestantse Kerk in Afrika deur twee derdes van die kerkraad van die N.G. Kerk in Smithstraat, Durban. Die naam van die kerk is egter in 1986 verander na Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Vir die kinders van God was dit nie so uit die bloute as vir ongereddes nie. Reeds 'n geruime tyd was daar 'n sug in die harte van hulle wat God wou dien sonder om vervolg te word. Daarom het hierdie stigting weerklank gevind in die harte van diesulkes dwarsdeur die land; selfs oorsee was daar Christene wat belang gestel het in die gebeure.

Voor die stigting van die kerk was daar 'n tydperk wat gekenmerk was deur 'n gees van vernuwing en herlewing. Daar was plekke waar daar inderdaad herlewing ondervind was in S.A. Baie mense is gedurende hierdie tyd gered. Verskeie predikers in S.A., sowel as oorsee en interkerklike bewegings, is kragtig deur God gebruik in die land. Mense wat in hierdie tyd die lig van verlossing deelagtig geword het, het met blydskap en vuur die Here begin dien in die kerke waaraan hulle behoort het. In plaas van dat hierdie mense ontvang, aangemoedig en geestelik versorg is, is hulle teëgestaan, vervolg, verwerp en verstrooi.

Met die stigting van die kerk is baie van hierdie gelowiges skielik onder een dak saamgebring. Omdat hierdie Christene in hulle harte gereformeerd georiënteerd was en nie gevoel het om hulle heenkome, soos ander, in kerke te vind wat nie die gereformeerde belydenis huldig nie, was die ontstaan van 'n kerk met 'n Gereformeerde belydenis vir hulle 'n voorsiening vanuit die hemel. Hierdie gelowiges was nie net Gereformeerd georiënteerd nie, maar het 'n sterk evangeliese gevoel gehad. Daarom was die ontstaan van die Nuwe Protestantse Kerk 'n tuiste vir Evangelies-Gereformeerde gelowiges in S.A. Deur die jare het talle gelowiges hulle weg na hierdie kerk gevind. Talle verlore siele kon deur die Evangelies-Gereformeerde prediking van verlossing hoor en sodoende ook gered word.

Een van die doelstellings van die kerk by haar stigting was om die protestantse beginsels te beskerm en met nuwe krag uit te lewe en te verkondig. Daar moes 'n voortdurende vernuwing en nuutheid en varsheid van belydenis, ondervinding en boodskap wees. Protestantisme moes 'n nuwe dimensie kry en nie net beskou word as 'n teenstelling met Rooms-katolisisme nie, maar 'n voortdurende, tydgenootlike protes teen die gees van die tyd, sonde, dooie formalisme, vervalsing, afvalligheid en dwaalleringe soos wat die Kerkhervormers geprotesteer het teen die misbruike van hulle tyd.

Dit pas die kerk om haarself by haar 78ste verjaardag te ondersoek m.b.t. die voldoening aan die doelstelling by haar stigting... . Terwyl daar nie spesifiek of willens en wetens van hierdie doelstellings afgewyk mag word nie, is dit net so gevaarlik sou daar verslapping en verstomping in hierdie verband wees. Daarom moet daar voortgegaan word om te protesteer teen die gees van die tyd, sonde, dooie formalisme en vervalsing en moet dit selfs verskerp word in die besondere tyd waarin ons vandag lewe. Die vernuwing en varsheid van belydenis moet gestimuleer word deur 'n hartgrondige soeke na God vir 'n besondere openbaring vir ons tyd.

Sou daar nie voortdurend gestreef word na vernuwing nie, bestaan die gevaar dat die kerk kan verval tot "nog maar net 'n ander kerk". Vandag is daar verskeie sogenaamde "vernuwingsbewegings" buite gevestigde kerke. Waar die inspirasie vandaan kom of wat die meriete daarvan is, is dat die gelowiges in ons dag protesteer teen 'n gees van dooie formalisme. Dit is alleen die Heilige Gees wat egte vernuwing kan bewerk! "Vernuwing" wat deur mense gewerk is, is kunsmatig en vals en sal nie blywend seën vir siele bring nie.

Mag die Heilige Gees ons almal – leraars en gemeentelede – as lidmate van EG Kerk SA, die genade gee en die nodige instaatstelling gee om nie koers te verloor nie, die oë gevestig op Jesus en daarna sal streef om die doel en leuse van ons unieke kerk na te jaag – SO SÊ DIE HERE!

**1 Sam. 7:12** T***oe het Samuel 'n klip geneem en dit opgerig tussen Mispa en Sen, en dit <u>Ebenhaéser</u> genoem en gesê: <u>Tot hiertoe het die Here ons gehelp</u>.***

**Willie Stieger**
**Redakteur**

**(Verwerk en aangepas uit Die Nuwe Protestant – Mei 1980)**

*U word uitgenooi om vir ons artikels en getuienisse, asook gemeentenuus, in te stuur. Die sentrale temas vir die jaar is:*

- *Maart April 2022 - Die Kruisiging en Opstanding*
- *Mei Junie 2022 - Pinkster en Vervulling met die Heilige Gees*
- *Julie Augustus 2022 - Jeug- en Sendinguitgawe*
- *September Oktober 2022 - Wederkoms en Genesing*
- *November desember 2022 - Kersuitgawe*
- *Januarie Februarie 2023 - Herlewing*

*Indien u artikel foto's bevat, stuur asb. die foto's afsonderlik in oorspronklike formaat (jpg - Geen WhatsApp foto's sal aanvaar word nie).*

# Nuwe proponente word georden


*Vier proponente is onlangs georden en bevestig as leraars van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Ons gebede is dat hulle bediening vrugbaar en geseënd sal wees.*



Ds. Etienne Duvenhage en verloofde mej. Micaela-Mari Schreüder - Parys



Ds. Rudolf en mev. Anjo Fourie - Margate



Ds. Marco & mev. Monica Labuschage - Carletonville



Ds. Gerhard en mev. Christene Kruger - Warmbad

# 2022 Internskapjaar plasings: Proponentskandidate

*Met dankbaarheid word berig dat die nuwe Proponentskandidate vir 2022, na verskyning voor die Eksamenkommissie, deur die Fakulteit in verskeie gemeentes geplaas is vir hul Internskapjaar en ons gebede vergesel hulle in die nuwe bedieningsvelde:*



Pierre Louw in Centurion



Francois en Magda Muller in Potgietersrus



Fleetwood en Zelda Grobler in Westdene



Marno en Angelique van Niekerk in Bredasdorp

# Vordering op Lofdal

Ja, u hoor en sien reg! Die warm en koue water op Lofdal loop uit die stortkrane, wasbakmengers en toiletspoelers. Daar is genoeg lig in elke hoekie van die badkamers, met muurproppe vir haardroërs en elektriese skeermesse.

Die foto's wat u sien is nie bedoel vir die mooi en skoongewaste gesigte van 'n paar Lofdal-liefhebbers nie. Kyk verby die unieke japonne en mooi glimlagte van die rolspelers. Kyk dieper en sien die barheid van die gepleisterde ongeteëlde mure raak. Kyk weer mooi - dit is wat u moet raak sien. . . .




Die aanvanklike kwotasie uit Tzaneen vir teëls sonder arbeid beloop ongeveer R60 000-00. Moeite is gedoen 'n kwotasie is verkry by die fabriek in Hammanskraal met dieselfde teëls vir die mure, vloer en opwas gedeelte vir R40 000-00. Buig asseblief u knieë voor die Here, Hy wat elke dag vir u voorsien na die rykdom van Sy genade.

* Ons wil nooit Sy vermoëns onderskat om 'n vermoënde skenker op te wek om hierdie bedrag in Lofdal se rekening oor te betaal nie… Wees net gehoorsaam as dit u is.



* Ons vertrou die Here vir 4 x R10 000-00 skenkers OF 40 x R 1 000-00 skenkers.
U weet mos al die Luiperds, Buffels, Leeus, Olifante en Renosters wat in u sak pla is so welkom.

**2 Kor. 9:6-8** ***Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. 7 Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. 9 En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedige kan wees tot elke goeie werk.***



As u dalk bekommerd is of die stof van Lofdal (tydens die Junie konferensie bekend as "Stofdal") ingetrap kan word op die teëls wat u skenk wil ons u sommer dadelik gerusstel. Die belofte van 'n blymoedige skenker is reeds ontvang van 24 palette plaveiselstene wat eersdaags op Lofdal afgelewer sal word wat by die ingang en die opwas area gepak sal word.

Moenie huiwer nie. Help ons om aan u 'n afgeronde, netjies voltooide badkamergeriewe by ons winter konferensie te gee, wat gehou gaan word vanaf 25-30 Junie 2022. Besprekings by Elize Lyon 083 677 2867. Kampeerders onthou om ook asseblief by haar te bespreek.

EG Kerk Lofdal ABSA Tzaneen Rek. no. 1260191639
Dankie vir u voorbidding en skenkings.

**Alle Eer Aan God**
**Lofdalentoesiaste**

# Noordelike Ring hou 'n Kerkraadopleidingskamp

'n Kerkraadopleidingskamp was by Eden Konferensieterrein aangebied deur die Noordelike Ring oor die naweek van 28 en 29 Januarie 2022. Ander gemeentes buite die Ring wat dit ook bygewoon het, was Klerksdorp en Roodepoort-Betesda. Dit was heerlik om na 'n afwesigheid van twee jaar se byeenkomste op Eden weer heerlik te kon deel aan samesang, gelei deur ds. Jurgens Prinsloo, en besielende woordbediening!

Ds. Hendrik van Rensburg (Tzaneen) het die openingsdiens waargeneem met 'n baie gepaste tema: **'n Dringende oproep tot waaksaamheid vir die geroepenes in 2022** met **1 Thess. 5:6** as teksvers van oordenking ***"Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees."***

- Ons word dringend opgeroep tot waaksaamheid a.g.v. die AGGRESIWITEIT VAN DIE SATAN.
- Ons word opgeroep tot waaksaamheid a.g.v. die TOENEMENDE WêRELDSGESINDHEID IN DIE KERK VAN JESUS.
- Ons word opgeroep tot waaksaamheid a.g.v. DIE VERONTRUSTENDE GRAAD VAN VRUGTELOOSHEID ONDER KINDERS VAN GOD.
- Ons word opgeroep tot verskerpte waaksaamheid a.g.v. DIE OORHAND VAN ONVERSKILLIGHEID IN DIE KERK VAN DIE HERE JESUS.

Dit was opmerksaam dat hierdie gedagte deurgaans deurgeskemer het in die ander leraars se sessies, sonder vooraf beraadslaging – dit wys hoe God met ons 'n afspraak gehad het met 'n gemeenskaplike doel!

Ds. Thys Loubser het opgetree as programleier en die opleidingsessies gelei en kerkrade het ook in eie verband hul onderskeie huishoudelike reëls onder die loep geneem. Die broeders het ook gedeel aan 'n gesamentlike tyd van gebed.

Ds. Gerrie van Dalen het die slotdiens van die opleidingskamp behartig. Natuurlik kon die broeders nie uitgepraat raak oor die heerlike voedsel wat tydens elke ete aan ons voorgesit was deur mev. Cornelia Loubser en haar span nie.

Elkeen van ons kon met nuwe insig, ywer en toewyding teruggaan na ons onderskeie gemeentes met die "Dringende oproep tot waaksaamheid vir die geroepenes."

Ons hartlike dank aan die Noordelike Ringskommissie.





Bo en regs bo: In die eetsaal word gedagtes gedeel



Regs: Ds. Thys Loubser lei die program



Gebedstyd

# Rietfontein ontvang nuwe Leraarspaar

Ds. Rudi en mev. Elna Beukes is op 8 Januarie 2022 in Pretoria, Rietfontein gemeente ontvang.



Na die verwelkoming deur ouderling John Fourie, het ds. Gerrie van Dalen, ook 'n voormalige leraar van die gemeente, die woordverkondiging behartig en ds. Rudi en mev. Elna as nuwe leraarspaar in die gemeente bevestig. Juli Fourie het hierna 'n pragtige sangitem gelewer.

Predikante wat die geleentheid bygewoon het, was di, Jurgens Prinsloo, Thys Loubser en Barry Fourie. Die nuwe leraar is deur die visevoorsitter, ouderling John Fourie namens die kerkraad verwelkom. Daarna is die leraarspaar welkom geheet deur Daleen de Goede namens die kinderbediening, Chris Nagel namens die Sending en Marlene Stander namens die CVV. Die amptelike verrigtinge is hierna voltooi met ds. Rudi wat die bedankings gedoen en die seën uitgespreek het.
Soos die algemene gebruik is, is die samesyn afgesluit met heerlike verversings wat deur die CVV voorberei was.

Ds. Rudi het sy intreerede gelewer op Sondag, 9 Januarie 2022.

Ons gebede vergesel die leraarspaar met hul bediening hier by ons.

**John Fourie**
**Rietfontein**

# Nog 'n groot boom het geval

Vir God en vaderland... dit is 'n kort samevatting van wie Jan Lehman was. Hierdie boom is geken aan sy diep wortels en die vrug wat hy gedra het.

Jan het gelewe vir sy God, nie as tradisionele Christen nie, maar as ware kind van God, wat hy op 'n jong leeftyd leer ken het. Sy liefde teenoor sy God is weerspieël in sy onberispelike lewe en sy getrouheid in die saak van sy Meester.

Ons het Jan deur die jare leer ken as stabiele Geesvervulde persoon wat in die kringe waar hy beweeg het, die vrug van die Gees uitgeleef het. Op kerklike vlak sal hy onthou word vir sy getrouheid as kerkraadslid vir nagenoeg ses dekades. Hy en Annatjie was ook getroue konferensiegangers en het moeite gedoen om veral hulle kleinkinders op hierdie wyse aan die blye evangelie bloot te stel.

Ook as bekende sakeman was sy integriteit onberispelik en het hy die geleentheid benut om 'n besondere voorbeeld te stel vir sy klante en personeel. Behalwe vir die instaatstelling deur die Gees, is dit ook 'n heilige bekende feit dat agter elke suksesvolle man 'n vrou staan wat hom ondersteun.



Ek het Jan ook leer ken as 'n persoon wat sterk standpunt ingeneem het vir dit wat eie was aan die Afrikanerkultuur en -tradisies. Te midde van talle woelinge wat die laaste jare oor die land gespoel het, het Jan hom nie van stryk af laat bring nie. Selfs in sy ampstermyn as burgemeester van Nigel, het hy sy Christelike en nasionale beginsels uitgeleef.

Jan sal vir baie jare onthou word as 'n man vir wie sy medemens belangriker geag is as hyself. Mag die merk wat hy nagelaat het, vir lank afgeëts bly in die lewens van soveel mense met wie hy in aanraking was.

Aan God al die eer!

*Aangename Kennis:*

# Ds. Rickard Hattingh

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Pietersburg (Polokwane)

**Vertel ons van u kinderjare.**
My pa was 'n skrynwerker vir die SA Lugmag, so ons het altyd hout, spykers, skroewe en masjiene tot ons beskikking gehad. Dus het ek van kleins af, houtdeurstoppers of iets gemaak en dit verkoop saam my broers.
Waar het u skool gegaan?
Eerste in Noordskool Pietersburg waar Victor Matfield se pa hoof was en my rugby geleer het. Twee jaar daarna verhuis ons na die Lugmagbasis Louis Trichard waar ek twee jaar daar skool gegaan het in Laerskool Louis Trichard. Daarna verhuis ons na die Lugmagbasis Waterkloof in Pretoria en was ek in Laerskool Fleur vir 'n jaar. Daarna verhuis ons na Pretoria Tuine en was ek in Laerskool Tuinrand. Kort voor lank verhuis ons weer terug na Pietersburg en was ek in Laerskool Ivypark.
Op hoërskool was ek in Hoër Tegniese Skool Tom Naude.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Tydens my hele hoërskoolloopbaan was ek elke Sondagoggend en -aand, Woensdagaande en Vrydagaande by die Jeug en selfs na skool het dit so aangegaan. Ek was altyd getrou in bywoning omdat my pa visevoorsitter was. Na die Jeugbyeenkomste, was ons egter dansbane toe en gaan dronk word. Ek was selfs Jeug eier met hulp van die Veltmans en die Jordaans.
Op ouderdom van 21 was ek besig om te leer vir Motorwerktuigkundige by Nissan en my hele lewe was net in 'n gemors. Ek en my verloofde is uit mekaar en ek het my motor se enjin verloor, twee keer agter mekaar. My ouers het weggetrek. Daar sit ek sonder 'n dak oor my kop met 'n stukkende motor sonder iemand om lief te hê. Ek ry fiets en bly tydelik by my broer.
Ek moes Pretoria toe vir 'n kursus en gaan die naweek op 'n Jeugkamp om meisies te soek. Die prediker was 'n sendeling, John Powes. Die Saterdagmiddag preek hy sonde, verslawing, haat, losbandigheid, hoerery, tatoes ens. Ek het besef dat ek skuldig as aan alles. Daar kom 'n diep berou oor my sonde en 'n vrees vir die dood en besef van my sondige toestand. Na die diens gryp ek vir ds. Hendrik van Rensburg wat my geestelik lei en die Here kon aanneem op 4 Maart 2006.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
2001 in Pietersburg.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2008 tot 2011 te Betshan II.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
My medestudente was Daniël Brink, Derrick du Plessis, Jan du Raan, Barry Fourie, Ryno Louw, Wimpie van Vuuren, Ludick van Wyk en Pieter van Wyk.

**Wie was u dosente?**
Dosente was drr. Andre Bester en Willie Kotze, di. Rudi Beukes, Gerhard de Wet en Juan Mienie.

**Vertel vir ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae.**
Daar is nie 'n spesifieke staaltjie nie, maar tog herinneringe: Kweekskool was die wonderlikste tyd van my lewe. Ek het die Skrif geleer en ware vriende gemaak. Ds. Pieter van Wyk se klappe van liefde sal my altyd bybly, ds. Barry Fourie se voertuig het my laag op my knieë gehou en ds. Daniël Brink se glimlag terwyl hy oor ernstige goed gepreek het.
Daar was wel die insident toe my vrou uitgevang was terwyl sy die motor gewas het en ek wat gevang was terwyl ek besig was om te stryk.
Kweekskool was hemels, behalwe die krit…

**Hoe lank is u getroud?**
15 jaar getroud met Natasha vanaf 7 Oktober 2006.

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet.**
Ek het my vrou in die EG Kerk Pietersburg ontmoet; as jeugleier almal saam getrek jeugkamp toe en sy was een van hulle. Op die jeugkamp laat val iemand 'n baksteen op Natasha se voet en ek moes haar dra, daar



het sy my die eerste keer gevang. In die bus terug na Pietersburg het sy al nader en nader aan my geskuif tot binne in my arms. Ons was albei egter ongered, later verloof en uit mekaar en later die Here ontmoet en weer by mekaar gekom en besluit om te trou nadat ons siele gered was.

**Hoeveel kinders het u?**
Eben van 9 jaar, Melany van 8 jaar en Richard van 7 jaar.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ek het my praktiese internskapjaar gedoen in Vereeniging (2012), Pretoria Maranata (2012-2015), Uniondale (2015 – Sep. 2019) en Boksburg (Jan. 2020 tot hede).

**Wat is u gunsteling dis?**
Lief vir enige kos, solank dit skaapvleis is en baie daarvan, skaaplies, skaaptjops, sjokolade, en KFC. Dan hou ek natuurlik baie van Coke.

**Het u 'n stokperdjie?**
Die verf van enjins en voertuie en die restourasie van ou motors.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Mosselbaai.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
CH Spurgeon se *Soulwinner*, Charles Finny se getuienisse, die biografieë David Brainerd en Leonard Ravinhill.

# Die Kweekskool groet Ou Piet

**Pred. 3:1 *Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd***

Die tyd het aangebreek waarby die Kweekskool een of ander tyd vir Ou Piet moes groet. Ou Piet was vir 16 jaar in diens van die Kweekskool, alhoewel hy van 1978 op die gronde gewerk het toe dit nog aan die vorige eienaars behoort het.

So het dit dan gebeur dat daar in die laaste week van November 2021 tydens 'n gepaste afskeidsgeleentheid finaal afskeid geneem is van Ou Piet. Lekker rus, Madala!



Ou Piet saam met die Prinsipaal en dosente

# Versoek vir voorblad foto's




Hier by die Kerkblad is ons altyd opsoek na goeie gehalte foto's vir die voorblad. By dit wil ons graag ons lidmate se werk ten toon stel. Indien u dink u kan 'n foto sien en weet hoe om dit vas te lê, wil ons u nooi om dit aan ons te stuur. Gebruik die amptelike epos adres soos aangetoon op bladsy twee, ook benodig ons u naam en 'n naam vir die foto.

Vir die afsienbare toekoms word die tema voorgehou: **'My Kerk'.** Probeer vasvang wat eie is aan u kerk/gemeente of iets wat kerk vir u Kerk maak, m.a.w. dit wat maak dat u kerk toe wil gaan.
Daar is wel 'n paar vereistes vir die voorblad se foto, om kwaliteit te verseker: Neem asseblief die foto's met die **ISO** gestel op **100/200** af; vir stillewe, probeer vroeg oggend, tot 1 uur na sonop of laat middag, 2 ure voor sononder (**goeie kleur gehalte**); probeer om skaduwees te vermy; bly by portret (**regop**) oriëntasie. Die foto's word benodig in die hoogste kwaliteit verstelling van u kamera (**L**) of as u kamera **RAW** het, kan u daarin ook afneem. Verder word die foto soos dit van die kamera kom, benodig, moet asseblief geen redigering (editing) doen nie.
So u enigsins vashaak, neem vrymoedigheid om met die uitlegkundige kontak te maak op 082 969 3089 of riaanbritz@lantic.net.

# Wanneer die koringkorrel gesterf het



Liewe Vriendin, ek deel graag 'n verhaal wat onlangs my hart baie diep getref het.
In 1921 vertrek 'n sendingpaartjie genaamd David en Svea Flood met hul tweejarige seuntjie vanaf Swede na die hartjie van Afrika – daardie jare bekend as die Belgiese Kongo. Hul kom in aanraking met 'n ander Skandinawiese paartjie, die Ericksons, en die vier van hulle soek God se aangesig vir leiding. Na baie ernstige gebed en oorgawe, voel hul gelei om die hoofsendingstasie te verlaat en die evangelie na die afgeleë stamme te neem.
Dit was 'n groot stap van geloof. Diep in die woude in, per voet, kom hul by die primitiewe dorpie N'dolera, waar hul toegang geweier word deur die stamhoof uit vrees dat die gode ongelukkig sal wees as blankes daar inkom. Die sendingpare besluit om 'n halfmyl teen die berg op te gaan en vir hulself modderhutte te bou.

Hul het ernstig gebid vir 'n geestelike deurbraak, maar dit het nie gekom nie. Die enigste kontak met die stam was 'n jong seun, wat weekliks toegelaat was om aan hulle hoenders en eiers te verkoop. Svea Flood – 'n klein maar gedetermineerde vroutjie – besluit dat sy gaan probeer om hierdie Afrika-seuntjie na Christus te lei. In gebroke Swahili het sy weekliks met hom gesels oor die evangelie, en uiteindelik het hy eendag gekniel en Christus aangeneem as sy Verlosser!
Dit was die enigste ligpuntjie. Malaria het hul die een na die ander geteister en hulle het baie swaar gekry sonder voorrade en hulpmiddels. Uiteindelik besluit die Ericksons dat hul genoeg lyding verduur het en keer terug na die sendingstasie. David en Svea besluit om agter te bly.
Svea bevind haarself swanger in die middel van daardie primitiewe wildernis. Teen die tyd wat sy moes geboorte skenk, het die stamhoof se hart effe versag en hy stuur 'n vroedvrou om haar by te staan. Die Floods word 'n dogtertjie ryker, en hul noem haar Aina. Svea was egter al so verswak deur malaria en die uitputtende geboorte, dat sy sewentien dae later sterf.
Iets in David het geknak. Hy grou 'n ruwe graf, begrawe sy sewe-en twintigjarige vroutjie, en neem sy seuntjie en babadogtertjie deur die oerwoud terug na die sendingstasie. Daar gee hy sy pasgebore dogtertjie aan die kinderlose Ericksons en verwytend snou hy: “Ek gaan terug Swede toe. Ek het my vrou verloor en ek kan beslis nie hierdie baba versorg nie. God het my lewe geruïneer.” So gaan hy hawe toe en versaak nie net sy roeping nie, maar ook die Here.
Skaars agt maande later beswyk die Ericksons weens vergiftiging enkele dae uit mekaar. Aina word oorgegee aan 'n Amerikaanse sendingpaartjie, wat haar naam aanpas na “Aggie” en haar uiteindelik op driejarige ouderdom terugneem na Amerika, waar hul 'n pastorale bediening betree.
Aggie word groot in Suid-Dakota. As jong meisie studeer sy aan die Noord-sentraal Bybelkollege in Minneapolis. Daar ontmoet sy 'n toegewyde jongman genaamd Dewey Hurst en hulle trou.

Jare verloop en die Hursts geniet 'n vrugbare bediening. Uit hul huwelik word 'n dogter en 'n seun gebore. Haar man word president van 'n Christelike Kollege in Seattle, en Aggie verwonder haar dat daar so ryke Skandinawiese erfenis te vinde is in daardie omgewing.
Op 'n dag ontvang sy 'n Sweedse christelike tydskrif in haar posbus. Sy het geen idee wie dit gestuur het nie, en kan ook nie Sweeds lees nie. Terwyl sy egter deur die tydskrif blaai, verstar haar blik op 'n foto. Daar is 'n primitiewe graf met 'n wit kruis en bo-op die kruis die woorde “SVEA FLOOD”.
Aggie spring in haar motor en ry na iemand wat sy weet die artikel kan vertaal. Die persoon som die artikel vir haar op: “Dit gaan oor sendelinge wat lank gelede na N'dolera gegaan het in die Belgiese Kongo. Die geboorte van 'n wit baba... die dood van 'n jong moeder... die een jong Afrika seun wat na Christus gelei was... en hoe, nadat die blankes weggegaan het, die seun grootgeword het en uiteindelik die stamhoof oortuig het om hom toe te laat om 'n skool in die dorpie te bou. Die artikel vertel dat hy mettertyd al sy studente na Christus gelei het. Die kinders het hul ouers na Jesus gelei, en selfs die hoofman het Christus gevind! Huidig is daar 600 Christene in daardie een dorpie. Alles as gevolg van die opoffering van David en Svea Flood.”

Aggie en haar man gaan kort daarna na Swede, waar sy haar biologiese pa David gaan opsoek. Hy is nou al 'n ou man, 'n volslae alkoholis, sterwend en verbitterd. Haar halfbroers- en suster waarsku haar vooraf dat sy net geensins oor God moet praat voor hom nie.
Aggie laat haar nie afsit nie, en toe sy hom ontmoet waar hy verswak op sy bed lê praat sy saggies en liefdevol met hom. “Pappa”, sê sy versigtig. Hy draai om en begin huil. “Aina,” sê hy, “ek het nooit bedoel om jou weg te gee nie.” “Dit maak nie saak nie Pappa,” antwoord sy, terwyl sy hom sagkens omhels. “God het vir my gesorg.”
Onmiddellik stop sy trane en kil sê hy: “God het van ons vergeet. Dis hoekom ons lewens so uitgedraai het.” Aggie streel sy gesig en gaan onverskrik voort. “Pappa, ek het 'n storie om te vertel – en dis 'n ware verhaal. Julle het nie verniet na Afrika toe gegaan nie. Mamma is nie verniet oorlede nie. Die klein swart seuntjie wat julle vir die Here gewen het, het later die hele dorpie vir Jesus gewen! Die een saadjie wat julle geplant het, het aanhou groei en vermeerder. Vandag is daar seshonderd siele wat die Here daar dien omdat julle gehoorsaam was aan die roeping van God in jul

lewens. Pappa, Jesus het jou lief. Hy het jou nog nooit gehaat nie."
Skielik is dit of die lig in haar vader se oë uiteindelik weer opgaan en hy ontspan. Hy begin gesels, en teen die agtermiddag het hy teruggekeer na die God teenoor Wie hy soveel jare verbitterd was. Weke na haar besoek is David Flood na sy ewige tuiste by die Here, want Hy sal nooit die een se hand los wat Hy wel gevat het nie (**Joh. 10:27-29**).

'n Paar jaar later woon die Hursts 'n evangelisasie konferensie by en daar ontmoet sy die man wat deur haar moeder na Christus gelei was en nou die superintendent van die nasionale kerk in Zaïre is! Hy getuig dat die christene in Zaïre nou reeds 110 000 siele sterk is. Toe hy hoor wie sy is, het hy haar al huilende omhels en vertel dat haar moeder die mees beroemde persoon in hul geskiedenis is. Kort daarna besoek Aggie en haar man die land waar haar moeder oorlede is en God se koringkorrel was. Sy word plegtig ontvang en na haar moeder se graf geneem waar sy kniel en die Here dank vir haar moeder se opoffering ter wille van die evangelie. Tydens die diens daarna lees die prediker uit **Johannes 12:24** ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug".*** Vervolgens lees hy ook **Psalm 126:5** ***"Die wat met trane saai, sal met gejubel maai."***
Mag dit ons bemoedig en aanmoedig om die evangeliesaad te saai so ver en wyd as wat ons kan. Selfs wanneer ons nie die vrug dadelik sien nie, en ons deur stryd gaan – hou aan saai, dis die Here wat laat groei! Ons sien ten dele maar God bepaal die groter prentjie!

**Groete in Christus,**
**Karen Devenier**

## Briewe aan my seun

# Lojaliteit



My liewe seun, een van die beginsels waarmee ma en ek jou groot gemaak het was: 'n Mens praat nie uit die huis nie. Noudat jy die huis verlaat het, kom ons agter dat dit by jou 'n gevoel van lojaliteit teenoor jou dierbares gekweek het. Ons het jou ook gesê dat 'n mens lojaal moet wees teenoor jou skool, jou kerk, jou vriend, jou huweliksmaat en les bes: Lojaal aan Jesus!


Dit was vir die apostel Paulus 'n seer saak dat Demas hom verlaat het (**2 Tim. 4:10**). Só seer het dit hom gemaak dat hy dit vertroulik aan die jonge Timóteüs skryf. Getrouheid aan jou geestelike broers en susters maak van jou 'n ryk mens in die Here. My seun, al sou daar iemand in julle gemeente opstaan wat verkeerde dinge doen en sê, beskerm egter daardie kwaaddoener en bly getrou aan julle predikant en die gemeente. Die menslike faktor in die gemeente kan nie uitgeskakel word nie, daarom het ek en jy al geleer dat daar geen gemeente is waar daar nie probleme voorkom nie.
Weereens moet ek jou aanmoedig om lojaal te wees teenoor jou familie. Kinders ken die gebreke van hulle ouers, want hulle leef elke dag met hulle onder dieselfde dak. Broers en susters ken ook mekaar se gebreke net soos ouers ook hul eie kinders se gebreke ken – maar ons lojaliteit teenoor mekaar moet vir ons as familie 'n pantser van beskerming bly "totdat die Volmaakte gekom het". Onlangs lees ek in **Ps. 50:20** hoe dislojaliteit 'n gesin kan opbreek: ***"Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy".*** Hoeveel huise is vandag ongelukkig net omdat gesinslede nie lojaal teenoor mekaar is nie.
Alles wat ek tot nou toe geskryf het, my seun, het uiteindelik baie te doen met 'n mens se lojaliteit teenoor die Here. O, die Bybel beween so dikwels die feit dat mense dislojaal raak teenoor hulle God! Hoe hartseer maak sulke ontrouheid die Vaderhart – **Jer. 2:2** ***"Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter my aan geloop het in die woestyn, in 'n onbesaaide land."*** Mooi herinneringe bly by die Vader, maar wanneer Sy kind dislojaal raak moet mens die ellende in die res van Jeremia 2 lees. My seun. laat jou lojaliteit aan die Here Jesus elke dag sterker word en vir al jou vriende rondom jou al duideliker. Jy het jou keuse by die Here gemaak en nie by hierdie wêreld en sy genot nie, hóú by Hom! Hou by Hom, al sou dit jou lewe kos! Eintlik hét dit jou lewe gekos, nie waar nie? Eintlik het jy jouself verloën en jou kruis in lojaliteit agter Jesus aan opgeneem, het jy nie?

Laastens, onthou jy hoe ek die lojaliteit van God teenoor Sy kinders by jou benadruk het? Ek het jou vertel hoe dat jou bewerige handjie in Sy groot reddende hand sekerheid gevind het en dat niemand dit daaruit sal pluk nie (Joh. 10:28 en 29). **Gal. 2:20c *"Die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."*** Vir my persoonlik is dit die kosbaarste woorde in die Bybel – laat dit vir jou ook persoonlik die sekuriteit gee van God se lojaliteit aan jóú, my seun.

Kom ons probeer lojaliteit definieer as ***'n kombinasie van liefde en plig***. Met hierdie kombinasie in ons huis, het jou ma en ek jou groot gemaak, my seun. Met liefde en plig het jy betrokke geraak by die kerk waarvan jy nou lidmaat geword het. Met liefde en plig dien jy die ander lidmate in julle gemeente. Mag jou persoonlike liefde en plig vir almal 'n duidelike getuienis wees van lojaliteit in jou lewe.

**Jou liefdevolle vader.**

# Blokraai No. 2 van 2022



**LEIDRADE**

**Af**


1. Die aantal persone by die offerande op Moria.
2. Hierdie dorpie was agt myl van Jerusalem af.
3. "En Jesus het gekom terwyl die ............ gesluit was."
4. In die laaste boek in die Bybel word beskryf hoe Jesus weer gaan kom.
7. Die drie vroue wou Jesus hiermee salf by die graf.
8. Jesus het Sy dissipels hiernatoe uitgelei en is in die hemel opgeneem
9. Hy het 'n goeie vriend van Pilatus geword.
12. Die Joodse Raad.
13. Hier was die drie kruise.
14. Hy was van Kana in Galiléa.
15. Hy moet 'n kroon dra.
16. In hoeveel tale was daar geskrywe: "HY IS DIE KONING VAN DIE JODE"?


**Dwars**

1. Hierdie begraafplaas, gekoop met Judas se bloedgeld, is vir hulle bedoel.
5. Dit was leeg.
6. Die soen waarmee Jesus verraai is.
8. Die dissipels moes dit in Jerusalem doen totdat hulle toegerus was met krag uit die hoogte.
10. "Dit is volbring!"
11. Jesus het dit nodig gehad om Jerusalem in te gaan.
15. Die spruit op pad na Getsémané.
17. 'n Koning het uit hierdie dorp verdwyn (Sagaria 9).
18. Musiekinstrument in die Psalms.
19. Dit was weg vir drie ure.
20. 'n Stad van die Jode wat ook self die koninkryk van God verwag het.
21. Die man wat Jesus se kruis moes help dra het hier gebly.
22. Die mantel se kleur.

# Die Kinderblad

## Lees Matthéüs 27:32 tot 38 en Matthéüs 28:1-8

Die  m_ _ _ _ het  J _ _ _ _ _ aan die  _ r _ _ _ laat sterf, want Hy het gesê Hy is die  s _ _ _ van God.

Sy vriende was hartseer. Na  _ _ _ _ _ dae het Hy opgestaan. Toe was hulle baie bly. Jesus het daarna in `n  _ _ _ _ hemel toe gegaan.

Vandag bly sy gees in ons  _ _ _ _ _ e om ons te leer om God en mense lief te hê. Sy vriende het almal vertel van  J _ _ _ _ en Sy liefde.

# 2022 PAASKONFERENSIES

Wes-Kaapse Ring
14 – 18 April
Simonsberg Christian Centre
Spreker: **Ds. Johan Botha**
Besprekings: Ds. Rassie van Staden
**082 950 4702**

Natal Paaskonferensie
15 – 17 April
Winklespruit Sea Camp
Sprekers: **Di. Armand Olivier, Francois du Toit, Frikkie Lombard en Rudolf Fourie**
Besprekings: Suzanne-Marie Botha
**079 828 2634**

Eden Paaskonferensie
15 – 18 April
Sprekers: **Di. Hendrik van Rensburg, Jurgens Prinsloo, Ian Coetzee en Hennie Vorster**
Besprekings: Erika Bronkhorst
**082 607 3320**

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Mei / Junie 2022 • #646



- Is Jesus aan die kruis of op die troon?
- Wat het van EVANGELISASIE geword?
- Afstand tussen pa en seun

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ... van die Redakteur

Terwyl Paasfees 2022 seker nog vars in herinnering geroep kan word, lê Pinkster uiteraard voor die deur. Hierdie jaar se Paastyd op die EG Kerk SA se kalender sal veral onthou word vir twee redes: eerstens kon gereelde konferensiegangers weer deel aan hierdie geseënde byeenkomste waar die kinders van die Here, nou na twee jaar se “droogte”, vergader om te deel in die besielende samesang en lofprysing, met gepaardgaande bediening van die Woord; tweedens gaan ons harte uit na families wat geraak was deur die verwoesting wat gesaai was in Natal na erge stormweer, modderstortings en oorstromings. Selfs die Natalse Paaskonferensie was geraak daardeur, maar nietemin kon die konferensie voortgaan by gemeente van Durban.
Die redaksie het dit goedgedink om weer eens sekere sentrale temas aan die uitgawes te koppel, alhoewel die artikels nie beperk gaan word daartoe nie. Derhalwe fokus ons hierdie uitgawe op Pinkster en die uitstorting van die Heilige Gees. Gedurende Pinkstertyd sal dit die kinders van die Here loon om weer eens die groot waarheid van Hand. 1:8 te bepeins en die Here vir 'n nuwe salwing met die Heilige Gees te vertrou.
Ek sluit met die woorde van ds. Thys Loubser uit die Mei – Augustus 1990 uitgawe van die Kerkblad: “Die krag van Pinkster en die ervaring daarvan word deur Lukas in die eerste hoofstukke van Handelinge duidelik uitgewys. Die volle konsekwensie van Pinkster word veral in Hand. 1:8 skerp verwoord. Die omvangryke opdrag en die wydte van Jesus se getuies se taak is duisligwekkend. Daarom vier ons Pinksterfees, want die Heilige Gees verskaf die krag en vitaliteit om hierdie groot taak ten uitvoer te bring!”

**Hand. 1:8 *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees...”***

**Redakteursgroete**


**Jaargang 78**
**Mei/April 2022**
**Uitgawe #646**


# INHOUD


3 **'n Klein ou Pinkstertjie**

4 **Is Jesus aan die kruis of op die troon?**

6 **Uit die Argief:** Heiligmaking

7 **Die getuienis van Hennie Bronkhorst**
**Marthina Blom se getuienis van redding**

8 **EDEN Paaskonferensie**

9 **Paaskonferensie soos net die Wes-Kaap dit kan doen**

10 **Wat het van EVANGELISASIE geword?**

12 **Ons kan weer kamp**
**Kinderbediening vergadering**

13 **Die Ooskus verspoel net voor Paasnaweek**

14 **Aangename Kennis:** Ds. Pieter Burger

16 **Vroueblad:** Dink aan die vrou van Lot

17 **Briewe aan my seun:** Afstand tussen pa en seun

18 **Woordsoek no. 3**



**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (subredakteur)
Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto:** '*Lightning during golden hour*' **Luiisrtz from Pexels**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn


**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@mweb.co.za

# 'n Klein ou Pinkstertjie

Van die platteland weet ek nie; ek hoop dat dit nog is soos toe ons so elf, dertien jaar oud was. Toe was Meimaand soos 'n vlymskerp mes. Teen Meimaand was ons nuwe truie klaar; sal ek die Mei van die dubbeldik blou trui ooit vergeet?

Aand na aand het ons ons dik truie Pinkster toe gedra. Destyds het die oumense nog nie uit die kerk gebly oor die koue nie. Hulle het eenvoudig hulle gehekelde kombersies saam met die Hallelujaboek onder die arm vasgeknyp en gegaan. Twee paar knieë teenmekaar, knus onder die bont blokkombers – so't almal gesit. Toe was daar nog handskoene vir die blou hande en serpe vir die kuiltjies in die nek.

Aand na aand was die kerk stampvol. Jy moes vroeg gaan, anders moes jy dalk op die galery sit en daar was dit trekkerig. Van vêr af het jy die halleluja's gehoor: *"Saggies en teer klink die roepstem van Jesus ..." "Daar's 'n dierb're kruis ..." "Wat 'n vriend het ons in Jesus ..." "Die Gees stry, o, sondaar ..."*

Was ons almal so anders destyds? Was die boeremense taaier, gewoond aan huise wat suid front, onbedorwe sonder elektriese verwarmers en ondervloerse verhitting? Want destyds het jy gebibber omdat die sitplek van die ou Buick so koud onder jou boudjies was. Tog was die oumense daar: egpaar vir egpaar met die sagte kniekombersies oor die knieë. En die kleintjies wat deesdae aan asma en brongitis en griep en chroniese hoes en diverse virusse ly, het jare gelede rustig daar in die kerk met die koppies teen pa en ma sit en slaap en so gesond soos visse in die water gebly. Selfs die skoolhoof en bankbestuurder kon tyd vind om die Pinksterbidure by te woon.

Die dominees het Pinkster ernstig opgeneem, ure lank in hulle studeerkamers gebly en uiteindelik in hulle eie gemeentes gepreek soos wat sterflinge maar preek. Daar was nie vooraf plakkate met die gesigte van "Groot Predikers" teen boomstamme of lamppale aangebring nie. Dominee het sommer self gepreek en die mense het die kerke vol gesit. By die skool kon jy Pinkster as verskoning gebruik – "maar, ons gaan mos Pinkster toe, Meneer!"

Van die platteland weet ek nie, ek hoop dis nog steeds so soos dit was. Vir die stad skrik ek, want hier hoor jy baie nuwe dinge. "Ai, jong, en ons het dan Stadsraadsvergadering" of "Daar is 'n ouerleidingsvergadering by die skool". Vir 'n onbelangrike God bring jy verskonings soos sente in die kollektebord: "Mens het net nie meer die tyd nie" of "Die dominee preek maar vervelig" en "Ag, dis maar altyd dieselfde ou paar gemeentelede." Vir 'n onbelangrike God draai jy nie 'n serp om jou nek nie en trek jy nie 'n kind dik aan nie. As Hy vir jou onbelangrik genoeg is, sit jy selfs en televisie kyk terwyl die wat die koue wil trotseer in die kerk sit. (Haai, deesdae is Meimaand mos nie meer koud nie.)

Omdat God daarom onbelangrik geword het, hou hulle in jou gemeente vanjaar so 'n klein ou Pinkstertjie. Jy kan maar sê Pinkster, net soos huisgodsdiens, is uitgedien. Die oorgrote meerderheid stel nie meer belang nie – daar's net 'n handjievol mense in daardie grote kerk – vyf persent van die lidmate, as die dominee gelukkig is. Vyf-en-negentig persent van sy lidmate kyk televisie of lees koerant of stryk die wasgoed. Vyf persent by die klein ou Pinkstertjie en vyf-en-negentig persent by die belangrike dinge. Amper soos toe Jesus die meedoënlose, verbasende ding gesê het: ***"Gaan in deur die nou poort. Die poort wat na die verderf lei is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan is baie. Maar die poort wat na die lewe lei is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min"*** (**Matt. 7:13-14**)

Nee, ek dwaaldink nie dat Pinkster 'n mens in die hemel bring nie. Hulle wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar die hoofletter of die verkleinwoord uitgang – Pinkster of Pinkstertjie – kan nogal 'n aanduiding gee van die roete wat ek besig is om te volg. "*Dis my trim-gimaand*" of *"Pinkster is eintlik 'n uitgediende praktyk, weet jy?"* en *"Ek waag dit nie buitekant met my bors nie"*, *"Ouboet is in matriek, hy't nie tyd vir Pinkster nie"*. Selfs *"Dis vir my so sektaries met die klem op die Heilige Gees"* en dan, die versugting *"Ag, as ek maar net meer tyd gehad het!"*, *"Die mense kom tog nie meer nie – dis in elk geval net die paar dwepers wat gaan ..."*

Die nuwe mens het nuwe redes vir die klein ou Pinkstertjie wat ons nou so dikwels in baie van ons gemeentes beleef. Dominee is ook een van die redes: ag, jy kan nie na die man luister nie. Die nuwe sangbundels, die manier waarop die orrelis speel, die aanstoot wat dit gee as mense in groepies moet bid . . . soveel wegblyers, soveel redes. Ek weet nie, iewers dieper, lê daar 'n ander rede: die een wat ons ook ons belangstelling in huisgodsdiens, in wyksbyeenkomste, in gemeentelike Bybelstudie en die vrouediens laat verloor het. Ons het soos planete geword wat losgeruk het uit hulle bane. Ons het om vreemde voorwerpe, ja, om die ondenkbare, begin wentel. Ons het weggebreek uit ons baan om die lig en die son. Ons wentel nou om swart gate in die hemelruim . . .

Dis 'n dom mens wat deesdae die waarde van gereelde liggaamlike oefening en van 'n gesonde dieet onderskat. Ons moet vir ons liggame sorg. Maar soms wonder ek of pa se vroegoggenddraf en ma se vroegoggend aërobiese oefeninge, ons laat nagte en ons gereelde sakebesoeke aan Kaapstad of Johannesburg, asook ons algehele ingesteldheid op die hier en die nou, dalk verantwoordelik is dat ons Pinkster-byeenkomste klein en onbeduidend geword het. Want God is vir die deursnee mens minder belangrik as sy oefenprogram, sy ambisies, sy televisienuus, sy Facebook-blad, sy slapie en sy ondervloerse verhitting.

Vir 'n onbelangrike god offer jy niks op nie ...

**'n Klein ou Pinkstertjie.**

# Is Jesus aan die kruis

Jesus aan die kruis is nie die volle boodskap van die evangelie nie. As ons die laaste gesprekke van Jesus met sy dissipels deurgaan in Johannes 14 tot 16, saam met Handelinge 1 en 2, sal ons baie vinnig sien dat drie groot waarhede Jesus se hart vervul het: Sy kruisiging, sy verhoging en sy wederkoms!

Jesus aan die kruis, dis die geheim van sy vernedering en ons regverdigmaking: **Joh. 14:6** ***...Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.***
Jesus op die troon, dis die geheim van sy verhoging en ons heiligmaking: **Joh. 14:12** ***...wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.***
Jesus op die wolke, dis die geheim van ons verheerliking: **Joh. 14:18** ***Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.***

Baie Christene wat egter getuig dat Jesus aan die kruis vir hulle 'n werklikheid is, se geestelike lewe het min liefdesdiens, vreugde en krag, omdat hulle nie leef in lewende gemeenskap met Jesus op die troon nie, en daarom is daar ook geen lewende verwagting na Jesus op die wolke (die wederkoms) nie.
Die dissipels het Jesus aan die kruis leer ken, maar Jesus moes ook op die troon van die hart kom. In Johannes 14 tot 16 het Hy hulle 'n belofte kom gee, dat Jesus op die troon van hulle harte sou kom sit deur die Heilige Gees. Dit sou hulle in staat te stel om met groot krag te kan getuig. Dis die belofte van Jesus op die troon.

Die belofte van Jesus op die troon is die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees. Deur hierdie belofte het Jesus aan die dissipels gesê:
a) Wat hulle van Hom kon verwag as Hy aan die regterhand van die Vader sou sit. **Luk. 24:49** ***En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.***
b) Wat Hy van hulle sou verwag. **Joh. 15:4-5** ***Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.*** **5** ***Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie...*** **Joh. 15:10** ***As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.***
c) Wat hulle van die wêreld kon verwag: vervolging
**Joh. 15:20-21** ***Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar.*** **21** ***Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van my Naam, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.***

Hy sou met ander woorde die Heilige Gees stuur in die harte van die dissipels. Die Heilige Gees sou in hulle harte 'n **fontein van lewende water wees** en hulle **kanale van seën vir die wêreld maak** deur die laaste opdrag uit te voer WANT strome van lewende water sal uit (hulle) binneste vloei.

Die Heilige Gees sou hulle troos in swakheid en tye van beproewing WANT Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: Die Heilige Gees sou hulle in staat stel om in Christus se oorwinning van die opstanding te lewe op aarde OMDAT Ek lewe en julle sal lewe.

Die Heilige Gees sou hulle krag gee tot diens ten spyte van swaarkry en vervolging OMDAT Ek... julle nie as wese [sal] agterlaat nie;...
Die Heilige Gees sou die dissipels in 'n nuwe verhouding tot die Vader bring WANT my Vader sal (julle) liefhê, en Ons sal na (julle) toe kom en by (julle) woning maak. En as julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!
Die Heilige Gees sou deur die dissipels die Evangelie aan die wêreld verkondig WANT as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.

Dis die wonderlike belofte van die Heilige Gees: Jesus op die troon!

Die boek Handelinge is 'n bewys dat die belofte van Jesus oor die Heilige Gees waar geword het, deur die verandering in die lewe van die dissipels wat apostels of gestuurdes geword het, want Jesus was nou op die troon van hulle hart.

Ons kan die boek Handelinge amper die Handelinge van Jesus op die troon noem want in Handelinge sien ons hoe Jesus vanaf sy troon in die hemel sy beloftes aan sy dissipels letterlik vervul.

Magtige dade word beskryf want die dissipels is net instrumente terwyl Jesus op die troon eintlik die groot Werker is. Ook, sien hoe die dissipels as gevolg van hulle volkome oorgawe aan die Here Jesus verdruk word: **Joh. 16:2-3** ***...daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.*** **3** ***En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie.***

In Handelinge 1 vaar Jesus van die Olyfberg op na die hemel. Die dissipels keer terug na die bovertrek en saam met ander volgelinge van Jesus kom hulle tien dae lank bymekaar in gebed. Wat 'n onvergeetlike biduur! 120 mense vir tien dae saam in gebed! Was daar al ooit daarna so 'n biduur? Wat 'n atmosfeer moes daar nie geheers het in daardie gebedsgroep aan die einde van daardie tien dae nie. ***Hulle almal het een-***

# of op die troon?

***dragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers,*** **Hand 1:14.**

Dis die atmosfeer in daardie bovertrek wat die geheim was van die Pinksterseën: **Luk 24:49** ***En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.*** Want met die laaste woorde van Jesus herinner Hy hulle aan sy belofte van Jesus op die troon, naamlik die vervulling met die Heilige Gees. **Hand. 1:8-9** ***maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*** **9** ***En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.***

Die hemel het dus nuwe betekenis gekry as die plek waar hulle Meester nou was. **Kol 3:1** **As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.**

Hy het hulle eerste liefgehad en die plek waarheen Hy gegaan het was so 'n werklikheid dat in die geestesoog hulle Hom daar gesien het.

Die bovertrek was vir hulle 'n ware soort Bet-el, die plek waar Jakob gedroom het en daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het en God het bokant die leer gestaan en met hom gepraat. En Jakob het wakker geword uit sy slaap en gesê: **Gén. 28:16-17** ***Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie.*** **17** ***En hy het bevrees geword en gesê: Hoe vreeslik is hierdie plek! Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie, en dit is hier die poort van die hemel.***

In hierdie bovertrek, die dissipels se Bet-el waar Jakob se leer hemel en aarde verbind het, was die verheerlikte Jesus aan die regterhand van die Vader vir hulle aan die bo-end van die leer soos wat Stefanus Hom gesien het net voor hy gesterf het **Hand. 7:55-56** ***Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.*** **56** ***En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.***

Een ding was in hulle gedagtes: Jesus was langs die Vader en Hy het 'n belofte gegee, die belofte van die Heilige Gees!

In Handelinge 1 sien ons watter voorbereiding daar gemaak is vir die uitstorting van die Heilige Gees, die tien dae in die bovertrek. Die nodige atmosfeer moes daar wees voor die Heilige Gees neerdaal.

Die gedagtes was sekerlik na bo, op die belofte gerig, daar was 'n besef van 'n eie kragteloosheid en selfondersoek, daar was eenheid, daar was 'n blye afwagting op die belofte van die Heilige Gees in volkome oorgawe van self.

Net soos die optrede van Jesus voorafgegaan is deur die kragtige prediking van Johannes die Doper, was daar tien dae van voorbereiding by die dissipels vir die koms van die Heilige Gees.

In Lukas 2 sien ons die koms van die 2e Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, in Handelinge 2 sien ons die koms van die 3e Persoon in die Goddelike Drie-eenheid.

Ons sien hemel neerdaal op aarde en Jesus op die troon is die wonderlike werker van al hierdie groot dinge. Petrus laat duidelik die klem in sy eerste preek hierop val: **Hand. 2:32-33** ***Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.*** **33** ***Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.***

Terwyl die skare verdwaas staan oor die gebeure tydens Pinksterdag, wys Petrus hulle na dieselfde Jesus wat hulle gekruisig het en wat nou verhoog is en aan die regterhand van die Vader sit, dat dit Jesus op die troon is wat al hierdie dinge doen: die uitstorting van die Heilige Gees is Jesus op die troon. **Hand. 2:34-36** ***Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand*** **35** ***totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.*** **36** ***Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.*** Hy sit op die ere-posisie langs die Vader.

In Handelinge 2 sien ons hoe daar 'n waterfontein in die harte van die dissipels opspring, hoe die strome lewende water vanuit Petrus se binneste vloei omdat Jesus self op die troon van sy hart sit.

Dit wat in Jesus se hart geleef het, leef nou in sy hart: Jesus aan die kruis, Jesus op die troon en Jesus die Verheerlikte is die inhoud van sy preek, hy getuig met groot krag en 'n skare mense word van sonde oortuig en 3000 siele kom tot bekering en hy doen groter werke as wat Jesus gedoen het. **Joh. 14:12** ***Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.***

Ons sien hoe die Heilige Gees sy verstand verlig om die Skrif te verstaan en hy haal in sy preek onder andere Joël 2, Psalm 16 en Psalm 110 aan, en wat hy vroeër gesukkel het om te verstaan, word duidelik.

Kan u sien dat vervulling met die Heilige Gees die oplossing van baie van die kind van God se geestelike moeilikhede is?

**Vervolg op bl. 15**

# Uit die Argief

# HEILIGMAKING ....

**Heb. 12:1-29.**
**Teks: Vers 14.**

Die Bybel word deurgaans aanvaar as 'n goeie en interessante boek. Dit dwing respek af en byna almal begeer om een te besit, maar daar is sekere uitdrukkings of bevele wat mense met 'n beswaarde gemoed die Bybel laat lees.

Woorde soos:

Wees heilig, want Ek is heilig. Julle moet in julle hele lewenswandel heilig word. (1 Pet. 1:15,16).

Die heiligmaking waar sonder niemand die Here sal sien nie (Heb. 12:14).

Die woorde of uitdrukking soos wedergeboorte en bekering is al erg genoeg om mense vir die Bybel bang te maak, om nie eers te praat van die Heiligheidsleer nie. Waarom?

Ek kan nie verstaan dat mense so redeneer nie. Sondagmôre of -aand was daar mense wat klaargemaak het om kerk toe te gaan. Nie een van hulle was bereid om met vuil klere of ongewas na die kerk te gaan nie. Hulle het eers gaan bad of gewas, die hare gekam, skoon en goeie klere aangetrek. Ja, hulle het lank voor die spieël gestaan en eers baie seker gemaak dat hulle absoluut reg was om kerk toe te gaan.

Niemand in die kerk sou egter beswaar maak as iemand vuil of met vuil klere daar inkom nie, nee, dit was hul eie keuse en begeerte om skoon te wees as hulle na 'n kerk toe gaan.

Maar daardie mense, of sommige van hulle, is wel bereid om met 'n vuil lewe, 'n ongewaste en onrein hart na die wonderlikste en skoonste plek ooit bekend naamlik die hemel, te gaan.

Dit gaan my verstand te bowe dat 'n mens hom vir 'n aardse kerk wel deeglik reinig, maar die hemel wil hul net so vuil betree.

Kan u sien hoe het die satan al die mens se oë verblind en hul verstand besoedel? Begryp u, dat mense regtig nie omgee hoe hulle in die hemel aankom nie.

Dis geen wonder dat die Here soveel nadruk in die Bybel lê om die noodsaaklikheid van Heiligmaking in te skerp nie, en ook die kruis van Christus voorsien het nie.

Sal God dan tevrede wees met onreinheid, sonde en ongeregtigheid in die hemel? Nooit, nee NOOIT.

Maar ons kan nie net vir die hemel probeer skoon en rein wees nie want ons moet reeds hier so lewe om so daar aan te kom.

Kom ons kyk na die noodsaaklikheid van heiligmaking : Heb. 12:14 sê: "Jaag die heiligmaking na waarsonder niemand die Here sal sien nie."

**1. Om Hom te sien.**

a) Dis dus noodsaaklik om 'n geestesoog te hê om Hom te sien in die binnekant. Sonder dit sal die visie flou en verblind wees. Ja, om 'n oog soos 'n Stefanus te hê, wat Jesus sien aan die regterhand van God toe hy gestenig word — 'n geestesoog wat in die hemel kan rondkyk om die Lam van God op te merk.

b) Om Hom te kan sien as Hy op die wolke kom om Sy bruid, Sy kinders te kom haal wat Hom alsiende verwag tot saligheid.

**2. Dis noodsaaklik om ware liefde te hê.**

Vurige en ware goddelike liefde kom alleen uit 'n rein hart voort. Nie veranderde liefde wat vandag bemin en môre haat nie. So ver as wat ons op die pad van heiligmaking gevorder het, soveel ware goddelike liefde sal ons kan openbaar, aan God en ons medemens. As ons dus nie hierdie eienskap op



die aarde deelagtig word deur 'n rein hart nie, hoe sal ons in die hemel aankom en waarmee?

**3. Om waarlik bruikbaar te wees.**

Geen vakman hou van slegte of swak gereedskap nie. Niemand kan met slegte gereedskap iets behoorlik doen nie.

Bo dit alles, is dit geen plesier om met sulke gebrekkige dinge te werk nie.

II Tim. 2:21 sê: "As iemand hom dus hievan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk."

Kan ons verwag dat God ons moet gebruik soos ons is? Sonder heiligmaking kan niemand bruikbaar vir die Here wees nie. As ons nie hier op die aarde heilig en bruikbaar is nie, hoe sal ons in die hemel aankom?

**4. Om gehoorsaam te wees.**

Ongeheiligde kinders van God is die ongehoorsaamste mense wat daar is.

Heiligmaking leer die mens gehoorsaamheid tot God. Dink maar aan die Skrif. Titus 1:16 "Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."

Ja, as daar meer geheiligde kinders van God was sou dit beter gegaan het in die sendingvelde, sou daar meer mense in die bediening gestaan het, sou baie meer siele gered word, sou daar baie meer gebid word, sou daar meer middele wees om die groot werk te doen, sou die Here Jesus meer geëer word.

Waar is die geheiligde kinders van God wat nog sy stem kan hoor, wanneer daar 'n benoude geroep êrens uit die veld opstyg tot God vir hulp? Waar is die kinders van God wie se harte nog bloei vir die redding van kosbare siele? Het dit nie tyd geword dat ware heiligmaking weer sy regte plek in die harte van Godskinders kry nie?

Hoe gaan u voor God verskyn en waarmee?

Bid, bid vir die heiligmaking lewens en harte. Die Bloed van Jesus Christus reinig van alle sonde.

Simson het **AFGEGAAN** na Timma en nie geweet dat die Gees van hom gewyk het nie.

Moses het **OPGEGAAN** na God toe (op die berg) ... en nie geweet dat sy gesig geblink het nie.

D.D.



**Geneem uit Die Nuwe Protestant – Maart 1984**

# Die getuienis van Hennie Bronkhorst

My lewe was maar baie rof gewees. Ek het al die gebooie in die Bybel gebreek, behalwe moord.
Ek was baie selfsugtig, my salaris het gegaan net vir kos en verder vir myself. Ek het op daardie stadium baie min aandag aan Erika en die kinders geskenk. Ons het half vervreem van mekaar geraak.
In Februarie 1986 het ons verhuis vanaf Knoppiesdoringweg na Ouhoutstraat, in Ellisras. Ons bure in Ouhoutstraat was Johan en Petro Bezuidenhout. Erika het vriende gemaak met Petro en sy het vir Erika genooi om saam met haar kerk toe te gaan.
Na 'n paar besoeke aan die Evangelies-Gereformeerde Kerk het Erika my genooi om saam met haar te gaan. Na 'n paar maande se uitnodigings het ek besluit om tog maar te gaan.
Groot was my skok toe ds. Gerhard van Eeden my hele lewe voor my uitrafel. Ek het vir Erika gevra hoe kon sy so van my by die dominee skinder, sy het gesê dat sy nie met dominee gepraat het nie.
Die volgende Sondag was ek weer in die kerk, weer het dominee se boodskap net oor my gegaan. So het dit aangegaan vir 'n paar weke.
Jan Lange, 'n ouderling in die EG Kerk, het net oorkant die pad gebly en het ons besoek en vir ons 'n Bybelstudie gegee om uit te werk. Erika het toe gereeld die Sustersbybelstudie saam met Petro bygewoon en op die 23ste April 1990 haar hart vir die Here gegee.
Ons het toe gereeld as gesin die kerk besoek en die kinders het ook by die Sondagskool ingeskakel.
Op die 26ste Mei 1990 het ds. Gerhard en Jan ons kom besoek. Ds Gerhard het daardie aand die evangelie met ons gedeel en ek het my hart daardie aand vir die Here gegee.
Ek het toe ook besef dat dit die Heilige Gees was wat my aangekla het tydens die eerste dienste wat ek bygewoon het en dat Erika niks daarmee te doen gehad het nie.

Ons dank die Here vir mense soos Petro Bezuidenhout en Jan Lange wat HY oor ons pad gestuur het om ons weg na HOM voor te berei. Al die lof en die eer aan ons Vader wat ons daaglikse pad vir ons voorberei.

---

# Marthina Blom se getuienis van redding

In die jaar 1955 het 'n groot verandering in my lewe plaasgevind. Ek was 23 jaar oud en 'n gereelde kerkganger. Al was ek aangeneem en voorgestel, het ek geen sekerheid van redding gehad nie.
Ek het aan 'n boekklub behoort waar ek maandeliks 'n paar boeke deur die pos gekry het. Dit het van die Kaap gekom en ek het in Vereeniging gewoon. Toe ek die een boek oopmaak val daar 'n traktaatjie uit, genaamd "Dit is Volbring". Ek het altyd gedink Jesus moet nog iets doen vir my. Hoe wonderlik was dit toe ek besef, Hy het alles vir my volbring op Golgota aan die kruis en ek het niks meer nodig nie. By 'n begrafnis van 'n familielid het die prediker gesê: *"Jy moet so seker van jou saligheid wees, dat jy nou vorentoe kan tree en sê: "Ja, Here, ek is gereed."* Ek het net besef, ek is nie gereed nie. Ek is verlore gebore en moet gered word. Tuis het ek onder 'n geweldige sondeoortuiging gekom. Daar was nie 'n lang sondelys nie, want ek was 9 jaar oud na my Pa se afsterwe toe ek 'n oorgawe gemaak het, maar nie versekering gekry het nie. Op my knieë het ek my sondetoestand bely en die Here gedank en op daardie oomblik versekering gekry. My sondes is versoen en ek het besef my naam is in die Boek van die Lewe geskryf.
Dit was wonderlik om 'n nuwe skepsel te wees, alles word nuut, maar ek het nie oorwinnend gelewe nie, soms te skaam om te getuig en dit het my baie gepla. Daar was 'n begeerte om heilig te wees en om God te verheerlik. Twee jaar na my bekering het ek weer 'n wonderlike traktaatjie gekry van ds. Scheepers, 'n groot godsman in daardie tyd. Die opskrif was: Die sondelys van die ongeredde en die sondelys van die geredde. Vir 'n hele week het ek elke teks wat genoem was wat op my van toepassing was, bely en reggemaak. My vertroue was dat die Here my hart volkome reinig, ook van die ou mens van sonde se ongeregtigheid. Ek het 'n volkome oorgawe van my hele lewe aan Hom gemaak.
Die naweek het ek by my moeder gekuier en na middagete in die spaarkamer gegaan en die Here gevra om my te reinig. Twee tekste het in my hart opgekom: *"As jy die geruis van voetstappe in die Balsem bosse hoor dan moet jy gou maak, dan is jou verlossing naby"*. Die tweede teks wat die Here gebruik het, was: *"Vandag as jy my stem hoor verhard nie jou hart nie, nou is die tyd van saligheid".* Op daardie oomblik het die wonderlikste liefde my hart en hele wese vervul en ek het geweet die Here het oorgeneem en my hart vervul met sy Heilige Gees. Nou is dit 64 jaar later en Hy leer en lei my nog om vir Hom te lewe en te getuig. Jes. 43:10 is my anker in Jesus my Saligmaker en Verlosser.

*U word uitgenooi om vir ons artikels en getuienisse, asook gemeentenuus, in te stuur.*

# EDEN Paaskonferensie

Uiteindelik het Paasnaweek 2022 aangebreek wat beteken het dat die verlange na die konferensie verby was – na 'n afwesigheid van twee jaar. Weer kon ons deel in die heerlike samesyn van kinders van die Here, lofprysing en aanbidding d.m.v. samesang en besielende boodskappe! Die Edenterrein was deeglik voorberei om ons te ontvang, van die huisies, sale, kampeerterrein, ablusiegeriewe tot die kombuis. Genoegsame woorde ontbreek om die faktotumspaar (Hennie en Erika Bronkhorst) en die Edenkommissie (di. Nicko Prinsloo, Johnnie Gates, Riaan Gates en Loedolff van der Merwe) te bedank.

Die bywoningsyfer het geraak aan die 450 wat 52 dagbesoekers insluit wat bespreek het vir bywo-ning op Goeie Vrydag en Sondag, alhoewel daar besoekers was, wat nie bespreek het nie. Ons is die Here innig dankbaar vir die werking deur die Heilige Gees.





Reeds vanaf die eerste byeenkoms Donderdagaand tot die laaste byeenkoms Maandag was daar reaksie van behoeftige siele aan redding, geestelike vervulling, groei en toewyding. Tydens die laaste byeenkoms het 'n jong man getuig van redding, herstel en roeping tot voltydse diens.
Dit was opmerksaam hoe die verskillende boodskappe en temas by mekaar ingevloei en aanklank gevind het soos in talle gevalle in die verlede, sonder die medewete van die sprekers – 'n duidelike bewys van die leiding deur die Gees.

Sprekers se temas was as volg:
- **Ds. Hennie Vorster:**
- Kondisie vir die redding van 'n siel
- Die Kruis – sentraal tot die redding van die siel
- Wedergeboorte red die siel
- **Ds. Ian Coetzee:**
- Die eerste kruiswoorde van Jesus
- Die begrafnis van Jesus
- Die opstanding van Jesus
- Die laaste opdrag van Jesus
- **Ds. Hendrik van Rensburg:**
- 'n Dinamiese kerk in die inperkingstyd moet groei in diepte
- 'n Dinamiese kerk in die inperkingstyd moet toeneem in verhoudings
- Die eienskappe van 'n dinamiese kerk in die inperkingstyd
- **Ds. Jurgens Prinsloo:**
- Sonde se wonde
- Wonde van ander se sonde
- 'n Priesterlike gebed

Boodskappe was direk uitgesaai op WebWoord en Facebook-stroming, maar is ook beskikbaar op WhatsApp – stuur net die woorde EDEN2022 na nommer 083 430 8814 (Fanie Mostert).

Die kinders was bedien met die Woord deur mev. Jacoleen Venter en jeugdienste gehou deur ds. Etienne Duvenhage. Ons is dankbaar vir hierdie geleenthede soos die Skrif ons leer in **Deut. 6:7** ***en jy moet jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan*** en **Pred. 12:1** ***En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom waarvan jy sal sê Ek het daar geen behae in nie.***
Buite die danstye was dit bemoedigend om die gebruiklike saam kuier, lag, huil, maar ook gebed te kon opmerk. Die Here was ook getrou in die voorsienigheid van lieflike reën wat vir twee dae aanhoudend met tussenposes die aarde benat het. Gelukkig was die seile en tente droog teen die Maandag dat ons moes afslaan en oppak.
Dit was voorwaar 'n baie geseënde konferensie en almal sien uit na die volgende konferensie, sou Hy vertoef om te kom.

**Willie Stieger**
**Wonderboom**

# *Paaskonferensie soos net die Wes-Kaap dit kan doen*

Groot opgewondenheid het geheers met die beplanning en voorbereidings vir die Paaskonferensie in die Wes-Kaap na ’n konferensiedroogte van twee jaar. Reeds met die aankoms op die terrein net buite Stellenbosch op Kanonkop by die Simonsberg Christelike Kampterrein kon ons ervaar dat hierdie jaar groot seën vir ons inhou. Verskeie gemeentes van die Wes-Kaap se ring het die etes voorberei en bedien. Elke ete was uit die boonste rakke.

Die hoofspreker vir die naweek was emeritus leraar ds. Johan Botha. Elke boodskap was uit die Vaderhart. Die ander dienste was waargeneem deur di. Rassie van Staden van Malmesbury, Louie van Zyl van Worcester en Wim Smith van Helderberg gemeentes. Die oggendbidure was deur verskeie ouderlinge uit die onderskeie gemeentes gebring, soos dit vir baie jare die gebruik is in die Wes-Kaap. Hierdie jaar het ouderling Bill Wepener van Paarl gemeente, ouderling Cobus Kritzinger van Worcester gemeente en ouderling Deon Pienaar van Tygerberg gemeente die bidure hanteer. Elke boodskap was tot groot geestelike seën. Ons openingboodskap, Donderdagaand, was waargeneem deur advokaat Tinus Lots van George gemeente, wat gepraat het oor die onregverdige arrestasie, veroordeling en skuldigbevinding van die Here Jesus.

Ds. Daniël Brink van Paarl gemeente, saam met sy vroutjie Kirsten, het die kinderdienste waargeneem. Daar is heelwat getuienisse van hoe die Here met die kinders ontmoet het.

Behalwe vir die geestelike seën deur die boodskappe en die heerlike etes was daar saam gekuier, gelag, gebid, gehuil en ook saam gespeel. Dit was voorwaar ’n baie geseënde konferensie op elke gebied.

Tydens die voorbereidings het mense na vore gekom en hul hulp aangebied. Ons kon heerlik die Here aanbid deur hartlike lofprysing deur persone wat professioneel die klank behartig het. Elke diens was ook oor WebWoord direk uitgesaai en opnames is beskikbaar gestel na die tyd deur Whatsapp en is ook beskikbaar op WebWoord se webblad. Heelwat mense het op die uitnodigings gereageer en die Here vertrou vir redding, geestelike groei, genesing en diensbaarheid.

Ons wil elkeen wat die naweek spesiaal gemaak het deur hul teenwoordigheid bedank en ons waardering uitspreek. Ons sien uit na volgende jaar.

**Gestuur namens die ringskommissie van Wes-Kaap**





# Wat het van EVANG

Terwyl ŉ vriend en broer in Christus my een middag gehelp het om iets te sweis, het ons gesels oor diep dinge rondom sekere omstandighede in kerke wat mens baie bekommer. Een van die onderwerpe waaroor ons gesels het, was die rol van die kerke wat gebuk gaan onder probleme wat, na my mening, toegeskryf kan word aan die toestand in die kerke soortgelyk aan die gemeente van Laodicèa.

ŉ Toestand wat spreek van selftevredenheid, terwyl, as die toets van die Woord toegepas word, naamlik werklike lewensnuutheid of wedergeboorte, kan ŉ mens die vraag stel "hoeveel is werklik gered" en die onbegonne taak kan vervul om in diè toestand enigsins "lig" en "sout" te wees, in ŉ wêreld wat in nood verkeer. ŉ Vraag, deur hom aan my gestel, was van groot belang: "Waarmee is die kerke besig en meer spesifiek, waarmee is ons as kerk, besig?
Die vraag het my gedagtes gelei na ŉ volgende vraag: "Waarmee – het Jesus aan ons gesê – moet ons besig wees?" Sy laaste woorde aan sy dissipels voor sy Hemelvaart, was ŉ opdrag om die evangelie te verkondig **Mark. 16:15** ***"En Hy sê vir hulle: Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom."*** Hy wou hulle herinner aan wat Hy tevore aan hulle gesê het **Matt. 9:37** ***"Toe sê Hy vir Sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min."***

Ons moet besef dat Hy, om hierdie opdrag aan sy dissipels te kan gee, ŉ geweldige duur prys moes betaal. **2 Kor. 5:21** ***"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."*** Die verkondiging van die evangelie is die beste nuus wat daar ooit aan ŉ wêreld, verlore as gevolg van sonde, gebring kan word. **Rom. 5:12** ***"Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het"*** – dus (**Rom. 3:23**) ***"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."***
Dit is die verantwoordelikheid van die kerk om die boodskap aan die ongeredde wêreld te bring **Spr. 24:11** ***"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug!"*** Om hierdie verantwoordelikheid na te kom, is nie opsioneel nie, maar ŉ opdrag van Jesus aan elkeen wat deel uitmaak van die Kerk van Christus.

Ek meen dat dit wyle ds. Attie Olwagen was, ŉ vorige moderator van die kerk en lank nie meer met ons nie, wat gesê het dat die enigste bestaansreg wat ons, as kerk het, is, as ons die evangelie verkondig, wat hy ook dan self ywerig en met groot vrug op sy arbeid, gedoen het. Aan hierdie voorwaarde het die Kerk vir baie jare voldoen, en die ewigheid sal getuig van die siele wat as gevolg daarvan gered is.
Verder herinner ek my aan baie geseënde tye in die verlede wat ons as Kerk, ervaar het. Spesiale dienste is in die Kerk gereeld gehou. In 1957 het wyle ds. S.J. Becker, destydse predikant in Pietersburg, so ŉ reeks dienste in die dorpsaal op Tzaneen gehou. As jong seun (toe in standerd 7) het ek tydens daardie reeks, vir die eerste keer die evangelie van Christus gehoor en positief daarop reageer **Rom. 1:16** ***"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek."*** My lewe is, as gevolg daarvan, in Christus nuut gemaak. Ek sou nooit weer dieselfde wees nie – Prys die HERE!
Ek weet van ŉ paar predikante in die Kerk, wat tydens spesiale dienste of ŉ evangelisasiediens op ŉ Sondagaand in die Kerk, gered is. Die jaar voordat ek kweekskool toe is (1966) het ek die wonderlike voorreg gehad om by ŉ predikant en sy

## Evangel
## dit is wannee
## sondaar ge

gesin, in die pastorie te bly. Ek sal die ondervinding vir niks ter wêreld verruil nie. Dit het my voorberei vir die bediening, toe ons sonder enige vakante gemeente in die kerk om ons te beroep, op versoek van ŉ paar lidmate op Bethal, met 13 in totaal, en ŉ belofte van Springs gemeente om te help met R50-00 per maand vir slegs 6 maande, op Bethal begin werk het. Ons gee die Here al die eer vir die wyse waarop Hy onderneem het. Deur Sy instaatstelling, is ŉ selfstandige gemeente tydens ons bediening, gestig, wat vandag steeds voortgaan.

My vriend se onuitblusbare ywer, las en passie vir siele, sy liefde en omgee vir ander, was uitstaande kenmerke van sy bediening, en op die ouderdom van 83, het nog niks verander nie. Sy woorde aan my ŉ tyd gelede was, dat die Here hom steeds seën deur siele wat gereeld oor sy pad kom en wat hy na die Here kan lei, dit gebeur gereeld, selfs weekliks. Sy bediening het een doel voor oë gehad, en het nog nooit verander nie, naamlik die redding van siele. Dinsdagaande was daar huisdiens, waarna die lidmate hul bure, vriende en familie genooi het, daar word steeds in sy gemeente, tot vandag toe, huisdienste gehou. God het hierdie dienste geseën en talle siele is gered.

Onlangs het die einste predikant my geskakel om vir my te sê dat hy ŉ begrafnis waargeneem het – een van die begrafnisgangers het vir hom gesê dat hy tydens ŉ opelugdiens sy lewe aan die Here gegee het en die bottel vir die Bybel verruil het en steeds volhard op die pad van die Here. Ek het daardie aand die boodskap gebring

# GELISASIE geword?

## isasie –
## er iemand as
## ered word.

en hy het gemeen om my te laat weet, net om te bevestig dat ons arbeid vir die Here, nie tevergeefs is nie **1 Kor. 15:58** ***"Daarom my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."*** Kontakte wat so gemaak is, is Sondag aangery kerk toe, ongeveer 15km. Soms moes ons twee keer ry om almal by die kerkdiens te kry. As predikant, het hy die voorbeeld gestel en self gedurende die week, siele wat oor sy pad gekom het, na die aanddiens genooi.

Sondagaande was oestyd – 'n geleentheid en belewenis wat die engele laat juig het. **Luk. 15:10** ***"So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."*** Dit wat ons in Johannesburg ervaar het, was die ondervinding in baie ander gemeentes in die Kerk, omdat daar op 'n Sondagaand net boodskappe gebring was wat mense opgeroep het tot bekering. Lidmate het geweet dat hulle hul ongeredde familie en vriende na 'n Sondagaanddiens kon nooi – hulle sou die evangelie hoor van God se reddende genade, en voor die keuse gestel word om Christus as Verlosser te ontmoet. Toe Sasolburg gemeente van Vanderbijlpark gemeente afgestig het, het hulle as gemeente, in Safas-kapel dienste gehou. Sondagaande het die gemeente vir die wat agtergebly het om deur persoonlike werkers gehelp te word, in klein groepies buite die saal gebid en die Here gedank vir die siele wat op die evangelie-boodskap reageer het.

Daar was ook ander gemeentes waar daar na die aanddiens, in klein groepies buite die kerk gebid was vir siele wat op die Evangelieboodskap reageer het, soos byvoorbeeld Roodepoort. Dit was gedurende die sewentiger-jare. Spesiale dienste was in die voor-en na-jare in gemeentes gehou. As studente van die kweekskool moes ons, waar moontlik, help met die hou van spesiale dienste. Waar 'n saal nie bekom kon word nie, het ons gehelp om 'n groot tent op te slaan. Daar is ook van huis-tothuis, persoonlik aan inwoners in die omgewing waar die dienste gehou sou word, pamflette uitgedeel en is hulle na die dienste genooi. Verder is plakkate in winkelvensters opgeplak, om die dienste bekend te stel.

In daardie tyd was daar baie teenkanting en is kerke se lidmate gewaarsku om nie die dienste by te woon nie. Die destydse Nuwe Protestantse Kerk was nie welkom nie en is gebrandmerk as 'n sekte. Nieteenstaande, het God die dienste geseën en is daar, indien daar genoeg belangstelling was, 'n nuwe gemeente gestig. Dit was nie vreemd om tydens 'n diens te sien hoedat iemand diep onder die oortuiging van die Heilige Gees, met trane wat vryelik vloei, reageer het op die uitnodiging om Christus as Verlosser aan te neem nie. Daar was 'n ongekende honger na die evangelie van Christus soos in Rom.1:16. Ook op ander plekke was daar predikers wat die boodskap met groot vrug verkondig het, soos wyle dr. Willie Marais, Danie Steyn en andere.

As jong seun, het ons later vanaf Tzaneen na Johannesburg verhuis. Dit was gedurende die tyd toe ds. Willie Marais predikant in Brixton was. Reeds 'n uur voor die diens begin het, was die kerk stampvol en moes mense buite staan of sit om na die boodskap oor die luidsprekers te luister. Ek sê dit met droefheid in my hart, dat kerke 'n duur prys gaan betaal omdat ons nie meer die opdrag van Jesus ernstig opneem en nakom nie. Soos die baie bekende Titanic vaar ons in gevaarlike waters. Die dalende ledetal in kerke, die groot getal passiewe lidmate, die gebrek aan belangstelling, is soos rooi ligte op ons pad.

Ds. Hannan Viljoen skryf in sy boekie **"Die grootste nood van die Kerk"**, die volgende: *"In sommige wêrelddele soos Duitsland, Nederland en Engeland is baie gemeentes, veral die van tradisionele kerke, op die punt om te sterwe."* In ons eie Suid-Afrika, gaan dit geensins beter nie, sonder om te evangeliseer, sal kerke, selfs voorheen evangeliese kerke, uiteindelik sterf. In een van die groter gemeentes in die kerk, is die gemiddelde ouderdom van lidmate bo 50 jaar 64% uit 'n totaal van 227. Dit skets 'n baie donker prentjie. Vir baie jare is daar nagelaat om te evangeliseer, met kommerwekkende gevolge. Indien dit so voortduur, sal die ledetal, indien daar nie geëvangeliseer word nie, daal van ongeveer 220 na 82, binne die volgende 20-30 jaar – natuurlike aanwas en lidmate uit ander gemeentes en kerke, uitgesluit. Mens wonder maar net of die omstandighede in die Kerk dieselfde prentjie skets. Indien wel, hoeveel gemeentes sal daar binne die volgende 20-30 jaar nog bestaan.

Met die nuwe strominge in die teologie, word die nood net groter om aan 'n verlore wêreld, helder en duidelik die evangelie te verkondig. Dit is Jesus self wat die vraag gestel het: ***"As die Seun van die mens kom, sal Hy die geloof op die aarde vind?"*** (**Luk. 18:8**) As die toets van die Woord, naamlik werklike lewensnuutheid of wedergeboorte toegepas word, het 'n mens rede om te vra hoeveel van die baie name op die gemeenteregisters verskyn, se name is ook in die Boek van die Lewe geskrywe?

**Vervolg op bl. 15**

# ONS KAN WEER KAMP!

Tydens die 2021 Sinode het die Noordelike Ring Kinderbedieningskommissie met groot opgewondenheid saam om die etenstafel weggespring met die reëlings vir 'n Katkisantekamp en Kinderkamp vir 2022.

Briewe is uitgestuur na elke kinderbedieningstak in die Noordelike Ring om die gemeentes bewus te maak van 'n kamp. Op 9 Maart 2022 het die kommissie die kinderbedieningstakke genader om te deel in 'n dag van vas en gebed om die komende kamp aan die Here op te dra.

Die kinderkamp is reeds vanaf 2018 'n instelling en dit was ons voorreg om ook dan hierdie jaar die katkisante te verwelkom en ook Potgietersrusgemeente (met 'n bus vol 20 kinders) asook Warmbadgemeente wat die kamp bygewoon het.

Albert Bartsch van die Afrika Evangelisasie Bond was die spreker vir die katkisantegroep wat graad 7 tot graad 11 ingesluit het. Daar was 50 jongmense saam en die hooftema vir die naweek was "Fan or Follower". Met groot dankbaarheid het die jongmense Sondag tydens die laaste diens opgestaan en getuig van die wonderlike werk wat die Here vir hulle gedoen het tydens die naweek.

Ds. Wynand en Carina van Niekerk het die laerskoolgroep van 56 kinders wat graad 3 tot graad 6 ingesluit het voorgegaan. Hier het die kinders die boodskappe aangehoor onder die tema: Die Koning Kom. 'n Poppekas en karakters was ingespan om die evangelie oor te dra. Hier het die kleingroep leiers getuig hoe die kinders kom vra het asseblief bid saam met my ek het die Koning nodig.

As kommissie van die Noordelike Ring Kinderbediening wil ons aan ons hemelse Vader al die lof en al die eer van ons harte kom gee vir die wonderwerk wat Hy in kinderharte en lewens kom doen het. Ons bid nou saam dat die goeie werk wat Hy begin het, sal voortgaan en tot verrykking van die verskillende kinderbedieningtakke en gemeenskappe sal wees.

Langs hierdie weg wil ons ook elke gemeente en donateur bedank wat deur middel van kruideniersware en geldelike steun ons hande kom versterk het om die kamp te kon aanbied vir die kinders van die Noordelike Ring.

***"En wat in die goeie grond val — dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra."***
**Lukas 8:15**

Mag dit ook u gebed wees saam met ons.

# Kinderbedieningsvergadering

Die jaarlikse Noordelike-Ring kinderbedieningsvergadering is Maartmaand te Nylstroom gehou.

Afgevaardigdes van byna elke gemeente was teenwoordig. Die predikante het ook hulle liefde vir die kinderbediening gewys deur hul teenwoordigheid en deelname.

Hier word nie net boeke nagesien nie. Gebede het opgegaan vir ons land se kinders. Ds. Andries het ons verkwik met 'n kosbare boodskap uit Deuteronómium 4, veral vers 9 ***"Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak:***

Hy het onder andere genoem dat die kwaliteite vir 'n kinderbedieningsfasiliteerder is:

- 'n Hart vir God,
- 'n Liefde vir mense
- 'n Passie vir God se Woord
- Persoonlike geestelike groei
- 'n Gewilligheid om voor te berei en
- Toegewyd wees teenoor die kinders in jou klas – stel belang, bid vir hulle.

Idees is uitgeruil en elkeen kon huis toe gaan met 'n nuwe passie vir kindersiele, propvol nuwe idees om te gaan toepas. Gemeentes met nuwe personeel kon vriende maak en idees kry by die wat dit al langer doen.

Nylstroomgemeente het hulself oortref met 'n heerlike ete na die tyd, waar lekker gekuier is, drome en ideale gedeel en idees uitgeruil is.

Vir my was dit die mooiste gesig om te sien hoe passievol elke verteenwoordiger verduidelik van die werk in sy/haar dorp. Dan besef 'n mens weer dat die prentjie groter is. Ons Kerk is 'n netwerk wat regoor ons land uitreik na kindersiele. Mag God hierdie jaar en elke jaar baie kindersiele red in ons ring en ook in ons land.

**Carina van Niekerk**



# Die Ooskus verspoel net voor Paasnaweek

Ja, Durban het weereens deurgeloop. Minder as ’n jaar gelede het die onluste ons getref en nou die sikloon… Al die reëlings was in plek om die eerste amptelike Natal Paaskonferensie te hou. Ons het ’n pragtige terrein bespreek gehad met slaapplek vir 150 mense. Die leraars wat die boodskappe sou bring was voorbereid met geestelike voedsel vir die konferensiegangers en die voedsel vir die magies is aangekoop en voorbereiding het reeds in alle erns begin. Koekies en beskuit is gebak en die spyskaart vir elke dag is beplan.

Toe kom die eerste reën die Saterdag voor die konferensie. Die Saterdagaand skakel die personeel van die terrein en stel voor ons kanselleer die konferensie as gevolg van ’n bietjie water wat in die onderste gedeelte van die terrein staan en nie wegsyfer nie. Ons beskou dit egter net as ’n uitdaging en begin pompe reël om die water weg te pomp. Daardie Maandag tref die sikloon ons…

Noodgedwonge moes die Natalse Paaskonferensie gekanselleer word. Die paaie was totaal verspoel. Die vraghouers wat in die vraghouerpark langs die N2 snelweg gepak was, is deur die water op die N2-snelweg gespoel en die voertuie wat onkant betrap is, het op die snelweg weggespoel. Van die vraghouers het selfs 3km verder suid op die snelweg te lande gekom. Modder het die N3 versper en geen voertuie kon in Durban inkom nie. Honderde mense het hulle huise en alles wat hulle besit het in die vloede verloor. Baie het selfs hulle lewens verloor.

Vir ons as gemeente is dit ’n bewys van die oordeel van God en ’n geleentheid om die evangelie met ander te deel sou hulle ’n gesprek in die rigting van die vloed begin. Tydens die onluste so ’n klompie maande terug het die inwoners saamgestaan en ’n ondersteuningsnetwerk in plek gesit sou daar verdere onluste wees. Almal was gereed om die onlusmakers te stop. Hier was egter geen stop aan die water nie en ’n gevoel van totale magteloosheid het geheers. Dit bewys God se almag – niemand kon die water stop nie.

Ons is die Here dankbaar dat geen van die gemeentelede ernstige skade gely het nie en niemand het geliefdes aan die dood afgestaan nie. Teen Goeie Vrydag het die water so afgeloop dat die N2 van Amanzimtoti gangbaar was en kon die lidmate vandaar by die kerk kom. Ds. Frikkie Lombard en die kerkraad het voorgestel dat die gemeente voortgaan met die konferensie maar by die kerk self. Elkeen slaap by sy eie huis en woon die dienste by en eet dan saam by die kerk. Ons het hartlik Hallelujaliedere gesing en by Eden ingeskakel met WebWoord en die hele gemeente het so saam geluister. Vir ons as gemeente was dit ’n baie geseënde Paasnaweek en harte is aangespreek deur die boodskappe.

Graag wil ons laastens ons innige dank uitspreek teenoor almal oor die land wat vir ons gebid het, vir elkeen wat gebel het om te hoor hoe dit gaan en hulp aangebied het en vir elke boodskap van ondersteuning. Mag die Here u ryklik seën vir u omgee.

**Gideon Botha**
**Durban**





*Aangename Kennis:*

# Ds. Pieter Burger

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Pietermaritzburg

**Vertel ons van u kinderjare.**
My pa het op die Spoorweg gewerk en derhalwe het ons baie getrek. Na my geboorte het my ouers na Windhoek verhuis en weer daarna na Ermelo waar ek my eerste ontmoeting met die EG Kerk, onder die bediening van ds. Willie Roux, gehad het. Daarna het ons weer verhuis, die keer Durban toe. In die dae toe my pa skofte gewerk het, het dit maar moeilik gegaan om die jongspan stil te hou, veral as pa nagskof gewerk het. Een van my gunsteling herinneringe uit my kinderdae was huisgodsdiens saans voor slaaptyd.

**Waar het u skool gegaan?**
Laerskool gr. 1 tot st. 4 – Laerskool JJ van der Merwe, Ermelo, St. 5 Werda Primêr, Malvern, Durban
Hoërskool St. 6 tot Matriek – Hoërskool Werda, Hillary, Durban

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
15 April 1990. Dit was tydens die oggenddiens waar die Here deur sy dienaar, ds. Bill Barkley, my lewe tot stilstand geruk het en ek gekonfronteer was met my sondetoestand asook die ewigheid. Daardie dag het ek my lewe oorgegee aan die Here. Dit was in 1992 wat die Here my die eerste keer ook geroep het tot voltydse diens. Dit ongelukkig, is nie die einde nie. Na 'n vreeslike losbandige en sondige jong lewe het dit my 11 jaar geneem om waarlik die Here te vind, ook eers na ek en my vrou ons eersteling aan die dood moes afstaan. In daardie tyd het die Here, deur sy Heilige Gees, my geleer dat ek nie die wêreld en Hom kan dien nie. Met daardie gebeure het nie net my verhouding met die Here verdiep nie, maar het dit ook 'n rypheid in my en my vrou se huwelik bewerkstellig.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Augustus 2011 in Volksrust nadat ons vir omtrent vier jaar voltydse besoekers was.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2012-2015. Van my klasmaats wat nog in die bediening is, net Herman Van Zyl en Charl Linde.

**Wie was u dosente?**
Drr. André Bester en Juan Minnie, di. Gerhard de Wet en Jurg Prinsloo.

**Vertel vir ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae.**
Kweekskool was vir my 'n geweldige uitdaging, veral omdat ek daaraan gewoond was om heeldag aktief te wees. So om toe vir 5 ure te gaan stilsit in die klas was nie maklik nie, veral nie op die ooglede nie. Per geleentheid in ons eerstejaar bied ds. Loubser vir ons Missiologie aan. So raak ek weer baie rustig en plaas my liniaal onder my ken om my swaar kop regop te hou. Die liniaal het nie die toets geslaag nie en daarna was almal in die lokaal, insluitende myself, wakker, na hulle eers geskater het van die lag.

**Hoe lank is u getroud?**
21 jaar met die liefde van my lewe, Vanessa.

**Vertel vir ons hoe u u gade ontmoet het?**
Ons was albei op onderwyskollege in Durban. Ons is aan mekaar voorgestel deur haar vriendin, wat op daardie stadium my meisie was. Toe ek haar ontmoet het ek dadelik geweet dat sy die een is wat die Here vir my eenkant gesit het.

**Hoeveel kinders het u?**
Twee dogters, Danelle 18 en Rebecca 12

**Watter gemeentes het u bedien?**
Welkom Goudveld vanaf Desember 2016 tot op hede.

**Wat is u gunsteling dis?**
O, waar sal ek begin? Kerriekos (hoe warmer hoe beter) met krummelpap of braaivleis, met krummelpap natuurlik. Ek het ook 'n soettand en is baie lief vir melktert.

**Het u enige stokperdjie?**
Ek hengel graag, wanneer ek die tyd het, en speel ook graag Minecraft saam met my kinders.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Verseker die Wildtuin/bosveld en dan ook Tofo in Mosambiek wat 'n onvergeetlike ervaring was.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Enige iets van CH Spurgeon, Sidlow Baxter, Willie Marais, Andrew Murray en AW Tozer en natuurlik EM Bounds.



# Wat het van EVANGELISASIE geword?

## Vervolg vanaf bl. 11

Ek stel maar net weer die vraag: Wat het van evangelisasie geword? Het ons die opdrag van Jesus gerieflikheidshalwe op die agtergrond geskuif? Kan ons werklik uitsien na die wederkoms van Christus? Ons glo almal dat sy koms voor die deur is.
Die ongehoorsaamheid teenoor Jesus se opdrag, sal vir baie 'n verleentheid skep by sy wederkoms. **1 Joh. 2:28** ***"En nou, my kinders, bly in Hom sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by Sy Wederkoms nie."***

'n Gerespekteerde emeritusleraar van ons Kerk het tereg gesê dat bekerings skaars geword het, omdat in die kerk die verkondiging van die evangelie van Christus skaars geword het. **Rom. 1:16** ***"Want ek skaam my nie oor Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek."***

Deur gebruik te maak van die moderne tegnologie, is dit nie moeilik om die stelling te toets nie. Die temas, soos aangedui op WebWoord waardeur daar aangedui word oor watter temas daar gepreek word, maak dit maklik. Kyk maar gerus op WebWoord en jy sal sien dat die boodskap wat verlore siele moet hoor, sodat hulle gered kan word, skaars geword het.

Nog 'n voormalige moderator het in 'n boodskap gesê dat indien jy tevrede is om alleen hemel toe te gaan (deur nie die evangelie te deel nie) is jy in alle waarskynlikheid nie op pad hemel toe nie. Om "evangelies" in naam alleen te wees, en daar is 'n aantal sulke kerke, is nie genoeg nie. Die boodskap van die Kerk moet dien as bewys daarvan dat ons dit as 'n saak van erns beskou, om die oes wat ryp is, waarvan Jesus gepraat het, in te samel.

Vir talle siele is dit reeds te laat omdat ons die opdrag van Jesus, as Kerk, nie met erns gehoorsaam het nie. **Joël 1:11** ***"Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is."*** **Jer. 8:20** ***"Die oes is verby, die somer is ten einde, en ons is nie verlos nie!"***

Ek vra maar weer: "Waarmee is ons, as Kerk, besig? Is ons besig om Sy opdrag uit te voer? Jesus het Self gesê **Matt. 24:46** ***"Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig vind."***

Waarmee is ons besig? Ons moet ag gee op Jesus se waarskuwing in **Open. 2:5** ***"Onthou waarvandaan jy uitgeval het en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."***

Amen.

**Francois Viljoen – Voormalige leraar EG Kerk SA**

---

# Is Jesus aan die kruis of op die troon?

## Vervolg vanaf bl. 5

Hoe dikwels hoor ons die klagte: Ek kan nie bid in die openbaar nie, ek kan nie vir die Here getuig nie, ek kan nie die Bybel verstaan nie, almal het nie ewe veel talent nie, nee my lewe moet maar net getuig en my woorde hoef nie. Is u een van die mense wat so praat?

Laat ek dan eers vra: Het Jesus se bloed u al gered? Het u al u vertroue van uself na Hom toe oorgeplaas?

Indien die antwoord Ja is, is daar geen verskoning. Jesus aan die Kruis mag nie die enigste werklikheid in u lewe wees nie, maar Jesus op die Troon ook, en dan sal Jesus op die wolke ook al meer 'n werklikheid word. **2 Pet. 3:13-14** ***Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.*** **14** ***Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.***
Toe die Heilige Gees die 120 in die bovertrek vervul het, het hulle dadelik met groot krag begin spreek van die groot dinge wat God gedoen het. Wat die hart van vol is loop die mond van oor, en as die hart vol is van Jesus, sal daar van Hom gespreek word. Om vol te wees van die Heilige Gees, beteken om vol te wees van Jesus want dan is Hy alleen op die troon, want die taak van die Heilige Gees is om die Seun groot te maak.

Daar is in byna elke gemeente diakens of ouderlinge nodig, maar ek lees die volgende toe hulle diakens wou aanstel: **Hand. 6:3** ***Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;*** Maak tog gebruik van die belofte van Jesus op die troon waarvoor Hy voorsiening gemaak het... **Ef. 5:15-18** ***Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is. Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.***
- Soek die belofte van vervulling.
- Besef u is geestelik kragteloos sonder dit.
- Doen selfondersoek en kry klaar met sonde.
- Gee volkome oor, wagtend en biddende op die belofte.

# Dink aan die vrou van Lot

Vroueblad...

Op 6 Mei 1954 het Roger Bannister die eerste man in die geskiedenis geword om 'n myl onder vier minute te hardloop. Skaars twee maande daarna verbeter John Landy die rekord met 1,4 sekondes. Op 7 Augustus 1954 kom die twee manne byeen om 'n geskiedkundige wedloop teen mekaar te hardloop. Met die aanbreek van die laaste rondte het Landy die voortou behou. Dit het geblyk dat hy sou wen, maar terwyl hy die wenstreep nader, het die vraag by hom gespook: *"Waar is Bannister?"* Net toe hy omkyk, steek Bannister hom verby en wen die resies. Landy het later aan 'n verslaggewer gesê: *"As ek nie terug gekyk het nie sou ék gewen het!"*

Liewe vriendin, ons vind 'n kort maar treffende Bybelvers in **Lukas 17:32** waar Jesus sê: ***"Dink aan die vrou van Lot!"***. Die blote gedagte aan Mevrou Lot laat sommer so soutsmaak in mens se mond. Hoekom wil Jesus hê dat ons aan haar moet dink?

Kom ons herinner onsself kortliks aan haar verhaal, en dan sal ons begryp hoekom dit nodig is om aan haar te dink: Lot en sy vrou en twee dogters en aanstaande skoonseuns, het hulself knus ingeburger in die stad Sodom. Wel dit was regtig "so dom", want dit was nie 'n goeie besluit om hul dogters dáár te laat opgroei nie. Ons lees in **Genesis 18:20:** ***"Verder het die HERE gesê: Die geroep oor Sodom en Gomorra is waarlik groot, en hulle sonde is waarlik baie swaar."*** Abraham, Lot se oom, smeek naderhand die Here om selfs net ter wille van tien siele die stad te spaar, maar helaas vind ons dat daar nie eens tien regverdiges gevind was nie, want die Here stuur engele om vir Lot en sy gesin te gaan waarsku aangaande sy komende oordeel oor Sodom en omliggende streke.

Lot ontmoet die twee engele by die stadspoort en dring aan dat hulle by hom en sy gesin (ons kan seker sê "die hele lot van hulle") tuisgaan die nag. Ons lees egter die ontstellende verhaal hoedat die stad se manne daardie nag Lot se huis omsingel het en geëis het dat die besoekende manne uitgebring moet word sodat die stad se manne, oud en jonk, seksuele gemeenskap met hulle kon hê. Lot bied eerder sy dogters vir hulle aan, maar hul wil met geweld sy deur oopbreek om die manne te beken. Die engele pluk Lot terug in die huis in en die Sodomiete word met blindheid geslaan sodat hulle nie die ingang kon vind nie. Nou word Lot en sy gesin ernstig gewaarsku deur die engele om uit die stad te vlug want ***"die HERE het ons gestuur om dit te verwoes."*** (**Gen.19:13**) Toe die dag begin breek het die engele nogmaals by Lot aangedring om klaar te maak en die stad uit te vlug sodat hulle nie ook onder God se oordeel kom nie. Lot het nog getalm. (**Gen.19:16**) Uiteindelik gryp die engele hulle aan die hand en neem hul uit die stad. Hul ontvang 'n ferm waarskuwing vanaf die Engel: ***"Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie..."*** (**Gen.19:17**) Daarna is die beker van God se grimmigheid uitgegiet oor Sodom. ***"En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel..."*** (**Gen.19:24**) Ten spyte van die opdrag om nie om te kyk nie, het Lot se vrou nie gehoor gegee nie. ***"En sy vrou het agter hom omgekyk, en sy het 'n soutpilaar geword."*** (**Gen.19:26**)

Dink aan die vrou van Lot. Meeste vrouens is maar nuuskierige goedjies, en mens is geneig om so effens simpatie met Mevrou Lot te wil hê. Hoe moeilik sal dit wees om nie te wil terugkyk om te sien wat gebeur met jou pragwoning, jou vriende, jou haarkapper en jou gunsteling winkels nie. Alles wat sy geken en liefgehad het, gaan in vlamme op agter haar. Maar dis juis waar die probleem gelê het – dis wat sy liefgehad het. As sy werklik die sonde van Sodom verafsku het soos sy behoort te gedoen het, sou haar hart nie teruggeneig het na Sodom nie. Sy sou haarself nie bevriend het met die goddeloses van daardie stad nie. As sy enigsins Godvresend was, sou sy nie haar tuiste geskep het in die hartjie van 'n stad wat die lankmoedige God tart en terg met hul sonde totdat Sy toorn ontvlam nie.

Alhoewel sy byna met geweld uit die stad geneem moes word, het haar hart in Sodom agtergebly. Sy was die enigste een van haar gesin wat net eenvoudig terug móés kyk, ten spyte van 'n opdrag om dit nie te doen nie. Sy was uit Sodom uit, maar Sodom was nie uit haar uit nie.

Jesus wil hê dat ons moet dink aan Lot se vrou as waarskuwing. Sy wou 'n vriend van die wêreld wees, en toe word sy 'n vyand van God. (**Jak. 4:4**) Die feit dat sy haarself nie kon weerhou om terug te kyk na dit wat God veroordeel nie, het haar hart openbaar. **1 Joh. 2:15** ***"Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie."*** Die feit dat sy teruggekyk het, was nie haar sonde nie. Die terugkyk was die gevolg van 'n sondige hart. Sodra ons God se opdragte nie gehoorsaam nie, wys dit dat daar ander dinge is wat voorrang geniet in ons harte. **Mat. 6:24** ***"Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag."*** Haar liefde vir die sondige Sodom was groter as haar liefde vir God en sy gebod. Ons mag dalk dink dat sonde nie ernstig is nie. Ons dink God sal dit oorsien. Dan verstaan ons niks van die duur prys wat Christus moes betaal om ons los te koop daarvan nie. **Jes. 53:5** ***"Maar***

***Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel..."*** Christus is verbrysel ter wille van ons sonde. Het jy al jou sondeskuld by Jesus se voete neergelê en verlossing gevind, of klou jy nog aan sonde vas? Dink aan die vrou van Lot. Sy en haar gesin het dalk bekend gestaan as kinders van God, maar haar hart was ver van God af. Op die dag wat die oordeel gekom het, wou haar voete dit ontvlug, maar in haar hart was sy 'n burger van Sodom. Is dit ook jou lewe? Jy gee voor om God lief te hê, maar jou hart is nie by die Here se dinge nie. Moenie met God se genade speel nie. Daar kom 'n dag wanneer God hierdie wêreld in geregtigheid gaan oordeel – net soos in die dae van Noag en Lot. **Hand. 17:30,31** ***"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel..."*** **Mat 7:14** ***"Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind."*** Dink aan die vrou van Lot.

Groete in Christus

**Karen Devenier**
**Middelburg**

## Briewe aan my seun

# Afstand tussen pa en seun



My liewe seun,

Dit is 'n baie ongelukkige verhouding waarin so baie vaders met hulle kinders lewe. Die uiters waardevolle lesse wat in die kinderjare geleer kan word, en die ondervindings van die lewe wat gedeel kan word met die jonger geslag, bly agterweë a.g.v. die opsigtelike vervreemding tussen 'n vader en sy seun. Moontlik is hierdie vader 35 en sy seun slegs 'n tere 10. 'n Gaping van 25 jaar kan hierdie twee van mekaar verwyder. Dit is verkeerd wanneer ouers so 'n "gaping" toelaat.

'n Vader behoort "op te groei" saam met sy seuns, soortgelyk behoort 'n moeder "op te groei" met haar dogters! 'n Seun se beste maat behoort sy pa te wees! (Dit meen natuurlik nie dat hierdie vader afstand sal doen van sy gesagsposisie in die huis wat hy van God ontvang het nie.) Ware vriendskap tussen 'n vader en sy seun behoort alreeds vroeg in hierdie seun se kinderjare te begin.
In elke kind se lewe is daar periodes van angs en perpleksiteit. Wie anders as die beskikbare vader kan die nodige en akkurate begeleiding in so 'n kind se lewensfases beter behartig? Menige seun se mislukking en terugval kan nagespoor word vanaf die tyd wat sy vader "afwesig" was. Ons leef in 'n gemeenskap wat bekend staan as die van "die afwesige vaders."

Die pa wat sy seun los om dinge vir homself uit te vind, is skuldig aan ernstige nalatigheid en plaas 'n onredelike obstruksie op so 'n kind se toekoms. Die ongelukkige afstand tussen 'n vader en sy seun skep die ongelukkige moontlikheid dat so 'n seun die feite van die lewe gaan leer in die taal van die wêreldse riool. Op skool, of daar buite, agter die waskamers, is die pornografiese weg waarlangs hy gaan "leer". So iets moet ten alle koste vermy word!

Vanoggend met my stiltetyd het ek weer die dramatiese gebeure in Gen. 22 gelees (Vader Abraham en sy seun, Isak, op pad na Moria – om sy seun daar te gaan offer). Wat my opgeval het, was die voorkoms van die woorde "hier is ek". Toe God in vers een na Abraham roep, sê hy dadelik: "Hier is ek." Daar was noue gemeenskap tussen Abraham en sy God. In vers sewe roep die seun Isak waar na Abraham en hy antwoord: "Hier is ek, my seun!" Dit wys vir ons weer hoe na aan mekaar het Abraham en sy seun geleef. "So het hulle twee dan saam geloop" lees ons in vers agt. Die saamloop tussen 'n vader en sy seun in die paaie van hierdie lewe en in besonder op die geestelike weg, is vir die seun onontbeerlik.

Ja, my seun, ek weet ek moes hierdie brief aan alle vaders oor die wêreld gerig het en nie soseer net aan jou nie. Maar dit is met diepe dankbaarheid teenoor die Here, wat ek terugdink aan jou kinderjare en veral jou tienderjare, waarin ek die voorreg gehad het om met jou te kon meeleef. Altyd was dit vir my 'n opgewondenheid om die kantoordeur agter my toe te maak, of uit 'n veeleisende vergadering te verdaag en by jou uit te kom! Al is jy nou uit die huis uit, nooi ek jou steeds, soos Isak vir Jakob gesê het: "Kom tog nader en soen my, my seun!"

Mag jy en ek vorentoe steeds sulke groot maats wees as wat vandag die geval is.


**Jou liefdevolle vader.**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | P | V | E | R | G | I | F | N | I | S | P | D | I | E | H | G | I | D | R | E | V | G | E | R | D | D |
| R | A | A | W | H | E | M | E | L | V | A | A | R | T | I | E | T | I | R | G | E | T | N | I | O | I | I |
| K | A | D | K | R | E | I | N | H | E | I | D | A | P | R | E | D | I | K | I | N | G | U | O | R | E | B |
| R | K | E | R | S | E | E | W | E | T | R | E | P | P | A | D | M | O | P | E | O | R | P | O | P | H | E |
| E | S | R | A | A | D | K | R | U | I | S | T | E | O | T | K | O | N | I | N | G | R | U | U | V | S | W |
| K | G | N | I | P | E | O | R | L | G | N | I | D | N | A | T | S | P | O | E | N | G | G | D | B | Y | E |
| E | B | K | G | N | I | N | O | K | I | N | D | V | A | N | G | O | D | P | T | I | I | O | E | E | W | L |
| D | E | E | E | R | A | G | E | B | P | K | R | E | M | E | D | E | L | Y | E | R | N | L | R | M | E | E |
| R | G | N | I | R | E | K | E | B | P | E | H | E | P | V | P | D | P | S | L | A | E | R | L | O | E | G |
| E | E | N | P | H | K | L | N | H | D | D | I | E | E | T | I | E | N | P | E | B | O | O | I | E | K | I |
| E | E | I | S | E | O | U | I | E | O | S | K | R | I | S | I | S | E | N | B | N | S | O | N | D | R | W |
| M | R | S | P | F | F | O | L | P | A | O | T | G | S | D | T | P | E | I | Y | E | R | R | G | I | E | E |
| R | T | P | T | P | F | R | P | R | P | R | R | I | E | K | R | E | W | L | B | P | E | D | E | G | W | D |
| O | E | E | E | H | E | V | I | R | O | O | P | S | K | L | O | P | K | L | D | O | V | E | S | I | R | F |
| F | S | A | A | I | R | P | S | U | E | E | S | A | A | K | O | O | R | E | I | W | L | E | N | N | E | E |
| E | H | R | G | H | S | O | S | P | L | I | T | A | A | A | T | O | E | T | N | H | I | L | E | G | D | I |
| R | E | U | N | N | R | I | I | S | N | E | N | N | W | N | M | L | F | S | U | K | E | H | K | I | N | L |
| E | G | I | I | G | L | A | D | R | L | B | E | W | E | L | K | M | I | R | R | E | D | A | A | D | O | N |
| G | N | T | G | E | A | A | E | A | I | H | Y | M | I | M | R | T | N | E | O | S | S | G | I | E | W | E |
| S | I | T | G | D | A | M | K | D | R | S | A | E | K | A | A | S | V | E | R | B | O | N | D | L | O | P |
| E | N | O | E | R | M | S | I | U | H | T | F | I | W | B | K | T | K | L | O | V | L | I | G | E | O | O |
| I | O | G | S | O | G | F | L | E | S | D | E | A | B | O | I | O | S | T | E | U | R | D | E | P | R | O |
| L | L | E | K | A | A | K | E | E | E | S | A | A | O | U | R | T | I | E | N | D | E | D | B | M | D | H |
| E | E | E | N | T | N | R | T | P | A | K | S | R | E | T | S | E | E | M | T | H | V | E | E | E | V | F |
| G | B | D | A | A | E | U | S | R | E | T | A | W | D | I | E | H | N | E | E | E | I | R | D | T | A | O |
| N | F | R | D | H | O | W | E | N | S | E | E | G | E | I | D | N | A | V | S | E | W | A | G | S | N | O |
| A | L | U | H | V | A | S | E | N | D | E | L | I | N | G | N | I | P | P | E | K | S | U | H | E | G | L |
| V | A | U | D | I | E | H | G | I | D | E | I | B | R | E | E | C | H | R | I | S | T | E | N | E | O | E |
| E | S | S | N | A | A | T | I | R | A | M | A | S | E | G | I | T | R | A | H | M | R | A | B | F | D | G |

**Ontdek die volgende woorde, name, plekke en gedagtes in die blokraai. Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal en in enige rigting wees. Kappies en deeltekens word nie gebruik nie. Woorde in hakies ter verduideliking.**

AANBID
ARK
BARMHARTIGE SAMARITAAN
BEGEERTES
BEKERING
BEKOMMERNISSE
BELOFTES
BELONING
BEMOEDIGING
BEROU
BID
BLYDSKAP
BOODSKAP
BYBEL
CHRISTENE
DAAD
DANK
DANKSEGGING
DIAKENS
DIEET
DISSIPELS
DOOP
DRIE EENHEID
EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
EER
EERBIEDIGHEID
EVANGELIE
EWIGE LEWE
FEESTE
FLES
GEBED
GEESTELIKE DISSIPLINE
GEHOORSAAM
GELOOF
GELOOF, HOOP EN LIEFDE
HEERLIKHEID
HERE
HOOP
HUIS
INSPIRASIE
INTEGRITEIT
KAAK
KATEL
KENNIS
KERK
KERS
KIND VAN GOD
KLEED
KONING (x2)
KORT
KRISIS
KRUIS
LEDIG
LEERSTELLINGS
LEWE
LIED
LIEFDE
MEDELYE
MEESTERSKAP
MERK
MIRRE
NAGMAAL
NET (VIS)
NUWE TESTAMENT
OES
OFFERS
OORDEEL
OORLOG
OPENBARING
OPROEP OM DAPPER TE WEES
OPSTANDING
ORDE
OU TESTAMENT
OUDERLINGE
PA
PAAS(FEES)
PREDIKING
RAAD
REDDING
REGVERDIGHEID
REINHEID
ROEPING
SAAI
SABBAT
SALF
SELF
SENDELING
SKAAP
SKEPPING
SOEN
SPAAR
SUURDEEG
TEKEN
TEMPEL
TIEN GEBOOIE
TIENDE
TOETS
TRADISIE
UITTOG
UITVERKIES
VADER
VAS
VERBOND
VERGIFNIS
VERLOS
VERSOENING
VERTROU
VOLK
VREDE
VROU
VUUR
WAAK
WAAR
WARM
WAS
WATER
WEEK
WEEN
WENSE
WERK
WET
WONDERWERKE
WOORD VAN GOD
WYSHEER
WYSHEID




Beide boeke is direk verkrygbaar van dr. Willie Kotze (em.) teen R50-00 elk, posgeld uitgesluit.
WhatsApp: 083 468 6603
E-pos: kotzewj17@gmail.com




## OPLOSSONG BLOKRAAI 2

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | R | E | E | M | D | E | L | I | N | G | E | | G | R | A | F |
| I | | M | | | E | | | | | O | | | | | | |
| E | | M | | J | U | D | A | S | K | U | S | | | B | L | Y |
| R | | A | | | R | | | P | | | | H | | E | | |
| | | U | | | E | | T | E | T | E | L | E | S | T | A | I |
| | E | S | E | L | | S | | S | | | | R | | A | | |
| | | | | | | A | | E | | G | | O | | N | | N |
| | K | E | D | R | O | N | | R | | O | | D | | I | | A |
| | O | | R | | | H | | Y | | L | | U | | E | | T |
| | N | | I | | | E | | E | | G | A | S | A | | | A |
| S | I | T | E | R | | D | | | | O | | | | S | O | N |
| | N | | | | A | R | I | M | A | T | H | E | A | | | A |
| | G | | | | | I | | | | A | | | | | | E |
| | | C | I | R | E | N | E | | | | R | O | O | I | | L |



# LOFDAL Konferensie

## 25 tot 30 Junie 2022

**Hoofsprekers:**



Johnny Young



Ds. Ferdie Devenier

**Besprekings:**
Mev. Elize Lyon
083 067 72867

**Finansiële Bydraes:**
EG Kerk Lofdal ABSA
Tzaneen Rek. no.
1260191639

Ander sprekers sal mettertyd bekend gemaak word

**Jeugdienste:**
Ds Andrew Bruyns

**Kinderdienste:**
Mev Santa Lourens

24°07'47.4"S 30°24'57.9"E
-24.129833, 30.416085

Hiermee word u hartlik uitgenooi na die

## Nasionale Vrouekamp vir 2022

Spreker : Anthony Noble
Datum : 14 – 16 Oktober
Plek : Cyara Kampterrein
Koste : R750 per persoon




Besprekings kan gedoen word by
Ina Janse van Rensburg – indria@absamail.co.za
072 718 4897 / 015 307 3371

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Julie/Augustus 2022 • #647




## Handelinge 1:8

- Geloof en Bekering, dan Wedergeboorte
- Die Jongeling Daniël
- Hy sien al jou voetstappe

# ... van die Redakteur

Met die winterseisoen nou in volle swang, hoop ons om ook met die inhoud van hierdie uitgawe u as leser se gemoed te verwarm. Met die sentrale tema van die uitgawe *Die Sendingveld* in gedagte, sou 'n goeie vertrekpunt ongetwyfeld die redding van die siel wees, met gepaardgaande roeping tot Sy diens daarna; soms vind roeping eers plaas, maar met onmiddellike redding daarna.

Die Sendingveld sluit natuurlik nie net diens as leraar in 'n gemeente in nie, maar ook buite gemeenteverband, om en rondom ons, maar ook oor die grense van ons land. Die artikels **"Ons grootste arbeidsveld"** en **"Buitengewone omstandighede benodig buitengewone planne"** roep ons op tot voorbidding – 'n gebedslys van al ons sendelinge, onder die vaandel van Aksie 18, verskyn op die middelblad.

Vir die gemeentelike sendingveld, Jerusalem, het die EG Kerk se herders natuurlik haar eie kweekskool waarop ons trots kan wees; ook hierdie instelling het ons gebede baie nodig.

Ten slotte deel ek graag met u die volgende. Stephan Joubert van ekerk skryf in sy nuutste nuusbrief die volgende: "Daar word vertel dat die Siniese filosoof, Diogenes (412-323 vC), bedags met 'n lamp rondgeloop het. As mense hom gevra het hoekom hy dit doen, het hy geantwoord hy is op soek na 'n man. Diogenes het bedoel hy was op soek na 'n eerlike man. Nêrens kon hy blykbaar so iemand raakloop nie, nie eens in die helder daglig nie. Eerlikheid is vandag steeds ewe skaars. Wag, dalk is dit nie so moeilik nie. Wanneer eerlikheid een van die boustene van ons verhouding met die Here is, dan vorm dit deel van ons normale leefwyse. Eerlikheid is ons normale manier van leef in God se teenwoordigheid en tussen ander mense."

**Redakteursgroete**


**Jaargang 78**
**Julie/Augustus 2022**
**Uitgawe #647**


# INHOUD


3 **Geloof en Bekering, dan Wedergeboorte**

4 **Kweekskool en Universiteit**

7 **Ons grootste arbeidsveld**

8 **Aksie 1:8 Gebedslys**

9 **Buitengewone omstandighede benodig buitengewone planne!!**

10 **Nuwe dosent aan die Kweekskool**

11 **Het die Kweekskool en EG Kerk nog enige doel in Suid-Afrika?**

12 **Uit die Argief:** Die Jongeling Daniël

13 **Uniondale en Joubertina beleef nuwe seisoen**

14 **Aangename Kennis:** Ds. Frikkie Lombard

15 **"Adopt a student" Projek**

16 **Vroueblad:** Hy sien al jou voetstappe

17 **Briewe aan my seun:** My kommer oor jou veiligheid

18 **Blokraai no. 3 van 2022**

19 **Evangelies-Gereformeerde Kerk George**



**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur) Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto:** 'Wooden worldmap' **by Monstera from Pexels**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn


## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Geloof en Bekering, dan Wedergeboorte...

Wedergeboorte is 'n geskenk van God (**1 Pet. 1:3**). Ons ontvang ook die Heilige Gees by wedergeboorte (**Rom. 8:9**). Wedergeboorte is 'n werk wat God alleen in 'n mens se gees kan doen. Ons is dood deur ons misdade en ongeregtigheid en besit nie die vermoë om iets aan ons geestelike heil te doen nie. Vir hierdie rede word wedergeboorte as 'n daad van God beskryf wat vry is van enige menslike werk. Dit is waarlik nie uit onsself nie (**Ef. 2:8**). Net so min as wat ek my aan my eie skoenveters kan optel, net so min kan ek myself red. Verskoon ons onvermoë ons egter van ons noodsaaklike verantwoordelikheid?

Daar is diegene wat reken 'n mens kan hom of haar nie bekeer tensy dat hulle nie eers weergebore is nie. Hulle glo daarom dat iemand tot beke-ring sal kom aangesien hulle reeds weergebore is. Charles Spurgeon het drasties met hierdie sienswyse verskil. Hy het geleer dat geloof en bekering nooit van mekaar geskei kan word nie en dat wedergeboorte eers na geloof en bekering plaasvind. Sou dit nie so wees nie en iemand moet tot bekering kom eers nadat hy weergebore is, is dit soos om vir iemand medisyne in te stop wat reeds gesond is. Hy noem dit onnodig en belaglik. Ja, niemand kan hulleself red nie. Dit is net God wat ons lewend (wedergeboorte) kan maak, wat dood was deur die misdade en die sonde (**Ef. 2:1**). Is dit 'n werk van God wat latent, of uit die bloute gebeur? Paulus verduidelik die voorvereiste van wedergeboorte, hierdie daad wat net God kan doen:

**Efesiërs 1:13** ***"in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,"***

Ons word weergebore eers nadat ons geglo het, behalwe as iemand wil argumenteer dat ons nie by wedergeboorte verseël word met die Heilige Gees nie (**Ef. 1:13; 4:30**)?

Dit is eers noodsaaklik om die Evangelie te hoor, voordat iemand gered kan word. Ons weet die geloof is uit die gehoor en die gehoor is uit die Woord van God (**Rom. 10:17**). Paulus noem dit daarom die woord van die waarheid (**Ef. 1:13**). Dit is die Evangelie, die krag van God tot redding (**Rom. 1:16**). Dit is eers Evangelie (hoor), dan redding. Paulus bevestig dit wanneer hy later noem dat iemand eers "geroep" (Woord/Evangelie) word, dan word hy "geregverdig" (**Rom. 8:30**). Dit is ook so in Abraham se lewe as voorbeeld opgeteken. Hy het eers geglo daarna is hy geregverdig:

**Romeine 4:3** ***"Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken."***

Vir hierdie rede ego Paulus hierdie ordo salutis ook vir ons:

**Romeine 10:13** ***"Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."***

Iemand kan net gered (wedergeboorte) word as hy die Naam van die Here aanroep. Iemand sal alleenlik die Naam van die Here aanroep, as hulle in sy Naam glo (**Rom. 10:14**). Eers geloof dan redding. Ja, daar is niemand regverdig wat verstandig is en God soek nie (**Rom. 3:10-11**), daarom dat Hy ons kom soek het (**Luk. 19:10**). Daarom dat God die eerste stap na ons geneem het deur sy wonderlike Evangelie. Vir Paulus was die orde van gebeure nie duister nie. Selfs wanneer hy van sy eie redding getuig noem hy dat mense hulle bekeer vanuit duisternis tot lig, vanuit die mag van die Satan tot God en wel nie vanuit 'n posisie van wedergeboorte tot bekering nie (**Hand. 26:18**).

Sou iemand Paulus se werk moeilik vind en nie verstaan wat hy bedoel nie (**2 Pet. 3:16**), dan maak Petrus dit vir ons duidelik. Hy noem in **2 Petrus 1:4** dat God aan ons die grootste en kosbaarste beloftes skenk. Dit is natuurlik deur die groot geskenk van wedergeboorte (**1 Pet. 1:3**). Hy leer dan juis dat ons deur wedergeboorte deelgenote word van die goddelike natuur (**2. Pet. 1:4**).
Dit is louter genade dat ons deelgenote kan wees van die goddelike natuur. Niemand verdien so groot geskenk nie, daarom dat Petrus ook noem dat dit deur God se grote barmhartigheid is (1 Pet. 1:3). Kom ons dink weer aan die vraag: Verskoon ons onvermoë ons van ons noodsaaklike verantwoordelikheid? Lees gerus 2 Petrus 1:4 en antwoord die vraag self:

**2 Petrus 1:4** ***"waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is."***

Die grammatiese konstruksie van 2 Petrus 1:4 wys ons daarop dat die geskenk alleenlik gegee word vir die wat die verdorwenheid ontvlug het. Die geskenk van wedergeboorte word nie gegee aan mense wat nie eers hulle uit die sonde bekeer het nie.

**Ds. Jurgens Prinsloo**
**Wonderboom**

# KWEEKSKOOL EN

ʼn Kweekskool en ʼn universiteit is albei tersiêre inrigtings. Daar is egter ʼn paar belangrike verskille waarvan kennis geneem behoort te word, veral rakende ʼn kweekskool. Daar is veel minder kweekskole en dit funksioneer minder in die normale lewens omgewings.

Toe wyle ds. Coetzee, ʼn vorige prinsipaal by ons Kerk kweekskool, by sy aftrede gekom het, het hy eendag na my gekom om ʼn paar sake vir die oorgang te bespreek. Sy woorde was: "Ek wil hê dat jy prinsipaal word." My antwoord was dat ek nie aspireer nie, dat dit in die hand van die Here is en dat dit by die sinode berus. Sy antwoord was, nee, want niemand in die kerk weet soveel van ʼn kweekskool as jy nie. Of dit nou so was, of is, of nie, dit is nie ter sake nie.

Die Here het wel ʼn besondere pad met my geloop. Ek meen dat ek meer blootstelling aan doserende personeel van die groot universiteite in die land gehad het as enige van my kollegas. Die jarelange lidmaatskap van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, sowel as my navorsing studies het daartoe bygedra. My proefskrif oor teologiese opleiding in die NP/EG Kerk het verdere blootstelling gebring aan kweekskole in Europa, die VSA en plaaslik.

Terselfdertyd weet ek dat die Here oor al die jare se tersiêre studies my, soos Hy beloof het, bewaar en behou het. Die Kweekskool, my kollegas en my vader het daartoe ook ruim bygedra. Hiermee maak ek geen aansprake vir myself nie. Ek wil net stel dat dit wat ek hier in groot erns met u wil deel, met diep oortuiging vanuit ʼn redelik breë verwysingsraamwerk kom. Ek besef ook terdeë dat veel meer hieroor gesê kan word.

## ʼn Kweekskool is ʼn Tersiêre Instansie

ʼn Kweekskool is ʼn tersiêre akademiese instansie. Dit verskaf naskoolse opleiding, soos ʼn universiteit. Deur die eeue heen was daar altyd ʼn pendulum swaai tussen die wat sterker klem op die geestelike en toewydings aard van ʼn Kweekskool wou hê. Ander het weer die akademie sterker benadruk, niemand wil dom en agtergeblewe voorkom nie. Mens wil immers ingelig en op datum wees. Die twee groeperinge het telkens heen en weer getrek.

So was daar byvoorbeeld in 1960 in ons Kerk ʼn sinodebesluit genotuleer: ***Besluit 10/1960*** *"Die pos vir ʼn* ***hoogleraar*** *met ten minste ʼn* ***graad van Doktor in Godsgeleerdheid*** *word geskep. Die vulling van die pos word nie nou geforseer nie, maar ons* ***sal op God wag****, totdat Hy vir ons die* ***paslike persoon*** *gee. Hierdie besluit kanselleer alle vorige besluite in hierdie verband."*

Dit het eers ʼn veertig jaar of wat later so gebeur, maar sonder die "pos" van hoogleraar. Ek meen dat so ʼn pos ook nie werklik by ʼn Kweekskool pas nie.

Daar was oor die jare heen ook sterk anti-akademie bewegings in die Kerk. Pas voor my beroep terug na die Kweekskool, het dr. Backeberg vir my in ʼn kort gesprek meegedeel dat hy verbaas is dat ek nog graad studeer, terwyl die Kerk so sterk anti-akademies is.

## Wat is die verskil tussen Kweekskool en Universiteit?

### UNIVERSITEIT

Aan ʼn universiteit word die skepping van die Skepper nagevors en ondersoek. Dit gaan altyd oor die nuutste en jongste inligting en ontwikkeling in kennis verwerwing. Handboeke moet die jongste op die rak wees, anders is die inhoud verouderd. Daar word deurlopend aangevul en bygevoeg.

**Pred. 12:12** ***"En buitendien, my seun, wees gewaarsku; aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees."***

Dink maar aan rekenaar tegnologie van 50 jaar gelede teen nou. Van so groot soos ʼn huis pas ʼn rekenaar nou op ʼn lessenaar of selfs op die skoot. Selfone van 30 jaar gelede wat moeilik gebel het teenoor die slim fone vandag, wat self al rekenaars is. In my selfoon se geheue word dokumente gestoor wat vroeër boekrakke vol gestaan het. Verder plaas data tegnologie omtrent al die kennis en bronne in jou hand waar jy ook al is.

Dink aan die vordering op mediese gebied. Sonder hartklep oorplanting sou ek waarskynlik nie meer gelewe het nie. Nuwe medikasie wat binne drie ure ʼn beroerte se skade kan omkeer, kon voorkom dat ek moontlik nou vier jaar al in ʼn rolstoel kon wees.

Elke mens is geskape met ʼn akademiese honger in hom, hy wil altyd meer weet en beter doen. God het die mens gemaak om na te vors en nuwer kennis te verwerf. Die Here het sy skepping aan die mens toevertrou, dit onder sy voete gestel om daaroor te heers, om dit te bestuur.

**Ps. 8:7** ***"U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel"***

**Heb. 2:7-8** ***"U het hom ʼn weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel.*** **8** ***Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie."***

Dit bly egter mense-arbeid, daarom sal dit altyd nodig hê om te verbeter, om nog uit te brei. Die verganklike mens se werke bly onvolmaak, daar word altyd meer ontdek en nuwer praktyke ontstaan. Dit sal voortduur tot die einde toe.

**Pred. 3:11** ***"Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."***

**I Kor. 13:12** ***"Want nou sien ons deur ʼn spieël in ʼn raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken,"***

### KWEEKSKOOL

By ʼn Kweekskool is ons nie besig met die mens se onvolmaakte werke nie, inteendeel, ons ondersoek en betrag

# UNIVERSITEIT

die ewige, volmaakte, geopenbaarde Woord van God. Manne word opgelei om die Woord te ondersoek en te betrag om hierdie lewende Woord te verkondig. Vroeër jare het 'n dominee na sy handtekening geskryf: VDM, afkorting vir die Latyn:
***"VERBI DIVINI MINISTER"*** of dan ***"BEDIENAAR VAN DIE WOORD VAN GOD"***.
Dit is eintlik waaroor dit nog altyd in die bediening gaan! Dit is die produk wat 'n kweekskool moet lewer. Hier is tradisioneel dan twee sake van belang, die Woord en die Bedienaar.

**DIE WOORD VAN GOD**

Die Woord van God staan sentraal. Die Woord moet ons lewens, ons handel en wandel vul.
**Deut. 6:6-9** ***"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;*** **7** ***en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*** **8** ***Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.*** **9** ***En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe."***
***Jos. 1:8 "Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel."***
**Kol. 3:16** ***"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid."***
Die Woord is volmaak. Niks hoef byvoeg of weggelaat te word nie. Dit moet net onderhou word. Dit is God geadem, volmaak en volledig. Niks is verouderd nie.
**Deut. 4:2** ***"Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel."***
**Open. 22:18** ***"As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*** **19** ***En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."***
Wanneer ons sou afdwaal, dan moet ons terugkeer na waar ons uitgeval het.
**Jer. 6:16** ***"So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel."***
**Open. 2:5** ***"Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke."***
Dit moet verkondig word. Dit is die Woord van God wat harte, lewens en omstandighede kan verander. Dit is die enigste wat skeppingskrag besit. Dit wek lewe!
**Deut. 33:10** ***"Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet;"***
**Esra 7:10** ***"Want Esra het sy hart daarop gerig om die wet van die HERE te ondersoek en te betrag, en om Israel die insettinge en verordeninge te leer."***

**BEDIENAAR**

By 'n kweekskool gaan dit verder om die opkweek van 'n student, die ontwikkeling van sy persoonlikheid, nie net sy akademiese groei nie. Hy word 'n boodskapper van God.
**Ps. 144:12** ***"sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis;"***
**Mal. 2:7** ***"Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskare"***
**Joh. 3:34; 7:16; 8:28; 14:24, 26; 17:8.** Die verse stel vir ons die voorbeeld van Jesus.
By 'n kweekskool gaan dit ook veral oor geestelike vorming. Reiniging en heiliging soos in die Priesterwyding is nodig, om in die raad van God te staan, sy Woord beluister. Jou lippe moet met die vuurkool van die altaar aangeraak word, anders gaan dit die dood werk.
**Jer. 23:18, 22** ***"Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor?*** **22** ***Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handelinge."***
**Ex. 25:21-22** ***"En sit die versoendeksel bo-op die ark; maar in die ark moet jy die Getuienis neerlê wat Ek aan jou sal gee.*** **22** ***En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af, tussen die twee gérubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel"*** **Núm. 7:89**.
Die alternatief is 'n leë, lewelose en kragtelose rede, ongeag jou kwalifikasies. Dit alles beteken egter nie dat jy op Kweekskool veragter en verouder nie. Jy bestudeer en beleef die wêreld om jou, die adres waar die Woord tuisgebring en toegepas moet word. My oorlede skoonpa (Tok van Rensburg) het altyd gesê "'n predikant moet 'n radio hê". Jy moet weet wat in die wêreld aangaan. Prof Pieterse het gesê dat die predikant die boodskap wat hy van die Here kry moet kan "TAAL" in die taal en in die begrip en leefwêreld van sy hoorders in. (Daarom was en is huisbesoek steeds 'n noodsaaklike deel van die bediening.)

**KWEEKSKOLE VANDAG?**

Ongelukkig het baie kweekskole die afgelope eeu of wat toenemend Teologiese Fakulteite van universiteite geword. In hul aard het hulle dan in wese gesekulariseer. Hulle het nuwe inligting aanvullend tot die Skrif nagejaag en daarmee die gesag en betroubaarheid van die Skrif ondergrawe.

Vervolg op bl. 6

# KWEEKSKOOL EN UNIVERSITEIT

## Vervolg vanaf bl. 5

Terselfdertyd het die Woord bediening van kansels af vervaag en selfs afwesig geraak. So is die Woord van God verdring en verydel.

'n Prof by Tukkies het per geleentheid gesê dat hy in hierdie eeu leef. Hy weet veel meer as vorige geslagte. Moet tog nie van hom verwag om nog die ou dinge uit vorige geslagte te glo nie. Behoudende Teoloë word beskou as agter die moderne ontwikkeling en vooruitgang, as van die ou skool wat nie op datum is met nuwe ontwikkeling en inligting nie.

Billy Graham se ervaring met van sy kollegas na verdere studie illustreer dit treffend.

*Hy het 'n intense stryd beleef oor die inspirasie en onfeilbaarheid van die Woord van God. 'n Vriend en vroeëre medewerker van hom het verder gaan studeer (ongeveer die middel van die vorige eeu). Dié het verskeie kere met hom gesels en laat blyk dat hy agtergeraak het in die kontemporêre teologiese denke. Hy het aan Graham gesê: "Billy, you're fifty years out of date. People no longer accept the Bible as being inspired the way you do. Your faith is too simple. Your language is out of date. You're going to have to learn the new jargon if you're going to be successful in your ministry."*

*Voor die groot veldtog in Los Angeles was sy hart erg beswaar, kon hy die Woord van God onvoorwaardelik glo? Indien hy nie die Bybel kon vertrou nie, kan hy nie aangaan nie. Hy was toe net dertig jaar oud en hy kon teruggaan plaas toe en gaan boer.*

Hulle wantroue in die Woord van God het hy deurgeworstel tot hy eindelik kon sê: ***"Father, I am going to accept this as Thy Word – by faith!*** *I'm going to allow faith to go beyond my intellectual questions and doubts, and I will believe this to be your inspired Word."*

Hy vertel voorts dat hy daardie Augustus nag, toe hy van sy knieë opstaan met betraande oë, die teenwoordigheid en krag van die Here ervaar het soos hy dit in maande nie ervaar het nie. *"In my heart and mind, I knew a spiritual battle in my soul had been fought and won."*

Die einde van 1949 moes hy in Boston, die opvoedkundige en kulturele hoofstad van die VSA, optree. Hy skryf *"I hadn't expected our arrival to cause much controversy, but it did. Many in Boston considered me a throwback to Puritan times, hopelessly out of date. Some extreme liberal and Unitarian clergy said I was setting back the cause of religion a hundred years. I replied that I did indeed want to set religion back – not just a hundred years, but to the Book of Acts, where first-century followers of Christ were accused of turning the Roman Empire upside down."* Wat 'n wonderbare getuienis.

Ongelukkig het ons Kweekskool in 1978, in goedertrou, ook in hierdie strik van "kontemporêre teologiese denke" getrap. Toe ek in 1978 terug benoem is na die Kweekskool, was daar met daardie sinode ingrypende veranderinge deurgevoer. Ds. Storm is weg om bepaalde redes. Ds. Adam Grobler en mev. Fourie se dienste is beëindig.

Ek is beroep en die volgende jaar is nog 'n nuwe dosent aangestel om die oorgang na so 'n "kontemporêre wetenskap model" te fasiliteer. Dit was met edel motiewe, niemand waar ek van bewus is, het enige onraad vermoed of bedoel nie. So het ons Kweekskool toe van 1979 af **Unisa se BTh graad parallel met ons Diploma in Teologie** aangebied. Tien van ons studente het later gelyktydig ons Diploma sowel as die BTh graad verwerf.

Akademies was dit 'n reuse sprong vorentoe, maar dit sou eindelik die doel en wese van 'n kweekskool kelder. 'n Situasie soortgelyk aan dit wat Billy Graham ervaar het, was ons voorland. Ek het sy getuienis verskeie kere deurgelees. Op 'n stadium dring dit tot my deur dat die besondere verskyning van die Here aan hom in daardie stryd, soortgelyk was as die wat ek drie aande voor my benoeming ervaar het. Dit was prakties oor dieselfde saak, vir hom reeds in die situasie, vir ons wat daardie week in goedertrou daardie selfde pad betree het. Ek het die teenwoordigheid van die Here by my in die kamer ervaar soos nooit voorheen en nooit daarna nie. Toe ek in onbekwaamheid my nie geskik ag nie, het die Here vir my kom sê:

"EK SAL MAAK DAT JY **MY DIEN** OP 'n WYSE WAT **MY TEVREDE STEL**"

Ek het nie geweet wat dit alles inhou nie. En as ek vandag egter terugkyk, dan sien ek hoe die Here oor die kort termyn sowel as die langtermyn ons Kerk bewaar en behou het.

Die Here was steeds in beheer. Dit het my onlangs vir die eerste keer opgeval dat daardie selfde jaar se sinode, 1978 en die opvolgende jaar 1979, die Ordo-Salutis en die Evangeliese belydenis aanvaar is. Was dit toevallig?

Interessant genoeg, dit was nogal my lot om, as jong en onervare dosent, daardie kursusmateriaal aan te bied as deel van Ou Testament. Ek het alles moontlik gedoen om die dwaling vir die studente uit te wys en te korrigeer. Wyle ds. Willie Grobler, toe nog student, het eendag in die klas gesê dat dit wat ek doseer en dit wat in daardie Unisa studiegids staan, dit is nie dieselfde ding nie! Ons was veronderstel om die studiegids se skema te volg.

Dit het nie baie lank geneem voordat juis hierdie "kontemporêre teologiese denke" studie materiaal die Moderatuur, Fakulteit en Eksamenkommissie genoop het om die bande met Unisa summier op te skort nie, hangende goedkeuring van die sinode. So is hierdie direkte blootstelling summier beëindig.

Ongelukkig staan meeste van die voortgesette tersiêre studie sentra in teologie op hierdie terrein. So ook vele akademiese bronne. Daarom sal die blootstelling nooit afgehandel wees nie. Daar moet steeds daarteen gewaak en opgetree word.

Maar daar is nog 'n verskil.

**Die verskil wat personeel betref**

**UNIVERSITEIT**

Studies begin voorgraads om 'n breër algemene kennis raamwerk te ontwikkel. Na graduering volg 'n Honneurs graad in 'n vakrigting met sy onder afdelings, steeds aan die ontvang kant. Jy word onderrig. Daarop volg 'n Meesters graad, waar jy begin om 'n bydrae tot die bepaalde vakgebied te maak. Jy beweeg nou na die uitdeel kant. Met 'n Doktorsgraad gaan jy in 'n bepaalde onderafdeling van die vak dieper ingrawe en jou unieke bydrae tot die vakgebied begin maak. Indien jy akademies verder vorder, betree jy eindelik 'n leerstoel. Dan sal jy met 'n professorale intree-rede aandui watter spesifieke bydrae jy tot die betrokke vakgebied beoog. Dan sal jy studente begelei in hul gevorderde studies. Jy groei, ontwikkel en verwerf eindelik jou eie "skool" met eie gevolg. Jy word persoonlik groter en belangriker.

**KWEEKSKOOL**

Hier word die dosent nooit 'n professor nie. Hy werf nie eindelik 'n persoonlike gevolg met 'n eie denkraamwerk en persoonlike bydrae tot die Woord nie. Inteendeel, jy grawe altyd dieper om altyd beter te verstaan en tot 'n dieper begrip van die Woord van God te kom, om dit te kan verklaar, nie vanuit hul konteks nie maar in hul konteks in, dat hulle verstaan, tot die lig kom.
Daarom moet jy telkens in die raad van God (by die Versoendeksel) staan, nie om die seën van die Here op jou woorde te vra nie, maar om te hoor wat die Here aan sy gemeente wil sê. Daarom ons leuse "SO SÊ DIE HERE!" Dan werk die Woord dinamies lewe in die hoorders. Jy werf nie 'n gevolg nie, slegs mede-dissipels van Jesus. Jy word nie groot in jouself nie, Jesus bly die Meester. Hy bly die Hoof van sy Kerk. Niemand word hoogleraar nie, God is van ewigheid tot ewigheid die een wat spreek!! Die gevolg moet wees:
**Sag 8:23** ***"Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is."***

Om saam te vat. Op universiteit word die handewerk van God bestudeer. Kennis neem toe en hoe meer jy weet hoe belangriker word jy. Op kweekskool word die volmaakte Woord bestudeer. Jy word opgekweek om meer soos Jesus te word. Hy word verkondig. Hy moet meer word en die mens minder.

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Ons grootste arbeidsveld

***Vanuit ons perspektief is die grootste sendingveld die bereiking van 92% van SA se mense vanuit 'n ander kultuur en taal. Dié arbeidsveld word verder geteister deur politieke onstabiliteit, vervolging van opregte predikers, wat die evangelie onafgewater verkondig, armoede, maatskaplike probleme, demoniese aktiwiteite en voorvaderaanbidding.***

Vyf-en-sestig jaar gelede is 2 kerke in hierdie veld gebore vanuit die Evangelies-Gereformeerde Kerk van SA. Op 14 Junie 2014, by Retiefkamp te Bloemfontein, het die Evangelical Reformed Church (tradisioneel swart komponent) en die Evangelies-Gereformeerde Kerk (tradisioneel bruin komponent) saamgesmelt en hul eerste sinode gehou.

Intussen het die kerk haar eie leierskap en strukture gevestig en verdeel in 4 streke, nl. die Kaapse, Vrystaat, Gauteng en Mpumalanga-streke. Die kerk bestaan uit 47 gemeentes, waar in van die mees agtergeblewe areas gewerk word en niemand nog baat gevind het by die sg. nuwe SA of vorige benadeeldes nie.Die politici se plundering en korrupsie is vir hulle 'n groot verleentheid en laat hul verder gebuk gaan onder vooroordeel. Die groot stremmende faktore is die logistieke uitdagings rondom bestuur, groei, ontwikkeling en instandhouding. Die inperking het die kerk ook drasties geknou. Hul sterk oorlewingsdurf dra hul egter deur die krisisse. Die armoede en tekortkominge is oorweldigend. Intern het die kerk onrusbare realiteite wat te bowe gekom moet word. Predikante en lidmate word ouer en daar is 'n gebrek aan 'n jonger generasie.
Die opleidingsstrukture en kurrikulum te Temba is onlangs opgeskerp en 'n satellietkampus vir die Kaapse streek is in Uitenhage geopen. Onlangse opgeleide studente het in nuwe werkkringe begin werk.

**Bid asb. vir**

- die roeping van arbeiders in die oesland,
- dat gemeentes sal groei,
- dat jong opgeleide en gelegitimeerde predikante in gemeentes toegerus sal wees vir werk,
- herlewing en die redding van siele,
- wysheid m.b.t. die generering van fondse en verbetering in hul bydraes,
- dat jongmense weer die Here sal soek.

**Ds. Thys Loubser**
**Sendingorganiseerder**

# AKSIE 1:8 GEBEDSLYS

**SENDINGKANTOOR**
Ds. Thys Loubser Sinodale Sendingorganiseerder/ Uitvoerende Direkteur Aksie 1:8
loubser.thys@gmail.com
Cornelia Loubser Bemarking & Gebed Aksie 1:8
loubser.cornelia@gmail.com
Christa Schurink Administratiewe Beampte Aksie 1:8
christa.schurink@gmail.com

**BUITELANDSE SENDELINGE: OPERASIE MOBILASIE**
Ds. Jan & Marie Coetzer – **Frankryk**
(Opleiding, Evangelisasie en Kerkplanting)
Marchjuan de Swardt – **Pretoria**
(Opleiding & Evangelisasie)
Adeline Munsamy – **Logos Hope Skip**
(Evangelisasie)

**BUITELANDSE SENDELINGE: ANGOLA-BOTSWANA DELTA CROSS MINISTRIES**
Ds. Fred & Lesely de Waal (Opleiding, Evangelisasie, Kerkplanting en Gemeenskapsontwikkeling)
Jonas & Tawinett Kapanga, Gomolemo & Poloko, Joseph & familie, Gau, Kitso, Gladys en Roy

**BUITELANDSE SENDELINGE: MADAGASKAR**
Past. Victor & Florentein Razafinindrina
(Opleiding en Evangelisasie)
Roland & Nicky Rakotonandrasana
(Opleiding en Evangelisasie)
Thiery & Tina Randriamampianina
(Opleiding en Evangelisasie)

**BUITELANDSE SENDELINGE: KAMBODJA EN OMF INT**
Elmar & Nadine du Rand – OMF Int Japan
(Evangelisasie, Taal- en Kultuuropleiding)
Maricka Herrer – Bible Methodist Missions (Opleiding)
Jean-Marie Jooste – Kambodja (Evangelisasie en Kerkplanting)

**BUITELANDSE SENDELINGE: NEHEMIA SENDING**
Paul & Engela Kühn – Global Challenge
(Opleiding en Evangelisasie)
Monteiro & Deolinda Makalhane – Mosambiek
(Evangelisasie-opleiding)

**BUITELANDSE SENDELINGE: PROJEK DOR AFRIKA**
Charl & Annatjie Cilliers – Back to the Bible Barberton
(Evangelisasie-opleiding)
Ignatius & Miriam Chabell – Lesotho Sendingstasie
(Evangelisasie-opleiding, Kerkplanting)
Isak & Evelene Manunga – Namibië
Louis & Kobie Moore – Living Word Ministries
(Evangelisasie-opleiding – Malawi, Mosambiek Venda, Zimbabwe)
Andre & Manda van Niekerk – Namibië
(Evangelisasie-opleiding)
Johan Lourens – Farming God's Way
(Opleiding)
Ignatius Sikongo – Namibië

**PLAASLIKE SENDELINGE**
Ds. Rudi & Karin Mans – Witrivier Petrakollege vir Kinderbedieninge (Kinderevangelisasie-opleiding)
Ds. Awie & Marian van Wyk – Askham
(Kalaharibediening)
Melville & Madelein Botha – Polokwane
(Adminbemarking, vaardigheidsprojekte, uitreike)
Fanie & Corlea Buys – Henley on Klip
(Evangelisasie)
Renier & Helize Groenewald – Every Nation Crusade
(Dissipelskapopleiding)
Gert & Evelyn Korah – Wes-Kaap Jeriasending
(Evangelisasie en Gemeenskapsontwikkeling)
Herman & Belinda Lamprecht – OM Pretoria
(Evangelisasie-mobilisering en opleiding)
Elmar Grobler – Projek Kuberwêreld
(Internetevangelisasie)
Nadia Roux – Jeugberading

**SENDINGPREDIKANTE EN EVANGELISTE**
Dr. Pieter & Reinet Rousseau – Dosent Thlalosong Bybelskool, Temba, Hammanskraal
Ds. Johan & Marietjie Boshoff – Mosselbaai
(Evangelisasie-opleiding)
Ds. Christo & Ilze Britz – El Shaddai Ministries, Akasia, Pretoria
Ds. Joey & Daphne Bruiners – Rosedale, Uitenhage
Ds. Peter & Angeline Felix – Bethelsdorp, Port-Elizabeth
Ds. Hennie & Fiona Groenewald – Port Elizabeth
Ds. Phillip Jacobus – Graaf-Reinet
Ds. Patrick & Priscilla Jantjies – De Mistkraal
Ds. Witness Khumalo – Tafelkop, Middelburg
Ds. Xolile Khumalo – Duduza, Nigel
Ds. Tumelo & Itshekeng Lebakeng – Kentani, Transkei
Ds. Petrus & Anna Lepogo – Section V, Botshabelo
Ds. Albert Mahlangu – Slohela, Carolina
Ds. Simon & Faith Mahlangu - Botshabelo
Ds. George & Thany Makamu – Mamitwa, Tzaneen
Ds. Samuel & Rachel Maluka – New Denmark, Standerton
Ds. Karabo & Thandiwe Maslela – Kathlehong, Alberton
Ds. James & Florah Mathebula – Acornhoek, Hoedspruit
Ds. Elijah & Sannie Mkwanazi – Matsulu, Nelspruit
Ds. Maluka & Anaeda Moeketsane – Zone 5, Thaba Nchu

Ds. Isaac & Elsie Molise – Fase 9, Bloemfontein
Ds. Frans & Deborah Moos – Toekomsrus, Randfontein
Ds. Hendrick & Anna Motsoeneng – Kagiso & Tsepisong, Krugersdorp
Ds. Abednego & Pinkie Mthimunye – Helpmekaar, Carolina
Ds. Shadrack & Valeria Namane – Botshabelo F, Bloemfontein
Ds. Stembiso & Thulisile Nkambule – Mbonisweni, Witrivier
Ds. Johannes & Anna Nkoane – Klau-klau, Nelspruit
Ds. Banie Oilivier – Willowmore
Ds. Willem & Bertha Potgieter - Kimberley
Ds. Billiy & Dorothy Rakau – Winterveldt, Hammanskraal
Ds. Neo Rantsho – Eersterus, Hammanskraal
Ds. Sipho & Tlou Sibonyoni - Soshanguve
Ds. Paul & Francinah Tjaoe – Thana Nchu
Ds. Shadrack & Anna Zwane - Bethlehem
Ev. Letty Mpolwini – Monakato, Rustenburg
Ev. Rosa Mashabela – Tsakane, Nigel
Sihle & Lucricia Bulunga – Masoyi, Hazyview
Klaas & Tabea Mfufi – Phatsima, Rustenburg
Isaac & Aida Munusamy – Chatsworth, Durban
Luke & Cindy Nkuna – Cunningmore, Hoedspruit
Angeline Kleinhans – Athlone, Kaapstad
Grace Nkosi - Tembisa

# Buitengewone omstandighede benodig buitengewone planne!!

Die groot Godsman, dr. Andrew Murray, het by die draai van die 19e eeu hierdie stelling gemaak:

**"Buitengewone omstandighede benodig buitengewone planne."**

Hy het hierdie stelling gemaak teen die agtergrond van 'n verloregaande wêreld en hoe om die kerk te beweeg om sy belangrikste funksie te vervul, nl. die uitvoering van Jesus Christus se opdrag om te gaan en dissipels vir Hom te maak uit alle nasies. Christus, as Hoof van die Kerk, verwag dat al die lede van sy Liggaam sy opdragte moet gehoorsaam. Daarvoor moet lidmate 'n geestelike ingesteldheid hê om die opdrag duidelik te verstaan en uit te voer, anders sal argumente en pleidooie geen effek hê nie.

Hierdie stelling is ook in 2022, ná die ramp van 'n wêreldwye pandemie met al sy komplikasies geldig. Die realiteit van dreigende gevare, die geestelike toestand van die Kerk, die nood en behoefte van 'n verlore wêreld asook die bevel van Christus, maak buitegewone aanpassings noodsaaklik en eis besondere pogings! Die saak is dringend. Ons mag nie tyd mors nie. Ons Meester wil hê dat elke mens sonder uitstel moet weet dat Christus in die wêreld gekom het om hulle te red. Die taak is so asemrowend groot en moeilik dat bonatuurlike krag benodig word. Dit beteken dat tensy die kerk nie tot sy eerste liefde en die krag van Pinkster terugkeer nie, dit nie gedoen sal kan word nie.

Aksie 1:8 bied steeds daardie buitegewone plan om te midde van buitengewone omstandighede die kerk te aktiveer tot een groot gemeenskap, wat God se belofte van krag sal toeëien om homself in diens van die Koning te wy ten einde die basiese opdrag van Christus uit te voer.

Hand.1:8 bly steeds die teks in die Bybel wat die Kerk uitdaag met 'n wêreldwye evangeliseringstaak en bied ook die strategie waarvolgens hierdie opdrag uitgevoer kan word. Die strategie impliseer dat elke gemeente van die kerk van Christus betrokke moet wees by die uitdra van die evangelie in al die werksterreine, soos aangedui in Hand. 1:8. Dit is God se visie vir sy kerk om deur die vervulling van die Heilige Gees as kragtige getuies op te tree in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria tot aan die uiterstes van die aarde.

Vir die Kerk behels dit vandag, te midde van al die nuwe uitdagings, om gelyktydig as ambassadeurs van Christus op te tree in elke dorp of stad waarin hy gevestig is, sowel as die land waarin hy geleë is (dit is Area 1 nl. Jerusalem en Judea) asook onder die ander etniese groepe met transkulturele implikasies in die land (dit is Area 2 nl. Samaria) en ook buite die grense van die land (dit is Area 3 nl. die uithoeke van die wêreld).

Elke leraar en ware gelowige se amp is deel van die Groot Opdrag. Daarom moet elkeen van ons die wêreldwye arbeidsveld in gedagte hou. Afgesien van die klein deeltjie van die wêreld, wat onder ons sorg is, is ons ook verantwoordelik om saam te werk dat God se hele groot wêreld vir Christus gewen kan word. Elkeen van ons moet dus opnuut ons opdrag bestudeer sodat ons dit reg kan verstaan en dit ten volle kan uitvoer.

Terwyl die wederkoms van Jesus nog nooit so naby was nie en die skrif aan die muur, "maak jou klaar om God te ontmoet", nog nooit so duidelik nie, is die noodroep dat die dag vinnig sal kom dat die Kerk van Christus haar jeug en krag sal hernuwe, sodat die heerlikheid van God aan die ganse mensdom in sy donkerste uur geopenbaar sal word!!

**Ds. Thys Loubser**
**Sendingorganiseerder**

# Nuwe dosent aan die Kweekskool

Op 6 Mei vanjaar is daar 'n nuwe dosent, in die persoon van ds. Woodford aan ons Kweekskool bevestig. Hiermee 'n paar interessante gegewens uit die ouerhuis oor hom.
Hy was die sewende kind in die Kotzégesin. Die tyd met sy geboorte was dit reeds algemeen dat 'n gesin nie meer as twee tot drie kinders sou hê nie. Met sy doop het ek 'n boodskap gebring onder die tema: "Wat het van al die kinders geword?" Dit was 'n sinvolle, betekenisvolle en steeds relevante boodskap. Dit het destyds in die Kerkblad verskyn en die manuskrip is op aanvraag steeds beskikbaar. Enigiemand is welkom om dit aan te vra.

Indien sy ouers die invloed van die tyd nagevolg het deur na die derde of vierde kind die "fabriek te sluit en die sleutels weg te gooi", dan was daar nie nou 'n ds. Woodford nie. So ook nie sy twee susters wat vandag saam met hul mans in die bediening in ons Kerk staan nie!

Die gesinne waaruit sy ouers gekom het, was albei groot gesinne, ses en tien elk. Sy ouers het, soos sy grootouers, ook hierdie saak vanuit 'n Bybelse perspektief benader. Elke nuwe kind was ontvang uit die hand van die Vader om vir Hom groot te maak.
In vroeër tye het sommige kinders van die Here nog geglo dat as die Here 'n besondere persoon oor twintig of dertig jaar vorentoe nodig mag hê (soos bv. koningin Ester of John Wesley), dan was hulle bereid om daardie kind te ontvang en op te voed vir Hom.



• Koningin Ester is byvoorbeeld gebore met haar besondere ouerpaar se gene, en opgevoed deur haar oom wat geen vrees vir die duiwel gehad het nie. So was sy voorberei om eindelik onstuitbaar op te tree tot redding van haar volk.
• John Wesley, hy was die sestiende kind van negentien. Heelwat teoloë deel die oortuiging dat die Franse Rewolusie na Engeland sou oorwaai as dit nie was vir die herlewing wat onder John en Charles Wesley se bediening oor Engeland gespoel het nie. Hoeveel John Wesley's het ons nie dalk al die afgelope eeu gemis nie!

So het sy ouers dan die saak ook met die Here opgeneem en hulself gewillig in sy hand geplaas. Dit was nie onverskillig of onverantwoordelik hanteer nie, maar ons wou ook nie die wil van die Here verydel nie. So het ons die Here gevra vir ses kinders, as Hy so wil.

Hoewel die huisdokter opgemerk het dat sy moeder fisiologies eintlik nie kon swanger raak nie, het die Here ons wel geseën met die ses kinders, met 'n bonus, die sewende kind. Die seën is toe eindelik nog groter, nommers 5, 6 en 7 staan al drie voltyds in diens van die Here, binne die EG Kerk! Ons is so dankbaar, al het ons 'n traan in die oog omdat dit meer kon wees! Reeds oor veertig jaar oud met die swangerskap is sy moeder na 'n ginekoloog verwys. Dit het ons toe by Garden City Clinic beland. Ons is gou ingelig dat op hierdie ouderdom die risiko vir Down sindroom babas aansienlik groter is. Indien toetse dit sou bevestig, sou hulle aanbeveel dat ons oorweeg om die swangerskap te beëindig. Ons was uiteraard nie daarvoor te vinde nie. Indien die Here vir ons 'n spesiale kind wou gee, sou Hy ook die genade gee soos nodig. Toetse op die vrugwater het egter aangetoon dat die risiko in sy moeder se geval laer was as die van 'n moeder in haar twintigs. Ons het die Here geëer daarvoor.
Oor sy grootword jare is nie nodig om uit te brei nie, behalwe dat sy moeder haar stryd met kanker begin het toe hy vyf jaar oud was. Op agt jaar oud het sy die stryd verloor.

Toe die Here hom ontmoet 'n paar dae voor sy roeping, wag hy my een aand by die voordeur in om met my te praat. In die studeerkamer vra hy toe of ek onthou dat ek altyd vertel het dat die Here vir my 'n belofte gegee het dat al my kinders die Here sal dien? Hy wil net vir my sê dat hy dit nie geglo het nie, maar nou glo hy dit en hy bid nou saam vir hulle!

Ook interessant. Met sy bevestiging nou by die Kweekskool het hy pas 32 jaar oud geword. Vier-en-veertig jaar gelede toe die Here my in 1978 terug geroep het na die Kweekskool, toe was ek ook pas 32 jaar oud!
Ons begeerte is dat die Here 'n besondere tydvak vir die Kweekskool en Kerk inlei. Ons het die ingryping van God so dringend nodig! Ons roep na die hemel daarvoor.

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# HET DIE KWEEKSKOOL EN EG KERK SA NOG ENIGE DOEL IN SUID-AFRIKA?

Dit is nodig in hierdie unieke tyd waarin ons nou verkeer om ernstig daaroor na te dink en dit vir onsself uit te maak! Verskeie redes maak dit noodsaaklik. Ons noem 'n paar.

• Ons arbeidsveld het drasties verklein, om twee redes:

o Emigrasie het 'n enorme uittog van ons arbeidsveld meegebring, talle juis uit die vermoënde deel van die bevolking. So ook die grootste deel van die kundiges wat so nodig is vir die vooruitgang en instandhouding van hierdie land.

o Drastiese val in die geboortesyfers reeds die afgelope half eeu. Die bevolkingsaanwas het feitlik tot stilstand gekom, dele groei selfs negatief.

Dit het tot gevolg dat gemeentes toegemaak word en ander gekombineer word.

• **Bybelongeletterdheid het skrikwekkend toegeneem!** Godsdiensonderrig op skool is afgeskaf. Sondagskool leerplanne is erg mee gepeuter. Anders as in vroeër tye toe die Heidelbergse Kategismus nog gebruik was, het ons kinders geestelik ongeletterd geraak.

• **Kanselbediening:** Onderrigtende Woordprediking het grootliks verdwyn. Kerke het meer en meer met dinge besig geraak en mense behaag liewer as om God te gehoorsaam. Dit het tot die Woord-armoede bygedra.

• **Kweekskole** het oorwegend na 'n akademiese universitêre platvorm beweeg. Die Woord van God het 'n bysaak geword. Professors se leë woorde oorheers – en die wind waai dit weg! Dit het geestelik leweloos geraak, godsdiens is bloot 'n verskynsel onder mense.

• **Suider-Afrika en Suid-Afrika.** Kyk ons om ons, dan sien ons dat die verwoester met groot woede besig is. Alles stort in duie. Korrupsie, roof, diefstal deur sindikate, moord, dit is aan die orde van die dag. Feitlik niemand probeer keer of om geregtigheid te handhaaf nie. Dit lyk nie of daar enige moontlikheid van omkeer is nie.

Die enigste logiese opsie lyk om ook maar te emigreer, soos die rykes en kundiges reeds oorweldigend gedoen het. Die enigste alternatief is om jou by die bittereinders te skaar en te kyk hoe lank jy nog kan oorleef!

Ons as kerk het 'n kosbare begin gehad. Die Here het kragtig gewerk en daar was kosbare vrug. Maar nou? Is daar nog enige hoop? Ons is nie gevrywaar van al hierdie omstandighede nie.

EK IS NOGTANS IN MY SIEL OORTUIG DAT ONS STEEDS ONDER ROEPING EN OPDRAG STAAN! Hoor wat Daniël in soortgelyke omstandighede aan Nebukadnésar gesê het in **Dan. 2:28:**

***"MAAR DAAR IS 'n GOD IN DIE HEMEL ..."***

Dit maak al die verskil. Ek glo dat die Here nog steeds 'n bepaalde plan en doel, ook met hierdie Kerk en met ons Kweekskool het! Dalk soos met John Wesley?

Ons kan nie laat los nie!! God in die hemel is groter as al die verval en agteruitgang! Hy is groter en onpeilbaar magtiger as enige mens of die ANC, as al die mag en sluheid van al die boosdoeners!! Ons mag ons nie blindstaar teen die Satan se verwoesting nie!!

Ons kan en moet nog 'n merkbare impak op hierdie land en Suider-Afrika hê. Ons moet verby en bo-oor dit kyk en die Hoë en Verhewene raaksien! Ons moet die stem van die Here begin hoor!! Hy roep ons hard en dringend terug. Hy wil ons lot verander!! Hoor sy roepstem!!

• Dink aan die afgelope **Pandemie.** Dit het ons gestroop van sekuriteite, vastighede. Niemand weet of jy dalk die volgende slagoffer is nie! Maak dit jou oë oop?

• Wat van die **verwoestende onluste** in Natal Julie verlede jaar. Baie groter skade is in 'n paar dae aangerig, met byna 'n staatsgreep ook wat ons in veel dieper ellende sou laat. Kan ons in ons gemaksone bly?

• Die onlangse vloede in die ooste van die land. Ons kla oor die verval en agteruitgang onder die ANC oor jare en dekades! Kyk hoe lyk dit al. Maar hier het die Here veel dringender met ons kom praat. Binne 'n paar dae is paaie en brûe en huise weggespoel, nie oor jare nie maar in 'n paar ure! Die roepstem word meer dringend!

• **Kirkwood**: Hierdie regering is nie in staat om ons lewens of besittings te beskerm nie. Anargie slaan onvoorsiens van tyd tot tyd en oral uit. Soortgelyk aan 'n paar jaar gelede met AMCU/Marikana. Hoegenaamd geen mag of gesag word gevrees of gerespekteer nie!! Enigeen maak soos hy wil wanneer hy wil. Die SAP hou slegs die situasie dop maar tree nie op nie. Kan ons ongeërg ons ore bly toestop?

• **Ukraiene**: Dit is ver van ons, maar ons finansies en lewensomstandighede is onder geweldige druk. Voedsel sekerheid kom in gedrang, brandstof pryse styg onbeheerd!

Die roepstem kom van alle kante af en raak al meer dringend! Hoor ons, merk ons op? Raak dit ons? Die drukgang word al langer en al nouer!!

Ek wil hier volstaan met 'n paar teksverse..

**Ex. 23:22:** ***"Maar AS JY terdeë na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê, SAL EK die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees".*** As jy – sal Ek.

**Ps. 81:12-13** ***"MAAR my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie."*** **13** ***"TOE HET EK HULLE OORGEGEE aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel."*** Nie geluister, – nie gewillig – Toe het Ek.

Die eerste stap is dat ons na die Here terugkeer, dat ons herstel word!!

**Ps. 85:5, 7** ***"Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet u grimmigheid teen ons!"*** **7** ***"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?"***

**HERSTEL ONS, O GOD VAN ONS HEIL!**

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Die Jongeling Daniël

Lees Daniël 1:6-9 saam met hierdie gedeelte oor Daniël.

Daniël is een van die uitstaande karakters in die Bybel. Selfs sy drie vriende het hy voorgegaan en oortref. Daar is niemand wat sy verhaal hoor of lees, by wie hy nie as 'n held verrys en bewondering afdwing nie. Soos 'n leidende ster skitter hy aan die hemelkrans deur die eeue heen. Ja, hy is iemand wat ons met groot voordeel kan gadeslaan en volg. Laat ons dan na 'n paar kenmerke van sy lewe kyk.

**1. Reeds as jongman het hy hom tot God bekeer en Hom gedien.**
Ons lees nie in die Bybel wanneer en hoe hy tot bekering gekom het nie. As ons die eerste maal van hom in die Skrif lees, dan tref ons hom aan as 'n jong seun wat 'n toegewyde kind van God is. Dit wil nie sê dat hy van altyd af, of van sy geboorte af, goed was en 'n kind van God was nie. Nee, ook vir hom het dit gegeld wat Christus vir die ryk jongeling gesê het: ***"Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God"***. En wat Paulus in **Romeine 3:10** sê ***"Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie."*** Daniël het die goeie en wyse raad van **Prediker 12:1** geken en gehoorsaam: ***"Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar geen behae in nie."***

Hoe verkeerd is die gedagte van baie jongmense en kinders wat dink dat hulle hul lewens vermors en verloor as dit eers in diens van die Satan kom en deur die sonde uitgemergel word. Wanneer hulle uiteindelik hul dwaasheid ontdek en hulle dan tot God bekeer vir genade en vergifnis, is hulle dan soos uitgesuigde lemoene. As 'n siel jonk gered word, word 'n lewe gered en dink net wat dit vir so iemand self sal beteken en vir die saak van God op aarde. Dink aan Daniël as voorbeeld.

**2. Daniël het God met 'n onverdeelde hart gedien, sonder om met die wêreld kompromie te maak.**
***"En Daniël het homself voorgeneem om hom nie te verontreinig nie met die spys van die Koning of met die wyn wat hy drink nie."*** Hier het Daniël hom "voorgeneem" m.a.w. standpunt ingeneem teen die wêreld en alles wat nie God se goedkeuring sal wegdra nie. Hoe jammer tog dat soveel jongmense wel tot bekering kom en gered word, maar hulle staan nie vir die Here Jesus Christus nie. Hoe maklik laat sommige hulle meesleep met die wêreld en so word hulle verontreinig. Hulle gemeenskapsband met die Here Jesus word verbreek en hulle is diep ongelukkig. Is dit nie 'n bewys van dubbelhartigheid nie? Hulle vriendskap met die wêreld is vyandskap teen God volgens **Jakobus 4:4-8**. ***"Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. Reinig die hande, julle sondaars en suiwer die harte julle dubbelhartiges***. Kyk weer na Daniël; As hy dit kon wees deur God's genade, en dit in 'n vreemde land, in ballingskap, dan kan u ook met al die voorregte wat u vandag het.

**3. Daniël was vry van mensevrees.**
In **Daniël 5:17-28** waar hy die handskrif teen die muur vir die koning verklaar, het hy onverskrokke en onbevrees aan die koning sy sondes bekendgemaak, sowel as die oordeel wat oor hom sou kom. Wanneer iemand in die regte verhouding tot God en sy medemens is, is daar nie vrees in sy hart nie, want ***"die volmaakte liefde dryf die vrees na buite"*** en ***"daarom kan ons met alle vrymoedigheid se: "Die Here is my helper en ek sal nie vrees nie. Wat sal 'n mens aan my doen?"*** Die moed en die durf van die Heilige Gees in 'n mens is gans iets anders as die verwaande en verdwaasde moed van 'n mens wat alles met geweld wil regmaak. Sal u nie ook graag 'n held soos Daniël, Gideon en andere wil wees nie?

**4. Sy lewenswandel was onbesproke (Daniël 6:5-6).**
Sy vyande het grond vir 'n aanklag teen hom gesoek, maar kon geen enkele krag of verkeerde handeling vind nie. Hy was getrou en geen nalatigheid of verkeerde handeling kon teen hom gevind word nie. Dit was wonderlik dat van hierdie jong man gesê kon word: ***"Omdat hy getrou was..."*** en selfs sy vyande moes erken ***"Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit vind in sy godsdiens"***. Dit moet ook die leuse van ons jong seuns en dogters wees – *"Getrou tot die dood"* en ook ***"wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie"*** (**Kol 3:23**). Daarom was hy getrou en het nie opgehou om sy knieë voor die Almagtige te buig en te bid nie al het die dood hom in die gesig gestaar deur die kwaadwillige gebod, 'n wet van die Mede en Perse.

**5. Daniël het die geheim en waarde van gebed geken.**
Lees die volgende gedeeltes: **Dan. 6:11, 22** en **23** en ook sy gebed in **Dan. 9:3-19**. Hy was waarlik 'n man van gebed en het deur sy lewe getoon dat dit waar is: *"Maar die een wat gelowig en volhardend bid is tot alles in staat."* Hy het tweemaal sy lewe aan die gebedslewe te danke. Die eerste maal toe hy en sy metgeselle saam met die ander wyse manne van Babel omgebring sou word, omdat hulle nie die droom van die koning kon vertel en uitlê nie, het die Here dit aan Daniël bek-

# Uniondale en Joubertina beleef nuwe seisoen

Daar is groot dankbaarheid in my en my vrou se hart om by Uniondale en Joubertina betrokke te wees. Dit was vir ons en hierdie kosbare groepie mense 'n groot uitkoms na my aftrede einde Oktober. My begeerte was om nog betrokke te wees in die Kerk waarin die Here my geroep het, en om met passie die viervoudige boodskap van die Evangelies Gereformeerde Kerk, wat kosbaar en uniek is, te verkondig.

Met groot dankbaarheid teenoor manne soos Di. Bill Barkley, Daniel Brink, Rickard Hattingh, Hennie Prinsloo en ander geestelike werkers soos Willie Hills, Vernon Lessing en Johan Putter wat hier vir die Here gearbei het, en die gemeente begin, gebou en in stand gehou het in moeilike en soms traumatiese omstandighede. Talle mense het hul heenkome by die gemeente gevind.

Die begeerte van ons hart saam met die dierbare kerkraad en lidmate, is om 'n lig in hierdie plattelandse omgewing te wees vir Jesus. Meegaande foto's toon ons geskiedkundige eerste gesprek met die kerkraad in George se Mall 16 Junie 2021, die gasvrye ontvangs in die gemeente 7 November 2021, die voorstelling van die huidige 7 gewillige Kerkraadslede op 6 Februarie 2022 en die voorstelling van 8 nuwe lidmate, jonk en oud, op Moedersdag die 8ste Mei, met nog 'n paar getroue besoekers wat ook wil lidmaat word wat nie daar kon wees weens siekte. (Van die foto's moes noodgedwonge uitgelaat word weens beperkte spasie - Red.)

Dit is vir ons en die gemeente 'n nuwe seisoen wat aangebreek het. Elke seisoen is belangrik vir gesonde groei. Die lente, somer, herfs en winter is nodig vir groei. Ons sien die seisoene hier in die asemrowende Langkloof met sy appels, pere, perskes, pruime en ander vrugte en kleurvolle aalwyne. Elke Sondag as ons ry van George waar ons bly, na Uniondale en Joubertina vir die diens, sien ons die verandering in die natuur. Dit is ons voorreg om 09:30 in Uniondale te preek en elke tweede Sondag in Joubertina om 11:30.

Ons is saam met die twee groepe mense opgewonde oor die toekoms. Ons vertrou die Here vir geestelike, sowel as gemeentelike groei.

**Ds. Johan Botha**
**Uniondale**





endgemaak en verklaar op sy gebed. Weer is hy uit die leeukuil gered deur sy God tot wie hy gebid het. Dink aan sy gebed in hoofstuk 9:3-19 en hoe die engel Gabriël hom besoek en onderrig het. Dinge tot in die verste toekoms is aan hom bekendgemaak sodat die boek Daniël een van die voortreflikste boeke onder die Profetiese boeke is.

**Wees ook u 'n Daniël. Trou aan God's bevel;**
**Roep die wagwoord moedig uit "ons staan vir God alleen!"**

**6. Hy het die Woord van God gelees, geken en geglo.**
Toe Daniël in die profeet Je-remia gelees en gesien het dat 70 jare voorspel was m.b.t. die puinhope van Jerusalem, het hy dit geglo en begin bid en vas en belydenis doen. Die Woord van God, gebed en gehoorsaamheid aan die openbare wil van God is belangrik vir 'n gesonde geestelike lewe. Met die persoon van wie hier-die drie dinge met waarheid gesê kan word, is iemand met wie dit geestelik goed gaan en dit kan van Daniël as 'n jong man gesê word. Dit kon gesê word dwarsdeur sy lewe, tot in sy gryse ouderdom. Hoekom sal alles wat van Daniël waar was ook nie van u gesê kan word nie? O, die onbeperkte moontlikhede vir die persoon wie se lewe so aan God behoort! Sal ons nie wees soos die jongeling Daniël nie?

**deur wyle Ds. S.J. Bekker**
**(Uit: Die Jeugblad – Sept. '63)**

# *Aangename Kennis:*

# Ds. Frikkie Lombard

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Nigel

**Vertel ons van u kinderjare.**
Deur die genade van die Here kon ek in die kerk groot word. Ek dank die Here vir my pa en ma se lewe en voorbeeld. Hulle leef wat hulle praat binne en buite die pastorie. Oupa Albert en ouma Maggie Woest laat ook soveel goeie herinneringe na en wag vir ons in die Hemel. Die kerk in my kinderjare was 'n wonderlike plek vir my. Die heilige lewens van die oom en tannies, standvastige standaard wat gehandhaaf was, mense wat tot bekering gekom het, het 'n diepe indruk op my gemaak. Dit het my 'n basis van vastigheid op skool gegee. Marlene, my suster, het en dra nog steeds soveel goeie boustene in ons as gesin se lewe. Dit is 'n wonderlike voorreg om groot te word omring deur kinders van die Here.

**Waar het u skool gegaan?**
Hoogland in Betlehem, Bergland in Nelspruit, Concordia in Boksburg, Dr. E.G. Jansen in Boksburg, Tuine Hoërskool in Pretoria.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Die datum kan ek nie onthou nie, maar dit was in sub A (graad 1) in Betlehem. Tydens 'n aanddiens het ek so onder sonde-oortuiging gekom en besef dat ek nie 'n kind van die Here is nie en dat die mooi lewe in die huis en kerk my nie 'n kind van die Here gemaak het nie. Daar is 'n uitnodiging gemaak en ek het daarop gereageer en uit beweeg na die kombuis in die kerk gebou. Saam met ander kinders het ek die Here vertrou om my siel te red nadat my pa die evangelie met ons gedeel het.
Die volgende dag was daar 'n groot bekommernis in my hart oor my maatjies wat nog nie gered was nie. In graad 7 het die Here my geroep na 'n oggenddiens. My pa het 'n beroep na Boksburg aangeneem die einde van graad 7. Die 1ste Sondagskool het ek nie na die graad 7 klas gegaan nie, want ek wou saam met my nefie-hulle wees.
Oom Japie Borman het met al die katkisante gepraat oor Egipte tot Kanaan. In die volgende week het ek die Here vertrou om my hart te reinig en my te vul met Sy Gees.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Na ek kategese voltooi het in Tuinegemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
In 1993 na skool is ek kweekskool toe. Klasmaats wat nog in die bediening is: Di. H. Vorster, F. Devenier

**Wie was u dosente?**
Ds. F. Coetzee, drr. W. Kotze, K. Fourie, P. Rosseau

**Vertel vir ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae.**
Kweekskool was 'n goeie opbouende tyd gewees. Ons was 'n groot groep met getroude en ongetroude studente. Ons was almal bewus van die Here se teenwoordigheid tydens die klasse. Almal was groot vriende maar op die sportveld het ons goed skouer geskuur. Alles deel van God se vorming vir die bediening.
Daar was baie komiese insidente. Soos byvoorbeeld die oggend toe Juan Minnie die klok moes lui (en ons almal weet hy is bietjie aan die kort kant), het ons die tou heelwat korter gemaak. Die arme man het gespring en gespring maar kon die tou net nie bykom nie. Wel, dit is 'n prentjie wat jy nie sommer vergeet nie.

**Hoe lank is u getroud?**
Ek was 10 jaar getroud met Marlene waaruit my vier kinders Fredrich, Marli, Albert en Madelein gebore is. Na die ongeluk in 2010 waarin my vrou oorlede is, het die Here weer vir my 'n vrou gegee en vir die kinders 'n ma. Lorina se man is in 'n motorkaping geskiet ook in 2010. Ons is in 2015 getroud nadat ons einde 2013 ontmoet het. As u nie weet van al die gebeure nie sal u vas glo dat Lorina die kinders se regte ma is.



**Vertel vir ons hoe u u gade ontmoet het?**
Die susters in Bethal het gevra of hulle mag bid dat ek 'n vrou kry. Waarop ek geantwoord het 'Hulle kan bid waarvoor hulle wil, maar ek het nie tyd om te soek nie'. Die Here het hulle gehoor en Lorina het 'n reeksdienste bygewoon en vandaar het die verhouding ontwikkel.

**Hoeveel kinders het u?**
Daar is 4 kinders aan my kant: Fredrich is tans 3de jaar op kweekskool; Marli is 'n 2de jaar onderwysstudent; Albert is in graad 10; Madelein is in graad 8.
Lorina het 'n dogter, Melissa sy is getroud met Gavin en hulle het 3 seuntjies. Dan het Lorina 'n seun ook, Gustav hy is getroud met Elsche en hulle het 'n seuntjie en 'n dogtertjie.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Al die ou skrywers, soos CH Spurgeon, Sidlow Baxter en AW Tozer asook ons kweekskool se lesings.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Belfast, Pretoria Tuine, Bethal, Phalaborwa, Durban.

**Wat is u gunsteling dis?**
Baie maklik vleis en biltong, maar geen sop nie asseblief.

**Het u enige stokperdjie?**
Fotografie: natuurlewe en sport. Ek hou ook van gholf speel en vis te vang.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Die wildtuin en die see.

# "Adopt a student" Projek

Waar om te begin as aan die begin…

Die begeerte het al begin toe ons nog in Uniondale gemeente was. Maar omdat ons so vêr was, het ek gedink dit sal nie werk nie. Met ons aankoms in Boksburg was ons skaars hier toe Covid-19 ons almal getref het.

Einde 2020 het die begeerte weer opgekom om iets vir die Kweekskool studente te doen. En dié keer was ons nie meer vêr nie. Ons weet self hoe moeilik dit finansieel soms kan wees, want baie studente moet ekstra werkies doen om hul te kan help betaal aan studiegelde en maandelikse benodighede. Dit beteken nie ons vertrou nie op die Here nie, want ons kan getuig dat in die 4 jaar wat ons op Kweekskool was, die Here deur gedra. Maar hoe meer mense bewus kan wees daarvan om te bid en gewillig te wees om uit te reik, hoe beter.
Ek wou net graag bruikbaar wees vir die Here, maar wou dit nie alleen aanpak nie. Ek bid toe tot die Here dat ek nie alleen die begeerte sal hê nie, en die Here werk dit ook in een van my bestuurslede se hart om iets te doen. Ons het met die volgende Bestuursvergadering dit bespreek en almal het saamgestem. Dit is ook met die CVV algemene vergadering bespreek en die dames was opgewonde om te begin.
Ons het ons vorms opgestel wat elke student ingevul het, met die volgende besonderhede: wat hul nood is, waarvoor gebid kan word, wanneer hul verjaar, waarvan hulle hou, ens.
In 2021 het ons met die projek begin. Ons het begin met 14 studente. Elke dame wat kon, het 'n student (enkellopend of getroud) getrek. Daar het 1 student weggeval. Pakkies word per kwartaal afgelewer en persoonlik oorhandig.

2022 het ons begin met 11 studente, en 1 het weggeval. Ons is dankbaar dat ons dit nog kan doen en bid dat die Here elke dame sal seën wie hul harte en hande bereidwillig gemaak het vir die Here se saak.
Ons sal graag die dosente ook eendag wil byvoeg en bid dat die Here ook daarin sal voorsien.

Hier is 'n foto van ons 2de Kwartaal se pakkie-aflewering. En net die dankbaarheid wat hul betoon is die beste beloning vir ons dames. (Hier was net een student afwesig)

**Mev. Natasha Hattingh**
**Boksburg**



# "Hy sien al jou voetstappe"

## Vroueblad...

Liewe Vriendin, hou jy van stap? Wel, daar word beraam dat die gemiddelde mens wat tot op 80 jaar sou leef, omtrent 120 000 kilometer in 'n leeftyd sal stap. Dit is minstens driemaal rondom die aarde! Sommige dames hou baie van stap, mits dit in die winkelsentrum se gange kan wees. Dan is daar ook die ernstige stappers en drawwers onder ons – die ystervroue wat marathonne aflê. Persoonlik verkies ek 'n rustige wandeling in die natuur. Daar word gereeld gestop en blommetjies geruik. Die Bybel sê immers: ***"hy wat haastig is met die voete, trap mis."*** (**Spr.19:2**) Niemand hou tog van mistrap nie, of hoe?

Natuurlik trap ons nie opsetlik mis nie, want geen vrou hou daarvan om haar waardigheid op 'n sypaadjie in die dorp te verloor nie. Om nie te praat van die pyn, bloukolle en moontlike breuke wat daarmee gepaard kan gaan nie. Ek dink ons almal het al 'n stukkie grond iewers gekoop tot ons verleentheid en pyn. Mens se voet kan so maklik gly. Gewoonlik probeer mens so gou moontlik opstaan en loer vinnig rond om te sien of iemand jou val aanskou het. Maar Iemand het gesien… die Here het gesien. **Job 34:21** ***"Want sy oë is op die weë van die mens, en Hy sien al sy voetstappe."*** **Spr.15:3** ***"Op elke plek is die oë van die HERE, en hulle beskou opmerksaam die slegtes en die goeies."***

Besef ons dat God ons voetstappe opmerksaam dophou? Ons almal is op 'n geestelike reis. God kyk na ons keuses en waar ons voete gaan. Hy sien die invloed van óns wandel op ander. Die Here beoordeel ons weë.

Ek ken nie die pad wat jy tot vandag geloop het nie. Jy ken nie my pad nie, want ons elkeen se reis is verskillend. Daar is egter sekere kruispaaie waar ons almal moet verbygaan en keuses moet maak. Kom stap so bietjie saam met my deur die blaaie van die Bybel en besin oor ons roete-opsies.

Ons staptog begin nie baie goed nie, want ons is op die verkeerde pad gebore. Ons is almal in sonde gebore en ons almal is op 'n dwaalweg gebore. **Ps. 51:7** ***"Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang."*** **Jes.53:6** ***"Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop…"*** Hierdie is nie 'n roete waarop ons moet bly nie, want as jy hierdie pad enduit sal aanhou volg, gaan jy eindig in die hel. **Mat. 7:13,14** ***"Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind."*** Iewers moet ons by 'n kruispad kom. Hier is nét twee roete-opsies. Bly op die breë pad, of vind die smal pad. God gee ons genadiglik soveel hulpbronne om die regte pad te vind. Hy gee Sy geïnspireerde Woord om met behulp van die Heilige Gees, ons voetstappe na die Weg, Waarheid en Lewe te rig. **Ps.119:105** ***"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*** Die Woord verlig ons voetstappe om ons tot by Jesus te bring. Jesus nooi ons dan na Homself. **Joh. 10:9** ***"Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.."***

Hierdie is 'n kruispad in ons lewe. Gaan jy die breë pad aanhou volg vir nog so rukkie en hoop dat jy vorentoe dalk nog 'n uitnodiging na die smal weg sal kry? Jy kan nie weet of daar nog geleentheid sal wees nie. Of gaan jy by die deur – Jesus Christus - ingaan en jou voete op 'n nuwe weg bevind? Indien jy Christus aanneem en jou ou pad versaak, sal jy van daardie oomblik af besef dat daar skielik 'n ander padoppervlakte onder jou voete is. Christus trek jou uit die modder van jou sonde, en plaas jou op vaste grond. **Ps. 40:3** ***"en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak."*** Jy is nou weergebore. 'n Nuwe mens op 'n nuwe pad. Ons is nou op 'n weg wat Christus vir ons reeds uitgetrap het. Dis 'n vaste weg, en 'n veilige roete. Jou eindbestemming is nou onveranderlik. Al wat jy nou moet doen is om Hom nougeset te volg sodat jou reis nie onnodige pyn of verwarring inhou nie. **Job 23:11** ***"Aan sy voetstap het my voet vasgehou; sy weg het ek bewaar sonder om uit te draai."***

Die smal pad neem ons soms deur moeilike terreine in ons lewe. Die satan gaan ongelukkig nie ophou om ons vordering te probeer kniehalter nie. As ons nie waak nie en nie ons oë op Christus hou nie, kan ons voet maklik skeef trap en ons kan struikel en selfs seerkry. Genadiglik stap ons nie meer alleen nie, want Christus is nou ons metgesel. ***"As ek dink: My voet wankel — dan ondersteun u goedertierenheid my, o HERE!"*** (**Ps. 94:18**)

Soms vergeet ons ook dat talle verlore mense nog op die ou pad agtergebly het. Ons kan nie maar net tevrede wees om self uit die modder te wees, maar ons gee nie om dat hulle voortstap na 'n afgrond van 'n ewige verderf nie. Dis óns plig om die goeie nuus met hulle te deel en hul te nooi na die regte pad wat na die lewe lei. Daar is egter iets wat ons benodig wanneer ons hulle wil bereik: Evangelisasie-skoene. **Ef. 6:15** ***"as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede."*** Ons moet bereid wees om te soek na verlore siele en hulle te bearbei. Die Here sien al ons voetstappe, onthou? Daar wag 'n kroon vir sielewenners. Ons kan nie in Christus se voetspore stap, as ons nie by verlore siele wil stilstaan nie. Dis wat Hy gedoen het. **1Pet. 2:21** ***"Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld***

***nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;"*** Hy het die hemel verlaat en die stofstrate van die aarde kom bewandel ter wille van 'n verlore mensdom. Sy voete het oor verre paaie gestap om by soekende sondaars uit te kom. Sy voete het Hom geneem na 'n Saggeus; 'n vrou by die put; Jaïrus se dogtertjie; na melaatse mense, duiwelbesete mense, godsdienstig verlore mense, en uiteindelik het Sy voete die lydensweg betree tot by Golgota. Daar is Sy voete deurboor ter wille van elke sterweling op aarde. Voor Christus se wrede kruisdood het Maria ***"baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare."*** (**Joh. 12:3**) Vir haar was Jesus se voete lieflik, want sy het sekerlik die profesie in **Jesaja 52:7** geken: ***"Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor… wat verlossing uitroep;"***
Ons mag dalk nie perfek wees nie, maar ons kan wandel in die voetspore van Hom Wie perfek is. Wanneer jy jou eie paadjie wil stap, sal jy eindig in hartseer, maar as jy in Christus se voetspore stap sal jy in heerlikheid eindig. Mooi loop!

**Karen Devenier**
**Middelburg**

## Briewe aan my seun

# My kommer oor jou veiligheid



My liewe seun, een van die diepste note van patos (aandoenlikheid) in die Bybel, was geraak toe Dawid geween het oor die dood van sy seun Absalom. Vader Dawid was altyd bekommerd oor die veiligheid van sy seun en tweemaal vra hy in 2 Sam 18 – ***"Gaan dit goed met die jongman, met Absalom?"*** ("Is the young man safe?"). Elke goedgesinde vader, wat sy seun liefhet soos ek jou liefhet, dra altyd sorg oor die welsyn van sy seun.

Ons verneem telkens oor die nuus hoedat daar vanuit voertuie of ná voertuie doelloos en wild geskiet word. Probeer om nie alleen in 'n motor die langpad aan te durf nie; probeer om nagritte te vermy en indien moontlik, probeer alternatiewe roetes wat veilig is, al sou dit 'n paar kilometer verder wees.

Dan is daar so baie versoekings en so baie slaggate in hierdie wêreld waarvan elke opreggesinde vader met ondervinding kan praat:

• Is die jongman beskut teen sonde? My seun, ek weet dat jy jare gelede reeds die Here Jesus Christus as jou persoonlike Saligmaker ontmoet het en jou jong lewe sonder reserwe in Sy sorg geplaas het. In my gebede vir jou vertrou ek ons Saligmaker om jou te bewaar (2 Tim. 1:2).

• My seun, is jy beskut teen slegte vriendskappe? Ek vind nie fout daarmee dat jy aan sport deelneem nie, maar gaan dit goed met jou na afloop van 'n wedstryd? Groot is die versoeking vir kinders van die Here om saam met sportvriende te drink en te doen en so die Heilige Gees in hul lewens te bedroef. Een van jou maats, wat saam met jou op skool was, jonk getroud met een kindjie, het as gevolg van sulke praktyke 'n egskeidingsbevel teen hom.


***"'n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is 'n Vriend wat sterker aanhang as 'n broer,"*** **Spr. 18:24.** Van kleins af het jy langs ons in die kerk gesit en met soveel oorgawe lied 444 gesing: "Wat 'n vriend het ons in Jesus!"

• Is my jongman beskut teen slegte gewoontes? Onthou, slegte gewoontes ***"lê en loer by die deur en hulle begeerte is na jou."*** Daar is slegte gewoontes onder vandag se jongmense wat 'n greep soos 'n skroef op hulle hele lewe het. Aanvanklik lyk die voorkoms van sulke begeertes onskuldig en skadeloos. Maar pasop, dit wat gister maar 'n spinnerak was, kan môre 'n ketting om jou siel wees! Dit was slegte vriende, gewoonlik ouer as ek, wat vir my in slegte gewoontes saam met hulle gelei het. O, hoe het ek vir maande tot die Here geroep om byvoorbeeld die band van tabakrook in my lewe te kom breek. My seun, is jy beskut teen sulke verleidings en versoekings? Dieselfde Vader Dawid, wat nou so besorgd is oor die veiligheid van sy seun, het ook vroeër in sy lewe met versoeking van vriende te doen gehad en vir homself gebid: ***"laat my van hulle lekkernye nie eet nie,"*** **Ps. 141:4**.
Ten spyte van Absalom se rebellie, het Dawid baie groot, vaderlike liefde vir hom gehad (2 Sam. 18:5). Mag ek weet, my liewe seun: is jou lewe veilig en in Jesus Christus se bewaring? ("Is my young man safe?") Jy laat dikwels telefonies van jou hoor – neem hierdie keer pen en papier en laat my weet hoe veilig jy leef. Mag dit nooit vir my en jou moeder nodig wees om met gebroke harte oor jou te ween soos Dawid uitgeroep het nie: ***"My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!"*** **2 Sam. 18:33**.

God seën jou ryklik!

**Jou liefdevolle vader.**

# Blokraai No. 3 van 2022



**LEIDRADE - DWARS**

1. Stad waar Dawid regeer het
7. Ou Testamentiese profeet
11. Hosea se pa (2 Kon. 15:30)
12. Hierdie deel van 'n vers (agterstevoor) het heilig gemaak in die O.T.
13. Johannes die Doper se pa
14. Benhadad was hier koning
15. 'n Koning van Israel (1 Kon. 15)
16. 'n Baie vet koning (Rigt. 3)
18. Wat Boas aan Rut gedoen het (Rut 3)
19. Dit waarvoor ek voor die Regterstoel sal staan
21. 'n Doodgewone lidmaat (Sy naam)
22. 'n Groep wat met Stefanus geredetwis het (Hand. 6:9)
25. 'n Mideanietiese vors (Rigt. 7:25)
26. 'n Ou Testamentiese profeet
28. Saul was dit van Jonatan
29. Isak het dit aan Jakob gedoen i.p.v. aan Esau
30. Mens gaan hierheen as jy Jesus nie ken nie
33. Hoeveel keer kan mens gered word?
34. Mens word korter as jy dit doen
35. 12 Dwars omgedraai
36. 'n Broer van Mamre en bondgenoot van Abraham (Gen. 14:13)
37. Die eerste van die Rigters
38. Paulus het sy reismantel hier vergeet (2 Tim. 4:6-13)

**Af**

1. 'n Ander naam vir die dal van Megiddo
2. Jakob se vrou
3. Hy is die Skoon Roos van ...............
4. Jakob se vrou
5. 'n Lengtemaat
6. 'n Stam van Israel
7. Filemon se slaaf
8. Kleinseun van Salomo, en koning van Juda (1 Kon. 15)
9. 'n Tempelbediende (Esra 2:56)
10. Ram se seun (Matt. 1)
15. God se posisie
17. Petrus spreek hulle tot in Hand. 4
19. Mefiboset kruip hier weg (2 Sam. 9)
20. Eerste Christen-martelaar
23. Jesus noem Natánael dit in Joh. 1
24. Jona se stad
27. Miriam se oudste broertjie
28. Apostel
31. 'n Romeinse goewerneur (Hand. 23)
32. Jesus doen dit as ons die hartsdeur oopmaak
35. Daar was sewe wat maer was en sewe van vet was
36. Dit kom na die halm (Mark. 4:28)

# Evangelies-Gereformeerde Kerk George

Die frases van verskeie lofliedere gaan onomwonde deur 'n mens se gedagtes wanneer 'n mens terugdink aan die afgelope twee jaar en die impak wat dit op menselewens gehad het. Ons bly sing tot sy eer en bring aan hom die lof, die dank en die aanbidding van ons harte vir sy goedheid en troue sorg, en vir die feit dat hy sy kinders nooit vergeet nie. Selfs al is omstandighede vreemd en moeilik, wys hy hoe hy sy kinders deurdra wanneer ons dit die nodigste het.

Die grootste uitdaging was om oornag in "huisarres" geplaas te word en geforseer te word om maskers te dra. Wat 'n vreemde gevoel.
Ongelukkig was dit nie al nie. Die ergste was om saam te leef met die wete dat ons nie kerk mag bywoon nie. Swaar tye? Wel, ja. Beslis. Maar… Dankie, ds. Coenie Coertze, dat jy so innoverend was om danksy ons hemelse vader se genade ons te bederf met aand oordenkings elke aand oor WhatsApp, Web-Woord en Facebook.

Om steeds geestelik gevoed, versterk en bemoedig te word, was waarna ons as lidmate die meeste uitgesien het. Ons is daarom ontsettend dankbaar dat die here op so 'n besonderse manier na hierdie behoeftes omgesien het.

Dit is weer bewys dat indien ons ons oë op hom gevestig hou, hy ons begenadig en ons sy seën, vrede en vreugde in oorvloed skenk. Ons gemeente is verder so bevoorreg en geseën dat ons steeds al ons finansiële verpligtinge kan nakom. Aan Hom al die eer.
Ons het verder ook ondervind en kan daarvan getuig dat ten spyte van uitdagende tye verskeie besoekers hul toevlug tot ons gemeente geneem het en die kerk besoek het toe ons weer ons deure kon oopmaak.

Hierdie is 'n bewys dat mense vir wie hul verhouding met die Here hul erns is, 'n tuiste in ons kerk vind.

Die hoogtepunt van dit alles was dan ook toe ons op 15 Mei, sewe-en–twintig nuwe lidmate kon aanneem en voorstel in ons gemeente. Ons hemelse Vader laat alles ten goede meewerk vir die wat hom opreg liefhet en sien ons ook so goeie vrug op ons arbeid.
Daarom bly ons bid sonder ophou, ons bly in alles dankbaar, ons hou nie op om goed te doen nie en ons laat sy lig deur ons skyn.
Mag sy goeie werk ook in ander gemeentes floreer!!!

**Danie de Bruin**
**Visevoorsitter, George**







Koste R450p/p
MANNEKAMP
2-4 SEPTEMBER 2022
BY EDEN
EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE
BESPREEK BY:
DS DANIE KLOPPER 082 901 4611
Bankbesonderhede:
EGK Mannekamp
Standardbank
Takkode 016145
Rek 031030270
Verwysing: Gemeente & Naam
Epos betalings en besprekings aan
danieklopper@rocketmail.com
SPREKERS:
Dr André Bester
Ds Gerrie van Dalen


Hiermee word u hartlik uitgenooi na die
Nasionale Vrouekamp vir 2022
Spreker : Anthony Noble
Datum : 14 – 16 Oktober
Plek : Cyara Kampterrein
Koste : R750 per persoon
Die tema vir die naweek word verleen
uit die boek Ester
Besprekings kan gedoen word by
Ina Janse van Rensburg – indria@absamail.co.za
072 718 4897 / 015 307 3371

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • September/Oktober 2022 • #648

- Die Jakkals in God se oë
- Aan die einde van die dae
- EG Kerk SA Embleem

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ... van die Redakteur

Die aanbreek van die twee "lentemaande", pas ook goed in met hierdie uitgawe vir September/Oktober. Het dit u dit al oordink dat daar nogal 'n beduidende ooreenkoms is met die nuwe bloeisels aan die bome en 'n pasgeredde siel? Net soos die bloeisels kleur gee aan die dorre ou boom, net so is daar die groot verandering te bespeur in die uiterlike voorkoms van die "nuwe" siel – sonde het soos die blare afgeval en die siel lyk skoon anders – 'n nuwe skepsel soos 2 Kor. 5:17 ons leer.

Na ons redding moet ons geestelik groei en volg die vereiste pad van Heiligmaking, ons word genees van siektes en kwale en met verwagting sien ons uit na die Groot Dag as Jesus ons kom haal. Ons primêre tema vir hierdie uitgawe is die wederkoms.

Enige kerkgenootskap het 'n eie identiteitsimbool waarop elke lidmaat trots behoort te wees. Bestudeer gerus die artikel oor die EG Kerk SA se embleem. In 1946/47 was daar openbare deelname op die keuse en ontwerp van ons Kerkembleem. Sou u van mening wees dat die embleem wat tans in gebruik is moontlik verandering behoort te ondergaan, netso het u nou die geleentheid om ook deel te neem aan hierdie proses. Die redaksie stel dit egter duidelik dat daar geen voortydige aannames geneem moet word oor die toekoms van die Kerkembleem nie.

Die woorde van Die Wederkomslied (agterblad) bemoedig ons om, ten spyte van radeloosheid, donker dae, pandemies, oorlogswolke en ander kwellinge, ons oë te hou op die wolke en gereed te wees as ons Koning weer gaan kom – MARANATA!

**Redakteursgroete**


**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur) Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto: Adobe Stock # 312891244 deur John Theodor**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 78**
**September/Oktober 2022**
**Uitgawe #648**


# INHOUD


**3 Die Jakkals in God se oë**

**4 Aan die einde van die dae**

**6 "Dood en lewe is in die mag van die tong"**

**8 Uit die Argief:** Teenstelling tussen Christus en die Antichris

**9 Waar is die Emeriti**

**10 Vier geslagte**
**EG Jeug - Nasionale Jeugkamp 2023**

**11 Nuus van die Bybelgenootskap**
**Wat 'n heerlike verrassing**

**12 Die Koning Kom!**

**13 Broodjies in Bloemfontein: 'n Vervoermiddel van die Evangelie**

**14 EG Kerk SA Embleem**

**16 Vroueblad:** Vreemdeling op aarde

**17 Briewe aan my seun:** Slaap

**18 Die Bybel...? Nee dankie!**

**19 Aangename Kennis:** Ds. Rassie van Staden


**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@mweb.co.za

# Die Jakkals in God se oë

Herodes Antipas was die Romeinse leier in die tyd toe die Here Jesus op aarde was. Hy was die een wat bevel gegee het dat Johannes die Doper onthoof moes word nadat sy vrou Herodia se dogter dit van hom geëis het. Alhoewel hy dit nie wou doen nie, het hy nie sy man gestaan teen sy vrou en haar bose versoek nie. In Luk. 13:31 waarsku die Fariseërs vir Jesus dat Herodes Hom om die lewe wil bring omdat Hy so baie wonderwerke gedoen het. Jesus se woorde aan hulle was: **Luk. 13:32** ***"En Hy het vir hulle gesê: Gaan vertel daardie jakkals: Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar."***

Die woord "Jakkals" verwys na die skelm en agterbakse karakter van Herodes Antipas. Herodes kan nie sy man staan teen die druk van die goddelose wêreld sisteem nie. Hy het die waarheid geken maar nooit dit sy eie gemaak nie.

Herodes Antipas se pa was die leier van die Romeinse ryk en ná hom was die Romeinse ryk in vier verdeel. Elke deel was deur een van Herodes die Grote se seuns regeer. Herodes die Grote het vyf vroue gehad. Twee van die seuns van Herodes die Grote, Herodes Antipas en Herodes Philippus ook bekend as Herodes die Tweede, het elkeen 'n deel van die Romeinse ryk ontvang om te regeer. Ons lees net 'n deel van hulle geskiedenis in die Bybel, wat vir ons nader bring aan die betekenis waarom Jesus vir Herodes Antipas 'n Jakkals genoem het. Herodes Antipas was getroud met die dogter van 'n Arabierse koning. Sy half broer, Herodes die Tweede was getroud met Herodia, wat die dogter van sy pa se half broer was. Terwyl die twee broers by mekaar kuier het Herodes Antipas en Herodia op mekaar verlief geraak. Herodes Antipas het toe van sy vrou geskei en Herodia skei van haar man en die twee trou met mekaar. Dit was oor hierdie gebeurtenis dat Johannes die Doper vir Herodes aangespreek het en toe het Herodes vir Johannes in die gevangenis gesit.

Herodes was bang vir Johannes omdat hy geweet het dat Johannes regverdig voor God was en dat hy die waarheid verkondig het. **Mark. 6:20** ***"Want Herodes was bang vir Johannes, omdat hy wis dat hy 'n regverdige en heilige man was, en hy het hom beskerm; en nadat hy hom gehoor het, het hy baie dinge gedoen en graag na hom geluister."*** Herodes het vir Johannes gerespekteer, maar hy was bang dat die mense sou dink dat hy 'n swakke-ling is omdat hy van Johannes en van sy prediking gehou het. Die teksvers sê dat hy Johannes beskerm het en graag na hom geluister het. Alhoewel hy graag na hom geluister het, het Johannes se boodskap nie deurgedring tot Herodes nie.
Op die einde het hy in sy swakheid as man omdat hy nie kon opstaan teen sy goddelose vrou nie, Johannes dood gemaak.

Baie mense hoor die boodskap van die evangelie en hulle is lief vir die predikers wat dit bring, maar die boodskap bring geen verandering in hulle lewens nie. Daar is baie mense wat nie genoeg kan kry van die boodskap van Jesus se evangelie nie. Hulle hang aan die lippe van die predikers, maar daar kom geen verandering in hulle lewens nie. Hulle is by elke konferensie en mis nie 'n diens nie, maar op die ou end bly hulle dieselfde. Wat het vir Herodes gekeer om te verander? Dalk sy skuldgevoel oor sy huwelik en die lewens wat hy daardeur verwoes het. Dalk sy trots as Romeinse leier en wat die mense van hom sal dink. Dalk sy luukse lewe en sy rykdom. Hierdie jakkals wat nie vir Johannes kon opstaan nie, en later ook nie vir Jesus kon opstaan nie. Ons lees in die evangelie volgens Lukas 23 hoe Herodes uitgesien het om Jesus te ontmoet, omdat hy baie van Jesus se gehoor het en graag van sy wonderwerke wou sien. Maar Jesus het nie vir Herodes geantwoord nie. Ons lees in verse elf en twaalf. Luk. 23:11 "En nadat Herodes saam met sy soldate Hom met veragting behandel en bespot het, werp hy Hom 'n blink kleed om en stuur Hom terug na Pilatus." Die Jesus wat Johannes van vertel het staan voor Herodes. Hy het die wonderlike geleentheid om Jesus self persoonlik te ontmoet. Hy kon soveel meer kry, maar hy soek na verkeerde dinge.

In Markus hoofstuk ses het Jesus Sy dissipels uitgestuur om die evangelie te gaan verkondig. Toe Herodes hoor van alles wat die dissipels gedoen en verkondig het, het hy gedink dat Johannes uit die dood opgestaan het. Die dissipel het groot wonderwerke gedoen soos duiwel uit gedryf, siekes met olie gesalf en gesond gemaak. Selfs kon hierdie kragdadige wonders nie vir Herodes verander nie.
Liewe vriend, vriendin, jongmens hoe lyk dit in jou lewe vandag? Die uitdaging is om u eie lewe te meet aan die lewe van Herodes die Jakkals, met betrekking tot die waarheid wat hy gehoor het; wat gaan u met die waarheid doen? Die predikers wat Johannes die Doper, die Apostels en Jesus Christus gebring het. Die feit dat hy groot wonderwerke aanskou het, en tog het hy nooit by die punt van redding uitgekom nie. Wat keer u vandag nog? Wat keer u om te breek voor Jesus en alles net oor te gee? Dalk u aardse rykdom, of u roem en aansien, of u sondige lewe of dalk u hoogmoed?

Ek nooi u om na Jesus toe te kom. Hy wil u vergifnis gee, en u verlos van die mag van sonde. Hy wil vir u die ewige lewe gee en deel maak van God se familie. Wat staan nou in u pad?

**Ds. Wim Smith**
**Helderberg**

# Aan die einde

**Lees gerus 2 Petrus 3:1-10 voordat u hierdie bydra begin lees.**

Ons sien in **2 Pet. 3:3** dat die skrif verwys na die einde van die dae. Meer as 1845 verwysings wat een uit elke 30 verse in die Bybel opmaak praat oor die koms van die Here. Dis naas geloof die mees bespreekte tema in die Bybel.
Die mense het reeds in Petrus se tyd gespot met die koms van die Here. Hy sê in vers 3: ***Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel.***

Die afgelope 2 000jaar leef die Kerk in die laaste dae – wat ons die genade dispensasie noem. Daar was in Petrus se tyd reeds spotters (valse leraars) wat Jesus se wederkoms in twyfel getrek het. Ons weet daar was 'n baie groot verwagting na die wederkoms net ná die hemelvaart. Die kerk het geweldige vervolging beleef oor hulle verwagting van die Here Jesus en vir hulle was dit iets wat vinnig sou gebeur. Die spotters waarna hy verwys, sou die gelowiges teister en die vervolging sou nie net fisies wees nie, maar ook emosioneel van aard, waar hulle die gelowiges sou teister om twyfel te saai in die gemoed van die gelowiges oor Sy koms.

Ten spyte van hulle vervolging, word hulle ook gemaan deur Petrus om Jesus end uit te volg in die lig van die wederkoms, vers **14** ***Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.***

Petrus is so seker dat hierdie dag gaan plaasvind dat hy met vrymoedigheid sê: beywer julle om vlekkeloos en onberispelik in vrede bevind te word. Dis God se standaard vir Sy kerk. Dis nie óf hierdie dag gaan plaasvind nie, maar wánneer die dag gaan plaasvind. En terwyl daar gewag word vir die dag om plaas te vind, sal daar spotters wees wat sal spot en ons kry baie te doen met hulle.

Die rede hoekom hulle spot, sien ons in vers **3** – *mense wat volgens* ***hulle eie begeerlikheid wandel*** – hulle is tevrede om in hulle sonde te leef – hulle eie lewe te leef soos hulle wil – hulle self tevrede te stel. En hoekom hulle so leef sien ons in vers **4** wat sê: ***Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.***

Hulle sê kyk net na die geskiedenis, alles in die geskiedenis het nog net dieselfde gebly, niks het verander nie en hoekom sal dit nou ewe skielik verander. Daarom herinner die Here sy Kerk aan sekere dinge, sodat die Kerk nie verslap en moed verloor ten spyte van al die spotters wat die koms van die Here Jesus betwyfel nie.

**Hy herinner hulle aan die Skrifte**
**2 Pet. 3:1, 2** ***Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwere gesindheid opwek,*** **2** ***sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser.***

Die doel van die briewe is om hierdie mense weer te herinner. En dan sê hy – om hulle suiwere gesindheid op te wek. So die gedagte is om hulle te herinner dat hulle vlekkeloos voor Hom kan staan. Hy herinner hulle aan wat die heilige profete en die apostels gespreek het oor die dag van die Here, dat die dag van die Here sou kom. Ons lees in die geskrifte van die profete van sy koms, **Jes. 13:9** ***Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg.***
Ook in **Joël 1:15** ***Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige.***

Die getuienis van die Ou Testamentiese Profete en die apostels het bevestig dat die Here terugkom.
Maleagi beskryf dit in **Mal 4:1** ***Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.***

Die skrif verwys na hierdie dag wat sal aanbreek na die wegraping en dit sal eindig by die voleinding van die wêreld. Die sleutel gedagte is dat julle kan onthou – hulle moenie vergeet wat geskrywe is nie – en hulleself laat aftrek deur die spottery van mense wat in hulle eie begeerlikhede verlok en verlei word om te leef soos hulle wil nie. Die Kerk moet onthou wat gesê is deur betroubare bronne dat hulle nie ook weggesleep en weggelok word om agter die wêreld aan te loop nie.
Die kinders van God het nodig om die Woord te glo, dis hulle enigste hoop.

**Hy herinner hulle aan die geskiedenis**
**2 Pet. 3:4-7** ***en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.*** **5** ***Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God,*** **6** ***waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het.*** **7** ***Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense***
Hulle kyk na die geskeidenes en die verloop van dinge en hulle sê niks

# van die dae

het verander nie, hoekom sal dit nou verander? Maar Petrus sê hulle vergeet moedswillig hoedat die Here die vorige bestel verwoes het met water. Ons lees in Genesis hoedat die aarde omring was met water en met die vloed in Noag se tyd is hierdie water op die aarde gestort en die aarde het oopgebars en water het uit die aarde gekom en die aarde oorstroom, en net agt mense is gered.

'n Klein hoeveelheid mense is gered net soos daar in die laaste dae 'n klein hoeveelheid mense gered sal word, want die mense sal nie ag slaan op die Woord nie, hulle sal spot en sê waar is die koms van die Here?
Jesus sê in **Matt. 24:37-39** ***En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*** **38** ***Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,*** **39** ***en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.***

Mense sal normaal aangaan sonder dat iets hulle pla, en moedswillig sal hulle vergeet wat gebeur het met die mense in Noag se tyd. Hulle moes weet God het 'n belofte gemaak om nie weer die aarde met water te vernietig nie maar hy sal dit dié keer vernietig met vuur saam met die goddelose mense aan die einde van die dae. Die geskiedenis bewys hoe mense vergeet wat in die verlede gebeur en saam met dit ook wat die Here in Sy Woord belowe het.

Hy sê in **2 Pet. 2:9,10** ***die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;*** **10** ***en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agternaloop en die heerskappy verag.***

Oor die eeue heen het God Homself getrou bewys en die en die mensdom kan maar Sy beloftes glo.

**Hy herinner hulle aan God se tyd**
**2 Pet. 3:8** ***Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.***

Petrus sê eenvoudig God werk nie op hulle horlosie nie. Hy gebruik 'n voorbeeld as hy die woordjie "soos" gebruik en sê die ding is soos daardie ding. M.a.w. hy sê dit is nie daardie ding nie, hy sê dis soos daardie ding. By God is daar dus nie tyd nie.

Wat vir mense lyk na 'n lang tyd of 'n ewigheid is vir God niks nie, want God is 'n ewige nou. Hy is van ewigheid tot ewigheid teenwoordig. Dis 'n groot prentjie wat besig is om in vervulling te gaan waarby daar geen tyd betrokke is by God nie, **Ps. 90:4** ***Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak.***

God is nie beperk tot tyd nie. Dus moet hulle verseker wees dat die Here gáán terugkom. Wees verseker dat Hy, nie uitstel nie en dat hy nie soos 'n mens is nie. Hulle moes dus gereed wees om enige tyd te verwag dat Hy terugkom en so moet Sy Kerk ook gereed wees. Ons lees **1 Thess. 5:2,3** ***want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.*** **3** ***Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.***
Hulle moes nie speel met kosbare tyd nie, maar eerder gereed maak en ag slaan op die waarskuwing van die Woord.

**Hy herinner hulle aan die doel van die Here met die dag**
**2 Pet. 3:9** ***Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.***
Die vraag kom dadelik op: Maar waarom het Jesus nie gekom in die eerste eeu nie, en waarom was dit nie in die tyd van die Apostels nie, hulle het dan so 'n groot verwagting gehad?

Eeue het verbygegaan en Sy koms het nie plaasgevind nie, waarvoor wag ons? Wat is die oponthoud? Is God iemand wat uitstel soos ons geneig is om uit te stel en uit te stel. Of stel hy 'n doel en kom nooit sover om dit uit te voer nie?

Wel dis duidelik dat God nie sy beloftes vertraag soos sommige dit sien nie. So wat is die rede dat Sy koms vertraag word?

Die rede is God se lankmoedigheid. Hy wil nie hê dat sommige vergaan nie. Hy wil nie hê dat mense verlore gaan nie maar dat almal tot bekering sal kom. Petrus sê, God stel uit met 'n rede en Hy doen niks sonder rede nie.

Ons lees in **Rom. 2:4** ***Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?***
God is nie laat nie, en Hy is nie traag nie, Hy is lankmoedig met mense. Dit beteken sy toorn is groot en geduldig oor mense. Hy het 'n geweldige vermoë om Sy toorn terug te hou voordat Hy dit uitstort, net soos God geduldig was met die gemeente van Thiatire **Open. 2:21** ***En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.***
God het tyd gegee, vir die sommige om hulle te bekeer.

Vervolg op bl. 7

# “DOOD EN LEWE IS IN DIE

So dikwels hoor ons dat mense genesing spreek in die Naam van Jesus. Daar is ander wat, in die Naam van Jesus verklaar dat ŉ siek persoon gesond is. Ander spreek, in die Naam van Jesus dat daar geld in hulle beursies sal wees. Ander spreek, in die Naam van Jesus mense se omstandighede reg. Baie wat so spreek glo dat God hulle moet antwoord soos hulle gespreek het. Hierdie is mense wat mislei word deur die valse leringe van die *“word of faith doctrine”*. Hierdie valse leringe glo ook dat die mens ŉ god in homself word. Sulke mense sien dan dat hulle geloof, in hulle woorde, krag het wat hulle kan gebruik in die Naam van Jesus om te kry wat hulle wil hê. Hulle gebruik dan verse soos Spreuke 18:21, buite konteks, om hulle valse lering te regverdig. Kom ons kyk na die konteks van Spreuke 18:21 om te bepaal wat die Woord van God werklik vir ons hier wil leer.

**HISTORIESE KONTEKS**

Spreuke is deur Salomo geskryf en handel hoofsaaklik oor wysheid of ŉ gebrek aan wysheid. As koning het Salomo letterlik mag gehad om iemand wat sleg van hom gepraat het om die lewe te bring en iemand wat goed van hom gepraat het, ŉ beter lewe te gee deur so ŉ persoon te bevorder. Kom ons gaan lees nou **Spreuke 18:17-24** om die direkte konteks wat hier bedoel word in vers 21 vas te stel.:



**KONTEKS VAN DIE SKRIFGEDEELTE**

**Spr. 18:17-20** ***Hy wat die eerste in sy regsaak is, het reg; maar sy naaste kom en ondersoek hom terdeë.*** **18** ***Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar.*** **19** ***’n Broer teen wie oortree is, is erger as ’n sterk stad; en geskille is soos die grendel van ’n paleis.*** **20** ***Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe.***

Tot hiertoe gaan dit oor die woorde in ŉ regsaak en die vrug van jou woorde wat iemand anders kan benadeel. Dit gaan nie hier dat woorde skeppingskrag het nie. Dit gaan nie hier dat jy net kan spreek en dan kom wat jy gespreek het tot stand nie. Spreuke 18:21 moet verstaan word na aanleiding van die vorige verse. **Spr.18:21-24** ***“Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.*** **22** ***Wie ’n vrou gevind het, het iets goeds gevind en ’n welgevalle van die HERE verkry.*** **23** ***Die arme spreek smekinge, maar die ryke antwoord harde dinge.*** **24** ***’n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is ’n vriend wat sterker aanhang as ’n broer.”***

Hier het ons nou die direkte konteks en dit handel nie oor die feit dat ons woorde skeppingskrag het nie. Hier word nêrens vermeld dat ons dinge kan skep met ons woorde nie en dat ons gesondheid kan skep in die Naam van Jesus nie, of dat ons voorspoed en welvaart kan skep in die naam van Jesus nie. Dit handel oor die feit dat wat ons met ons monde spreek gevolge sal hê, of dit nou goed of sleg mag wees. Dit is nie omdat ons woorde skeppingskrag in hulle self het nie, maar wat ons teenoor ander uitspreek hulle kan affekteer.

Ons kan mense met die woorde wat ons uitspreek seermaak, hulle sleg sê en afbreek of ons kan hulle opbou. As ons vers 19 tot 21 saam lees sal ons sonder moeite die konteks kan bepaal.

So sien ons ook dat Jakobus in Jak. 2 skryf oor die tong van die mens wat ander mense vervloek (slegsê) en so ander mense se karakters affekteer, maar niks meld van die skeppingskrag van die tong om ge-nesing te skep in die Naam van Jesus nie.

Kom ons gaan kyk wat Jesus self oor hierdie aangeleentheid gesê het. **Luk 6:45** ***“Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond.”***

Jesus het nêrens gesê ons moet lewe of genesing of saligheid in iemand inspreek nie. Indien dit die geval sou wees, moes Jesus dit hier genoem het, maar ons sal opmerk dat Hy niks daaroor te sê gehad het nie. Ons het nie krag in ons woorde om te skep soos ons wil nie en Spreuke 18:21 gaan ook nie daaroor nie. Mense wat glo dat hulle in die Naam van Jesus net kan verklaar dat ŉ persoon genees is en dan sal die persoon genees wees, dwaal ernstig. Ons kan natuurlik vra vir genesing maar God is Soewerein, Hy sal besluit soos Hy wil.

Natuurlik kan God nog mense vandag genees. Natuurlik kan ons nog vir mense bid wat siek is. Maar so ŉ persoon word genees omdat God die persoon genees. Dit is nie my woorde se krag wat die persoon genees nie. God is die bron van alles en Hy besluit soos Hy wil, wanneer Hy wil, indien Hy wil, omdat Hy God Almagtig is.

Valse leraars van die ‘name it and claim it’ lering is besig om mense te mislei met ŉ valse geloof, hulle verskuif ware geloof alleen in God na geloof in woorde.

So gebruik hulle ook Romeine 4:17

# MAG VAN DIE TONG..."

buite konteks en beweer hulle dat hulle die dinge wat nie bestaan nie kan aanroep asof dit bestaan en dan sal dit gebeur. Kom ons gaan kyk na hierdie vers **Rom. 4:17** ***"soos geskrywe is: "Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.*** **18** ***Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees"***. Hier praat God met Abraham (Gen.17:5 word gedeeltelik aangehaal) Abraham het in die Almagtige God geglo, in die God wat alleen die dode lewend kan maak, die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

Dit is net God alleen wat die dode lewend kan maak en die dinge wat nie bestaan nie roep as of hulle bestaan. Geen mens kan dit doen nie. Dit is net God wat kan genees en nie die woorde van een of ander 'faith healer' of pastoor nie. Dit is ook nie ons geloof in ons woorde wat lewe en genesing bring nie. God besluit of Hy genees of nie. Net God kan 'n dooie lewendig spreek.

**Ds. Wim Smith**
**Helderberg**

---

# Aan die einde van die dae

Vervolg vanaf bl. 5

So God se lankmoedigheid is vir die redding van siele. Sodat die siele oes sal inkom. Hy sê in **2 Pet. 3:15** ***En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid.***
**1 Tim. 2:3, 4** ***Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,*** **4** ***wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.***
Net soos God lankmoedig was oor die aarde in Noag se tyd waar 120 jaar verloop het, kom God en hy gee in Sy lankmoedigheid tyd vir mense om hulle lewe reg te maak

**Hy herinner hulle aan die werklikheid van die dag**
**2 Pet. 3:10** ***Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.***

Hy sê maar die dag sal kom, dis 'n gegewe want die Ou Testament verwys in verskeie boeke, Jesaja, Jeremia, Amos, Obadja, Sefanja, Sagaria en Maleagi na die werklikheid van die dag.
**Jes. 13:6** ***Huil julle, want die dag van die HERE is naby; hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige.***
**Jer. 46:10** ***Maar dié dag behoort aan die Here HERE van die leërskare, 'n dag van wraak, om wraak te neem op sy teëstanders;***
**Amos 5:18** ***Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie.***

Dit word genoem die dag van oordeel, ook die dag van duisternis, ook die dag van vernietiging. Dis die dag wat voortspruit vanaf die wegraping van die kerk wanneer oordele oor die aarde uitgestort sal word in die groot verdrukking en verder strek tot by die tweede koms van Jesus, Sy fisiese koms in Sagaria 14 en dit kom tot 'n klimaks by die totale vernietiging van die aarde aan die einde van die 1000 jaar van vrede waar God die aarde sal vernietig met vuur waarna Hy hier verwys.

**2 Thess. 2:1,2** ***Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,*** **2** ***om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie — deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees — asof die dag van Christus al daar is.***

Die dag is nog nie daar nie, want dit kom nog en Petrus verseker ons dat die dag wel onverwags sal aanbreek.

**Ten slotte**
Hoe moet ons leef met die oog op die wederkoms? Kyk na die volgende verse 11, 14 en 17.

**2 Pet. 3:11** ***Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?***
**2 Pet. 3:14** ***Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.***
**2 Pet. 3:17** ***Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie.***

**Die skrif vermaan ons:**
1. Om 'n heilige lewenswandel en godsvrug te hê.
2. Om onsself vlekkeloos en onberispelik te bewaar van die wêreld.
3. Om te waak deur nie meegesleep te word deur dwalings van sedelose mense nie.

**Ds. Willie Olivier**
**Maranata (Pta-Noord)**

Uit die Argief

# Teenstellings tussen Christus en die Antichris

CHRISTUS

• Hy daal uit die hemel neer en verskyn as mens, maar is van hemelse oorsprong (Joh. 3:13, 6:38)
• Hy is die Seun van God en het gekom om die Vader aan die wêreld te openbaar (Matt. 16:16)
• Hy is die waaragtige God (1 Joh. 5:20)
• Hy is sondeloos (2 Kor. 5:21; Hebr. 4:15)
• Hy het in die Naam van sy Vader gekom (Luk. 16:22)
• Hy het gekom om die Vader te verheerlik (Joh. 17:4)
• Hy is een met die Vader en die Heilige Gees en het gekom om die Vader te openbaar (Joh. 14:9; 1 Joh.5:7)
• Hy is die Verlosser van die wêreld en het gekom om ons van die Satan se slawerny te bevry (Joh. 8:36; 1 Joh. 4:14)
• Hy het as ŉ nederige dienskneg na die aarde gekom en Sy lewe as losprys gegee (Mark. 10:45)
• Hy het gekom om sondaars te red en in Sy koninkryk te versamel (Matt. 25:34; Luk. 19:10)
• Hy het gekom om God se geregtigheid op aarde te laat geskied (Filip. 3:9)
• Hy het die wet kom vervul (Matt. 5:17,18)
• Hy bring vrede in mense se harte met God, maar konflik met die ongeredde wêreld (Matt. 10:34; Joh. 14:27)
• Hy het gekom om Satan te ontmasker en sy werke te verbreek (Kol. 2:15; 1 Joh. 3:8)
• Hy neem sterk standpunt in teen hebsug en aardse rykdom (Luk. 12:15)
• Hy het die waarheid oor God, Satan, sonde, redding, die hemel en die hel aan die mensdom bekend gemaak (Matt. 22:16; Joh. 1:17; Joh. 8:31-32)
• Hy verbind homself net aan die ware kerk wat sy Naam bely en hulle van die afgode distansieer (Joh. 14:6; 2 Kor. 6:14)
• Sy bruidsgemeente sal vir ewig by Hom wees (2 Kor. 11:2; 1 Thess. 4:17)
• Hy doen Sy oortuigingswerk deur die Heilige Gees wat net die waarheid verkondig (Joh. 16:13-14)
• Hy sal uit die hemel kom en op die Olyfberg neerdaal (Sag. 14:4-5)
• Sy koninkryk sal vir ewig duur (Openb. 11:15)
• Hy is die oorwinnaar wat oor die Antichris en sy mag sal triomfeer (Openb. 19;19-21)
• Sy volgelinge beërf ŉ ewige en onwankelbare koninkryk (Kol. 1:13-14; 2 Pet. 1:11)

DIE ANTICHRIS

• Hy kom uit die afgrond op en sal as ŉ mens uit die see van nasies voortkom (Openb. 13:1; Openb. 17:8)
• Hy is die seun van die verderf en sal sy vader se bedorwe karakter kom openbaar (2 Thess. 2:3)
• Hy sal homself valslik tot God verklaar (2 Thess. 2:4)
• Hy is die mens van sonde (2 Thess. 2:3-10)
• Hy kom in sy eie naam (Joh. 5:43)
• Hy sal homself verheerlik en laster teen God (Openb. 13:5-6)
• Hy sal homself met die draak en die valse profeet in ŉ driemanskap verbind en Satan verpersoonlik (Openb. 13:4, 11-12)
• Hy sal van die mensdom politieke, godsdienstige en ekonomiese slawe van sy ryk van die duisternis maak (Openb. 13:7, 15-18)
• Hy sal groot en verhewe wees in sy eie oë en as ŉ diktator heers (Dan. 11:36; 2 Thess. 2:4)
• Hy sal kom om mense oor die aarde te verstrooi en hulle te verdelg (Dan. 11:44)
• Hy sal sonde en ongeregtigheid laat hoogty vier op aarde (2 Thess. 2:3)
• Hy sal tye en wet verander (Dan. 7:25)
• Hy sal ŉ valse vrede en eenheid op aarde skep wat skielik in duie sal stort en op die groot verdrukking uitloop (1 Thess. 5:3)
• Hy sal die god van die vestings (Satan) vereer met alles wat hy het (Dan. 11:38)
• Hy sal groot rykdomme vergader en omkoopgeskenke uitdeel (Dan. 11:39, 43)
• Hy sal kom om die mensdom geestelik te mislei en in leuens te laat glo wat tot hulle ondergang sal lei (Matt. 24:4-5; Joh. 8:44; 2 Thess. 2:9)
• Hy verbind homself aan al die valse godsdienste wat bereid is om as hul gemeenskaplike messias te erken (Openb. 17:3-6)
• Sy bruid, die valse wêreldkerk, sal na 3½ jaar vernietig word (Openb. 17:16)
• Hy oortuig mense d.m.v. ŉ duiwelse gees van dwaling (2 Thess. 2:9; 1 Joh. 4:3,6)
• Hy kom uit die woestyn en sal op TV gesien kan word (Matt. 24:26)
• Sy ryk sal kortstondig wees (Openb. 17:9-12)
• Hy sal vir ewig in die hel verdoem word wanneer die Here Jesus kom (2 Thess. 2:8)
• Sy volgelinge sal sy skrikwekkende lot vir ewig in die hel met hom deel (Openb. 14:9-11)

**Saamgestel deur Prof. J.S. Malan; Geneem uit Kerkblad van November/Desember 1996**

# Waar is Emeriti?


*Die emeriti gaan aan u in geen spesifieke volgorde voorgestel word nie, maar soos die Redaksie die nodige inligting en foto's bekom.*



**Noemnaam en van:** Ds. Jannie Olivier
**Dorp waar u tans woon:** Witbank
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 083 430 4719
**Gemeentes wat u bedien het:** Rhodesië, Elsburg, Vanderbijlpark, Hankey en Warmbad.
**Datum van ordening:** 1977
**Datum van emeritaat:** Des. 2019



**Noemnaam en van:** Ds Roy & Isca Scorgie
**Dorp waar u tans woon:** Kaap St Francis/Humansdorp
**Kontakbesonderhede: S**elfoon 082 521 2206
**Gemeentes wat u bedien het:** Warmbad, Humansdorp en Ermelo
**Datum van ordening:** 10 Des 1994
**Datum van emeritaat:** 01 Des 2015
**Kort boodskap aan die kerk:**
Jeremia 29:12&13 *"Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart."*



**Noemnaam en van:** Ds Chris Pieters
**Dorp waar u tans woon:** Vereeniging
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 083 278 3957
**Gemeentes wat u bedien het:** Johannesburg-Wes, Vereeniging
**Datum van ordening:** Jan-75
**Datum van emeritaat:** Nov-97
**Kort boodskap aan die kerk:** DL Moody het gesê: "Honor the Holy Spirit". Die Heilige Gees is Jesus se geskenk aan Sy bruid om hulle te herinner aan hul Bruidegom en Sy wederkoms, terwyl Hy haar huis gereed maak. Die Heilige Gees herinner ons aan alles wat Jesus gesê het en lei ons in die volle waarheid in. Hy verheerlik die Here Jesus Christus in ons lewens. Sonder die erkenning van en die krag van die Heilige Gees is daar geen kragtige evangelie. Gee meer plek aan en eer die Heilige Gees.

## OPLOSSONG BLOKRAAI 3

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| J | E | R | U | S | A | L | E | M | | O | B | A | D | J | A |
| I | | A | | A | | E | L | A | | N | | S | A | | N |
| S | A | G | A | R | I | A | | N | | E | | A | R | A | M |
| R | | E | | O | | | B | A | E | S | A | | K | | I |
| E | G | L | O | N | | L | O | S | | I | | L | O | O | N |
| E | | | W | | S | | | S | I | M | E | O | N | | A |
| L | I | B | E | R | T | Y | N | E | | U | | D | | | D |
| | S | | R | | E | | I | | | S | E | E | B | | A |
| | R | | S | E | F | A | N | J | A | | | B | | | B |
| | A | | T | | A | | E | | A | | P | A | | | |
| G | E | S | E | E | N | | V | E | R | D | E | R | F | | I |
| | L | | S | | U | | E | | O | | T | | E | E | N |
| B | I | D | | A | S | | | A | N | E | R | | L | | K |
| | E | | | R | | | | A | | | U | | I | | O |
| O | T | N | I | E | L | | T | R | O | A | S | | X | | M |

*Die Redaksie wil by die geleentheid die subredakteur, ds. Wynand van Niekerk, sterkte toewens en die Heer se seën en leiding afbid op sy aanvaarding van die beroep as dosent aan die kweekskool.*

# Vier geslagte



Ouma Nelie en Oupa Hennie Maade het in 1994 lidmate geword van die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Randfontein, toe was ds. Hendrik en tannie Ina van Rensburg die herderspaar daar.

Ouma was toe 56 jaar oud en Oupa 53 jaar. Vandag is hulle nog steeds in die EG-kerk en sy is tans 92 jaar oud en lyk nog net so uitgevat soos altyd. Nadat my ouma en oupa my na die Sondagskool toe geneem het, net omdat ek ook graag saam met hulle wou kerk toe gaan, het ek my pa gevra of ek ook maar na die EG-kerk toe kan gaan.

Ek en my sussie het toe ook saam in die woonwa na Eden konferensies gegaan waar ons altyd so lekker gekamp het. Daar het ons sommer ook geleer broodjies smeer en ons het so lekker gespeel tussen al die ander kinders. Oom Ferdie Bam moes na ons kyk want al die ander mense het help kos maak vir al die mense, maar oom Ferdie het net sit en slaap op sy stoel terwyl ons so om hom gespeel het. Ons het sommer altyd 'n aand voor die tyd gegaan en dan saam met Ds. Boet en tannie Ina kerriewors en aartappels op die gasbraaier gebraai.

My ma het ook later oorgekom na die EG-kerk en vandag is ook my twee kinders in die EG-kerk Sondagskool. Ds. Manie het my voorgestel en Ds. Ricko het ons getrou. Ek my ma en my ouma gaan sommer saam Sondagskool toe en sing heerlik saam met al die ander kinders nog steeds na 28 jaar.

Ons is dan nou 4 geslagte in dieselfde gemeente. Wat 'n groot voorreg en seën is dit nie.

**Madrie Earl**
**Randfontein**

# EG JEUG 23 || NASIONALE JEUGKAMP 2023




Daar is tans gesprekke en kommunikasie aan die gang oor 'n aksieplan om die EG Jeug weer te laat herleef en beplanning en voorbereiding vir die Nasionale Jeugkamp 2023 is reeds op die horison met die idee om verteenwoordigers van soveel moontlik van die verskeie gemeentes se jeug-takke wat saam wil hande vat hierin en die jeug wat die kamp sal wil bywoon by die samesprekinge en dinkskrums te betrek.

Heelwat gemeentes is alreeds deur hul jeugleier of ander jeugverteenwoordigers by die samesprekinge gevoeg en betrek. Indien daar van die jeug-takke is wat nog nie daardeur bereik is nie, kontak asseblief vir Bertus Stieger by 076 251 8004.

Daar word binnekort iets groots beplan en die insae van die Jeug gaan 'n groot rol daarin speel.

**Bertus Stieger**
**Redaksie**

# Nuus van die Bybelgenootskap

Dit was weer 'n voorreg om die onlangse vergadering van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se Noord streek op 18 Mei by te woon. Die BGSA poog steeds en onverpoosd om bekostigbare Bybels vir almal in hul eie taal en in geskikte formate beskikbaar te stel. Dit was verblydend om in die verslag te sien dat die bydraes vanuit die EG Kerk toegeneem het. Dit beteken baie om die beskikbaarheid en verspreiding moontlik te maak.

Die Bybel is in al die landstale beskikbaar asook verskeie ander vertalings. Dit was ook besonder bemoedigend om uit verskillende verslae te verneem dat daar verskeie persone en groepe is wat dit hulle erns maak om die verspreiding van die Bybel te bevorder. Een leraar vanuit die Noorde, tussen Louis Trichardt en Musina het die interessante stelling gemaak dat Mugabe, ten spyte van alles wat aan hom toegedig kan word, nogtans nie die Bybel uit die skole verwyder het nie! Hy het ook baie duidelik gestel hoe kosbaar die Bybel vir hom en elke Christen is.

Ons besef elke keer hoe bevoorreg ons is om die Bybel in ons eie taal beskikbaar te hê. Ons begeer ook en bid dat die Here veel meer mense sal opwek om die Bybel in ons verskillende tale landwyd met ywer en oorvloed te versprei.

**Mev. Suzette Kotzé**
**Pta-Oos**

---

# Wat 'n heerlike verrassing

Die besluit is geneem, Paaskonferensie 2022, die Fouries van Kriel gemeente gaan ook daar wees.

Met baie opgewondenheid en 'n groot verwagting word ons geestelik gevoed. Die Woord word so kosbaar oopgebreek vir ons. Ons groei so deur die naweek in die Woord verkondiging. Die kuiers word lekkerder soos die naweek ouer word. Groot is die verrassing toe ons sien dat al Kriel gemeente se vorige herderspare ook daar is. Vanaf die stigting op 9 Januarie 1999, deur ds. Hennie Vorster.

So ook die 2 kerkraadslede, Peet Britz en Willie Fourie en CVV bestuurslid Bessie Fourie wat saam met elkeen van hul gedien het.

Tans is ds. Johan en Zanchia Alberts in Kriel en oudl. Johan Zwiegelaar dien as vise-voorsitter.

**Bessie Fourie**
**Kriel**



# Die Koning kom!

**2 Pet. 3:10-14** ***Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.*** **11** ***Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —*** **12** ***julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.*** **13** ***Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.*** **14** ***Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.***

Om die koms van dié dag te verwag, veronderstel genoegsame insig van alles waarvoor dit staan. Verder beteken dit nie net 'n saamstem met alles wat verwag word nie, maar in die hart 'n verlange na die dag sou plaasvind! Eintlik is dit die beste toets vir gereedheid. Waarom sou ons Sy verskyning nie liefhê nie?

• Dan word ons mos verenig met Hom na Wie ons uitsien! Die meerderheid gelowiges is nie gereed vir Sy koms nie, daarom is uitsien na Hom vir hulle 'n vreemde leer!

• Sy koms sal ons geliefdes wat vooruit gegaan het, saambring, en so word ons vir ewig weer met hulle verenig! (1 Thess. 4:13-18)

• Sy koms sal ons verheerlikte liggame bewerk! (Fillip. 3:20,21)

• Dit sal die einde van sonde, ongeregtigheid, oorlog, smart en skeiding wees!

• Dit sal die begin van die duisendjarige vrederyk wees!

• Hy sal ons beloning saambring! (Openb. 22:12)

• Dan kry ons ons "onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel bewaar is vir ons, wat in die krag van God bewaar word, deur die geloof, tot die verlossing wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste dag." Dit is Sy wederkoms!

Die beste termometer om ons geestelikheid en gereedheid te meet, is om onsself te vra of ons Sy wederkoms afwagtend verwag? Is ons gewillig om onsself nóú daardie vraag te vra! As ons bang is om dit te doen, is dit heel moontlik omdat ons weet dat ons nie afwagtend in gereedheid lewe nie.

Enige prediker wat die wederkoms verwaarloos en nie preek nie, het maar 'n gedeelte van die evangelie. Die eerste apostels en die Bybel leer ons dat Hy nie net gesterwe en opgestaan het nie, en hemel toe gegaan het nie, maar dat Hy weer kom! Sy wederkoms word meer as driehonderd keer genoem as 'n ingevlegde waarheid van die evangelie. Tog is daar 'n meerderheid van mense wat getrou kerk toe gaan en nooit 'n intelligente boodskap oor die wederkoms hoor nie – wat sou die rede wees? Die prediker weet te min daarvan en is self ook nie gereed nie, sodat die gedagte hom nie besiel nie!

Die skielike, onverwagte wederkoms van Christus is die Bybel se vernaamste metode om Christene rein en toegewyde, nie-wêreldse lewes te laat lewe. Meeste prediking daag ons ook uit om heilig en vrugbaar te lewe, omdat die lewetjie so kort is. Die Bybel redeneer nooit so nie, maar daag ons gedurig uit om tot heiligheid en pligsgetroue arbeid omdat die Here weer gaan kom! Jesus het só dikwels gesê dat ons gereed moet wees, dat ons begin wonder waarin gereedheid lê. Dan antwoord Hyself in Matt. 24:42 tot Matt. 25:30 dat gereed lê in vurige betrokkenheid in die sake van die koninkryk en ook heiligheid. Terwyl Hy so sê behoort elk van ons onsself gedurig te meet aan hierdie maatstaf vir gereedheid.

Om die dag van Sy koms te verwag sou ons waarlik bevry van elke vorm van wêreldsgesindheid. Onthou dat wêreldsgesindheid kom uit die keuses en smake van die hart! Wêreldsgesindheid kan die doodskis van jou geestelikheid word as dit nie jou daaglikse vyand in jou hart geword het nie! Ons sien hierdie tipe van geestelike wrakke daagliks om ons heen. Om dié dag te verwag, is soos die bloeisels van lente in die vorming van 'n heilige karakter. Sonder hierdie verwagting skeel daar iets in ons geestelikheid.

Die Bybel noem Sy wederkoms "die salige hoop van Sy verskyning". Dit is niks leerstellig nie. Dit lewe in die hart soos ons teks ook sê: "julle wat die koms van die dag van God verwag". Vaagheid oor hierdie onderwerp het oor die gemoedere van die hedendaagse Christendom toegesak. Dit lyk of al tien maagde aan die slaap is. Die "blye vooruitsig van Sy verskyning" leef nie in die harte nie. Korrekte insig oor die wederkoms, spel nie noodwendig gereedheid nie. Leerstelling en insig het die plaasvervangers geword vir die brandende innerlike begeerte om Hom, as ons komende Bruidegom, te sien! Wat 'n teleurstel-ling wag wanneer Hy verskyn.

Gedurende die eerste eeue van Christendom, het die Christene, wanneer hulle bymekaar kom, gesê: "Maranata!" Wanneer hulle uitmekaargaan, het hulle mekaar toegeroep: "Maranata!" Dié woord beteken: "Die Here kom!" Dit het nie saak gemaak hoe goed dit liggaamlik gaan of tydelike nie, die ding wat hulle verbly het, was "die Here kom!" Sodra dit ook die spontane innerlike toestand van ons harte geword het, sou ons soos hulle heilig en onbesmet en ook vol godsvrug wees. "Hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag."

Wees elke dag gereed!!

**Uit Pitkos**

# Broodjies in Bloemfontein: 'n Vervoermiddel van die Evangelie

Voel dit in jou hande – sag en warm. Laat die reuk van hierdie varsgebakte broodjie koesterend in jou siel kom rus. Proe hom op jou tong en laat dit jou verkwik…

As jou mond nou water wonder jy waarskynlik: Waar kry mens hierdie broodjies?

Dit is net in Bloemfontein waar jy hierdie broodjies so vars gaan kry. Die broodjieprojek, wat in Februarie ontstaan het, dien as 'n vervoermiddel vir die Evangelie. Saam met elke broodjie gaan 'n traktaatjie uit wat aan die leser die broodnodige boodskap oor Jesus, die Brood van die lewe, gee.

**Joh. 6:47 – 48** ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe"***.



**Die proses:**

Die broodjies word by die kerk gemeng en geknie waarna dit vir 'n tydjie rys en dan in 'n reuse gas-oond, wat deur ds. Wimpie Raath gebou is, gebak word. Hierdie oond kan tot 700 broodjies gelyk bak. (Terloops, die oond werk goed vir 200 pizzas ook – vra maar die studente). Die oond is ook groot genoeg om 80 panne mosbeskuit of 20 opgesnyde lammers gaar te maak.

Die vars broodjies word dan met liefde en 'n kitaar of twee deur 'n groep vriendelike jongwerkendes en studente verbonde aan die EG Kerk by aftree-oorde afgelewer.

**Die waarde van 'n broodjie:**

Die projek is tot groot seën vir die wat ontvang EN die wat gee.

Algemene eerste reaksies van die ontvangers in aftree-oorde sluit in:

- Dis nog warm! Hoe kry julle dit reg?
- Ek kan nie glo dat jongmense nog met ons bemoeienis maak nie.
- Julle doen 'n groot werk.
- Wat kos dit? Kan ek bestel?
- Hulle breek hom net daar en eet dit droog.
- Het julle dit SELF gebak?
- Is dit vir my? Gratis?
- Die sang en kitaar roer hartsnare. Party mense kry 'n huppel in die stap en hulle sing saam uit volle bors terwyl ander na 'n sneesdoekie soek.

Die jongspan wat afgelewer het getuig:

- Dit is lekker om te gee. Ek kry sommer so 'n warm gevoel.
- Ek het emosioneel geraak toe ek besef dat so 'n klein gebaar so groot impak maak.
- Ek het dit geniet toe die mense uit volle bors saam begin sing het.
- Dit was kosbaar om vir die mense te bid en te sien hoe baie dit vir hulle beteken.
- Die projek laat my dink aan die vrou se fles met olie in 2 Konings 4. Hoe meer mens gee, hoe voller word mens.

Die projek groei nes 'n broodjie wat in die oond rys. Skole in Bloemfontein is sedertdien ook met die brood saam met 'n boodskap deur die AEB (Vrystaat) oor die Brood van die Lewe bedien. Teikengroepe wat in die toekoms bereik gaan word sluit onder andere besighede, mediese personeel en boere in. Deur die projek word die gemeenskap aan die kerk blootgestel en sodoende groei die gemeente.

Dit is lekker om te sien hoe die jeug, silwerjeug en almal tussen-in saam werk om hierdie projek moontlik te maak. Die gemeente is dankbaar vir die leiding en entoesiasme van ds. Wimpie en Estelle Raath met die broodjieprojek.

**Nadia Smith**
**Bloemfontein**





# EG KERK SA EMBLEEM

**INLEIDING**

Dit is 'n bewese feit dat organisasies, klubs, verenigings en ja, selfs kerke, 'n eie identiteit en leuse het. Met trots is die EG Kerk SA identifiseerbaar aan haar unieke identiteitsimbool en leuse, naamlik **SO SÊ DIE HERE**.

Die sesde uitgawe van die Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT) verklaar die volgende definisies van "identiteitsimbole" as volg:

**embleem** – simbool/voorstelling van 'n begrip/beweging/ens., dikwels as onderskeidingsteken gedra.

**kenteken** – onderskeidende merk/teken waaraan iemand/iets (uit)geken (kan) word.

**logo** (verkorting van logogram) – gewoonlik kleinerige embleem/ontwerp wat 'n maatskappy of organisasie gebruik om bv. sy korporatiewe beeld te vestig en sy produkte te bemark.

**wapen** – tradisionele onderskeidingsteken van 'n familie, adellike geslag, staat, stad, e.d.m. meestal 'n gekleurde skild, verdeel in verskillende vakke, met tekens, figure, e.d.m. daarop.

Vir praktiese doeleindes sal daar telkens in hierdie plasing na die EG Kerk SA se identiteitsimbool verwys word as embleem.

**GESKIEDENIS VAN DIE EMBLEEM**

Oorsprong. Navorsing uit argiefstukke het getoon dat die oorsprong van die kerk se embleem terugdateer kan word na die jare 1947/1948 waartydens lesers van die Kerkblad (Die Nuwe Protestant) genooi was om voorstelle in te dien vir die daarstelling van 'n kerkembleem. Dit is onseker wie of watter liggaam van die kerk die finale ontwerp gedoen het, maar die embleem is deur die Kerk aanvaar en so gebruik. Met die naamsverandering van die Kerk in 1986 is slegs die naam in die embleem verander na Evangelies-Gereformeerde Kerk (Afbeelding 1).

Betekenis van simbole. Volgens dr. Callie Fourie (em.), kan die moontlike oorspronklike betekenis van die simbole as volg afgelei word:

- Die **Kruis**, wat die sentrale boodskap van die Kerk is en daarmee saam die Lig van die evangelie uitstraal.
- **Boek** (Bybel of Woord van God).
- **Duif** (Simbool van die Heilige Gees).
- Samestelling van **Swaard en Fakkel** (Hiervan kan ons aflei dat dit die lig van die evangelie is wat uitgedra moet word en moontlik die swaard van die Gees {Die woord van God}).
- Laastens is daar die **Kroon** wat kan dui op die koningskap van God of Jesus of selfs die koninklike priesterdom van die kind van God. Dit kan selfs verwys na die regterstoel van Christus.
- Die **vier kwadrante weerspieël nie noodwendig die vierledige boodskap** van die Kerk nie.

**VARIASIES VAN DIE EMBLEEM EN FEESLOGO**

Variasies van die embleem. Ten spyte van sinodebesluit 15/69 wat bepaal het dat "Die wapen van die Kerk, soos dit in die gedrukte grondwet verskyn, sal geregistreer word as die amptelike en enigste wapen van die Kerk" het daar talle variasies opgeduik (Afbeeldings 2 tot 4) en is lukraak gebruik.

Alhoewel van hierdie variasies baie uniek en kunstig ontwerp is, kan dit grotendeels toegeskryf word aan die koms van bestaande ontwerpersprogrammatuur en kleurdrukkers, asook dat die embleem ongelukkig nie by die Buro van Heraldiek geregistreer is nie.

Kort-kort word daar nog steeds ander weergawes opgemerk, veral op sosiale mediaplatforms soos Facebook, YouTube en andere. Hierdie praktyk is in stryd met die betrokke sinodale besluite.



**Afbeelding 1**

Feeslogo. 'n Feeslogo is deur die sinode van 2018 aanvaar om die 75-jarige bestaansjaar van die Kerk te herdenk (Afbeelding 5a). Hierdie feeslogo was slegs geldig vir die jaar 2019, tog word dit opgemerk dat die feeslogo steeds wederregtelik gebruik word.



**Afbeelding 5a**

**SOSIALE MEDIABELEID VAN DIE KERK**

Die Redaksie van die Kerk dien as toesighouer en uitvoering van die sosiale mediabeleid van die Kerk, soos opgeneem in die Kerkorde, wat onder meer voorsiening maak vir die riglyne aangaande die toesig, bestuur en gebruik onder die handelsnaam van die Kerk, asook die visuele assosiasie met die kerk-beeld d.m.v. die embleem/logo van die kerk. Hierdie riglyne word gestel vir 'n eenvormige standaard en kontinuïteit vir mediakommunikasieplatforms regdeur die Kerk wat alle sosiale mediakommunikasie van gemeentes of individue verbonde aan die Kerk insluit.

**EMBLEEM TANS IN GEBRUIK**

Die Redaksie het, na oorlegpleging met die Moderatuur, die goedgekeurde embleem (wapen), soos omskryf deur die sinodebesluit 15/69, digitaal verwerk vir beter drukkwaliteit, maar wat ook meer gebruikersvriendelik is op sosiale mediaplatforms (Afbeelding 6). Hierdie weergawe is tans in gebruik. Die weergawes vir gebruik deur MS Powerpoint en ander visuele




**Afbeelding 6: Tans in gebruik (digitaal verskerp), na oorlegpleging met Moderatuur**

programme is op aanvraag by die Redaksie beskikbaar (weergawes soos png, jpg, transparent white en transparent black).

**AFBEELDINGS**

Sien somige van die verskeie afbeeldings wat wederregtelik gebruik word, sonder spesifieke orde.

**TOEKOMS VAN DIE EMBLEEM**

Tydens die sinode van 2021 was daar mosies ter tafel wat voorgestel het dat die embleem, soos beskryf in sinodebesluit 15/69, herroep word en 'n enkele voorstel van 'n nuwe embleem vir die Kerk aan die sinode voorgehou. Hierdie mosies staan egter oor tot die volgende sinode in 2023, ooreenkomstig 'n mosie ingedien dat gemeentes die geleentheid gegee sal word om aan die proses deel te neem en sodanige voorstelle aan die Redaksie te stuur vir voorlegging aan die Ad-hoc Kommissie Kerk na Buite. (U word daaraan herinner dat so 'n deelnameproses ook gebruik is tydens 1947/1948 met die aanvaarding van die embleem-ontwerp tans in gebruik.)

Dit dien egter beklemtoon te word dat indien u van mening is dat die embleem wel verandering moet ondergaan, u genooi word om voor of op 1 Februarie 2023 voorstelle in te dien by die Redaksie. Voorstelle moet asseblief aan die volgende vereistes voldoen:

- Naam van die kerk moet sigbaar wees.
- Leuse van die kerk moet sigbaar wees.
- Indien van spesifieke kwadrante of vakke gebruik gemaak word, gee verduideliking/uitleg van elk om sodoende verwarring of onduidelikheid uit te skakel.
- Grafika moet asseblief aan die beste moontlike kwaliteit voldoen.

Enkele voorstelle met betrekking tot ontwerp van embleme of voorstellings:

- Eenvoud – hier word na die eenvoud van die ontwerp gekyk en moontlike gebruike in ander areas, soos op bekers, dasse en so meer.
- Kleur – Hoewel kleur altyd welkom is, moet die hoeveelheid en gebruik sorgvuldig oorweeg word. Op 'n groot bord of elektronies mag dit dalk indrukwekkend wees, maar hoe gaan dit druk, of hoe gaan dit op ander mediums gebruik word.
- Grootte – Hierdie is altyd van belang, wanneer dit klein gebruik word of wanneer dit groot gebruik word moet dit steeds logies en leesbaar wees. Op 'n hemp en op die vertoning in die kerk moet dit kan werk, asook op 'n briefhoof.

Sou u belangstel om 'n ontwerp voor te hou, gaan loer na ontwerpe met behulp van Google en soek na 'logo design'. Daar is besonder baie hulp en selfs video's, wat verwys na waarom sekere ontwerpe faal en hoekom. Stuur asseblief alle voorstellings en grafika per e-pos aan redakteuregkerkblad@gmail.com aangesien kwaliteit verlore gaan met WhatsApp of normale SMSe.

**Willie Stieger**
**Redakteur**

**Afbeeldings wederegtelik in gebruik**




**Afbeelding 5b**




**Afbeelding 5c**




**Afbeelding 2a**




**Afbeelding 2b**




**Afbeelding 3a**




**Afbeelding 3b**




**Afbeelding 4**

# Vreemdelinge op aarde

## Vroueblad...

"'n Dubbel whiskey vir my dankie!" Ek loer vlugtig na die oom aan my linkerkant om te sien hoe lyk iemand wat so vroeg in die oggend al "dors" is. "Ja, maak dit sommer twee." My oë draai effens geskok na die vrou aan my regterkant. "Genade!", dink ek, "is ek in 'n kroeg of by die verkeersafdeling?" Ek voel skoon vreemd. Dan antwoord ek effens tergend maar tog ietwat aspris: "Niks vir my nie dankie, ek verkies om nugter deur die lewe te gaan". Die swartman wat verversings verkoop aan die "moedeloses" by die bestuurslisensie-hernuwings klap net sy tong laggend en stap verder met sy blikkies koeldrank. Ek besef dadelik dat die Here my vandag hier geplaas het vir 'n rede. Ná die aanvanklike gesels oor ditjies en datjies, soek ek geleentheid om te getuig en oor die Here te gesels. Tot my stomme verbasing is die vrou aan my regterhand nogal 'n admin-dame by 'n groot gemeente in ons dorp! So geselsgesels sorg ek dat ek die evangelie deel. Ek kon maar net bid dat hulle genoeg stof tot nadenke saamgeneem het toe ons paadjies uiteindelik skei.

Jare gelede terwyl ek by die Bybelkollege in die Kaap studeer het, het ons studente dikwels tydens ons middagbreuk na die naaste winkelsentrum in Constantia gegaan vir lekkernye ens. Op 'n dag terwyl ek by die kasregister staan om te betaal, merk die kleurlingvrou skielik op: "Julle is anders." Ek bevestig toe dat ons beslis anders is, want ons is Christene. Daardie oomblik kom 'n paar van ons mans studente aangestap en sê sy weer: "Ek weet. Ek sien julle dikwels hier. Dáár is nog van julle."
Dit laat dink my aan **Matt. 5:14** ***"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;"***

Liewe vriendin, ek weet nie van jou nie, maar menslik gesproke wil ek nie graag "soos 'n stad op 'n berg" uitstaan tussen mense nie. Ek praat nie graag met vreemdelinge nie en bloos vreeslik maklik as ek ongemaklik voel.
Daagliks moet ek sterf aan myself en my dikwels herinner dat God my nie gered en geroep het om "in te pas" in die samelewing nie, maar om "uit te staan." Dit gaan oor Sy eer en ter wille van verlore siele. Dit gaan nie oor wat mense van my dink nie. **Gal. 2:20** ***"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."***

Een van my pa se gunsteling sê-goed was: **"If you don't stand for something, you'll fall for anything."** Om 'n vreemdeling te wees op aarde verg nogal moed. Dis baie makliker om saam met 'n stroom te gaan as daarteen. Tog is die Bybel so 'n ryk bron van bemoediging en aansporing om ons identiteit as "vreemdelinge op aarde" te omhels.

Ester het vrou-alleen haar lewe gewaag om standpunt in te neem ter wille van die behoud van God se volk. Josef het uitgestaan as jongman wat vlug van versoeking. Rut het God gekies bo haar kultuur, Dawid het alleen vir God se eer opgestaan teen die reus. Hulle was voorbeelde vir ons om op te staan en uit te staan in die plekke waar God ons plaas. **2 Kor. 6:14-17** ***"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? … of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here…"***

Die Bybelse verhaal oor Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja wat as jong seuns uit Juda weggevoer was na Babel, is 'n wonderlike getuienis van godvresende jongmense wat "anders" was. Hulle was nie net fisies vreemdelinge in 'n vreemde land nie, maar hulle was ook "vreemdelinge" omdat hulle nie wou inval by die heidense koning, Nebukadnésar, se vereistes nie. Hulle is weggevoer uit hul ouerhuise, en tog was hul karakters so gegrond in hul geloof in God, dat hulle keer op keer weier om aan te pas by die heidene se gebruike. **Dan. 1:8,9** ***"En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; En God het aan Daniël guns en barmhartigheid verleen by die owerste van die hofdienaars."***

Hierdie jongmanne was onder hul ouers se oë uit, maar hulle het geweet God hou Sy oë op hulle. Selfs toe hulle gedreig was om in die vuuroond of die leeukuil gegooi te word indien hulle nie saamgaan met die koning se opdragte nie, het hul vasgestaan en uitgestaan vir God – en telkens het die Here hul geëer omdat hulle Hom geëer het. (Dan. 3 & 6) **Joh. 12:26** ***"As iemand My dien, laat hom My volg; ..en as iemand My dien, sal die Vader hom eer."***

Die geloofshelde van wie ons in Hebreërs 11 lees, het uitgestaan vir God en hulle ***"het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was."*** **Hebr.11:13**
Jesus het Hom nie vir ons geskaam nie. Hy was bereid om 'n skouspel te word; verneder en beledig en gemartel ter wille van ons. Is dit te veel

gevra om op te staan vir Sy eer en om uit te staan as vreemdelinge op aarde?

In 1945 reël die nuwe kommunistiese regering van Roemenië 'n verpligte byeenkoms vir kerkleiers waar daar van hul verwag was om in die openbaar hul lojaliteit aan die regering toe te sê en per implikasie die Here Jesus te verloën. Baie het dit gedoen omdat hulle gevrees het. Sabina Wurmbrand vra vir haar man Richard: **"Gaan jy die spuug van Christus se gesig afvee?"** Hy antwoord: **"Jy weet as ek dit doen het jy nie meer 'n man nie."** Sy antwoord: **"Wie wil 'n lafaard vir 'n man hê?"** Richard staan toe op en verklaar sy lojaliteit aan Christus alleen. Hy word 'n tyd later ontvoer en vir sestien jaar gemartel in 'n kommunistiese tronk. Sy vrou word ook gevange geneem en brutaal behandel in strafkampe. Hul is later herenig met mekaar en as gevolg van hul getuienisse ontstaan die organisasie "Stem van die Martelare".
Die wêreld vind dit vreemd as ons nie saamloop met hulle nie, en dikwels word ons vervolg, maar daar wag 'n kroon vir ons getrouheid. Die wêreld is krom en verdraaid en donker – moenie bang wees om helder te skyn nie, daar is soekende siele wat die lig nodig het. **Fil. 2:15** ***"sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld."***

Mag ek en jy soos 'n stad op 'n berg uitstaan!
Groete in Christus

**Karen Devenier**
**Middelburg**

## Briewe aan my seun

# Slaap



***"My seun . . . dan sal jou slaap soet wees."* Spr. 3:21-24**

My liewe seun, as jy eendag die ouderdom van 70 bereik het, sou jy heel waarskynlik 25 van daardie jare in die bed spandeer het! Dit klink nogal snaaks, nie waar nie? Slaap is 'n daaglikse gawe van God en ons moet die natuurlike ure van slaap nie misbruik nie. ***"He giveth his beloved sleep"*** sê die Engelse Bybel in ***Ps. 127:2***.

Dit is nie die wil van die Here dat jy in die nag moet wakker lê en rondrol totdat jy uiteindelik uitgeput in 'n sluimering val nie. Wanneer bekommernisse en gedagtes in jou gemoed begin groepeer gedurende die nag, moet jy dit onmiddellik verban. Sommige mense neem hulle probleme saam bed toe en omhels dit soos die klein dogtertjie haar poppe. Jy moet dit nooit doen nie – gaan sit jou probleme en bekommernisse in hulle eie klein wiegie om maar daar te slaap, en met jou gedagtes vol van Jesus Christus en Sy Woord gaan jy ongestoord slaap, totdat God self jou die volgende oggend wakker maak. Om 'n goeie nag se rus te benut, moet jy leer om liggaamlik te ontspan. Innerlike en liggaamlike ontspanning is van uiterste belang as jy goed wil slaap. In werklikheid is dit net 'n ander woord vir "geloof". Om vooraf rustig in die Bybel te lees en dan in gesprek met jou beste Vriend te gaan, is natuurlik 'n uitstekende voorbereiding vir 'n goeie nag se rus.

Slaap het 'n ander groot suster met die naam van Dood. Ons moet almal voorbereid wees om eendag op aarde ons oë vir die laaste keer toe te maak wanneer hierdie groot suster ons kom roep. Gedurende hierdie slaap sal ons dit die ewigheid inbeweeg om uiteindelik weer te ontwaak op die Opstandingsmôre. Hiervoor is niemand gereed nie, behalwe as hy/sy God se saligheid in Jesus Christus gesien het. Simeon, die ou oom, toe hy die Here Jesus in die tempel in Jerusalem in sy arms geneem het – toe was hy gereed: ***"Nou laat u, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u Woord, omdat my oë u heil gesien het"*** **Luk. 2:29,30.** Oom Simeon was gereed vir die laaste toemaak van sy oë op aarde, omdat daardie twee geseënde oë van hom Jesus gesien het!

My seun, ek dank die Here altyd oor die sekerheid wat Hy my en jou gegee het en dat ons die getuienis dra dat ons die Here Jesus by ons bekering gesien het, Vir ons het die dood geen angel meer nie. Hier op aarde was ek en jy groot vriende, sal ons nie ook in die hiernamaals wees nie?

Haai, my seun, die horlosie het aangestap en nou is dit reeds diep in die aand. Tyd het vir my aangebreek om te gaan lê en my hande te vou vir 'n soete slaap. Ek neem aan dat jy teen hierdie tyd ook regmaak vir die land van drome. Jy lyk seker oulik in daardie nuwe blou nagklere van jou!

Maar onthou, eers lees en bid, dan in die bed en gaan lê so gemaklik as wat jy moontlik kan. Neem enige posisie in waarin jy voel jy die meeste kan ontspan. Mag jou slaap soet wees en 'n goeie nag, my seun! Binnekort, een buitengewone helder môre, sal ons opstaan in Sy beeld . . . volkome versadig! (Ps. 17:15).

**Jou liefdevolle vader.**

# Die Bybel…? Nee dankie!

DIT word al duideliker dat God en sy Woord onwelkom is in die hedendaagse wêreld, wat besig is – trouens in groot mate, reeds daarin is – om in 'n sg. ná-Christelike era in te beweeg. Die meerderheid mense, selfs in die Westerse "Christenwêreld", is oorwegend anti-God en anti-Bybel. So 15 – 20 jaar gelede skok 'n kerkbladberig oor statistieke van een van ons stamlande met die volgende: Nederland het meer ateïste as gelowiges. En al sou krisisse ontstaan wat mense weerloos en kwesbaar laat , lyk dit of selfs dít geen kentering in hierdie tendens te weeg bring nie.

Dit het dit weer duidelik geblyk toe 'n reuse-plesierboot, die Carnival Triumph, tydens 'n vaart in Februarie 2013 in die Golf van Meksiko, suid van die VSA-state Texas en Alabama in die moeilikheid geraak het. 'n Brand in die masjienkamer het chaos veroorsaak. Dit kon nie meer op eie krag vaar nie, die kragopweksisteem was buite werking en die boot het dae lank slegs met noodkrag rondgedobber. Die yskaste, lugversorgingsisteem en ook die rioolsisteem se pompe aan boord was buite werking. Al te gou het 'n ondraaglike situasie ontstaan met riool wat opgedam en selfs in gange en in kajuite begin instoot het. Die stank was ondraaglik. Kos het begin afgaan en kon nie voorberei word nie. Van die meer as 3000 passasiers het selfs handgemeen geraak oor kos. Baie het op die buitedekke gaan slaap om van die slegte reuk weg te kom. Talle het naarheid beleef weens die stank.

Uiteindelik het sleepbote die Carnival Triumph tot in die hawe van Mobile in Alabama gebring. Die vakansiegangers aan boord was woedend en gefrustreerd. Die hele katastrofe ter see was groot nuus en die media was in groot getalle daar om die storie eerstehands by die ontstoke reisigers en die verleë eienaars te kry en mense oor die krisis te ondervra. Baie krasse, negatiewe uitsprake is gemaak.

Maar daar was twee jong Christendames aan boord wat heel ontspanne en vrolik was. NBC News se TV-verslaggewer Mark Potter het die twee opgemerk en hulle met sy mikrofoon genader: *"Dames, dit lyk of julle die krisis heel goed gehanteer het. Vertel ons hoe julle dit kon regkry…"* Een van die dames het geantwoord: *"Ja, wat regtig 'n groot verskil gemaak het tydens ons tyd aan boord, vergeleke met hoe andere dit beleef het, was dat ons weet dat die Here in beheer was van die situasie. Die teksvers wat ons met ons saamgeneem het vir die vaart was Josua 1 vers 9…"*
En toe is daar skielik stilte.
Potter, wat so graag wou weet, wou toe nie meer weet en verder hoor nie. Hy het eenvoudig die mikrofoon weggeruk voordat sy die inhoud van die vers kon gee.

Dit het talle Christene wat na die lewendige nuusprogram gekyk het, kop laat skud. Was die Bybel se inspirasie wat baie vir twee vroue beteken het dan só onvanpas en onwelkom? En veral dan in so 'n katastrofe en moeilike dinge wat beleef was? Mag dit nie of wou mense dit nie hoor nie...? En as uit die Koran gekwoteer was of uit geskrifte van die Boeddhisme of Hindoes...? Sou dieselfde gedoen word deur hierdie TV-sender?, het mense gewonder.
[Terloops, in **Jos. 1:9** staan die volgende treffende woorde, waaraan geen mens aanstoot kan neem nie: ***Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan***.]

Hierdie wrange episode onderstreep eenvoudig dat die Bybel en dit wat God daaruit aan mense sê, eenvoudig nie meer in tel is by die postmoderne mens nie. Dit roep **Ps. 2** in herinnering wat handel oor die opstandige wêreldleiers van die laaste dae wat teen God en sy Koninkryk opstaan: ***Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!*** Dit sê in wese: Ons wil nie deur God voorgeskryf en aan bande gelê word nie en ons wil in ons eie weë wandel.

Ook herinner dit aan die opstandigheid van mense in die tyd van Jeremia, Sagaria en die diaken Stefanus wat ook nie Gods woord wou hoor nie: In **Jer. 6:17**sê die mense: ***Ons wil nie luister nie.*** **Jer. 25:3** meld hoe hy [Jeremia] 23 jaar lank preek, maar die volk weier om te luister. God se woord is onwelkom!

In **Sag. 7:11** en **Hand 7:57** lees ons van mense wat hulle ore toestop om nié te hoor nie.

Voorwaar onrusbarend en só hartseer dat God se stem en woord met weerstand begroet word! Hoe bedroë sal die mens nie daarvan afkom nie...

Die ware kinders van God het in hierdie laaste dae voorwaar 'n enorme taak om in 'n God-vyandige wêreld skynende ligte te wees en baie te bid en te pleit vir die vermetele en verblinde mensdom. Die Antichris is beslis sterk in aantog. Die nag het vêr gevorder.

**Ds. Jasper Schellingerhout [Em.]**



Foto deur John-Mark Smith van www.pexels.com

*Aangename Kennis:*

# Ds. Rassie van Staden

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Pretoria

**Vertel ons van u kinderjare.**
Ons het baie verhuis maar het hoofsaaklik groot geword in Pietersburg en omgewing. My oupa het 'n plaas gehad so 40km vanaf Pietersburg en tot op so 10 jaar was ons op die plaas. Later het ons nader aan die dorp gebly. Ek het een broer en ons het in 'n Christelike huis groot geword met ouers wat lief was vir mekaar en 'n ware voorbeeld vir ons was. Ek was 'n baie voorbeeldige kind, en selfs as tiener nooit ongehoorsaam of rebels nie, maar was verlore vir God se koninkryk.

**Waar het u skool gegaan?**
Laerskool Zebediela, was 'n klein skooltjie wat geleë was op 'n sitrusplaas met die naam Zebediela en as ek reg onthou was ons so 80 kinders in totaal. Hoërskool was ek in HTS Tom Naudé in Pietersburg.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Dit was in Maartmaand 1983. Soos ek reeds genoem het, het ons baie verhuis en het op 'n stadium vir so twee jaar in Middelburg gebly. Ons het in ons posbus 'n uitnodiging gekry vir 'n reeks wederkomsdienste wat in die Nuwe Protestantse kerk gehou word. Die kerk was onbekend vir ons en my ouers, veral my pa was skepties om te gaan. Die Here het 'n plan gehad en ons is toe na die reeks dienste toe. Kort daarna verhuis ons terug na Pietersburg en ons het 'n diens by ons vorige kerk bygewoon, waarna my pa besluit het om oor te gaan na die Nuwe Protestantse kerk. Nie lank daarna nie, het die Here met my 'n afspraak gehad. Dit was tydens 'n reeks wederkomsdienste wat ds. Gert Coetzer gehou het. Hy het gepreek oor die groot haelstene en oordele wat op die aarde uitgestort gaan word tydens die groot verdrukking. Ds. Gert het 'n uitnodiging gemaak en verduidelik dat die kinders van die Here nie hierdie groot verdrukking sou deurmaak nie. Op daardie oomblik het ek besef ek is verlore en dat ek ook die oordele van God sou beleef, selfs al sou ek voor die groot verdrukking sterf, was die oordele van God my voorland. Ek het net daar in die bank begin om die Here te soek en ek dink dit was daardie selfde aand in my bed, toe ek my saak met die Here reggemaak het. Ek onthou die oorweldigende vrede wat oor my gekom het. Ek was 15 jaar oud.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Na kategese in Pietersburggemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2009 tot 2012

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, di. Louie van Zyl, Andrew Bruyns en Ruan van Vuuren.

**Wie was u dosente?**
Drs. Willie Kotzé, André Bester, Juan Mienie, di. Gerhard de Wet en Jurg Prinsloo.

**Vertel ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae.**
Dit was in my derdejaar en ons was besig met werksperiode. Ek is getaak om te kyk na die 'bain-marie' in die eetsaal wat onklaar geraak het. Gou kon ek sien wat die probleem was en ek vra toe die student wat saam met my was, om die part in die stoor te gaan haal. Terwyl hy weg is begin ek om uitmekaar te haal. Dit was nie lank nie of 'n groepie studente-vroue stap al geselsend die vertrek in, sonder dat hulle bewus is van my. Die gesprek gaan toe oor dinge waaroor net vroue sal praat. Ek vlieg toe onder my werkstuk uit en waarsku met 'n "Hallo, ek hoor julle… !" Ek dink te minste een van hulle hardloop nou nog met 'n rooi gesig.



**Hoe lank is u getroud?**
34 jaar met dieselfde vrou.

**Vertel vir ons hoe u, u gade ontmoet het?**
Die beste plek om jou vrou te ontmoet is in jou kerk. Ek en Elbie was saam jeugmaats in Pietersburggemeente.

**Hoeveel kinders het u?**
Twee seuns, Dries en Cobus. Dries is getroud met Suzanne en hulle het twee seuns, Duan en Devon.

**Watter boeke/e het 'n impak op u lewe gemaak?**
Boeke van dr. Andrew Murray asook Charles Spurgeon.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Springs 2013 tot 2018 en tans in Malmesbury.

**Wat is u gunsteling dis?**
As dit by kos kom, is ek nie fiemiesrig nie. Ek sê altyd as iets lank genoeg stil lê eet ek hom, maar my gunsteling sal 'n skaaptjoppie wees.

**Het u enige stokperdjie?**
Ek is baie lief om met my hande te werk. Restourasie van oudhede of om iets te bou met hout, staal of selfs elektronika. Dan versamel ek graag vulpenne, dit is nou daardie penne wat jou oupa en ouma in die skool gebruik het.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Ek bly in die Wes-Kaap! As ek 'n entjie ry dan voel ek of ek op vakansie is.

1. Hou jou oë op die wolke,
kyk hoe skyn die strale van die son.
Daar is verwagting in ons harte:
Maak gereed,
want ons Koning gaan weer kom!

2. Radeloosheid onder volke,
donker dae, pandemies
wat daar kom,
hongersnode, oorlogswolke
sien die tekens,
want ons Koning gaan weer kom.

Jesus kom vir al God's kinders
wat Hom dien.
Hoe verruklik sal dit wees
om Hom te sien!
In 'n oomblik met
die wolke weggevoer!
Maak gereed, want Jesus
koms is voor die deur!

3. Jesus klop nou
aan jou hartsdeur:
kom en lê jou lewe
voor Hom neer:
Daar's vergifnis,
daar's verlossing:
Maak gereed,
want ons Koning gaan weer kom!

Jesus kom vir al God's kinders
wat Hom dien.
Hoe verruklik sal dit wees
om Hom te sien!
In 'n oomblik met
die wolke weggevoer!
Maak gereed, want Jesus
koms is voor die deur!

Foto deur Rahul Pandit; www.pexels.com/

Hiermee word u hartlik uitgenooi na die

## Nasionale Vrouekamp vir 2022

Spreker : Anthony Noble
Datum : 14 – 16 Oktober
Plek : Cyara Kampterrein
Koste : R750 per persoon




Besprekings kan gedoen word by
Ina Janse van Rensburg – indria@absamail.co.za
072 718 4897 / 015 307 3371

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • November\Desember 2022 • #649

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

- GOD SE GENADE: Vir almal of sommige?
- 50 JAAR VAN GENADE
- Vreemde dialoog voor die Troon

# ... van die Redakteur

Die opmerklike versierings in winkels en spesiale aanbiedinge hierdie tyd van die jaar laat mens besef hoe vinnig 2022 se uurglas uitgeloop het en ons nader die feesseisoen – 'n Christusfees – natuurlik met 'n heel anders invalshoek as die wêreldse Kersfees. Dit was natuurlik ***"Christus se eerste koms"***. Jesus se eerste koms op die aarde was gekenmerk deur baie wonders en tekens. Sy einddoel was om die Wil van sy Vader te doen en as volmaakte Lam van God, as ons plaasvervanger te sterf en die straf van God op Hom te neem.

Wel, ons kan fees hou in hierdie feestyd omdat ons nie alleen Jesus ontvang het om vir ons te kom sterwe nie, maar ook omdat ons vandag steeds die voorreg het om die soom van Jesus se kleed te kan aanraak in gebed, en dit is wat ons wêreld vandag nodig het.

Vir eeue lank woed daar op 'n wye front 'n teologiese stryd in die Kerk oor die vraagstuk ***"God se genade – vir almal of sommige?"*** Dit is naamlik die beskouing oor God se sg. beperkte genade wat Johannes Calvyn gehuldig het en waarvolgens HY in Homself bepaal het wat Hy ook al met betrekking tot elke mens wou hê moes gebeur, wat ons by hierdie lastige vraag uitbring. Daar is geen moontlikheid dat genade "onweerstaanbaar" kan wees soos Calvyn geleer het nie. Die Heilige Gees pleit by mense deur hulle van hul sondes en Christus se geregtigheid te oortuig (**Joh. 16:8**), maar laat die keuse by hulle om op hierdie oortuigings te reageer.

Ons bede is dat u, liewe leser, saam met ons, sal waak teen godsdiens(te) wat nie die toets van die tyd, vlak voor Sy wederkoms, kan deurstaan nie en die redaksie wens u elkeen 'n geseënde feestyd (Christusfees) toe met die bede dat u elkeen die soom van Sy kleed sal aanraak in die komende dae, totdat Jesus ons kom haal, MARANATA!

**Redakteursgroete**


**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Herman Kriel, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur) Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.



**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto: Tran Trung: SilhouetteOfMountain (pexels.com)**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 78**
**November/Desember 2022**
**Uitgawe #649**


# INHOUD


**3 Christus se eerste koms**

**4 God se genade: Vir almal of sommige**

**6 Vreemde dialoog voor die Troon**

**8 Hou vas aan die soom van Sy kleed hierdie Feestyd**

**10 Die invloed van 'n pa se nageslag Silwer in Jare en steeds jonk van gees**

**11 94 Jaar van Genade - Ds. Boet**

**13 50 Jaar van Genade**

**14 Emmanuel - God met ons**

**15 EG Kerk SA Embleem**

**16 Vroueblad:** Die troon van die genade

**17 Briewe aan my seun:** Sportmanskap

**18 Aangename Kennis:** Ds. Johan Grobler

**19 Betekenis van 'n lewende offer**


**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@mweb.co.za

# Christus se eerste koms

Paulus skrywe onder die inspirasie van die Heilige Gees die volgende woorde in **Gal. 4:4** ***"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,***". Hierdie woorde dra soveel betekenis en dit staaf dat God nog altyd in beheer is. Die volheid van die tyd beteken dat alles reg was vir die koms van die Messias.

In die Evangelie van Lukas se tweede hoofstuk lees ons die beskrywende verhaal van Jesus se geboorte, of, sy eerste koms na die aarde toe. Met sy koms aarde toe beteken dit dat Hy sy hemelse tuiste moes verlaat en as 'n mens gebore moes word. Ons lees daarvan in **Filip. 2:6-8** ***"Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, 7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; 8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."***

Dit is dan geen wonder nie, dat met Jesus se eerste koms, daar baie van die Ou-Testamentiese Profesieë vervul was. Hier volg maar net 'n paar:

1. Sy maagdelike geboorte. **Jes. 7:14** ***"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."***
2. Sy geboorte wat in Betlehem plaasgevind het. **Miga. 5:1** ***"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."***
3. Die geskenke wat aan Hom gebring sou word. **Jes. 60:3** ***"En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang."*** **Jes. 60:6** ***"'n Menigte kamele sal jou oordek, die jong kamele van Mídian en Efa; hulle sal almal uit Skeba kom; hulle bring goud en wierook en verkondig met blydskap die roemryke dade van die HERE."*** **Jes. 60:9** ***"Ja, op My wag die eilande, en die skepe van Tarsis kom vooraan, om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van die HERE jou God en vir die Heilige van Israel, omdat Hy jou heerlik gemaak het."***
4. Die Messias sal uit die stam van Juda kom. **Gen. 49:10** ***"Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees."***
5. Hy sal gebore word uit die bloedlyn van Koning Dawid. **2 Sam. 7:12-16.**

Jesus se eerste koms op die aarde was gekenmerk deur baie wonders en tekens.

1. Die teken in die lug (Die Betlehem ster) wat die Wyse manne gebring het tot by die stal waar Hy daardie nag gebore was. (**Matt. 2:1-12**)
2. Die Engele wat aan die Herders verskyn het en hulle die blye tyding van Jesus se geboorte gebring het. (**Luk.2:8-20**)
3. Toe Herodes die bevel laat uitgaan dat al die seuntjies onder twee jaar gedood moes word, het God Jesus beskerm en bewaar deur hom in Egipte vir 'n tydperk te beskerm. (**Matt. 2:13-18**)

Sy einddoel was om die Wil van sy Vader te doen en as volmaakte Lam van God, as ons plaasvervanger te sterf en die straf van God op Hom te neem. **Jes. 53:5-6** ***"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. 6 "Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom."***

Die eerste koms van Jesus Christus moet nie net op een spesifieke dag herdenk word nie, maar moet elke dag lewend wees in die hart van die kind van God. Ons as bloedgewaste kinders van die Here moet elke dag dankie sê vir Jesus se eerste koms en uitkyk vir die seisoen en tekens wat gepaard gaan met die tweede koms van Jesus Christus. **Gal. 2:20** ***"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."***
Mag u liewe leser deur die Here se genade die ware boodskap van liefde, vergifnis en verlossing hierdie Christusfees eerstehands beleef en ervaar.

Maranata - Hy kom weer.

**Ds. Charl Linde**
**Frankfort**

# GOD SE GENADE:

Vir eeue lank woed daar op 'n wye front 'n teologiese stryd in die Kerk oor die vraagstuk wat in die opskrif van hierdie artikel vervat is. Dit is naamlik die beskouing oor God se sg. beperkte genade wat Johannes Calvyn gehuldig het en waarvolgens HY in Homself bepaal het wat Hy ook al met betrekking tot elke mens wou hê moes gebeur, wat ons by hierdie lastige vraag uitbring.

Calvyn het selfs in dié verband aangevoer dat alle mense nie op gelyke voorwaardes geskape is nie, maar dat sommige vooraf (voor hul geboorte) bestem is tot die ewige lewe en ander tot die ewige verdoemenis. Wat die verlorenes betref het Calvyn vas volgens sy bekende uitverkiesingsleer geglo dit was God se welbehae om hulle tot vernietiging te verdoem en hul van die moederskoot af onherroeplik tot die ewige dood te bestem tot verheerliking van Sy Naam in hul verderf.

In 'n gesprek met iemand oor hierdie onderwerp waarin ek my ontsteltenis oor die onregverdigheid van so 'n teologie uitgespreek het, het die persoon geantwoord met 'n illustrasie: "As iemand na 'n kinderhuis gaan en een kind uitkies om aan te neem, maar die ander daar los… Is dit onregverdig teenoor die ander?" My antwoord: Glad nie. Daar is immers nog duisende voornemende ouers wat die res van die kinders kan aanneem. Daar is egter één God; geen ander God wat my siel kan red nie, as slegs die Vader van die Here Jesus. As Hy voor my geboorte besluit het dat ek die ewigheid in die hel gaan deurbring, is daar géén ander in die ganse heelal wat my kan help nie.

Jacobus Arminius, 'n Nederlandse teoloog, het in teenstelling met Calvyn uitverkiesing gedefinieer as "die besluit van God waardeur Hy uit Homself van ewigheid af besluit het om gelowiges in Christus te regverdig en hulle tot die ewige lewe te aanvaar." God alleen bepaal wie gered sal word en sy vasberadenheid is dat almal wat in Christus glo deur hul geloof in Hom geregverdig sal word. Dit gaan volgens hom dus nie oor die voorbeskikking van God in terme van wie gered sal word en wie hel toe sal gaan nie, maar die feit dat God verlossing in Christus voorbeskik het vir almal wat glo.
Volgens diegene wat die Calvinistiese verlossingsleer aanhang kan 'n mens slegs 'n Calvinis of 'n Arminiaan wees, maar prof. Leighton Flowers, leraar van die tradisionele Baptistekerk in die VSA, hou 'n derde moontlikheid voor: Voorbeskikking verwys volgens die Tradisionele Baptiste na die voorafbepaalde verlossingsplan van God om elkeen wat vryelik in die Evangelie van Christus glo te regverdig, te heilig en te verheerlik. Alle mense is volgens hierdie leer met gelyke waarde geskep as beelddraers van God (**Jak. 3:9; Gen. 1:27**). Omdat God barmhartigheid en liefde oor geregtigheid begeer en almal selfopofferend liefhet (**Jak. 2:13; Matt. 9:13; 1 Joh. 2:2**), het Hy genadiglik al die middele van redding voorsien aan elke man, vrou, seun en dogter. Geen mens is geskep vir die verdoemenis, of vooraf deur God daartoe bestem nie (**2 Pet. 3:9; 1 Tim. 2:4; Eseg. 18:30-32**). Diegene wat omkom, kan dit slegs toeskryf aan die feit dat hulle geweier het om die waarheid van die Evangelie te aanvaar en gered te word.
Dadelik antwoord Calvinistiese Teoloë dat só 'n siening ons sg. "medewerkers" in God se verlossing maak, m.a.w. ons moet nou die Here "help" in ons redding. Is dit hoegenaamd waar? Kan enige mens die Here help en aandadig wees vir sy/haar redding?

Ek lig dit graag toe met 'n illustrasie: 'n Welgestelde persoon kom te hore van iemand in nood wat dringend 'n voertuig nodig het. Hierdie weldoener gaan na 'n motorhandelaar en koop 'n splinternuwe voertuig. Hy reël dat al die dokumentasie gedoen word, betaal kontant daarvoor en tref die reëlings dat die voertuig op die ander persoon se naam oorgedra word, die voorverkoop-versiening inkluis. Hy doen letterlik alles. Hierna bel hy die persoon, dra aan hom die goeie tyding van die geskenk oor en sê: "Jy moet net die sleutels kom haal en ry". As die begunstigde hierdie wonderlike skenker glo en die motor in ontvangs gaan neem; hoeveel persent het hy meegewerk om die voertuig te bekom? NUL!!! Hy het slegs die voertuig in geloof ontvang en was geensins 'n "medewerker" hierin nie. En dit is hoe die Evangelie van genade werk.
Van die oomblik toe Adam in sonde geval het in die tuin van Eden, het God die inisiatief geneem om na hom neer te buig en selfs aan hom die ***'moederbelofte'*** (**Gen. 3:15**) te gee wat die Verlosser belowe. Toe die Here vir Abraham uitverkies het as die vader van alle gelowiges, het Hy nie met Abraham se uitverkiesing die res van die mensdom uitgesluit nie. Nee, Hy het juis vir Abraham belowe dat al die nasies in hom geseën sou word. Dit was niks minder nie as 'n heenwysing na Christus, wat as 'n versoening vir die hele wêreld sou kom (**1 Joh. 2:2**). Toe die Here Jesus die nag in Betlehem gebore word, het die engel aan die herders die volgende boodskap gebring: ***"En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk (παντὶ τῷ λαῷ· ALLE MENSE) sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is"*** **Luk 2:10, 11**. Al die Engelse vertalings wat ek kon raadpleeg, vertaal dit met "all people".
Ds. CJ Jackson, emeritusleraar van die NG Kerk, skryf in 'n nuttige boekie "*Uitverkiesing: Troos of vertwyfeling*" dat een van die grootste foute wat 'n mens kan maak juis is om met 'n bepaalde vooropgestelde denkpatroon na die Skrif te gaan en dit dan

# Vir almal of sommige?

te wil uitlê en verklaar volgens daardie denkpatroon. Hy skryf: "Baie sê dat 'n sekere groep mense bestem is tot die verderf en daarom kan net 'n sekere groepie mense tot bekering kom.' Wanneer ons met so 'n vooropgestelde idee na die Skrif gaan, sal ons begin dwaal. Die Woord van God laat hom nie in bepaalde denkvorme van die mens indwing nie – daarvoor is die Woord te ryk want dit is die Goddelike Woord."

Wat is die Bybelse boodskap van uitverkiesing ? Uitverkiesing is nié 'n willekeurige besluit van God waarin Hy buite die Here Jesus besluit het wie die ewigheid in die hemel sal deurbring en wie dit in die verdoemenis sal deurbring nie. Nee, uitverkiesing volgens die Bybel beteken slegs dat Christus die fondament en die bewerker van die verlore sondaar se saligheid is.

Wat God van ewigheid af besluit het, is beslis nie dat daar 'n bepaalde groep mense buite Christus tot die verdoemenis bestem word nie. Wat God wel van ewigheid af besluit het, is dat die uitverkiesing in Christus sal geskied. Daarom skryf Johannes in **1 Joh. 5:12** so duidelik: ***"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie."*** Die Bybel hou aan ons die genadige God voor wat sy genade aan elke mens aanbied en elkeen oproep om hom/haar hartgrondig tot God te bekeer, sodat mense gered kan word ( **2 Kor. 7:10; Openb. 22:17**).

Kan 'n sondaar hom of haar tot die Here bekeer ? Is sondaars dan nie, soos die Calvinisme leer, so absoluut dood in ons sonde en misdade dat die Here ons eers moet uitverkies, ons eers moet wederbaar en dat ons dan as weergeborenes tot bekering kan kom nie? Die Britse teoloog en prediker Charles Spurgeon beantwoord dié vraag só: "As ek geloof in Christus aan 'n wedergebore mens moet verkondig, dan is die mens wat wedergebore is, reeds gered, en dit is vir my 'n onnodige en belaglike ding om Christus aan hom te verkondig en hom te beveel om te glo om gered te word wanneer hy reeds gered (wederbaar) is... So beskou, moet ek dan, net die geloofboodskap verkondig aan diegene wat dit het? Absurd, inderdaad! Is dit nie soos om te wag totdat die persoon eers genees is en dan vir hom die medisyne te bring nie? Dit is om Christus aan die regverdiges te verkondig en nie aan sondaars nie".

Die eerste woorde wat die Here Jesus tot sondaars gespreek het in die Bybel was dat hulle hul moes bekeer. As 'n mens werklik so dood is in jou sonde en misdade dat wedergeboorte die enigste manier vir 'n mens is om op God se roepstem te kan antwoord, dan is ek bevrees kon niemand in die Ou Testament gered word nie, want wedergeboorte is 'n Nuwe Testamentiese begrip wat alleen in Christus moontlik is.

Kom ons antwoord die vraag: "Kan 'n verlore Sondaar hom/haar tot die Here bekeer" eksplisiet vanuit die Skrif: ***"WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek"*** - **Rom. 1:16**.

Ek som op met 'n baie dringende vraag en dit is gewis nie of u 'n Calvinis of Arminiaans is nie, of wat ookal u denkwyse mag wees nie?
My vraag aan u is eenvoudig: Het die vrymakende Evangelie van Christus al u hart in beroering gebring? Het u die tere stem van die Here wat u na Hóm toe roep, al toegelaat om tot u te spreek oor sy genadegawe van verlossing ook vir ú...? So veel so dat u ervaar het hoe die Heilige Gees daardeur u van u verlorenheid oortuig het en u uitgedryf het om u saligheid buite uself in die versoening van Christus alleen te gaan soek? Het dit u tot stilstand geruk, die koste daarvan laat bereken en u toe met hart en siel tot God gewend en u bekeer / omgedraai op u pad…?

Dit is die blye boodskap van Jesus Christus se redding vir almal, wat die EG Kerk van SA aanhou sal verkondig, omdat ons daartoe geroep is.

**Dr. André Bester**
**Moderator**



# Vreemde dialoog

Ons moet as ganse mensdom almal oplaas voor God se troon verskyn en rekenskap gee -- voor óf die regterstoel óf die groot wit troon van God. God is die Regverdige Regter.
Stel die toneel voor van diégene wat voor Hom verskyn wat bestem is vir die ewige verdoemenis en wat ook graag Hemel toe wou en kon gaan. Wat kan so 'n siel, aldus bepaalde leerstellings, voor God aanvoer…?

*"Ek gaan nou die hel binne en ek kon in my lewe nóóit iets daaraan doen nie, want die keuse lê by U, Here God!"*

Vreemd… ondenkbaar… genadeloos... klinies-koud is die gedagte gewis!
Dit is immers Calvinisme en dit is só gevestig as leer…
Is leerstellings wat al honderde jare gelede "vasgelê" is bo enige kritiek verhewe? Beslis nie. Dit was MENSE [kerkleiers/teoloë/rigtinggewende indiwidue] wat leerstellige beskouinge geformuleer het, wat, soos **Matt. 15:9** sê, die ***"leringe van mense"*** kan wees. Daarmee is uiteraard nie fout te vinde nie, mits dit die toets van die Bybel en gesonde, logiese en gebalanseerde Skrifbeskouing deurstaan. Die kerkgeskiedenis is absoluut deurspek met letterlik tientalle leerstellige formuleringe en teoloë wat teenoor mekaar gestaan het en in nuanses en interpretasies verskil het. In sommige gevalle radikaal; in ander op sekere minder belangrike kernpunte. Weens kommer oor die invloed van sekere aansprake is dogmas dan deurlopend geformuleer as teëwig.

## Baie wel gered

Dogmatici maak geen geheim daarvan nie dat dogma altyd geformuleer word met die lig wat teoloë uit die Skrif het by die formulering daarvan. Daar kan later, by verdere bestudering, *"insig en lig"* wat oor tyd ontvang word en deur 'n her-eksegese wysigings en klemskuiwe geformuleer word. Dogma, teologiese beskouinge en interpretasies is deur die eeue inderdaad aangepas sodat dit selfs van sy vroeëre essensie verloor het. So is daar bv. selfs binne die Calvinisme variërende beskouinge, klemme en interpretasies.

In die vroeëre geskiedenis van die gereformeerde kerkegroep in SA was die evangelieboodskap op só 'n manier verkondig dat baie mense wel gered is - tot selfs in die 1950's en '60's. Lidmate wat die evangelie gehoor en besef het hulle is verlore is opgeroep tot 'n keuse om die Here Jesus vir die redding van hulle siele te vertrou.
Die "beter tye" in die ouer, gevestigde kerk was toe daar nie streng by Calvyn se leerstellings gehou is nie. Toe was daar mense wat openlik selfs in eredienste getuig het van hul bekering nadat hulle op die Here se Woord gereageer het. Hulle het gewis nie getuig hoe wonderlik dit is om so geseënd te wees om uitgekies te wees deur die Here en dat hulle passief was in die proses nie. Eerder was hulle getuienis hoe, deur die evangelie, oortuiging van sonde en verlorenheid gekom het en hulle met 'n besliste keuse gekonfronteer is deur die Heilige Gees en dat God toe Sy verlossingswerk kom doen het in hulle as 'n soekende sondaar.

Die Evangelies-Gereformeerde Kerk het in 1944 tot stand gekom, juis in 'n klimaat waar die "goeie ou" evangeliese karakter van kerke, begin verdwyn het in 'n soort Ortodoksisme en ingesien is deur evangelies-ingesteldes dat teruggekeer moet word na die Bybelse evangelieboodskap wat tot die mens spreek en hom/haar uitdaag tot 'n hartgrondige, onberoulike bekering tot God. En om as Kerk 'n tuiste te wees vir dié wat hierdie heerlike verlossing beleef.

Hierdie beskouing is nie bloot die beskouing van 'n sektariese groep nie, maar BESLIS GEBASEER op Bybelse waarhede en hoe Christus ook met verlore mense omgegaan het. Hy was 'n uitnodigende Christus wat vir die hele mensdom se nood gekom en gesterf het; gewis nie 'n eksklusiewe Jesus vir sekeres nie! Hy was Seun van die mens, vir die mens wat sy nood sou insien wanneer die vrymakende evangelie weerklink.

> Dit kom daarop neer: Calvinisme sê God het nie alle mense lief nie

## Wie blameer jy?

Dit is so dat die verdorwe mens nie noodwendig uit sy eie na God soek nie. Wel is daar 'n inherente "vakuum" en bewustheid van 'n nood aan iets dieper in die mens wat na God se beeld geskape is. Deur die verkondiging van die woord en deur influisteringe van die Heilige Gees word hy/sy opgeroep tot redding en geestelike lewe in Christus (**Jes. 1:18; Matt. 9:13; 11:28; Luk. 19:10**). Wanneer so 'n sondaar ontwaak deur 'n appèl tot bekering kan die mens dan dit teëstaan of gehoorsaam om die Here Jesus as sy Verlosser aan te neem (**Hebr. 3:7-8; Ef. 5:14**).
As uitverkorene rus daardie onus nie op die mens nie, maar dit berus by God, voer Calivinisme aan. Dit word gehuldig in weerwil van die feit dat Israel as God se uitverkore volk tóg hul vrye wil moes gebruik om te besluit of hulle die Here wou dien of nie (**Jos. 24:15; Jes. 55:6-7**). Die meeste van hulle het as goddeloses die hel beërf

# voor die Troon

omdat hulle die verkeerde keuses gemaak het deur 'n lewe van sonde te verkies (**1 Kor. 10:5**). God as Regverdige Regter kan nié daarvoor geblameer word nie – wel diegene wat "verbondskinders" was, maar dit wat aan hulle verkondig is nie geglo of gehoorsaam het nie (**Hebr. 4:1-2**).
As aangevoer word dat die mens nie kan kies nie… wie blameer jy dan? God as die Regverdige Regter…? Vir seker nie; maar wel die mens wat 'n regte keuse kon en moes gemaak het.
Hoewel God alle sondaars roep om in hulle eie belang hul tot Hom te bekeer (**Hand. 17:30**), dwing Hy niemand nie (**Matt. 23:37**). ***"Laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet"*** (**Openb. 22:17**). Hoewel met omhaal van sekere woordkeuses [soos God se "voorkennis"] deur Calvynse teoloë daaromheen gepraat word, sê die hoogaangeskrewe teoloog Dave Hunt dat Calvinisme onomwonde aan die onbybelse stelling vashou dat God sekeres vir die hemel en ander vir die hel uitverkies het. Volgens hierdie beskouing het Hy voor die grondlegging van die wêreld twee lyste met die name van alle toekomstige verlostes en verlorenes opgestel. Ontbreek jou naam, is jy 'n verdoemde siel.

## *Maak geen sin*

God het net 'n minderheid van die mensdom lief! Dit is die feitelik-logiese afleiding uit dié dogma, voer Hunt aan. Volgens die Bybel sterf die oorgrote meerderheid mense verlore (**Matt. 7:13-14**). Hoe word God dan voorgehou as God van liefde vir die ganse wêreld deur Calvinisme [**Joh. 3:16**]...? So beskou, is die Lam van God nie vir al die sondige en geestelik verlore afstammelinge van Adam se nageslag nie – net vir dié deur Hom verkies. Die res...? Sonder God, sonder hoop.
God het onomwonde alle mense lief en ***"verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer"*** (**Hand. 17:30**). Vers 31 vervolg met dat Hy die wêreld deur Jesus Christus in geregtigheid sal oordeel. Wat beteken dit anders as dat Hy hulle as ongereddes waarsku oor wat die gevolge is as hulle weier om hulle te bekeer? Hoe anders kan hulle weens hul gebrek aan bekering deur God aanspreeklik gehou word? Indien slegs die uitverkorenes se harte wederbaar word, en net weergebore mense kan glo en hulle kan bekeer, maak dit geen sin om diegene aan wie redding weerhou is, te oordeel omdat hulle nie in Christus glo nie. Dit is 'n growwe belediging teen God om te beweer dat Hy nie alle mense wil red nie. Dit is niks anders nie as om lukraak met die Skrif om te gaan.

[Die Evangelies-Gereformeerde Kerk verkondig die Bybelse "wegwyser" dat God die verlore mens roep tot bekering uit 'n toestand van verlorenheid, gevolg deur 'n bewustheid "ek is op 'n verkeerde pad en wil nie langer dié pad loop nie; ek bekeer my tot 'n Verlosser wat my wil red". Na eerlike belydenis van sonde, word so 'n persoon deur God regverdig verklaar [regverdigmaking] en doen Hy die werk van wedergeboorte – 'n nuwe lewe wat God, as Gewer van alle lewe, skenk.
Die Calvinisme, daarenteen, voer aan wedergeboorte is wat God doen, sonder medewete van die mens (latente ingrepe) in die lewe van diegene wat VOORAF tot saligheid uitgekies is. So 'n persoon sal dan bekering ervaar, nie bloot eenmalig nie, maar deurlopend. En dié bekerings is die werk van God wat plaasvind deur God se werking in die uitverkorene.]
Ja, maar dit gaan oor die evangelie verkondig aan almal en dan sal God diegene langs daardie weg in die boek van die lewe opneem, word teégestribbel, want Hy as Alwetende wéét mos wie hulle sal bekeer! Bekering is juis die teken dat jy God se kind en 'n uitverkorene is. [En so word eensydig- vreemd gefokus op die INHOUD en VOORKENNIS van God se "Lys in die Boek", in stede daarvan dat Hy na die voleinding van die huidige bedeling van Sy vrye, reddende genade sal wéét wie op daardie lys sal wees.] En uiteindelik sal almal wat bereik is óf deur verkondiging óf hoe die Here ookal op 'n ander wyse die sondaar gekonfronteer het [bv. Saulus] en deur Sy aangebode, reddende liefde nuut gemaak is, in die Lewensboek verskyn, waarvan God uiteraard elke naam ken.]
Die Bybel leer Christus het vir die sonde van die hele wêreld gesterf (**Joh. 3:16; 2 Kor. 5:19**), nie net vir uitverkorenes nie, en versoening gedoen vir alle mense se sondeskuld. Die weg is sodoende vir almal geopen om vergifnis van sonde en die ewige lewe te verkry: ***"Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld"*** (**1 Joh. 2:2**). ***"God... wil hê dat alle mense gered word"*** (**1 Tim. 2:3-4**).
Daar word ook aangevoer en bevraagteken hoe God sy Seun gegee het om die straf vir almal se sonde te dra en dan 'n "onregverdige Regter" sou wees as hy sondaars 'n "tweede keer" straf deur hulle na die hel te stuur... Feit is: Die "straf wat gedra is" wys op die voorsiening wat God in Christus gemaak het. Dit impliseer vrywaring van die oordeel en straf wat effektief my deel is eers nádat ek verlossing verkry het op grond van die voorsiening waarby niemand uitgesluit is nie.

Calviniste se ontkenning van die mens se vrye wil om 'n keuse te maak, sal JUIS van God 'n onregverdige Regter maak. Hoekom? Want Hy word as die ***"keusemaker"*** van die mens se lot beskou! Hoe vind die oordeel plaas van 'n nie-verkorene [of hel-bestemde] wat voor Hom staan? God is immers die Regverdige Regter en op welke gronde dan sal Hy iemand veroordeel wat voor Hom staan en sou kon aanvoer: *"Maar Ú het my nie gekies nie en nou wil Ú my ook nog na die verderf stuur...?"*.

**Vervolg op bl. 12**

# Hou vas aan die soom van

In **Luk. 8:40-48** lees ons van 'n vrou wat twaalf jare sukkel met 'n lewensgevaarlike kondisie. Sy kom na Jesus vir hulp en genesing. Sy het die soom van Jesus se kleed aangeraak en is dadelik genees. Hierdie toestand volgens Joodse gebruike het haar seremonieel onrein gemaak, sy het swakker geword by die dag. Sy kon nie in kontak met enige iemand kom nie, sy kon nie deel in enige aanbidding of samekomste nie, dit was asof sy melaats was in die oë van die samelewing. Haar einde het gewink en sy het geen hoop meer gehad nie. Dokters kon haar nie meer help nie. Sy het al haar beskikbare fondse gespandeer om hierdie probleem op te los sonder enige uitkoms. Jesus was haar enigste en laaste hoop.

Nou vriende, in ons lewens vandag is dit baie dieselfde. Jesus is vandag ons enigste Hoop. Dalk kan jy vandag assosieer hiermee en jou enigste hoop in hierdie feestyd is om net die soom van Jesus se kleed aan te raak. Vir enige een wat nog nie gereinig is nie, is slegs een aanraking van die soom van Jesus se kleed jou enigste hoop. Vir elke een wat waarlik gewas is in die bloed van die Lam, is dit die begeerte van ons harte en ons bid dit so graag, om die soom van Sy kleed te mag aanraak. Selfs in die druk van ons dag is een aanraking van die soom van Sy kleed genoegsaam om lewensveranderend te kan wees.

Vir elke een van ons beleef ons die gevolge van die sondeval ernstig in ons dag, al die sleg van hierdie wêreld waarin ons vandag is en mens wil amper dink; hoe hou mens fees in 'n tyd soos hierdie?

Wel ons kan fees hou in hierdie feestyd omdat ons nie alleen Jesus ontvang het om vir ons te kom sterwe nie, maar ook omdat ons vandag steeds die voorreg het om die soom van Jesus se kleed te kan aanraak in gebed, en dit is wat ons wêreld vandag nodig het.
Wat beteken hierdie soom van die kleed van Jesus dan vir my in hierdie feestyd?
Wel: In **Num. 15:37-41** word ons geleer aangaande hierdie soom van die kleed wat gedra was in die Bybelse tyd. Ook in **Deut. 22** word daarvan geleer. Nou in die antieke Israel se gebruike het die manne met hierdie kleed geloop wat aan die 4 hoeke tossels gehad het. In Hebreeus word die kleed die Tzitziyot genoem. Vir ons is dit meer bekend as die Tallit of die gebedskleed. Hierdie tossels van die gebedskleed was bekend as die soom van 'n kleed. En hierdie soom van die kleed herinner ons aan so paar kosbaarhede wat ons kan onthou in hierdie feestyd.

**Dit herinner ons, (Num. 15:39) ons het 'n verantwoordelikheid om:**
- Die Woord te onderhou in die Feestyd.
- Afgesonderd te wees van die wêreld in die Feestyd.
- In Sy teenwoordigheid te wees in hierdie Feestyd.

Hierdie kleed met die vier tossels het 613 knopies wat gemaak is, wat ons herinner aan die wet van Moses.
Ons is nie onder die wet nie, maar ons verantwoordelikheid voor die Here is om te hou by die Woord van die Here en te lewe en te wandel daarvolgens. Jy sien hierdie klossies was opsigtelik en almal kon sien dat manne daarmee loop. So moet mense vandag in ons lewens sien dat ons ons verantwoordelikheid voor die Here eerste nakom ook in so feestyd. Dat ons Sy Koninkryk eerste soek, dat ons daders van die woord geword het. Jy sien, die Woord van God moet uitwerk in jou lewe. Ons lê nie ons Bybels neer tot die Nuwejaar kom nie.

Soveel dinge wat gedoen en geniet word in so feestyd, is glad nie Bybels nie. Sonde is nie meer sonde nie. Ons kan so maklik fokus verloor in hierdie feestyd en meegesleur word. Mag die fokus vir elkeen wees om die soom van Sy kleed aan te raak, en so te erken dat ek steeds, in 'n dag waarin die woord van God bevraagteken word, dit leef op God se standaard.

Verder kan ek in hierdie tyd myself afsonder van die wêreld se idee van die feestyd. Hierdie gebedskleed was oor die kop getrek juis om te wys dat iemand in afsondering is met die Here. So moet ons afgesny word van enige iets wat ons aandag in hierdie feestyd van Jesus sal aftrek. Soos hierdie vroutjie nader gekruip het om die soom van die kleed aan te raak, kan ons in hierdie tyd nader kruip aan die Here om maar net die soom van Sy kleed te kan aanraak. O vriende, ons het opnuut die krag van God nodig in ons dag, en een aanraking van die soom van Sy kleed bring vir my daardie krag, maar daarvoor moet ons afgesonder wees voor God alleen.

En dan kan ons ook in Sy teenwoordigheid wees. Hierdie vroutjie kruip nader, en met haar aanraking van die soom van Sy kleed erken sy haar begeerte om in Sy teenwoordigheid te kan wees. Wanneer die gebedskleed oor iemand se hoof getrek was, was die doel dat so iemand in die teenwoordigheid van die Here wil wees in gebed. Hierdie feestyd sonder Jesus se Heilige teenwoordigheid beteken net mooi niks nie, en as jy die Nuwejaar wil ingaan sonder Sy krag en Sy teenwoordigheid, wag daar 'n swaar jaar op die mensdom in 2023. Maar met die teenwoordigheid van die Here God alleen loop ons 'n bende storm en spring ons oor 'n muur.

Die blou/pers kleur wat gebruik is om die gebedskleed se kleur te gee is afkomstig van 'n baie skaars slak. Dit was onbekostigbaar in daardie tyd. Die enkel kleur wys daarop dat hierdie persoon net God alleen dien. Dit wys daarop dat hierdie vroutjie nader kruip aan Jesus en erken dat Jesus die enigste God is. Daarom kon sy die krag van God beleef. Daarom kon sy gereinig word, daarom kon sy genees word. So moet ons in hierdie feestyd nie besig raak met ander gode nie, wat volop rondom ons sal wees.

# Sy kleed hierdie Feestyd

Moenie saam met die wêreld die geluksgodin dien nie, moenie saam die wêreld feesvier nie, moenie saam met die wêreld die geldgod dien nie, maar erken in die feestyd, daar is net een God alleen vir my, en ons noem Hom Jesus van Nasaret, Hy het gekom om te soek en te red, Hy het gesterwe, Hy is begrawe en het neergedaal na die onderste dele van die aarde. Hy het opgestaan uit die dood en vandag kan ons die krag van God beleef deur net aan die soom van Sy kleed te kan raak.

Hierdie selfde Gebedskleed word uitgebeeld in die landsvlag van Israel met die wit wat dui op die reinheid van die troonkamer van God, en die blou wat dui op Hom as Israel se enigste God. Dit is waarom die wêreld die vlag van Israel so haat, want dit spreek van God se Heiligheid en dat Hy alleen God van Israel sal wees en bo dit word dit nog verder gehaat omdat dit die wêreld herinner aan die mens se verantwoordelikheid voor God.

**Dit herinner ons aan Sy outoriteit (2 Sam. 24:4-6)**
Ons lees dat Dawid die soom van Saul se kleed afsny. Dit was om te wys dat hy hom nie wou leed aandoen nie, maar die implikasie daarvan is dat die outoriteit van Saul af weggeneem is.
In **Rut 3:8-10** lees ons dat Rut onder die soom van Boas se kleed gaan lê het. Dit wys op 'n vrou wat Boas se outoriteit oor haar lewe verklaar. Dadelik kom die plan in aksie, Boas sorg vir haar, Boas trou met haar en hy neem outoriteit oor hierdie jong weduwee.

In **Luk. 8** lees ons dat hierdie vroutjie kruip na Jesus en raak die soom van Sy kleed aan juis om Sy outoriteit oor haar gees, siel en liggaam te verklaar. So kan ons in hierdie feestyd opnuut die Here Jesus se outoriteit oor ons lewens verklaar.

**Dit herinner ons om nederig te wees voor God**
Hierdie vrou kruip nader aan Jesus en raak net die soom van Sy kleed aan om juis haarself nederig voor die voete van Jesus te bring.

In die tyd van die Fariseërs was daar godsdienstiges wat die mooiste en duurste tossels en gebedskleed gedra het sodat mense in verwondering moet wees oor hul toewyding. Sommige se tossels het tot op die grond gesleep sodat hulle kan spog daarmee. En ons is eintlik vandag niks anders nie. Mense spog tot vandag met klere, karre, huise, en selfs in die feestyd oor ons lekker vakansies en ons groot feeste, selfs vol van geestelike hoogmoed. Maar ons moet ons neerbuig in die feestyd tot aan die voete van Jesus sodat ons die beste deel kan geniet wat nie van ons af weggeneem kan word nie.

Ons moet ons verootmoedig voor die Here. Hoe wys ek my nederigheid voor God? Verootmoedig jou voor die wil van God, voor die troon van God. Leef gehoorsaam aan die Here in jou alledaagse lewe. In jou tydsbesteding, in jou prioriteite, in jou finansies, in jou diensbaarheid, in jou siel, in jou gemoed, in jou denke, in jou huis. Dit beteken ek erken my swakheid sodat Hy Sy krag in my kan volbring.


**Dit herinner ons dat Hy vir ons 'n skuilplek is**
Onder die soom van Sy kleed kan ons skuilplek vind. Ja onder die vleuels van die Allerhoogste God. **Mal. 4:2** leer dat daar genesing is onder die vleuels van die Here. **Matt. 6:56** wys dat ALMAL wat sy soom van Sy kleed aangeraak het is genees. So kom kruip hierdie vrou in **Luk. 8** in onder die soom van Sy kleed, dit is die vleuels van Sy kleed. Daar vind sy genesing, daar vind Dawid skuilplek, daar vind die dorstende siel na rus. O Vriende, Dit is belangriker om in hierdie feestyd aan die voete van Jesus te kom onder Sy vleuels, as aan die krip van Jesus. Dit is belangriker om aan die soom van Sy kleed te raak as om aan die boom van Kersfees te raak. Deel eerder in die fees wanneer die krag van God oor ons kom wat aan die soom van Sy kleed geraak het in hierdie feestyd.

Die wêreld hou sy feeste vriende, maar dink jou in wat die fees was toe hierdie vrou wat aan bloedvloeiing gelei het vir 12 jaar in een oomblik opgerig, gereinig en genees is van haar bloedsiekte. Ek sou graag eerder wil deel in die fees aan die voete van Jesus, waar ek raak aan die soom van Jesus se kleed, as die feeste van ons dag en die feeste van ons wêreld. Geseënde feestyd aan elkeen en ons bid dat u elk die soom van Sy kleed sal aanraak in die komende dae, totdat Jesus ons kom haal, vrede.

**Ds. Johan Grobler**
**Roodepoort-Betesda**



# Die invloed van ’n pa se nageslag



Wanneer ek hierdie stukkie met u deel is dit om alle eer aan ons Hemelse Vader te gee, dat my pa, Gert van Wyk die Here aangeneem het as sy Verlosser en Herder. My pa het lidmaat geword in 1971 te gemeente Vanderbijlpark, hy was lidmaat daar vir 50 jaar. Hy het ook op die kerkraad gedien vir baie jare.
Die Here het pa kom haal na sy ewige tuiste, wat gereed was op die 19de Julie 2022 in die ouderdom van 84 jaar en 4 maande.
My pa se nalatenskap is om oor dankbaar te wees, en deur die genade van die Here het ek en my broer Pieter ook die Here aangeneem en dien die Here. En ons dien ook albei as ouderlinge in ons afsonderlike gemeentes, ek Johan in Tuine gemeente en Pieter in Vanderbijlpark gemeente.
Ek getuig ook uit dankbaarheid dat my pa ’n groot invloed op my 2 seuns gehad het, my oudste seun Gerrit dien die Here en dien ook as ouderling in Tuine Gemeente en die jongste Ludick staan in die bediening as leraar in Tuine Gemeente. En watter voorreg is dit om die Here in een gemeente so saam te kan dien.
Dankbaar vir ’n pa wat ons die ware pad gewys het, en dit ook self geleef het.
Ons as kinders, kleinkinders gun hom die tuiste waaroor hy so baie die laaste tyd gepraat het. Ons sal die gebede van ons Vader en Oupa mis, en ook die voorbeeld om vir ander te bid.

**Tot ons weersien**
**Johan van Wyk**

---

# Silwer in jare, maar steeds jonk van gees

Ons eer ons Hemelse Vader vir die lewens, geloof en lewe van gebed van hierdie sederbome in ons gemeente. Hulle is ’n lewende getuienis van jare se getrouheid aan God en ’n liefde vir mekaar en ’n onverskrokke lewe van gebed.

**Ontmoet vir Dat & Joey Wright**
Oom Dat en Tannie Joey ken mekaar al vanaf 1956 en is getroud in 1957. Hulle sal d.v. 21 Des hierdie jaar 65 jaar getroud wees. Oom Dat was werksaam by die spoorweë as magasynmeester. Hy en die tannie is gebore en getoë in die Uitenhage omgewing.



Hulle het twee kinders gehad en twee kleinkinders. Hul dogter is tragies oorlede in 2009, hul seun leef nog en woon in die Baai. Hulle was aanvanklik in die N.G. Kerk en het by die E.G. Kerk begin besoek en is op 19 Junie 1983 voorgestel as lidmate onder die bediening van ds. Bill Barkley. “Hulle het niks by die kerk gemis nie; hulle was steunpilare in die gemeente!” . Oom Dat het gedien op die Kerkraad en die tannie was betrokke by die susters.
Alhoewel die grys hare hulle ouderdom weggee, is hulle vir ons gemeente ’n kosbare voorbeeld van getrouheid aan God en ’n onverskrokke liefde vir mekaar. Mag ons jonger geslag iets leer uit twee lewens wat oorgegewe is in Jesus. Mag ons leer om nooit ons liefde vir God en ons liefde vir ons lewensmaat prys te gee vir ’n stryd van korte duur nie. Ons belofte aan mekaar is ewig. Ons verhouding met God is Ewig.

# 94 Jaar van Genade - Ds. Boet van Rensburg (em.)

Ds. T.J.J. Janse van Rensburg (em.), of soos hy by mense bekend is, Oom Boet, het sy 94ste verjaarsdag gevier op 17 Oktober. Hiermee 'n kort oorsig en getuienis.

Ná sy redding in 1945, roep die Here hom tot voltydse diens. Hy studeer aan die AEB Bybelskool vanaf 1950, en daarna aan die kweekskool van die (toe) Nuwe Protestantse Kerk.
Hy word in 1955 in die gemeente Virginia georden, en bedien oor die jare die gemeentes van Witbank, Carltonville, Belfast, Tzaneen (waar hulle ook die Lofdalkonferensies behartig), en Kemptonpark. Na sy aftrede vestig hulle op die Eden kampterrein as konferensiebestuurders. Ná sy uittrede daar was hy die voorreg gegun om aan te bly op die terrein, tot hy in Mei 2022 na Pretoria verhuis.
Hy is baie lief vir die kerk waarin die Here hom geplaas het en is menige nag gehoor waar hy hardop bid vir sy gesin, familie, die kerk met haar predikante, en die land.

Die dood van twee van sy kinders in 1978 en 2003 onderskeidelik, was vir hom hartverskeurend. Hy staan ook sy eggenoot, sielsgenoot van 46 jaar, en ons Mamma in 2001 af aan kanker. Later nóg 'n eggenoot in 2011. Sy vertroue op God se vertroosting, geloof in Sy beloftes, en daaglikse wandel met die Here, het hom in hierdie, en ander tye van groot hartseer gedra, soos ons kan sien in sy getuienisboekies waar hy baie worstelinge, siekte, droefheid asook dank aan die Here neergeskryf het. Só lees 'n boodskap teen die einde van 2006: "Dank die Here vir baie ryke seëninge en genade deur die jaar." En in Januarie 2011: "Heilige God, met U hulp en bystand sal ek die pad bewandel wat U vir my uitgestippel het. Laat u Heilige Gees my hierin bystaan."

Sy wandel met die Here en vaste vertroue op Hom, sy gebedslewe en liefde vir God's woord, is nou nog vir ons 'n aansporing.
Ons kan met dank getuig van God



se hand oor hom met hospitalisasie a.g.v. ernstige siekte vroeër hierdie jaar, asook 'n noodsaaklike groot nekoperasie drie maande daarna.
Ons vertrou dat sy voorbeeld mense sal bemoedig en aanspoor om te "volhard totdat... "

(Getuienis deur sy dogters.)

---



**Ontmoet vir Chris & Grieta van Dalen**

Oom Chris en tannie Grieta ken makaar al baie lank!
Oom Chris is 'n seun van Jansenville, maar het later na Uitenhage getrek.
Die oom en tannie het maar arm grootgeword, en kosbare lewenslesse geleer.

Oom Chris het begin werk by die poskantoor, en het begin ogies maak vir die tannie (daai tyd nog op hoërskool). Na skool het sy vir 'n kort tydjie by die sentrale gewerk.

Hulle is op 5 September 1959 getroud; en is dus hierdie jaar 63 jaar getroud deur die Here se genade. Oom Chris het 39 jaar by Goodyear gewerk. Hulle het vyf seuns gehad in hulle huwelik en nooit 'n motor besit nie. Hul een seun is in 2008 oorlede, maar die ander vier seuns leef nog, en doen moeite met hul ouerhuis en hulle spog ook met sewe kleinkinders.

Hulle was aanvanklik by die Kerk van die Naserener en met 'n huisbesoek van wyle ds. Roché het die tannie tot bekering gekom. Die oom het kort daarna tot bekering gekom en by die E.G. Kerk betrokke geraak. Hy het gedien op die Kerkraad en die tannie het saam met die susters gearbei.

"Hulle het niks by die kerk gemis nie; hulle was steunpilare in die gemeente!"
Alhoewel die liggame nie meer so sterk is nie, bly hul klein kombuisie besig met konfyte, beet, atjar en ander lekkernye wat ingelê word.

Die Here bly getrou, en Heilig die Huwelik. Hierdie is 'n Kosbare voorbeeld van God se genade in 'n nederige huisie. Die Kruis was soms swaar om te dra, maar die Here was getrou.

**Ds. Pieter van Wyk**
**Uitenhage**

*U word uitgenooi om vir ons artikels en getuienisse, asook gemeentenuus, in te stuur.*

# Vreemde dialoog voor die Troon

## Vervolg vanaf bl. 7

Dit is TOTAAL ONDENKBAAR. Tog is dit die WERKLIKE SCENARIO wat Calvinisme skets.

Die Jode wat die Messias verwerp het, was almal lede van die uitverkore volk, Israel. Jesus Christus ***"het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"*** (**Joh. 1:11**). Slegs diegene wat Hom in die geloof aangeneem, hulle sondes bely en weergebore is, het kinders van God geword (**Joh. 1:12**)
Die soewereine besluite en voorbestemming van God, is die kritieke faktor in Calviniste se redding, en gelowiges stel hulle geloof hierin. Hulle glo dat dit verkeerd is vir persone wat nog altyd onder die uitverkorenes was, om te getuig dat hulle verlore en onder die oordele van God was, en enige behoefte aan redding het. Die vraag is waarom Jesus in **Hand. 1:8** gesê het ***"julle sal my getuies wees"*** as getuig bevraagteken word? En diegene wat wel getuig van 'n dag dat hulle Jesus aangeneem het… is hulle dan ketters of word die kennismaking met Christus nou ontken of bloot aanvoer dit was maar net deel van God se uitverkiesingsplan vir my?

### *Die Gees pleit*

Dit is 'n kenmerk van God se genadewerk dat Hy nie dwang gebruik nie, omdat Hy wil hê dat gelowiges Hom vrywillig moet liefhê. Dit is die rede waarom die ongereddes (of hulle van die uitverkore volk Israel is of nie) hulle harte kan verhard en die Heilige Gees wat hulle tot bekering wil lei, kan weerstaan (**Hand. 7:51**). Daar is geen moontlikheid dat genade "onweerstaanbaar" kan wees soos Calvyn geleer het nie. Die Heilige Gees pleit by mense deur hulle van hul sondes en Christus se geregtigheid te oortuig (**Joh. 16:8**), maar laat die keuse by hulle om op hierdie oortuigings te reageer.

Jakob Arminius (1560-1609), was een van die teoloë wat die Calvinisme verlaat het nadat hy dwalings in hulle leer ontdek het. Edmund Broadbent, in sy boek The Pilgrim Church, meld oor hom: "Arminius, wat 'n Calvinistiese onderrig ontvang het, is deur almal as 'n man van onbesproke karakter en 'n ongeëwenaarde akademiese vermoë erken. Hy is die taak opgedra om 'n studiestuk op te stel om Calvinisme teen kritiek van buite af te verdedig.
Terwyl hy egter die beginsels en leer van Calvinisme ondersoek het, het hy agtergekom dat baie daarvan onverdedigbaar verkeerd is, nl.:
- dit maak van God die "outeur" van sonde,
- dit plaas beperkings op Sy reddende genade, en
- dit laat die meerderheid van die mensdom sonder hoop en die moontlikheid van redding.

Arminius het in die Bybel gesien dat die versoening van Christus vir almal is en dat die mens se vryheid van keuse 'n goddelike insetting is... Die bekendmaking van sy oortuigings het vir hom soveel persoonlike stryd en konflikte meegebring dat die trauma sy lewe verkort het. Sy leerstellings het egter later die grondslag vir 'n evangeliese herlewing gevorm wat die hemel met honderde duisende siele verryk het! Vir Arminius was dit onmoontlik om Calvinisme met die ware evangelie te versoen. Die Here het sy getuienis kragtig gebruik en sy behoudende invloed leef vandag nog voort.

### *Geen 'dwang-Wese'*

Arminius word vandag steeds uit Calvinistiese kringe verguis asof hy sou beweer het die mens EN God is gesamentlik "saligmaker" en dat die mens sy "eie saligheid bewerk" met sy betrokkenheid by redding. Tereg het hy aangevoer God sal die mens wat hom/haar weerstaan en verhard, nie red nie, Hy is geen "dwang-Wese" nie en doen ook nie wat téén sy standaarde en heilige natuur is nie.
Hoe heerlik die gedagte dat die evangelie uitgedra kan word aan mense wat deur die hoor daarvan tot geloof en oortuiging kan kom, en daarop re-ageer in eenvoud soos 'n kindjie. Wat 'n heerlike dag in 'n sondaar se lewe wat sonder aansiens des persoons na die Here toe kan kom as die roep-stem tot redding van die liefdevolle God verneem word! Hoe baie kan getuig van so 'n dag en die sekerheid van saligheid wat dit gebring het.

Hoe jammer dat dié wonder evangelieboodskap vir ALMAL gemuilband en futloos gemaak word met sieninge wat die Skrif se toets NIE deurstaan nie. Hoe tragies dat God só voorgehou word aan 'n mensdom wat sy redding benodig. Hoe vals is die gerustheid van talle wat gered kon gewees het omdat teologiese denke die ware teologie en hoop-boodskap van die Bybel versluier.
Mag God se evangelie ten spyte hiervan met passie en uitdaging bly weerklink tot oortuiging van soekendes wat genooi word: "Kom na My toe… almal. Kom, dis nóú nog die dag van heil!"

**Ds. Jasper Schellingerhout [Em.]**
**Sedgefield**

# 50 JAAR VAN GENADE!



Op 3 en 4 September 2022 het Albertongemeente sy 50ste bestaansjaar op 'n gepaste wyse gevier en herdenk. Van oral het mense, sowel as oud lidmate wat nie meer in Alberton woonagtig is nie, die feesgeleentheid bygewoon. Tyd het ontbreek om al die gebeure van 50 jaar te herroep. Andalé de Meyer het op albei die feesdae ons met boodskappe in sang getrakteer en Ds. Gert Coetzer het Sondag 4 September 2022 die boodskap gelewer.

Predikante wat in die gemeente gedien en die geleentheid bygewoon het, was: Di. Gert Coetzer, William Colling en Derrick du Plessis. Gelukwensing is deur middel van Facebook en Whatsapp-boodskappe ontvang van predikante wat nie die geleentheid kon bywoon nie. Dit het gekom van di. Popeye van Tonder, Wim Smith, Brian Greeff, die Moderator – Dr. André Bester en ds. Wimpie Snyders namens die Moderatuur. Dit is aan die feesgangers vertoon en/of voorgelees.



Ds. Derrick du Plessis is tans die predikant van Alberton gemeente. Hy is in Augustus 2019 in Alberton gemeente ontvang, nadat hy die beroep vanaf Worcester gemeente hierheen aanvaar het. Ons is dankbaar dat die Here hom en Elize na ons gemeente gestuur het. Ons gee die Here al die eer vir hulle werksaamhede en vriendelikheid waarmee hulle in ons gemeente arbei.

Opsomming van die Geskiedenis van die gemeente:
Ongeveer ses huisgesinne het saam met ds. Popeye van Tonder, as predikant, van Johannesburg-Oos na Alberton verskuif. Die Ontspanningsentrum se saal in Suid-Heuwels, Johannesburg is gebruik om dienste in te hou, totdat grond in Alberton bekom en die kerk en pastorie daarop gebou is. Die hoeksteenlegging het plaasgevind op 10 Junie 1972. Die kerkgebou is gedurende die Oujaarsdiens op 31 Desember 1972 in gebruik geneem. Die bouer van die kerk en pastorie was mnr. Piet van Heerden van Meyerton gemeente. Jonk en oud het gehelp om die hoë fondasie van die kerk op te vul. Die preekstoel was gebou deur Fanie Kok. Ds. Popeye van Tonder, wat die eerste predikant van die gemeente was, is tans in Port Elizabeth woonagtig. Die volgende predikante wat in die gemeente gedien het na ds. Van Tonder, is: Di. Hennie Storm, Carl Le Cornu, William Colling, Gert Coetzer, Pieter Jansen van Rensburg, Rainier Raath en tans ds. Derrick du Plessis. Die volgende persone vanuit die gemeente wat vir predikante gaan studeer het, is: Di. Gerrit Cross, Brian Greeff, Harry van Niekerk, Jannie Coetzer, Otto Kruger en Pastoor Gerrit van der Walt.



Ons gee die Here al die eer wat die gemeente in stand gehou het vir 50 jaar. Ons oog is op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof, wat eersdaags op die wolke gaan verskyn om Sy kinders te kom haal. Daar gaan ons vir ewig feesvier!

**Kerkraad**
**Alberton**

# Emmanuel – God met Ons

Lees asseblief vooraf **Matt. 1:18-25,** met besondere aandag aan vers **23:** ***Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.***

Ek onthou as kind, het ons gereeld met Desember-vakansies by my ouma gaan kuier aan die Weskus. Met Oukersaand, sou my pa die verhaal van Jesus se geboorte uit die Bybel lees. Ja, ons sou as familie kersliedere saamsing, en "daardie aand" van Jesus se geboorte bepeins en bewonder. As kind het dit altyd 'n indruk op my gelaat. Ja, vir ons as kinders was die vooruitsig natuurlik daar dat geskenke oopgemaak sou word; maar tot vandag toe was daar altyd iets mooi aan die voorreg om die geboorte van ons Heiland te kon herdenk. Vandag het ons die voorreg om dit weer aan ons kinders oor te dra.

Soos 'n mens ouers word, is dit asof die vreugde en die mooi van daardie herdenking vervaag het. Dit is asof die wêreld die mooi van die gebruik van Oukersaand nie besef en ken nie. Vir baie het die konsep: "Emmanuel – God met Ons"; beperk gebly tot en met die verhaal van die geboorte van ons Heiland. Dit is asof die gedagte; "God met ons" beperk is tot ons Sondagskoolbegrip. Ja, dalk moes ons **Matt.1:23** onthou het, omdat dit 'n skrifplasing was wat in 'n Sondagskooltoetsie gevra sou word.

***"en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons".***

Dit is 'n geweldige waarheid wat Matthéüs vir ons hier neerpen…

As ons bv. kyk na die betekenis van name, dan sien ons:

• Jesaja, beteken: "Die Verlossing van God"

• Eleásar, beteken: "God het ons gehelp"

• Eli, beteken: "My God"

Maar in v23 sien ons 'n verklaring; 'n betekenis – ***"Die Heilige God wat in die Hemel woon, sou vlees word en onder ons kom woon".*** Dit is iets wat God in Ewigheid vir ons kom doen het.

**Matthéüs kom leer ons:**

• Die bo-menslike en wonderwerk van die geboorte van die Seun van God.

• Sy geboorte deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

• Die gedagte dat God Sy Vader sou wees.

• Hy was God, en tog ook mens.

Daarom Sy regmatige naam: Emmánuel, God met ons.

JA, Hy was meer as 'n mens; Hy was die God-Mens, Christus Jesus;…. God met ons!

IMMANUEL, EMMANUEL Ons kan al die waarheid van Kersfees saamvat in drie woorde "God Met Ons," nie net as 'n baba in 'n krip nie, maar as Immanuel, die almagtige Skepper van hemel en aarde! Of dit nou met 'n I of 'n E gespel word "elke naam van Christus is soos 'n heuningkoek wat van heuning drup, en heerlik is die druppels wat daaruit distilleer." - Charles Spurgeon.

Inderdaad, Jesus se Naam IMMANUEL beklemtoon Sy nabyheid, want Sy geboorte het die oneindige, heilige God binne bereik van die eindige, sondige mens gebring. God het BY ONS kom woon sodat ons BY HOM kan lewe! Die Seun van GOD het die Seun van die MENS geword, sodat Hy die kinders van die MENS in kinders van GOD kan verander:

**1 Joh. 3:1** ***Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.***

Ja, Hy is nie net Jesus, die algenoegsame, altyd liefdevolle en ewiglewende Verlosser nie - maar Hy is Immanuel, "wat, as dit vertolk word, God met Ons is."

Hy is nie vêr van ons nie. Hy is is nie beperk tot Sondageredienste of Kersdag nie; maar het 'n Persoon geword met wie miljoene kinders van die Here oor die eeue, elke dag 'n verhouding het. Vir miljoene is daar geen ander lewe, as die wete; "ek bly in die Wingerd! Dit is die lewe wat kon aanneem; ja, die Term "God met ons", het geword, "God, elke dag in ons".

**1. Hy was God vir ons**

Sy hart was van ewigheid af op ons gerig. Hy het ons altyd liefgehad, en ons liefgehad met 'n oneindige, gevolglik met 'n ondenkbare liefde. Hy het Hom verheug in ons, eeue voordat Hy onder ons verskyn het. Toe die skeppingswerk aan die gang was, was Hy bly voor Sy Vader, en Sy behae was by die mensekinders. In die verbond wat Hy vir ons aangegaan het; in die beloftes wat Hy aan ons belowe het; in die tipes soos Hy aan ons voorgehou is; in die profesieë het Hy verskyn asof Hy onder ons was; en uiteindelik het Hy letterlik een met ons geword.

**2. Hy is God met ons**

God in ons natuur en in ons wêreld, as een van onsself. Dit is die groot verborgenheid van die godsaligheid, *"God was geopenbaar in die vlees."* Die Goddelike natuur het geen verandering ondergaan nie - maar tog was Hy geheimsinnig verenig met die mens. Die liggaam het die tempel van Godheid geword. Die hele menslike natuur het een geword met God. In daardie natuur het al die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon. So het God so naby aan ons gekom, as wat Hy moontlik kon.

Hy het een met ons geword, onder ons gewoon, met ons simpatie gehad, met ons gepraat, voor ons bewerk, in die plek van ons gely en gesterf om ons te red. O die bo-menslike verborgenheid van God se genade! O Wonder van wonders! Die man van Nasaret, wat verag en deur mense verwerp is, wat as Regverdige vir die onregverdiges gely het, wat in die vlees gedood is - was Immanuel, God met ons! Die baba van Betlehem, wat op Josef se knie gesit het en in Maria se boesem

gelê het - was die ware Almagtige God! Die 12-jarige in die tempel, wat na die rabbi's geluister en vrae aan hulle gevra het - was die Skepper van die heelal! Die vreemdeling wat op die rand van Jakob se put gesit het en met die Samaritaanse vrou gepraat het — was God oor alles, en geseënd tot in ewigheid!

**3. Hy was God soos ons**

Die Goddelike natuur was een met ons. Ons as mens kon nooit soos God wees nie, en nog minder by God kom nie; **Rom 3:11** ***Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.***

En in geskiedenis, kom doen God die ondenkbare: Hy buig Hom neer tot ons as mens.

Inteendeel: Hy dink, Hy praat, Hy voel, Hy werk, Hy ly, Hy sterf, net soos ons. Hy betree, deur ervaring, in al die eienaardighede van ons natuur. In ons beproewinge word Hy geteister. Hy het selfs ons krankhede gedra en ons smarte gedra; Hy is dus steeds aangeraak met die gevoel van ons swakhede.

Vriende; "God met ons" impliseer: Hy kon nie nader aan ons as mens gekom het nie, en soos ons gewees het; as die bewys van die gebeure op die daardie aand in Betlehem.

Vriende, die Here is nie vêr en afwesig nie. Hy is steeds betrokke by Sy kerk. Johannes getuig hierdie woorde:

**Openb. 1:19 - 20** ***Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur; 20 die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.***

Hy begeer dat die Kerk een met Hom sal wees en dat ander ook kan getuig: "God is hier om ons te seën"

God is steeds met ons, Hy het ons nie gelos nie. Selfs voor Sy Hemelvaart het Christus belowe:

***En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen***.- **Matt. 28:20**

Is Emmanuel nog vir u 'n konsep / idee wat gekoppel en beperk word tot die geboorte van Jesus; of het Emmanuel al vir u geword, Dié belangrikste, jou naaste, jou kosbaarste?

Hy wil vir elkeen wees; "God met ons"!

Daar sal 'n dag kom, waar al Sy kinders gaan getuig: ons is nou by Hom; "wat by ons was".

Mag die Here vir ieder en elk naby wees in hierdie Christusfees.

***Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is* – Jes.55:6**

**Ds. Pieter van Wyk**
**Uitenhage**

# EG Kerk SA Embleem

Dit is 'n bewese feit dat organisasies, klubs, verenigings en ja, selfs kerke, 'n eie identiteit en leuse het. Met trots is die EG Kerk SA identifiseerbaar aan haar unieke identiteitsimbool en leuse, naamlik **SO SÊ DIE HERE**.

**EMBLEEM TANS IN GEBRUIK**

Die Redaksie het, na oorlegpleging met die Moderatuur, die goedgekeurde embleem (wapen), soos omskryf deur die sinodebesluit 15/69, digitaal verwerk vir beter drukkwaliteit, maar wat ook meer gebruikersvriendelik is op sosialemediaplatforms. Die weergawes vir gebruik deur MS Powerpoint en ander visuele programme is op aanvraag by die Redaksie beskikbaar (weergawes soos png, jpg, transparent white en transparent black).

**TOEKOMS VAN DIE EMBLEEM**

Tydens die sinode van 2021 was daar mosies ter tafel m.b.t. die embleem, wat egter oor staan tot die volgende sinode in 2023. Ooreenkomstig is 'n mosie ingedien dat gemeentes die geleentheid gegee sal word om aan die proses deel te neem en sodanige voorstelle aan die Redaksie te stuur vir voorlegging aan die Ad-hoc Kommissie Kerk na Buite.

Dit dien egter beklemtoon te word dat indien u van mening is dat die embleem wel verandering moet ondergaan, u genooi word om voor of op 1 Februarie 2023 voorstelle in te dien by die Redaksie. Voorstelle moet asseblief aan die volgende vereistes voldoen:

• Naam van die kerk moet verkieslik sigbaar wees.
• Leuse van die kerk moet verkieslik sigbaar wees.
• Indien van spesifieke kwadrante of vakke gebruik gemaak word, gee verduideliking/uitleg van elk om sodoende verwarring of onduidelikheid uit te skakel.
• Grafika moet asseblief aan die beste moontlike kwaliteit voldoen.

Enkele voorstelle met betrekking tot ontwerp van embleme of voorstellings:

• Eenvoud – hier word na die eenvoud van die ontwerp gekyk en moontlike gebruike in ander areas, soos op bekers, dasse en so meer.
• Kleur – Hoewel kleur altyd welkom is, moet die hoeveelheid en gebruik sorgvuldig oorweeg word, die gebruiksgroote van die ontwerp en gebruiksmedia moet in ag geneem word.
• Grootte – Hierdie is altyd van belang, wanneer dit klein gebruik word of wanneer dit groot gebruik word moet dit steeds logies en leesbaar wees.

Sou u belangstel om 'n ontwerp voor te hou, gaan loer na ontwerpe met behulp van Google en soek na 'logo design'. Daar is besonder baie hulp en selfs video's, wat verwys na waarom sekere ontwerpe faal en hoekom. Stuur asseblief alle voorstellings en grafika per e-pos aan redakteuregkerkblad@gmail.com aangesien kwaliteit verlore gaan met WhatsApp of normale SMSe.

**Willie Stieger**
**Redakteur**

# Die troon van die genade

## Vroueblad...

Toe Koningin Ester se volk uitwissing in die gesig gestaar het, was hul oë op haar gevestig vir hulp. Sy was immers die Persiese koning Ahasveros se vrou. Die wet wat hy uitgevaardig het onder Haman se aanhitsing om die Jode om die lewe te bring, sou haar as Jodin nie ontsien nie. Wie is daar beter om met die koning te gaan praat, as juis Ester: 'n Jodin maar ook die koning se vrou? Mórdegai, Ester se neef, herinner haar dat sy heel waarskynlik in die paleis geplaas is juis vir 'n tyd soos hierdie (**Ester 4:14**).

Dis egter nie sommer 'n kwessie van 'n vriendelike geselsie met manlief nie. Niemand, nie eens die koning se vrou, mag voor die koning verskyn as hy jou nie laat roep het nie. Enigeen wat waag om voor die troon te verskyn sonder uitnodiging, sal gedood word. Slegs wanneer die koning besluit om jou genade te skenk en sy goue septer na jou uit te strek, sal jy gespaar word. Ester is al vir 'n maand nie geroep om na die koning te gaan nie. Klink nie of sy in sy goeie boekies is nie, of is hy net baie besig? Sy het geen idee in watter gemoedstoestand haar man verkeer nie. Sy besef egter dat sy haar volk se enigste hoop is, en dat sy moet gaan pleit om hulle onthalwe. Sy stuur die boodskap uit dat al die Jode vir drie dae moet vas sonder om te eet of drink, en sy en haar diensmeisies sal dit ook doen. Dan sal sy tot die koning se troon nader en as sy ***"omkom, dan kom sy om."*** (**Ester 4:16**) Hierdie was 'n troon wat jy met vrees en bewing moes benader. Om na hierdie troon te gaan, kon jou lewe kos.

In groot benoudheid het Ester haar eers vir drie dae tot vas en gebed gewend. Sy het nie kans gesien om Ahasvéros se troon te nader, alvorens sy nie God se troon genader het nie.

Ons vind 'n aangrypende vers in **Hebr. 4:16** ***"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*** Wat 'n uitnodiging! Wat 'n troos! Ek is só dankbaar dat hierdie troon 'n besonderse naam het: Die troon van die genade! Hierdie is nie 'n troon van veroordeling nie, maar 'n plek waarheen ons met vrymoe-digheid kan gaan. Hier vind ons aanvaarding, barmhartigheid, genade en hulp op die regte tyd!

Watter skrille kontras is daar tussen hierdie twee troonkamers! Ons sien Ahasvéros se troonkamer waar 'n wispelturige, hoogmoedige en humeurige koning op die troon gesit het. (**Ester 1:4, 12, 2:1**) Hierdie Koning was ontoeganklik en onverbiddelik. En dan vind ons in die hemel se troonkamer 'n toeganklike Koning wat ons nooi om met vrymoedigheid na Hom te kom vir genade en hulp. Sy goue septer is as't ware altyd uitgestrek na Sy kinders. Dit is egter nie beperk tot God se kinders nie, maar die septer van God se vergifnis is na alle sondaars uitgestrek by Golgota. Voor die grondlegging van die wêreld het God voorbeskik dat Hy Sy Seun as Verlosser sal opoffer om ons sondeskuld op Hom te neem en redding vir elke sterweling te bewerk. Met ander woorde: God het nie lankal besluit wié Hy gaan red nie, maar Hy het lankal besluit déúr Wie Hy ons gaan red. Slegs ín Christus is daar vir ons hoop op redding. Hy nooi ons almal na Sy genadetroon, as ons maar net wil kom.

Soms voel ons onwaardig en té sondig om tot God se troon te nader. Die besef dat die Here álles van ons af weet, en niks is 'n geheim vir Hom nie kan ons nogal oorweldig. Ons lees mos in **Hebr. 4:13** ***"En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het."*** Die Here ken ons deur en deur, Hy weet ook dat ons maklik ons vrymoedigheid kan verloor wanneer ons onsself meet aan Sy volmaakte heiligheid en daarom word ons juis vermaan om met vrymoedigheid na die troon te gaan. Hoekom kan ons met vrymoedigheid gaan? ***"Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."*** (**Hebr. 4:15**)

Hierdie Christusfees herdenk ons weer die feit dat God in die gedaante van 'n mens na ons neergebuig het. Hy het Homself verneder om as hulpelose baba gebore te word in 'n nederige stal vanuit 'n nederige diensmaagd. Dit was nie 'n glansryke geleentheid waar al die vernames genooi was en die kameras geflits het om die nuwe Koning te verwelkom nie. God het neergebuig tot op die laagste vlak van nederigheid, sodat élke mens Hom kan leer ken as 'n toeganklike God. **Filip. 2:6-8** ***"Hy, wat in die gestalte van God was… het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."*** Jesus het honger (**Matt. 4:2**), hartseer en rou (**Joh. 11:35**), dakloosheid (**Matt. 8:20**), misbruik (**Joh. 6:26**), vyandigheid (**Joh. 5:18**) en verraad deur 'n vertroueling (**Luk. 22:61**) ervaar. Selfs al het Hy nie elke menslik moontlike situasie van pyn of trauma ervaar nie, het Hy in Sy goddelike kennis 'n diepe begrip vir elke emosie en pyn waardeur ons ooit kan gaan. Hy het medelye met ons swakhede, want Hy was Self 'n mens.

'n Klein seuntjie sien 'n plakkaat wat lui: **"Hondjies te koop."** Hy stap nader en vra: *"Hoeveel kos die hondjies oom?" "Vyftig Rand"* antwoord die man. Die seuntjie se koppie sak, maar vra of hy nogtans die hondjies kan sien. Die eienaar gee 'n roep en dadelik kom die tefie met vier hondjies om die hoek gedraf. 'n Entjie agter hulle kom 'n kruppel hondjie ook aan. *"Ek sal daardie ene wil hê asseblief oom. Kan ek oom afbetaal?" "Seun,*

*jy wil nie daardie kruppel ene hê nie, hy sal nooit reg kan hardloop of loop nie, want hy het 'n gebreklike heupbeen."* Die seuntjie trek sy broekspyp op en die oom sien die beenstut om sy gebreklike beentjie. *"Ek loop ook nie te goed nie. Hierdie hondjie gaan baie liefde en begrip nodig hê. Dis nie maklik om kruppel te wees nie."* Die man antwoord: *"Jy kan hom verniet kry, ek weet jy sal mooi na hom kyk."*

By die troon van die genade vind ons 'n Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het. Ester vind genade by God se troon om op die regte tyd gehelp te word. Koning Ahasvéros steek sy goue septer na haar uit en haar volk word gespaar.

Die jaar is byna agter die rug, en miskien sit jy met baie seer, baie vrae, baie benoudheid. Laat ons met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan om barmhartigheid te verkry by die Koning wat mens geword het vir ons. Hy steek Sy septer na jou uit. Vergifnis, genade en hulp is beskikbaar aan die deurboorde voete van Christus. Om na hierdie troon te gaan, sal nie jou lewe kos nie, maar sal jou die lewe bied.

Geseënde Christusfees

**Karen Devenier**
**Middelburg**

# Briewe aan my seun

# SPORTMANSKAP



***"My seun… luister na wat ek sê… want hulle is… 'n genesing (gesondheid) vir jou hele liggaam."* Spr. 4:20-22**

MY liewe seun, 'n Paar maande gelede het ek met jou gesels oor geestelike spierkrag, maar nadat ek jou verlede Saterdagmiddag op die rugbyveld gesien het, gesels ek met jou in hierdie brief met jou oor sportmanskap.

Ek was waarlik trots om te kon sien watter knap klein sportman jy is. Jy het werklik 'n prominente verto-ning gelewer in die wedstryd. Jou skoon spel en die aanvaarding van die skeidsregter se beslissings was werklik 'n baie mooi voorbeeld. Moenie hierdie mooi gees wat jy in jou dra op die sportveld en die pawiljoen vergeet nie – dra dit dapper deur jou lewensreis. Dis so belangrik om 'n goeie "sportman" in die ernstige dinge van hierdie lewe te wees.

Jou spanwerk was vinnig en skoon, asook jou gewilligheid om die bal te laat loop. So iets is alleen moontlik as die speler onselfsugtig is. Laat dit ook, van die sportveld af, in jou gewone lewensloop vir almal duidelik wees dat jy 'n gees van onselfsugtigheid in jou omdra. Dan het jy ook baie netjies gelyk in jou klub se kleure. Dit pas jou mooi. Almal kon sien aan wie se kant jy is! En dit is die ander ding waarom ek trots is op jou, my seun, niemand is onseker oor Wie jy dien nie en aan Wie se kant jy jou geskaar het nie! Dra altyd die vlag van jou getuienis volmas. Almal weet dat jy 'n kind van God is en dat jy jou nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie! Die geheim lê in toegewyde entoesiasme.

'n Sportman moet die spel volgens die reëls speel, maar jy is meer as 'n sportman, my seun . . . jy is 'n Christen-sportman en as sulkes moet jy by die reëls van God hou – beide op en af van die veld af moet jy, soos ons van kleins af gesê het: "die game speel". Dit moet die geval wees deur jou hele lewe. Moenie toelaat dat krieket of rugby jou Christelike getuienis belemmer en jou Saligmaker se hart bedroef deur op Sondae te speel nie! Bewys dat jy 'n groter liefhebber van God is as 'n liefhebber van genot deur streng te hou by die Dag van die Here. (Dis so jammer dat sommige van ons land se groot rugbyspelers op Sondae begin speel het.) Jy weet, my seun, die essensie van ware sportmanskap moet sekerlik jou lojaliteit aan God insluit. Dit is skynheiligheid van 'n sportman om op 'n Sondagoggend die vroegste diens te gaan bywoon om sodoende die res van die dag beskikbaar te wees vir golf, krieket, rugby of ander sport. **Jes. 58:13** ***As jy jou voet terughou van die Sabbat — om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE . . .***

'n Laaste saak waarin jy tog asseblief jou kleur moet wys en jou vasberadenheid: vermy die onheilige praatjies met bier en ander sterk drank na afloop van julle wedstryde – al sou julle die wenners wees! Jy het reeds self gesien, en aan my vertel, hoedat jou spanmaats wat bely dat hulle Christene is, die Here Jesus by sulke geleenthede verloën het en selfs so onder die invloed van alkohol gekom het, dat hulle nie in staat was om huis toe te bestuur nie. Jy is 'n mooi uitsondering, my seun, maar nou moet jy sterk kennis neem dat ***"die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers."* – Gen. 4:7.**

Intussen moes jy seker al jou rugbyklere en "togs" bêre vir die mooi wit drag en kolf van krieket, maar die beginsels van 'n Christelike sportman bly altyd onveranderd! Die spel moet skoon wees, die entoesiasme en oorgawe moet volkome wees; of dit nou die skeidsregter of "umpire" is . . . sy beslissing is finaal. Bo alles, onthou my seun, die Groot Skeidsregter, die Groot Regter, is God en Sy reëls oor jou lewe moet elke dag eerbiedig word. Dit sal jou gewete skoon hou en dit sal die hemel bokant jou oop hou!

**Jou liefdevolle vader**

# *Aangename Kennis:*

# Ds. Johan Grobler

**In watter dorp/stad is u in gebore?**
Rustenburg

**Vertel ons van u skooljare?**
Met ouers in die bediening was die trekpad ons tuiste.
Laerskool jare het begin in Heidelberg (Gauteng) se Laer Volkskool
Plekke soos Marble Hall, Carletonville, Warmbad was ons tuistes, en later jare het ek hoërskool voltooi in Phalaborwa en gematrikuleer te Kimberley.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Wanneer mens in 'n Pastorie grootword dink almal jy moet 'n engeltjie wees. My ouers het ook gedink dat ek een was, maar dit is seker een van die moeiliksteplekke om groot te word vir 'n ongeredde mens binne 'n pastorie waar jou ouers met oorgawe die Here dien, totaal teen jou natuur.
In my Matriekjaar het 'n vriend in die gemeente drasties tot bekering gekom, en hierdie vriend se lewe het my so aangegryp as skoolseun onder die groepsdruk van kinders, dat dit my uitgedryf het om die Here te soek. Kort daarna het oom Andre Erasmus 'n week lange gebed-seminaar kom aanbied in Kimberley. In die oggende wanneer ek wakker word, is oom Andre langs my bed op sy knieë om te pleit vir my siel. Na skool wanneer ek by die skool se hek uitstap, staan oom Andre vir my en wag onder 'n boom en stap saam met my huis toe, terwyl hy die heeltyd langs die pad vir my loop en bid. Dit was vir my skrikwekkend, want ek het geweet die Here hoor hierdie gebede, tydig en ontydig. Vir 'n jaar het ek gestry teen groepsdruk en gewildheid onder my maats teenoor 'n oorgawe aan die Here. In die eerste jaar van werk, na baie diepe oortuiging van sondigheid, het die Here my lewe kom nuut maak deur Sy bloed en my Sy kind gemaak. Kort voor lank kon ek agterkom dat die dinge wat ek wil doen nie gedoen word nie, en dit wat ek nie wou doen nie, het so natuurlik gebeur. Vir baie jare het ek 'n val-en-opstaan-lewe gelei en in 2007 is my skoonpa oorlede. Die dood het my tot stilstand geruk en ek het begin vrees vir die dood omdat ek geweet het dat ek met leë hande, roekeloosheid en in bewuste sonde voor God sal moet staan en sonder loon. Ek het gevoel hoe my hart onreëlmatig klop en ek het al wat 'n dokter was, gaan sien en elke toets deurgegaan om te verseker ek is gesond. In die jaar daarna het oom Angus Buchan op Nuweland kom optree. Ek is genooi na die geleentheid en het regtig nie gegaan vir die Woord nie, maar meer vir die geselligheid en die piekniek, tot my skaamte. Maar oom Angus het daardie dag eenvoudig op die verhoog kom staan en die vraag gevra, "What is in your closet"? Hierdie woorde het my diep getref en ek het in daardie oomblikke gebreek voor die Here want ek, as kind van die Here het kaste vol geraamtes van sonde en roekeloosheid in my Christelike lewe gehad. Ek het in daardie oomblik besef dat ek nie meer enige aardse hartspesialiste nodig gehad het nie, maar dat die Here as die Hartspesialis van die hemel my diepste wese wou kom verander. En net daar in daardie oomblikke het ek opnuut 'n oorgawe aan die Here gemaak om in myself te sterf. Ek het van daardie krieketveld afgeloop as 'n nuwe mens met 'n nuwe uitkyk op die lewe en net een doel om voor te lewe, toe die Here my lewe totaal kom omkeer het en die enigste lewe Christus kon wees. Daardie dag was van my werkskolegas saam by die geleentheid, en vandag is verskeie van ons in voltydse diens vir die Here oor die wêreld. Al die eer aan God wie se genade vir my genoeg was vir soveel jare waarin ek onverskuldig voor God gestaan het, terwyl Hy alleen my lewendig gehou het van geboorte af tot daardie oomblik.
(Getuienis vir 'n ander dag )

**Wanneer het u by die EG Kerk aangesluit?**
Ek is dankbaar om te kan sê, ek ken niks anders as die EG Kerk nie. Ek is hier gedoop deur Ds. Devenier, grootgemaak deur Tannie Maggie Woest en kan eerlik sê, ek ken geen ander kerk of geen ander Evangelie nie. Ek kon deel in die stigtingswerk van verskeie gemeentes van Paarl, Weskus en Strand vanuit Tygerberg gemeente, wat 'n voorreg om dit te kon beleef, en ook verskeie ERC gemeentes wat ontstaan het.

**Watter jare was u op Kweekskool?**
2010 tot 2013

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Van vier studente wat saam begin het, is net ek en ds. Danie Klopper steeds in die bediening.

**Wie was u Dosente?**
Al ons dosente het die verkeerde deel van my lewe geken. Di. Gerhard de Wet en Jurg Prinsloo was by geleentheid my leraar gewees. Ds. Juan Mienie, Dr. Willie Kotzé en Dr. André Bester het my streke geken van kinderjare af. So ek was oop en bloot voor ons leermeesters op kweekskool.

**Vertel ons 'n staaltjie van die kweekskool dae?**
• Die ou klok was "gejippo" sodat sekere studente dit nie kon lui nie, waarop daar hewige druk van sekere dosente gekom het oor die klok wat laat gelui was.
• Ons het een dag in die eetsaal die dosente se soutpot se inhoud verander na strooisuiker terwyl ons lekker toekyk hoe hulle al meer en meer suiker oor hul steak strooi omdat dit meer sout kortkom (SWEET REVENGE vir al die eksamen stres).
• Ek onthou hoe ons Snoekbraai gedoen het vir meer as 300 mense vir 'n fondsinsameling. Die eerste porsie was op die vuur teen 12 uur die middag en die laaste stukkie snoek het ek afgehaal teen 18:30 die aand. Teen die tyd het ek gevoel, gelyk en geruik soos 'n bokkom.

**Hoe lank is u getroud & hoe het u ontmoet?**
23 jaar met die liefde van my lewe. Ek het waarlik beleef wat is liefde met die eerste oogopslag toe ek 'n skoolseun was van 14 jaar oud in Phalaborwa gemeente in 1991, op die selfde dag toe my ouers daar in die gemeente ontvang is en die mooiste nooi in die wêreld by die voordeur uitstap voor die kerk. My woorde aan my broer daardie oomblik was, DIT IS TROU-MATERIAAL, en sy is dit vandag nog soveel meer.
Ons was in die selfde klas op skool, en vir al die jare tot en met 1997 het ons kontak gehou as vriende. Sy het in Stellenbosch gaan studeer en ek kan sê ek het my nooi in die kaap gaan haal. Ons het in 1999 getrou in Kimberley.

**Hoeveel kinders het u?**
4 Meisiekinders: Shamonè is 21, Luandi is 20, Jessica is 17, Jirè is 12

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ons is maar nog 'Spring-chickens' in die bediening. Ons is tans in Roodepoortgemeente vir meer as 5 jaar, Voor dit het ons die bediening begin in Durbangemeente.



**Het u 'n stokperdjie?**
Ons as gesin is mal oor lekker kampgeleenthede. Golf soos die geleentheid homself voordoen.

**Wat is u gunsteling dis?**
Lekker braaivleis of boerekos. Seekosse, mal daaroor van my Weskus dae af. Breyani van tannie Gertina in Durbangemeente soos net sy kan maak.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Enige lekker kamp plek. Maar ek sou graag Namibië weer wil sien saam met my vrou, en ons is mal oor die Kaap, nog al die jare. En ons geniet Lofdalkonferensie elke jaar, dit is beter as meeste vakansies wat ons ooit beleef het.

**Watter geestelike boeke het 'n groot impak op u lewe gehad?**
*Lectures on Revivals* van Charles Finney; *The renewing of the mind* van Watchman Nee; *The cost of Discipleship* van Dietrich Bonhoeffer; *Lectures to my students* van CH Spurgeon; *Why Revival Tarries* van Leonard Ravenhill

# Betekenis van 'n lewende offer

In Gen. 22 lees ons hoe Abraham sy seun op die altaar moes gaan offer aan die Here. God wys vir Abraham die plek aan waar hy sy seun moet gaan offer. Abraham het die altaar gebou en die hout reggelê. Daarna het hy sy seun gebind en op die hout neergelê en hy neem sy mes om sy seun te slag.

So baie mense glo dat, wanneer jy Jesus liefhet, moet jy bereid wees om jou lewe op te offer tot die dood toe. Hulle dink omdat Abraham bereid was om sy seun, Isak, te offer tot die dood toe, moet hul dan ook bereid wees om, hul lewens en hul familie se lewens, op te offer tot die dood toe.

Dit is nie wat Gen. 22 vir ons wil leer nie. Hierdie was 'n toets aan Abraham sodat sy eie geloof aan hom openbaar sou word. Baie mense dink om vir die Here te sterf is die hoogste offer wat 'n mens kan bring. Wat God werklik van ons verwag is 'n offer deur die dood, sodat ons in staat sal wees om te doen wat Jesus gedoen het, naamlik, om ons lewens op te offer. Dit is nie soos wat Petrus gesê het, "Here ek sal u volg tot die dood" nie, maar Here ek is gewillig om my met U dood te vereenselwig sodat ek my lewe as 'n offer aan U kan wy.

Verder dink baie mense dat God verwag dat ons dinge in ons lewens moet opoffer vir Hom. Die Here het nooit dit van ons verwag nie. Wat God van ons verwag is om dinge in ons lewens prys te gee sodat ons besit kan neem van die enigste iets wat die moeite werd is, dit is om 'n lewende verhouding met Homself te hê. Ons moet dit prysgee wat tussen ons en God staan sodat ons, ons lewens kan opoffer in 'n lewende verhouding met Hom. Ons gee op sodat ons meer kan opneem. God wil die bande breek wat ons terughou en ons verblind.

Hierdie bande breek wanneer 'n mens homself identifiseer met die dood van Jesus Christus. Dan kom ons in 'n verhouding met God wat ons in staat stel om ons lewe aan Hom te wy. Dit het vir God geen waarde as jy gewillig is om vir Hom te sterf nie. Maar wanneer jy jou lewe aan hom offer word jy bruikbaar vir Hom. Hy wil hê dat jy 'n lewende offer moet wees. Rom. 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

**Ds. Wim Smith**
**Helderberg**

# 2023 PAASKONFERENSIES

Wes-Kaapse Ring
7 – 10 April
Simonsberg Christian Centre
Hoofspreker: Dr. André Bester
Besprekings: Ds. Rassie van Staden
082 950 4702

Natal Paaskonferensie
7 – 9 April
Plek sal bevestig word
Besprekings: Suzanne-Marie Botha
079 828 2634

Eden Paaskonferensie
6 – 10 April
Eden konferensieterrein
Besprekings: Erika Bronkhorst
082 607 3320

Meer volledige besonderhede sal binnekort geplaas word op sosialemediaplatforms